# 'N VERGELYKENDE STUDIE VAN DIE LANDBOU EN LANDBOUKOÖPERASIES IN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA

deur

JACOBUS ALBERTUS STEPHANUS VAN NIEKERK

Proefskrif aangebied ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad

DOCTOR COMMERCII (EKONOMIE/GELD- EN BANKWESE/BEDRYFSEKONOMIE)

In die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

PROMOTOR: Prof. dr. F.J.J. Coetzee†

PRETORIA

JANUARIE 1968

## DANKBETUIGING

Andermaal gaan my dank bo alles uit na God, wat die belangstelling in die koöperasiewese in my gelê het, my tot die arbeid bekwaam het en my in die volharding gesterk het.

Graag wens ek my innige dank en erkentlikheid te betuig aan almal wat meegehelp het om hierdie studie te voltooi. 'n Besondere woord van dank aan prof. dr. D.J. Viljoen wat na die dood van prof. Coetzee op 11 November 1967 bereid was om as promotor op te tree. Verder dink ek met dank en waardering aan die waardevolle hulp, leiding en belangstelling wat ek, onder alle omstandighede, ontvang het van: dr. N.J. Swart van die Ekonomiese Fakulteit van die Potchefstroomse Universiteit; prof. dr. H.J. Frietema en mej. drs. F. Terlouw van die Nationale Coöperatieve Raad (Nederland); dr. G.J. te Woorst, lektor in koöperasieleer aan die Universiteit van Amsterdam; die Registrateur van Koöperasies en sy personeel; die Direkteur, Ampsdraers, Personeel en Lede van die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en die direksie en amptenare van die Oostelike Transvaalse Koöperasie. My dank ook aan dr. R. Schutte vir die versorging van die taal van hierdie proefskrif.

Ten slotte wil ek graag hier melding maak van die gewaardeerde aanmoediging, opbouende kritiek en leiding wat ek van wyle prof. dr. F.J.J. Coetzee tot kort voor sy dood ontvang het. Sy belangstelling in die koöperasiewese was onbeperk en inspirerend.

J.A.S. VAN NIEKERK


Opgedra aan

Elize, Danie en Tian.

# INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk I

INLEIDING


| Par. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Doel van die studie | 1 |
| 2. | Indeling van die studie | 2 |
| 3. | Begrippe | 2 |
| | 3.1. Landbou | 2 |
| | 3.1.1. Landbou in die algemeen | 2 |
| | 3.1.2. Sekere kenmerke van die landbou | 3 |
| | 3.1.3. Vergelyking tussen landbou en nywerheid | 5 |
| | 3.2. Landboukoöperasie | 6 |


Hoofstuk II

LANDBOU IN NEDERLAND


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 10 |
| 2. | Bepalende faktore by die inrigting van 'n boerderyonderneming, met besondere verwysing na Nederland | 10 |
| | 2.1. Ligging | 11 |
| | 2.2. Oppervlakte en bevolking | 12 |
| | 2.3. Klimaat | 14 |
| | 2.4. Grondsoorte | 15 |
| | 2.5. Ander faktore | 18 |
| 3. | Die landbou voor 1878 | 19 |
| 4. | Die landbou van 1878 tot 1895 | 24 |
| 5. | Die landbou na 1895 | 31 |
| | 5.1. Die eerste wêreldoorlog | 31 |
| | 5.2. Die landbou van 1919 tot 1929 | 32 |
| | 5.3. Die landbou na 1929 | 34 |
| | 5.3.1. Ander oorsake van die krisis | 34 |
| | 5.3.2. Maatreëls wat voor 1933 geneem is | 35 |
| | 5.3.3. Die Landbouw-Crisiswet | 38 |
| | 5.3.4. Die jare na die depressie | 40 |
| | 5.3.5. Die landbou na 1939 | 41 |
| 6. | Die hoofkenmerke van die Nederlandse landbou | 44 |
| | 6.1. 'n Intensiewe benutting van die grond | 44 |
| | 6.2. 'n Rykgeskakeerde produksieverskeidenheid | 47 |
| | 6.3. Die feit dat die landbou met die landbou van ander lande kan meeding | 49 |
| 7. | Samevatting | 49 |

Hoofstuk III

LANDBOUKOÖPERASIE IN NEDERLAND


1. Inleiding ........................................ 52

2. Die ontstaan en ontwikkeling van landboukoöperasies ...... 52

2.1. Algemeen ........................................ 52
2.2. Voorgeskiedenis ................................. 53

3. Bespreking van enkele spesifieke soorte koöperasies ...... 54

3.1. Die aankoopkoöperasies .......................... 55
3.2. Die afsetkoöperasies ............................ 58

3.2.1. Koöperatiewe bemarking van vleis ......... 58
3.2.2. Koöperatiewe bemarking van wol ......... 60
3.2.3. Koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte 60
3.2.4. Koöperatiewe bemarking van suiker ........ 63
3.2.5. Koöperatiewe bemarking van eiers ........ 65
3.2.6. Koöperatiewe bemarking van strooi ........ 66
3.2.7. Koöperatiewe bemarking van aartappels .... 67
3.2.8. Koöperatiewe bemarking van groente, blomme en vrugte .............................. 69
3.2.9. Diverse afsetkoöperasies ................. 73

3.3. Die diensverlenende koöperasies ................. 74

3.3.1. Die landboukredietkoöperasies ............ 74
3.3.2. Die koöperatiewe versekeringsinstellings ... 77
3.3.3. Diverse koöperasies ...................... 77

4. Die Wet op de Coöperatieve Verenigingen 1925 .......... 79

5. Die eksterne organisasie van die landboukoöperasies ...... 82

6. Die interne organisasie van die landboukoöperasies ....... 84

6.1. Inleiding ........................................ 84
6.2. Toe- en uittrede ................................. 84
6.3. Verkeer met nie-lede ............................. 85
6.4. Finansiering, aanspreeklikheid en stemreg ......... 85

6.4.1. Finansiering ............................. 85
6.4.2. Aanspreeklikheid ......................... 86
6.4.3. Stemreg .................................. 87

6.5. Beheer en toesig ................................. 87
6.6. Koöperasies met enkel- of meervoudige funksies .... 89
6.7. Lewerings- en afnameplig ......................... 90

7. Samevatting ...................................... 90

## Hoofstuk IV

## LANDBOU IN SUID-AFRIKA


1. Inleiding ........................................ 93

2. Bepalende faktore by die inrigting van 'n boerderyonderneming in Suid-Afrika ........................................ 93

   2.1. Ligging ........................................ 93
   2.2. Oppervlakte en bevolking ........................................ 94
   2.3. Klimaat ........................................ 97
   2.4. Grondsoorte ........................................ 102
   2.5. Ander faktore ........................................ 103

3. Die landbou voor 1870 ........................................ 105

4. Die landbou tussen 1870 en 1902 ........................................ 107

5. Die landbou sedert 1902 ........................................ 112

   5.1. Faktore verantwoordelik vir die opheffing van die landbou na die Engelse Oorlog ........................................ 113

      5.1.1. Die besef dat hul heil in die konsolidering van hul kragte gelê het ........................................ 113
      5.1.2. Die instelling van 'n Departement van Landbou ........................................ 114
      5.1.3. Die konjunktuur ........................................ 115

   5.2. 'n Algemene oorsig van die landbou-ontwikkeling sedert 1910 ........................................ 115
   5.3. Belangrikste faktore wat die landbou in Suid-Afrika beïnvloed het ........................................ 121

      5.3.1. Die Bemarkingswet ........................................ 121
      5.3.2. Die Land- en Landboubank ........................................ 127
      5.3.3. Finansiële en ander hulp deur die staat... 128

         5.3.3.1. Droogte- en Vloedleniging . .. 128
         5.3.3.2. Spesiale finansiële en niefinansiële onderskraging aan boere ........................................ 129
         5.3.3.3. Uitvoersubsidies ........................................ 129
         5.3.3.4. Spoorvragrabatte ........................................ 129
         5.3.3.5. Huurskema ........................................ 130
         5.3.3.6. Wet op Plaasverbandrente ..... 130
         5.3.3.7. Doeana-ooreenkomste tussen Suid-Afrika en Rhodesië ..... 130
         5.3.3.8. Die Ottawa-ooreenkoms ..... 131

      . . .

      5.3.4. Die Departemente van Lande en Besproeiing 131
      5.3.5. Die Departement van Landboukrediet en Grondbesit ........................................ 132
      5.3.6. Die afdeling Ekonomie en Marke ......... 133

6. Hoofkenmerke van die landbou vandag ........................................ 134

   6.1. Die geweldige uitbreiding gedurende die afgelope aantal jare ........................................ 134
   6.2. Die landbou se bydrae tot die binnelandse produk... 135
   6.3. Landbou se verhouding tot ander sektore .......... 136
   6.4. Landbou as verdiener van buitelandse valuta. ...... 137

6.5. Landbou se rol as werkverskaffer .................. 138
6.6. Die bemarkingspatroon ............................ 139
6.7. Die gebondenheid van die landbou aan onbeheerbare faktore ................................................ 139

7. Samevatting ........................................ 139

Hoofstuk V

LANDBOUKOÖPERASIE IN SUID-AFRIKA

1. Inleiding .............................................. 141

2. Die ontstaan en ontwikkeling van landboukoöperasies ......... 141

2.1. Die Kaapprovinsie ................................ 141
2.2. Natal ................................................ 145
2.3. Die Oranje-Vrystaat ............................... 146
2.4. Die Transvaal ....................................... 147
2.5. Die ontwikkeling na 1910 ........................... 152

2.5.1. Die ontwikkeling tot 1922 .................. 152
2.5.2. Die ontwikkeling van 1922 tot 1935 ............ 154
2.5.3. Die ontwikkeling na 1935 .................... 159

3. Die ontstaan en ontwikkeling van enkele spesifieke soorte landboukoöperasies ......................................... 161

3.1. Die aankoopkoöperasies ............................ 162
3.2. Die afsetkoöperasies ................................ 163

3.2.1. Koöperatiewe bemarking van mielies en ander grane ....................................... 164
3.2.2. Koöperatiewe bemarking van vleis ............ 176
3.2.3. Koöperatiewe bemarking van wol ............ 179
3.2.4. Koöperatiewe bemarking van sitrus- en sagte vrugte, uitgesonderd druiwe ............... 182
3.2.5. Koöperatiewe bemarking van tabak ........... 186
3.2.6. Koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte ... 187
3.2.7. Koöperatiewe bemarking van wyn ............. 192
3.2.8. Koöperatiewe bemarking van suiker .......... 195
3.2.9. Koöperatiewe bemarking van eiers ........ ... 197
3.2.10. Koöperatiewe bemarking van lusern .......... 199
3.2.11. Koöperatiewe bemarking van katoen .......... 200
3.2.12. Koöperatiewe bemarking van grondbone ....... 201
3.2.13. Koöperatiewe bemarking van aartappels ...... 202
3.2.14. Koöperatiewe bemarking van groente en sekere bederfbare vrugte ........................ 204
3.2.15. Diverse afsetkoöperasies .................... 208

3.3. Die diensverlenende koöperasies ..................... 208

3.3.1. Die Sentrale Landboukredietkoöperasie Beperk 209
3.3.2. Die versekeringskoöperasies ................ 209
3.3.3. Diverse koöperasies ....................... 210

4. Die eksterne organisasie van die landboukoöperasies ........ 210

4.1. Inleiding .............................................. 210
4.2. Die struktuur van die landbou-organisasie .............. 211
4.3. Die struktuur van die landboukoöperasies ............... 215
4.4. Die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings .......................................... 216

5. Die interne organisasie van landboukoöperasies ............ 219

5.1. Inleiding .............................................. 219
5.2. Die statute ............................................ 219
5.3. Toe- en uittrede ....................................... 220
5.4. Verkeer met nie-lede ................................... 221
5.5. Die finansiering, die aanspreeklikheid en die stemreg 221

5.5.1. Die finansiering ................................. 221
5.5.2. Die aanspreeklikheid ............................. 222
5.5.3. Die stemreg ...................................... 223

5.6. Beheer en toesig ....................................... 223
5.7. Koöperasie met enkel- of meervoudige funksies ......... 224
5.8. Leweringsplig van lede ................................. 224

6. Samevatting ............................................... 224

Hoofstuk VI

'N VERGELYKING VAN DIE LANDBOU IN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA

1. Inleiding ................................................. 228

2. Faktore wat die inrigting van die landboubedrywe beïnvloed het 229

2.1. Ligging ................................................ 229
2.2. Oppervlakte en bevolking ............................... 230
2.3. Klimaat ................................................ 232
2.4. Grond .................................................. 233
2.5. Ander kenmerke ......................................... 233

2.5.1. Individualisme ................................... 234
2.5.2. Plaasgroottes .................................... 234
2.5.3. Intensiteit van boerdery en produktiwiteit ....... 234
2.5.4. Vervoerfasiliteite ............................... 235
2.5.5. Beskikbare hulpbronne ............................ 235

3. Die ontwikkeling van die landbou .......................... 236

4. Landboubeleid ............................................. 239

4.1. Die Europese Gemeenskapsmark ........................... 239
4.2. Die Kennedy-rondte ..................................... 242

5. Landbou-organisasie ....................................... 244

6. Die invloed van die landbou op die ontwikkeling van landboukoöperasies ........................................... 246

7. Die taak van die landbou in Suid-Afrika ................... 248

Hoofstuk VII

## 'N VERGELYKING VAN DIE LANDBOUKOÖPERASIES IN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA


1. Inleiding ........................................ 251

2. Die ontstaan van landboukoöperasies .................... 252

 2.1. Die rol van die owerheid ........................ 252
 2.2. Eie ondernemingsgees aan die kant van die landbouers 253
 2.3. Die algemene ekonomiese oplewing ............... 254
 2.4. Gevolgtrekking .................................. 255

3. 'n Vergelykende oorsig van enkele landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika ........................... 265

 3.1. Die aankoopkoöperasies ......................... 266
 3.2. Die afsetkoöperasies ........................... 271

  3.2.1. Koöperatiewe bemarking van graan ......... 271
  3.2.2. Koöperatiewe bemarking van vleis ......... 272
  3.2.3. Koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte 274
  3.2.4. Koöperatiewe bemarking van wol .......... 276
  3.2.5. Koöperatiewe bemarking van suiker ........ 278
  3.2.6. Koöperatiewe bemarking van eiers ......... 280
  3.2.7. Koöperatiewe bemarking van aartappels ..... 281
  3.2.8. Koöperatiewe bemarking van groente, sagtevrugte en blomme ....................... 282
  3.2.9. Samevatting ............................ 286

 3.3. Diensverlenende koöperasies .................... 288

  3.3.1. Kredietkoöperasies ...................... 288
  3.3.2. Versekeringskoöperasies ................. 293

4. Die eksterne struktuur van die landboukoöperasies......... 294

 4.1. Inleiding ....................................... 294
 4.2. Kritiese beskouing en gevolgtrekkings .............. 294

5. Die interne organisasie van die landboukoöperasies ........ 298

 5.1. Inleiding ....................................... 298
 5.2. Die statute van die koöperasies .................. 299
 5.3. Toe- en uittrede ................................ 300
 5.4. Verkeer met nie-lede ............................ 301
 5.5. Finansiering .................................... 304
 5.6. Aanspreeklikheid van lede ........................ 307
 5.7. Stemreg van lede ................................ 308
 5.8. Beheer en bestuur ............................... 308

6. Ander knelpunte .................................. 310

 6.1. Die kontak tussen die lid en sy koöperasie.......... 310
 6.2. Verpligte koöperasie ............................ 311
 6.3. Die kwessie van belasting ........................ 312
 6.4. Die begrip boerderybenodigdhede.................. 313

7. Samevatting ........................................ 314

Hoofstuk VIII

SAMEVATTING .......................................... 315

---

LYS VAN AANHANGSELS

I Kaart van Nederland .................................. 321

II Kaart van Suid-Afrika .................................. 322

III Koöperatiewe organisasie in Nederland .................. 323

IV Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie ...................... 324

V Die Suid-Afrikaanse koöperatiewe struktuur ............. 325

BIBLIOGRAFIE .......................................... 326

A. Literatuurverwysings .................................. 326

B. Ander bronne .......................................... 332

# Hoofstuk I

# INLEIDING

## 1. Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om 'n vergelyking tussen die landbou en landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika te tref. Ons bedoeling is nie om hiermee 'n volledige studie van die landbou en die landboukoöperasies in die twee vermelde lande te maak nie, maar om in breë trekke die ontwikkeling en kenmerke van die landbou en die ontstaan, ontwikkeling en kenmerke van die landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika te ontleed.

Besondere aandag sal dus geskenk word aan die beantwoording van vrae soos: watter faktore het die landbou in die twee lande beïnvloed, hoe sien die landbou nou daaruit, hoe het die landbou en ander faktore die ontwikkeling van landboukoöperasies in hierdie twee lande beïnvloed, watter rol speel die landboukoöperasies en wat is die besondere eienskappe van die landboukoöperasies?

Daar is reeds heelwat oor die landbou en landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika geskryf.[1] Uit hierdie studies blyk duidelik watter rol die landbou en die landboukoöperasies in die betrokke lande in die verlede gespeel het. 'n Vergelykende studie het egter nog nie daaroor verskyn nie. In hierdie literatuur is ook baie aandag aan statistiek bestee wat nie in hierdie werk herhaal sal word nie.

By die bestudering van die beskikbare geskrifte wat handel oor landbou en landboukoöperasies, tref dit 'n mens dat daar sekere verskille en ooreenkomste tussen die twee lande bestaan. Ons wil in hierdie studie nader ingaan op die faktore wat hierdie verskille en ooreenkomste veroorsaak het, en, wat die besondere eienskappe van die landboukoöperasies betref, wil ons kyk of ons nie aanbevelings ter bevordering van die landboukoöperatiewe beweging in Suid-Afrika aan die hand kan doen nie. Ten spyte van die sukses wat die landboukoöperatiewe beweging in Suid-Afrika reeds behaal het, is daar nog talle probleme waarmee ons landboukoöperasies te kampe het.

---

1) Vergelyk: Bibliografie aan die einde van hierdie verhandeling.

2. Indeling van die studie

Die studie is in drie afdelings verdeel, naamlik: afdeling A wat handel oor Nederland, afdeling B wat oor Suid-Afrika handel, en afdeling C waarin die twee lande vergelyk word. Elk van die afdelings bestaan uit twee hoofstukke. Afdelings A en B bestaan elk uit 'n hoofstuk wat handel oor die landbou, terwyl die aandag in die tweede hoofstuk aan die landboukoöperasies in die betrokke land geskenk word. In afdeling C word eers 'n vergelyking van die landbou en dan van die landboukoöperasies gegee. Die studie word afgesluit met 'n samevattende hoofstuk.

3. Begrippe

Om verwarring te voorkom word sekere begrippe nader omskryf. Hierdie begrippe kom herhaaldelik in die teks voor.

3.1. Landbou

3.1.1. Landbou in die algemeen

Onder landbou verstaan ons die aanwending van menslike arbeid op die natuur met die doel om die nuttige plante en diere sodanig te lei dat dit meer tot die voorsiening in die menslike behoeftes kan bydra as wat dit sonder die ingryping van die mens sou kon doen. [1)] Kenmerkend van die landbou is dat die produksie gerig is op die organiese voortbrenging en dat die oog nie uitsluitend op die hede nie, maar ook op die toekoms gevestig is. Die idee is om by oordeelkundige toepassing die produksie te herhaal. Die rede vir die ontstaan hiervan kan gesoek word in die nood van die mens. Die nood het nie alleen aanleiding gegee tot die aanwending van arbeid op die natuur nie, maar dit het ook die landbou tot ruimere ontplooiing gebring.

Oor die eeue het die landbou homself in talle onderdele gesplits, byvoorbeeld akkerbou en veeteelt. Oor die vraag watter bedryfstak die oudste is, is baie getwis. Minderhoud[2)] sê egter heeltemal tereg dat die antwoord moet lui "dat op de ene plaats de akkerbouw en op de andere de veehouderij het eers is ontstaan." Dit kan egter gekonstateer word dat spesialisasie op elke terrein voortgesit is.

---

1) Minderhoud, G. Inleiding tot die Landhuishoudkunde, p. 14.

2) Ibid., p. 20.

3.1.2. Sekere kenmerke van die landbou

Uit bogenoemde is dit alreeds duidelik dat verskeie betekenisse aan die woord landbou gegee kan word. So kan die woord alle vorme van bodemkultuur asook die veeboerdery inhou. Behalwe die eintlike boerderybedryf waar die grond, hetsy vir akkerboudoeleindes, vir weiding, of vir beide doeleindes gebruik word, reken ons die tuinbou met sy verskillende onderdele, soos die kweek van blomme, bome, struike en vrugte eweneens tot die landbou. Tot die landbou in engere sin behoort dan eerstens akkerbou, tweedens veeteelt en al die onderdele. Duidelikheidshalwe moet verder opgemerk word dat nie al bovermelde onderdele in elke landboubedryf aangetref word nie. Soms ontbreek sekere daarvan en die mate waarin elke onderdeel tot die geheel bydra, loop in verskillende streke sterk uiteen. Dit kan dus wees dat 'n aantal vorme van landbou in een onderneming verenig is. Dit kom egter ook voor dat in een onderneming net een vorm aangetref word. So kom in Suid-Afrika en Nederland ondernemings voor waarin tuinbou, akkerbou, weidingbou, perdeteelt, vark- en hoenderboerdery aangetref word. Ook vind 'n mens bedrywe waar die aandag slegs op die kweek van blomme toegespits word. Ons moet dus onderskei tussen gespesialiseerde of gemengde boerdery en intensiewe of ekstensiewe landbouproduksie.

Gespesialiseerde boerdery bestaan wanneer die boer of ondernemer slegs een hoofbron van inkome uit sy boerdery het. Aan die ander kant sien ons gemengde boerdery as dié waarvan die bruto-inkomste verkry word van verskillende vertakkinge wat elk 'n belangrike afdeling van die boerdery-onderneming uitmaak.

Intensiewe of ekstensiewe landbou word bepaal deur die verhouding van die grondgrootte tot die produksiefaktore, arbeid en kapitaal. Dit is intensief as baie arbeid en kapitaal op min grond aangewend word. Dit is ekstensief as die hoeveelheid arbeid en kapitaal per eenheid grond klein is.

'n Arbeids- of kapitaalintensiewe boerdery blyk uit die verhouding tussen arbeid en kapitaal (meganisasie) wat op die grond gebruik word. Arbeidsintensief beteken dat oorwegend van plaasarbeiders gebruik gemaak word, terwyl 'n boerdery kapitaalintensief is as dit oorwegend gemeganiseerd is.

Grond, arbeid en kapitaal vorm die drie essensiële elemente of pro-

duksiefaktore. Vir produktiewe doeleindes word die drie in kombinasie in werking gestel. Dit was nie altyd die geval nie. Oorspronklik was die vernaamste produksiefaktor grond, sodat met die begin van die menslike geskiedenis die enigste arbeid wat vereis was dié was wat iemand nodig gehad het vir die versameling van vrugte, saad en knolle wat deur die natuur voortgebring is en wat tot beskikking vir die menslike behoeftebevrediging was. Op daardie stadium van die ekonomiese ontwikkeling kan ons sê, was die produksie ultra-ekstensief. Spoedig daarna het die mens begin om meer arbeid aan te wend met die doel om nuttige artikels te bekom. Hiermee was die eerste stap op weg na intensivering geneem. Gedurende dieselfde tyd het die behoefte aan kapitaalgoedere ook op die voorgrond getree.

Met die toenemende doeltreffendheid in arbeid en die groter vraag daarna, het 'n bykomende ontwikkeling in nuwe en beproefde soorte kapitaalgoedere merkbaar geword. Waar arbeid egter skaars was, is teruggeval op die sogenaamde arbeidbesparende middele. As voorbeeld kan die Verenigde State genoem word wat die leiding geneem het op die ontwikkeling van landboumasjinerie as gevolg van sy tekort aan arbeid. Die faktore wat die graad van intensiteit bepaal hang myns insiens af van:

(a) die aard van die landbou, byvoorbeeld groenteverbouing is uiteraard intensiewer as beesboerdery.

(b) die grens van ekonomiese produksie, waar die rentabiliteitsoptimum bereik word, dit wil sê kapitaal en arbeid behoort toegevoeg te word totdat die hoogste winsgewendheid bereik word. Winsgewendheid hang van ontvangste en koste af, terwyl ontvangste en koste op hulle beurt deur baie veranderlike faktore bepaal word. Die gevolg hiervan is dat intensiteit 'n relatiewe begrip is. So kan wat as intensief in Suid-Afrika beskou word in die algemeen as ekstensief veral in Nederland, België, Frankryk en Engeland geneem word. Die graad van intensiteit wat in enige besondere gebied op 'n besondere stadium bereik kan word, word bepaal deur die grens van die ekonomiese produksie.[1] So kan die omgewing van 'n groot stad of die aanwesigheid van gunstige vervoerfasiliteite na so 'n stad die grens van die ekonomiese produksie uitbrei. Sulke toestande sal gunstiger markmoontlik-

---

1) Laur, E. Wirtchaftslehre des Landbaus, p. 99.

hede bied en lei tot groter intensiteit.

Voor ons egter tot die bespreking van 'n ander begrip oorgaan, verwys ons kortliks na enkele punte van verskil tussen die landbou en die nywerheid, omdat uit hierdie verskille reeds spesifieke probleme van die landbou na vore kom.

3.1.3. Vergelyking tussen landbou en nywerheid

Eerstens is daar 'n belangrike verskil in die natuurlike voorwaardes waaronder produksie uitgevoer word, en tweedens is daar die sosiologiese agtergrond wat tot belangrike verskille aan die aanbodkant aanleiding gee. Die verskille aan die aanbodkant is kortliks die volgende:

(a) Klimaat en biologiese faktore wat 'n baie belangrike oorsaak is van die verskil in die opbrengs van landbouprodukte omdat hulle onbeheerbaar is. Die boer kan sy produksie tot 'n mindere mate beheer as wat dit die geval by die industrie is.

(b) Die produksiefaktor grond speel in die landbou 'n belangriker rol as in die industrie. Die industrie hoef feitlik nie in direkte kontak met die grond te wees om te kan produseer nie, terwyl dit met enkele uitsonderings, in die geval van die landbou juis andersom is.

(c) Baie landbouprodukte is gesamentlike produkte, byvoorbeeld koring en strooi, skaapvleis en wol omdat hulle albei deel is van dieselfde plant of dier. Die probleem hier is veral die toedeling van koste en opbrengs.

(d) Boerdery vind in lande soos Nederland in die reël op klein eenhede plaas. Eerstens hou dit in dat daar min ruimte bestaan vir arbeidsverdeling, en dat daardie deel van die ekonomiese analise wat ontwikkel is om produksie en organisasie op groot skaal te verklaar, minder toepasbaar op landbougebied is. Daarby word die teorie van volmaakte mededinging baie meer in die landbou as in die industrie aangetref. Die boer skenk byna nooit aandag aan die gevolg van 'n verandering in sy opbrengs op die prys nie, terwyl dit meesal wel die geval met die industriële onderneming is.

(e) Die aanpassing van die produksie van landbouprodukte by prysveranderinge traag is omdat die produksieproses betreklik lank duur.

(f) Ons volstaan met 'n laaste onderskeid of kenmerk en dit is dat die

landbou dikwels beskou word as 'n besondere lewenswyse. Die sosiale, politieke en sentimentele oorwegings beïnvloed die organisasie en die produksie. Elke boerdery-eenheid besit dus feitlik 'n eie karakter.

Wat die posisie aan die vraagkant betref, is die verskille minder duidelik, maar nie minder belangrik nie.

Eerstens bring landbou hoofsaaklik die produkte voort wat in die basiese lewensbehoeftes van mens en dier voorsien. Op grond hiervan word verwag dat wanneer die lewenstandaard as gevolg van tegniese vooruitgang hoër word, die vraag na landbouprodukte minder vinnig sal toeneem as dié na industriële produkte. Die inkome-elastisiteit of sentiwiteit van die vraag na landbouprodukte is dus laag, hoewel daar verskille tussen sekere produkte bestaan. So is die inkome-elastisiteit van vrugte, groente en vleis byvoorbeeld heelwat hoër as dié van graan en ander styselkosse wat laag is en wat selfs negatief kan wees.

Tweedens noem ons die belangrike verskil of eienskap dat die meeste landbouprodukte bederfbaar is. Dit het tot gevolg dat die verbruik moeilik uitgestel kan word. Deels as gevolg hiervan, en deels deurdat die produksie op klein skaal uitgevoer word, neem die tussenpersone, dit wil sê hulle wat dien as skakel tussen die oorspronklike produsent en die uiteindelike verbruiker, 'n besonder belangrike plek in by die landbouprodukte.

### 3.2. Landboukoöperasie

Wanneer ons die praktyk van landboukoöperasie nader beskou, blyk dit dat daar geen eenvormigheid ten opsigte van die toepassing van die beginsels van koöperasie is nie. Die idee wat ons omtrent koöperasie het, is meestal afgelei uit dit wat in die praktyk ervaar is. In werklikheid beteken dit dat ons opvatting oor koöperasie verskil. Wat die een koöperatief juis vind, word deur 'n ander as 'n aantasting van die koöperatiewe beginsels gesien.

Die begrip koöperasie het ontstaan as 'n reaksie op die invoering van die liberale maatskappyvorm, wat gelyktydig met die Franse rewolusie sy ontstaan gehad het. Binne hierdie liberale maatskappy het die reg van die sterkste geseëvier. Enkele mense, onder meer Robert Owen, het gevolglik probeer om 'n maatskappysisteem te ontwerp wat tot gelykheid sou lei. Koöperasie is dus as 'n maatskappyhervormende stelsel gesien.

Die ontwikkeling van die begrip koöperasie het egter veroorsaak dat die begrip soos dit teenswoordig in die land- en tuinbou toegepas word, teruggevoer kan word op ekonomiese faktore, dit wil sê samewerking om ekonomiese redes. Duidelikheidshalwe moet dit egter gestel word dat die maatskaplike betekenis van die koöperatiewe samewerkingsvorm oor die algemeen nie ontken word nie. Daar was ook dikwels sekere kragte (van buite af) wat die eerste stoot tot die oprigting en verdere ontwikkeling van koöperasies gegee het. Dit doen egter geen afbreuk aan die feit dat die ekonomiese doelstelling steeds op die voorgrond staan nie. Indien die koöperasie geen nuttige ekonomiese opbrengs afwerp nie, het dit geen bestaansreg nie en sal dit ten gronde gaan. Die sosiale faktore kan nooit wesensbepalend vir die koöperasie wees nie. Laasgenoemde hang saam met die godsdienssin, denkwyse en ander omstandighede van die bevolking wat die instrument koöperasie wil toepas. Ter illustrasie kan genoem word dat koöperasie in ontwikkelende lande anders toegepas word as in ekonomies hoogontwikkelde lande. Hierteenoor is die ekonomiese faktore van blywende aard en is dit vir iedereen van die grootste belang,

Onder koöperasie verstaan ons dan: Ekonomiese samewerking tussen selfstandige ondernemings (byvoorbeeld boerderyondernemings) wat 'n onderdeel van hierdie ondernemings (byvoorbeeld die aankoop van bedryfsbenodigdhede) gesamentlik voortdurend uitvoer, met behoud van hul selfstandigheid, om op hierdie wyse die netto-inkome van die selfstandige ondernemings te vergroot.[1)]

Prakties word die voorgaande soos volg toegepas: die selfstandige ondernemings besluit vrywillig om ten opsigte van 'n bepaalde onderdeel in koöperatiewe verband op te tree. Hulle besluit dus, soms mondeling maar meestal skriftelik, wat hulle gesamentlik wil aanpak en hoe hulle die doeleindes wil bereik. Die koöperasie word 'n soort selfstandige onderneming wat met die teenparty koop- en verkooptransaksies op die mark aangaan. Anders benader kan ons sê dat die motief is om deur die samevoeging van afsonderlike belange so 'n gunstig moontlike posisie te kan inneem. Dit geskied deur die prysvorming so juis moontlik te laat geskied, deur die voordele van die groot onderneming te kan geniet en om by die verdeling van koste en opbreng-

1) Vergelyk: Ter Woorst, G. J. Co-operatie als vorm van economische organisatie.

ste 'n billike verdeling toe te pas. Ingevolge laasgenoemde behoort alle interne verhoudings van die koöperasie ooreenkomstig die eweredigheidsbeginsel gereël te word.[1)]

1) Gedurende Oktober 1963 is 'n kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede aangestel, met die opdrag om ondersoek in te stel na die rol wat die koöperasies tans in die volkshuishouding vervul en moet vervul; die voorregte van en beperkings op koöperasies; die grondslag van kredietverlening deur, en die finansiering van koöperasies; die doelmatigheid, al dan nie, van leiding en bestuur van koöperasies; die billikheid, al dan nie, van die huidige stelsel van inkomstebelasting; en die doelmatigheid, al dan nie, van die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

Op 16 Maart 1967 het die kommissie sy verslag onderteken en gedurende Junie 1967 is die verslag in die parlement ter tafel gelê. In sy verslag maak die kommissie 'n hele reeks aanbevelings van ingrypende aard. In hierdie studie word nie nader op die gevolgtrekkings en aanbevelings van die kommissie ingegaan nie. Daar word slegs in enkele gevalle na sommige gevolgtrekkings en aanbevelings van die kommissie verwys.

## Afdeling A

LANDBOU IN NEDERLAND

LANDBOUKOÖPERASIE IN NEDERLAND

## Hoofstuk II

## LANDBOU IN NEDERLAND

### 1. Inleiding

"God het die see geskape, die Nederlander sy land." Hierdie uitdrukking word dikwels gehoor en hoewel dit oordrewe is, is dit tog 'n feit dat daar geen ander land is waar die bewoners so 'n groot deel van hul grondgebied self verwerf het soos die Nederlanders in Nederland nie.

Die geskiedenis van Nederland weerspieël 'n voortdurende stryd teen water, 'n stryd wat tans nog voortduur. 'n Motief vir hierdie stryd om die grondoppervlakte te vergroot was die werklike gevaar van oorbevolking, en sonder grond kan 'n land nie tot groot hoogtes ontwikkel nie. Of anders gestel: wanneer grond skaars is maar arbeid oorvloedig, kan 'n hoë arbeidsproduktiwiteit alleen bereik word deur die intensiewe gebruik van die grond tot beskikking. Dit beteken dat 'n groot hoeveelheid arbeid per eenheid gebruik moet word ten einde 'n goeie lewenstandaard daar te stel.

Landbou in Nederland het in ooreenstemming met die voorafgaande ontwikkel, naamlik in die rigting van intensiewe produksie, maar daar was ook ander faktore wat die landbou-ontwikkeling beïnvloed het en waaraan die huidige toestand van die Nederlandse landbou toegeskryf kan word.

In hierdie hoofstuk sal die volgende kortliks behandel word: die bepalende faktore by die inrigting van 'n boerderyonderneming met besondere verwysing na Nederland; die ontwikkeling van die landbou in Nederland en die belangrikste hoofkenmerke van die Nederlandse landbou.

### 2. Bepalende faktore by die inrigting van 'n boerderyonderneming, met besondere verwysing na Nederland

Wanneer ons dink aan die verskillende bedrywe wat ons in die landbou aantref, word ons onmiddellik getref deur die mengeling van akkerbou, veeteelt, tuin- en bosbou. Tog vind 'n mens streekverskille; dus moet dit moontlik wees om aan te toon waarom 'n landboubedryf in 'n bepaalde land of streek 'n tipiese karakter besit. Aangesien landbou deel uitmaak van 'n land se ekonomie, is dit hierdie faktore wat bepaal of die landbou 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die landsekonomie maak en of dit die algemene ekonomiese ontwikkeling strem. Dit is ook hierdie faktore wat die landbou onderhewig maak aan onstabiliteit. Onstabiliteit in die algemeen is egter 'n

gevolg van die proses van ekonomiese groei. So bring ekonomiese groei soms spronge mee, byvoorbeeld outomatisasie en die invloed daarvan op indiensname. Ons laat ekonomiese groei verder buite beskouing en laat die soeklig val op die belangrikste ander faktore wat die landbou, in die besonder die Nederlandse landbou, beïnvloed het.

2.1. Ligging

Geografies is Nederland in 'n koue gematigde streek geleë. Die invloede wat dié ligging op die klimaat uitoefen, sal ons onder klimaat[1] bespreek.

Nederland se ekonomiese ligging is egter van besondere betekenis omdat die land, wat self 'n koopkragtige bevolking het, lê tussen ekonomies-hoogs-ontwikkelde lande, aan die monding van Europa se belangrikste vragverkeers-roete, die Rynrivier, én aan die Noordsee wat seker die drukste-bevaarde see ter wêreld is. Weens hierdie ligging is die land soms in die kontinentale ekonomie opgeneem, byvoorbeeld tydens die Napoleontiese beheer, en het die Nederlandse landbou in die ekonomiese struktuur 'n basiese posisie ingeneem. Gedurende ander tye is dit weer ingeskakel in die wêreldhuishouding sodat die landbou slegs een van die bewegende kragte in die inkomende en uitgaande goedereverkeer geword het.

Die belangrikheid van die liggingsfaktor is reeds in 1862 ingesien toe Staring[2] gepraat het van die "invloed der nabijheid van de markplaats." Vanselfsprekend is laasgenoemde belangriker namate die produkte wat geproduseer word makliker bederf.

Die gunstige ligging van Nederland het inderdaad stimulerend ingewerk op die landbou. Dit was veral die geval na die tweede helfte van die vorige eeu toe geweldige industriële ontwikkeling gelei het tot 'n welvarende bevolking en sodoende 'n lewendige vraag na landbouprodukte, veral vleis, botter, eiers en soortgelyke produkte. Reeds op daardie stadium was dit duidelik dat Nederland tussen die groot verbruiks- en invoersentra van die digbevolkte Wes-Europa geleë is. Dat hierdie feit 'n invloed op die Nederlandse landbou gehad het, is gewis en seker soos telkens in hierdie hoofstuk aangedui sal word. Vir 'n

---

1) Vergelyk: paragraaf 2.3 van hierdie hoofstuk.

2) Staring, W.C.H. Landbouwstelsels. Huisboek voor den Landman, p. 5.

algemene oorsig van die ligging van Nederland en sy provinsies word na die ingeslote kaart verwys.[1]

2.2. Oppervlakte en bevolking

Nederland is een van die mees digbevolkte lande ter wêreld. Die totale grondoppervlakte was in 1963 ongeveer 12,950 vierkante myl.[2] Hierteenoor het die aantal inwoners in 1960 op byna twaalf-en-'n-half miljoen te staan gekom.[3] Dit beteken dat die gemiddelde bevolkingsdigtheid op ruim 900 persone per vierkante myl te staan kom. Die bevolkingsdigtheid was in Nederland egter nog altyd hoog, nieteenstaande dat die grondoppervlakte reeds gedurende die afgelope paar eeue ook gegroei het. (Een van die oudste dyke dateer uit 1018 en selfs voor dié datum het die inwoners hulle al met drooglegging besig gehou.[4] Ons dink hier aan verskeie mere en gedeeltes van die see wat drooggelê is en wat vandag produktief gebruik word. Nederland het hierdeur die gevaar van oorbevolking baie teenstand gebied, maar dit op sigself was nie voldoende nie. Die belangrikste was om te verseker dat elke sektor van die hele ekonomie, dus ook die landbou, die maksimum bydrae lewer ten einde so baie inwoners op so 'n klein grondgebied 'n behoorlike bestaan te verskaf. Hierby het ook ander faktore, soos byvoorbeeld emigrasie, 'n rol gespeel.

Die landbou moes hierby aanpas en nieteenstaande die feit dat die oppervlakte onder bewerking toegeneem het, het dit nogtans in verhouding met die landboubevolking minder toegeneem. So was teen die middel van die vorige eeu, toe die bevolking op rofweg driemiljoen gestaan het, byna die helfte van die bevolking in diens van die landbou. Namate die bevolking gegroei het, het die persentasie van die bevolking in diens van die landbou verminder van 30% in 1900 tot 20% in 1930, 19.6% in 1947 en 11% in 1960.[5] Dit beteken dat 'n groter deel van die toename in die bevolking deur ander sektore van die ekonomie soos die nywerheid, handel en kommunikasiedienste opgeneem is. Hoewel die totale werkende bevolkingspersentasie in diens van die landbou

---

1) Aanhangsel I.

2) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 10.

3) Ibid.

4) Van Bath, B.H.S. De agrarische geschiedenis van Wes-Europa (500-(1850), p. 169.

5) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 10.

skerp afgeneem het, het die werklike aantal persone wat hul bestaan uit landbou maak met om-en-by 40% sedert die middel van die vorige eeu toegeneem.[1)] Die toenemende digtheid van die landboubevolking is dan ook die rede waarom, in vergelyking met die meeste ander lande in Europa, die gemiddelde plaasgrootte in Nederland klein is. Die skerp toename in die bevolking het die tekort aan grond in Nederland vergroot en een van die gevolge was dat die boerderyeenhede steeds meer onderverdeel is.

'n Ruilverdelingstelsel, 'n stelsel waardeur klein eenhede saamgevoeg word, is toe aangegryp. Die eerste ruilverdelings in Nederland het plaasgevind danksy vrywillige medewerking deur alle belanghebbendes. Die Ruilverdelingswet van 1924 het dit egter moontlik gemaak dat onwilliges in hierdie verband gedwing kon word. Hierna is die betrokke hoofwet 'n paar keer gewysig. Die Ruilverdelingswet van 1954 maak dit selfs moontlik om 'n algemene verbetering van die omstandighede waaronder die boerderybevolking moet lewe en werk, te bewerkstellig. So word nou by ruilverdeling veral ook gestreef na 'n vergroting van die bedrywe en behoorlik wetenskaplike beplanning van die betrokke gebied.

Wanneer grond skaars is maar arbeid in voldoende hoeveelhede beskikbaar is, kan 'n hoë arbeidsproduktiwiteit alleen verkry word deur 'n intensiewe gebruik van die beskikbare grond en arbeid.[2)]

Hierby moet ten slotte in gedagte gehou word dat die bevolking van Nederland nie eweredig versprei is oor die hele land nie. By ontleding blyk dat ongeveer die helfte van die bevolking gekonsentreer is in die drie westelike provinsies, Noord- en Suid-Holland en Utrecht, wat ongeveer een-vyfde van die oppervlakte van die land beslaan.[3)] Die industriële ontwikkeling het veral hier plaasgevind, maar dit beteken ook dat die landbou binne hierdie streke geheel-en-al anders daar uitgesien het as in die vorige provinsies en dat die landbouers binne die eersgenoemde provinsies baie gouer, vinniger en in 'n steeds toenemende mate in 'n markekonomie betrokke geraak het.

In die geheel gesien, is die grondgebruik soos volg: akkerbou 27.3%, grasland 39%, tuinbou 3.1%, bosbou 7.4% terwyl die res deur geboue, paaie,

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 10.

2) Vergelyk: paragraaf 6.1. van hierdie hoofstuk.

3) Landbouw-Economisch Instituut. Landbouwcijfers, p. 12.

strate ensovoorts beslaan word.[1]

2.3. Klimaat

Die weersomstandighede beperk die boer in sy vryheid van keuse ten opsigte van die tipe bedryf. Die ongunstige klimaat (hieronder sluit ons onder andere temperatuur, wind en reën in) het nie op alle landboubedrywe dieselfde uitwerking nie en die intensiteit van die klimaat verskil van gebied tot gebied. Laasgenoemde het 'n invloed op die individuele opbrengs en op die totale opbrengs. Dit kan die totale opbrengs op drieërlei wyse beïnvloed, naamlik deur dit te laat toeneem, te verminder of feitlik konstant te laat bly. Hier moet bygevoeg word dat namate die nasionale produksie van 'n land oor 'n groter uitgestrekte gebied betrek word, die invloed van klimatologiese faktore groter is.

Nederland is geleë in die koue gematigde lugstreek. Die land is onderworpe aan streng ryp en koue, maar tog verdra die gras die wintertemperatuur baie goed. Dit gee aan Nederland 'n belangrike voorsprong bo die lande wat nog verder noord geleë is, byvoorbeeld Denemarke, want Nederland besit meer blywende grasland. Die gemiddelde temperatuur oordag vir die jaar 1960 (wat 'n gemiddelde jaar was) vir elke seisoen was die volgende: gedurende die winter 38.7°F.; die lente 50.1°F.; die somer 63.1°F. en die herfs 52.3°F.[2] Die temperatuur is dus gunstig vir verskillende soorte gewasse.

Die reënval is in sy geheel voldoende. Die jaarlikse reënval beloop ongeveer 30 duim.[3] Hierby is dit sagte en deurdringende reën wat baie gunstig versprei is oor die verskillende maande. Wat die neerslag betref, moet vermeld word dat die hoeveelheid in Maart die kleinste en in Augustus die grootste is. In die herfs val die meeste reën en in die somer is die reënval op sy laagste. Die verskil in reënval in die verskillende gebiede is in die somer die grootste en in die ooste van die land val daar dan meer reën as langs die kus. In die herfs val weer heelwat meer reën in die weste as die ooste. Gedurende die winter is die verskille in die hoeveelheid neer-

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 1.

2) Centraal Bureau voor de Statistiek. Statistisch Zakboek, p. 3.

3) Ibid.

slag betreklik gering. Kyk ons vervolgens na die aantal sonskynure, sien ons dat dit sowat 1580 per jaar beloop.[1] Die kusstreek is oor die algemeen sonniger as die res van die land. Die grootste verskille in sonskyn vind 'n mens in die somer en dit kan gemiddeld meer as 'n uur per dag beloop. Die maand Mei is gemiddeld die sonnigste en Desember die somberste.[2]

Wat die klimaat betref, kan dus ten slotte gekonstateer word dat daar geen aansienlike streekverskille bestaan nie. Minderhoud[3] sê ten opsigte hiervan: "de verschillen in klimaat zijn binnen de grenzen van ons land zo klein dat we vrijwel overal dezelfde gewassen telen...." Hy voeg egter by dat daar wel streke is wat vir sekere soorte bedrywe meer geskik is as vir ander.

Ter stawing van bogenoemde kan genoem word dat die gemiddelde temperatuur gedurende die dag, geneem oor die hele jaar, in die noorde van die land 49.1°F., in die suide 50.9°F. en ongeveer in die middel van die land 50.5°F. is.[4] Dieselfde verskille word gevind by 'n vergelyking van die temperatuur in die ooste en die weste van die land.

### 2.4. Grondsoorte

Die grootste deel van Nederland word ingeneem deur sandgronde. Hierdie grond is arm aan plantevoedsel en dit het die verdere eienskap dat dit oor die algemeen die vog onvoldoende bewaar. Talle stroompies water wat die sandgronde deurkruis, het veral vroeër vrugbare slik agtergelaat. Dit het tot gevolg gehad dat natuurlike grasveld ontstaan het.

Van nature veel vrugbaarder as die sandgronde is die sogenaamde kleigronde, veral die seekleigronde, hoewel dit moeilik bewerkbaar is. Die ouderdom van hierdie kleigronde het 'n invloed op die gewasse wat verbou kan word. Die jonger seekleigronde leen hulle by uitstek vir verskillende produkte, maar verskeie gewasse wat hoë eise aan die grond stel, aard minder goed op die ou seekleigrond. Minderhoud[5] sê ook dat die boer op

---

1) Landbouw-Economisch Instituut. Landbouwcijfers, p. 7.

2) Centraal Bureau voor de Statistiek. Statistisch Zakboek, p. 3.

3) Minderhoud, G. De Nederlandsche Landbou, p. 6.

4) Centraal Bureau voor de Statistiek. Statistisch Zakboek, p. 3.

5) Minderhoud, G. De Nederlandsche Landbou, p. 8.

die rivierkleigronde minder vry is in die beplanning van sy boerdery as die boer op die jong seekleigronde.

Die volgende tipe grond word algemeen aangetref in die sogenaamde laag- en hoogveengebied. Die laagveengebied strek oor die provinsies Holland, Utrecht, Friesland en Noordwestelike Overijssel. Hierdie grond ('n soort turfgrond) leen hom hoegenaamd nie vir akkerbou nie maar veel eerder vir blywende grasland. Hierteenoor word die hoogveengebied in die suidoostelike deel van die provinsie Groningen en die oostelike deel van die provinsie Drente aangetref, wat vir sommige akkerbougewasse, vernaamlik vir fabriekaartappels, by uitstek geskik is, nadat sy samestelling verander is tot sogenaamde dalgrond.[1] 'n Direkte verband bestaan derhalwe tussen die tipe grond en die tipe boerdery wat beoefen word.

Die bodem van Nederland bestaan hoofsaaklik uit materiaal wat in die verre verlede deur die twee groot riviere, die Ryn en die Maas, agtergelaat is. Verder het die wind en die see ook 'n bydrae tot die vorming van die bodem gelewer. Ons doel is nie om 'n volledige beskrywing van elke soort grond te gee, te sê waarvoor dit geskik is en vir watter doel dit aangewend word nie. Dit is tewens nie moontlik om dit binne die raamwerk van hierdie verhandeling te doen nie, want 'n vereenvoudigde bodemkaart toon 21 grondsoorte.[2] Ons gee dus 'n kort samevatting van die belangrikste grondsoorte en die moontlikhede wat dit vir die landbou bied.

Eerstens die seekleigronde. Die twee hoofsoorte is die ou en die jong seekleigronde, maar verskillende ander soorte word ook aangetref. Die landboukundige waarde van die grond loop van baie goed tot swak uiteen. So leen sekere seekleigronde hulle uitstekend vir akkerbougewasse soos graan, peulvrugte, handelsgewasse, knol-, bol- en wortelgewasse en groenvoergewasse. Onder die graangewasse neem koring die vernaamste plek in met hawer en gars net daarna. Ongeveer 90% van die totale produksie van handelsgewasse kom uit hierdie gebiede. Verder is hierdie gebied bekend vir die suikerbeet- en aartappelproduksie. Binne die gebied doen sekere verskille hul egter voor. So oorheers in bepaalde streke die akkerbou en is die veeboerdery van ondergeskikte betekenis, in ander streke beloop die aandeel van elk min of meer

1) Dalgrond is turfgrond wat met sandgrond gemeng is.

2) Landbouwatlas van Nederland, Kaart 9.

dieselfde. Die kern waarop ons klem wil lê, is dat hierdie grondsoort oor die algemeen baie vrugbaar is en baie moontlikhede vir die boer bied.

Tweedens die rivierkleigronde. Ook hier word 'n aantal verwante grondsoorte aangetref en sommige is geskik vir grasland en ander weer meer vir akkerbou. Oor die algemeen word hier gemengde bedrywe gevind met die klem op die veeboerdery. Verder word hier ook vrugte verbou. Wat akkerbou betref, is hierdie grond redelik geskik vir rog- en koringverbouing, terwyl suikerbeet, tuinbougewasse en aartappels ook verbou word. Die veeboerdery oorheers in die dele waar die riviere, veral in die winter, hul walle oorstroom. Die klein bedrywe binne hierdie gebied lê hulle veral toe op die verbouing van tuinbougewasse. Net soos die seekleigronde leen die rivierkleigronde hulle ook vir 'n hele reeks landbouprodukte.

Derdens die sogenaamde laag- en hoogveengronde. Die laagveengrond is grotendeels geskik vir gras en 'n deel daarvan is ook besonder geskik vir groenteverbouing. Die rede is dat die gras meer water kan verdra as die meeste akkerbougewasse, want soos van die naam afgelei kan word, is hierdie grond laag geleë. Die grasland wat hier aangetref word, is van 'n buitengewone goeie kwaliteit. Hierteenoor kan die "hoogveengrond" vir die produksie van sekere akkerbougewasse gebruik word, maar dit moet eers bewerk word tot die sogenaamde dalgrond. Dit moet verder swaar bemes word aangesien dit arm aan plantevoedsel is. Die vernaamste gewasse wat verbou word, is fabriekaartappels.

Vierdens die sandgronde. Hierdie grond bevat oor die algemeen weinig plantvoedende stowwe en uit die geskiedenis blyk dat hierdie struikelblok verminder is deur die veeboerdery in diens van die akkerbou te stel. Dit het aanleiding gegee tot 'n feitlik onverbreekbare eenheid tussen akkerbou en veeboerdery. Die oppervlakte wat vir die akkerbou aangewend kon word, is deur die oppervlakte beskikbare natuurlike weiding bepaal. Tans word die akkerbouprodukte wat nie regstreeks verkoop word nie as veevoer gebruik, en suiwelproduksie is in die meeste gevalle die hoofdoel. Naas die suiwelboerdery is vark- en pluimveeboerdery op hierdie bedrywe die belangrikste bedryfstakke. Binne sekere streke word ook vrugte geproduseer. Die vernaamste akkerbougewasse is rog, hawer en aartappels.

Samevattend kan ons sê dat wat die verskillende grondsoorte betref, 'n

reeks land- en tuinbouprodukte in Nederland geproduseer kan word. Dit geskied inderdaad.[1]

Ten slotte kan ons daarop wys dat Nederland sy naam in ere dra, want as die dyke langs die see en riviere tot niet sou gaan, sal 38% van die land met water bedek word.[2] Verskeie van die dele wat drooggelê is, lê voete onder seespieël. Kunsmatige ontwatering neem dus in Nederland 'n baie belangrike plek in.

'n Belangrike faktor wat ons hier ook wil beklemtoon, is die baie waterweë wat binnelands bestaan, want die gemaklike en goedkoop vervoer wat daardeur moontlik gemaak word, strek die landbou tot groot voordeel.

2.5. Ander faktore

Die samestelling en ontwikkeling van die boerderyeenheid word ook beïnvloed deur die politieke, ekonomiese, godsdienstige, sosiale en tradisionele omstandighede waaronder die landbouer sy produksie moet lewer. In watter mate sommige van die genoemde faktore wel 'n rol gespeel het, sal duidelik blyk uit die res van hierdie hoofstuk.

Die Nederlander is van nature in 'n baie groot mate tradisiebewus, en dit kan algemeen aanvaar word dat die sin vir tradisie daar op die platteland en veral by die boeregemeenskap sterker ontwikkel het as by die stedeling. Dit is veral so as gevolg van die feit dat boerdery nie net 'n sake-onderneming is nie, maar ook 'n besondere leefwyse. Gemiddeld word die boer in Nederland in 'n baie groter mate deur sy huisgesin bygestaan as sy kollega in Suid-Afrika. Op die redes hiervoor gaan ons nie in nie. Die gevolg is dat die seun wat meestal die boerdery van sy vader voortsit, na laasgenoemde se heengaan, volhou met die samestelling wat hy van kindsbeen af leer ken het. Dit word in 'n aansienlike mate ook veroorsaak deur die feit dat die oppervlakte tot sy beskikking, beperk is en die moontlikhede tot eksperimentele bedryfstakke gevolglik uitgesluit is.

Beskou ons vervolgens die verhouding van arbeidslone tot produktepryse, kan ons in die algemeen stel dat indien die lone laag is in verhouding tot die pryse, 'n meer arbeidsintensiewe boerdery gevolg sal word. Is die verhouding

---

1) Vergelyk: paragraaf 6.2. van hierdie hoofstuk.

2) Landbouwatlas van Nederland, p. 8.

andersom, sal 'n meer ekstensiewe tipe boerdery gevolg word. Wanneer ons nou in gedagte hou dat Nederland 'n groot bevolking in verhouding tot sy oppervlakte het, is dit nie moeilik om te raai in watter rigting die landbou gestuur is nie. Dit is egter van belang dat die gebruik van meganisasie nie uit die oog verloor mag word nie, want met die uitvinding van nuwe tegnieke en middele op die terrein van meganisasie het die landbouer meer bewegingsvryheid verkry. Feitlik in dieselfde asem moet die onderlinge verhouding van landbouproduktepryse genoem word want ook hierdeur sal die boer hom laat lei in sy samestelling van sy boerdery-eenheid. So kan die akkerbou meer in diens van die veeboerdery aangewend word, of andersom. Hierdie keuse moes die Nederlandse boer by tye inderdaad doen. Ons dink byvoorbeeld ook aan die invloed van die wêreldgraankrisis gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu.[1]

Die boer mag ook deur ander omstandighede verplig word om sy produksiebeleid te wysig of geheel-en-al daarvan af te sien. 'n Voorbeeld van sodanige omstandighede kan owerheidsinvloed wees, waardeur dit kan gebeur dat die produksie van 'n bepaalde produk beperk of verbied word. Dit het ook in die Nederlandse landbou voorgekom.[2] Teen hierdie agtergrond moet die ontwikkeling van die Nederlandse landbou steeds gesien word, veral wanneer die belangrikste kenmerke van die landbou bespreek word.[3]

## 3. Die landbou voor 1878

Voor die laaste helfte van die agtiende eeu was Nederland op koophandel ingestel. Die rol van Nederland was dié van 'n algemene stapelmark waar goedere uit ander lande bymekaargebring en verhandel is. Die stapelhandel, seevaart en verkeersnywerheid asook vissery, was baie belangriker as die landbou. Tog het daar in 1768 'n interessante artikel in die destyds alombekende tydskrif De Koopman verskyn. In dié artikel is daarop gewys dat botter en kaas, die goue "vruchten der veenering", kragtig bygedra het tot die rykdom van die land en "ene der aeloudste hoofdtakken van den Batavischen koophandel" uitgemaak het.[4] Sneller[5] wys ook daarop dat daar mettertyd 'n ommekeer in

1) Vergelyk: paragraaf 4 van hierdie hoofstuk.
2) Vergelyk: paragrawe 4 en 5 van hierdie hoofstuk.
3) Vergelyk: paragraaf 6 van hierdie hoofstuk.
4) Sneller, Z. Geschiedenis van den Nederlandschen landbouw, p. 8.
5) Ibid.

die waardering van die landbou waar te neem was en dat buitelandse invloede daarvoor verantwoordelik was dat die stapelmark en die buitelandse handel gaandeweg swakker geword het.

Die ekonomie van Nederland is steeds meer op selfvoorsiening teruggedwing, terwyl daar in sekere lande op die landbouterrein nuwe gedagtes na vore gekom het.

Die nuwe gedagtes in verband met die landbou het in die agtiende eeu van Engeland uitgegaan. Engeland was die land waar die beoefening van die landbouwetenskap hoofsaaklik toegespits was op die praktiese toepassing. Die uitvinding van die nuwe werktuie in die landbou en die nywerheid en die beter bemestingstowwe wat beskikbaar gekom het vir die prosesse in die landbouvoortbrenging, was die heilsame gevolge van die empiriese en pragmatiese wetenskapsbeoefening.

Wetenskap was egter nie die enigste prikkel tot verbetering van die produksie nie; ook die bevolkingsvermeerdering het 'n meer rasionele aanwending van bestaansmiddele genoodsaak.

Ten opsigte van die belangrikheid van die verandering sê Sneller[1]: "Zoo ingrijpend was deze verandering, dat men van een revolutie spreekt, van een agrarische en een industriële revolutie, die aan elkander evenwijdig gingen en voerden tot hetzelfde resultaat der productievermeerdering." So belangrik was dit dat ons kan sê dat die moderne Engeland feitlik hieruit gebore is. Ons ag dit van soveel belang dat ons in enkele reëls by die pionier van hierdie agrariese revolusie, Jethro Tull, wil stilstaan.

In 1733 verskyn Jethro Tull se boek "The horse-hoing husbandry." Die inhoud van hierdie boek kom kortliks daarop neer dat daar in rye geplant moet word, sodat die onkruid tussen die rye maklik uitgeroei kon word en die plante in staat gestel word om 'n groter oes te lewer. Hierdie nuwe landboumetodes wat deur Tull ontwikkel is, is verder deur 'n landgenoot van hom, Arthur Young, uitgebrei.

Wanneer van die tegniese verbeteringe gedurende die agtiende eeu in die Engelse landbou gepraat word, moet ook onmiddellik aan die ontstaan van die eerste omheining of inperking van eiendom gedink word. Hierdeur

---

1) Sneller, op. cit., p. 9.

is weggedoen met die middeleeuse veldorganisasie wat deur die gemeenskaplike besit of gebruik van grond gekenmerk was. Die oorsaak kan weer eens in die verhoogde produksie vir die mark in plaas van die vroeëre meer op selfvoorsiening gerigte voortbrenging gevind word.

Ten einde dit te verkry moes die gemeenskaplike gronde verdeel word en die verspreide akkers aaneengevoeg word. In Nederland het die samevoeging van verdeelde gronde, die sogenaamde ruilverkaveling, ook inslag gevind.

In Frankryk is deur die lyfarts van Lodewyk XV, Quesnay, met sy "Tableau economique" in 1758, bygedra tot die verandering. Dit was die eerste poging tot sistematisering van die ekonomiese wetenskap, wat deur een van Quesnay se volgelinge Fisiokrasie, of heerskappy van die natuur, genoem is. Volgens hulle was die natuur die bron van alle lewe en welvaart. Die idee was dus dat waar die landbou bloei, daar 'n harmonieuse welvarende maatskappy groei en waar dit kwyn, sou die handel en ook die nywerheid geen lewe kan wek nie.

Die Fisiokrate is weldra as ekonome oorskadu deur 'n man met die naam Adam Smith (1776), wat weer handel as bron van welvaart noem, maar wat tog moes erken dat die welvaart wat voortkom uit die handel onseker is of liewers: "that (wealth) which arises .... from agriculture is much more durable and can not be destroyed."[1]

In Duitsland is die ekonomiese wetenskap begin met die bydrae van die Kameraliste wat gestreef het na die bevordering deur owerheidsbemoeiing. Hier kan veral die naam van ene Albrecht Thaer genoem word van wie in 1812 "Grundsätze der rationellen Landwirtschaft", verskyn het. Thaer verhef die landbou tot die landbouhuishoudkunde en word in 'n groot mate die grondlegger van die landbouwetenskap.

Dat bogenoemde ontwikkeling invloed gehad het op die landbou in Nederland, is voor-die-hand-liggend, want Nederland was van ouds af die vergaderbekken van uitheemse denke en strewe. As gevolg van sy ligging was Nederland ontvanklik vir die nuwe insigte aangaande die betekenis van die landbou vir die volkshuishouding en die aansporing tot verbetering van die landbou-

---

1) Smith, A. An inquiry into the nature and causes of the wealth of nations, p. 4.

voortbrenging. Spoedig het die landbou in Nederland in waardering bo die koophandel en die nywerheid uitgestyg. Die bewys dat Nederland wel kennis geneem het van veral die Engelse leiers vind ons daarin dat die werk van Jethro Tull kort na 1760 in Nederlands vertaal is. Sneller[1] konstateer die volgende: "Men was bereid te volgen, althans te overwegen en te beproeven."

As nog 'n oorsaak vir die toenemende belangstelling van Nederland in die landbou, wil ons die opkoms van die mededingende stapelmarkte noem, naamlik Londen en Hamburg. Verder het die markantilistiese handelspolitiek wat gerig was op nasionale voortbrenging, die ekonomiese selfstandigheid van die Wes-Europese lande in 'n belangrike mate laat toeneem, wat veroorsaak het dat die bemiddeling van die stapelmark ook nie meer nodig was nie.

Dit is egter opvallend dat die belangstelling in die landbou destyds van die sogenaamde "heeren", wat nie regstreeks met die landbouproduksie gemoeid was nie, uitgegaan het. So vind ons dat in 1776 deur enkele Amsterdamse "heeren" 'n maatskappy ter bevordering van die landbou gestig is. Die doelstelling van hierdie liggaam was om "de theoretische en practicaale kennis van den landbouw uit te breiden; theoretische waarheden, daartoe betrekkelijk, door practicaale beoefening en proeven tot eene meerdere klaarheid en zekerheid te brengen."[2] Die bedoeling was dus goed, maar om 'n goeie insig te kry in die landboutoestande en die ontwikkeling van die landbou, moet die wisselwerking tussen die opkoms en die groei van die stede en die graad van ontwikkeling van die landbou, veral in die nabyheid van die stede, in ag geneem word.

Tiperend vir die vroeëre landbou is dat mens groot verskille in die ontwikkeling aantref. In die algemeen kon toe alreeds opgemerk word dat in die nabyheid van die stede of digbevolkte gebiede die landbou op 'n hoër vlak was. Die groei van 'n nie-agrariese stedelike bevolking beteken vir die landbou in die onmiddellike omgewing van die bevolkingskonsentrasie die begin van kommersialisasie. Dit beteken dat die boer daartoe sal oorgaan om die produkte waarmee 'n goeie prys beding kan word, te produseer.

Met Oos-Nederland vorm die westelike deel in elke opsig 'n teenstelling.

---

1) Sneller, op. cit., p. 11.

2) Koenen, H. J. De Nederlandsche boerenstand historisch beschreven, p. 147.

Die grond was hier vrugbaarder klei en was geskik vir bou- en grasland. Talryke drooggelegde dele word daar aangetref en die ou kleibodem het vrugbare akkerbougrond gevorm. Sogenaamde "marken" en vroomhoewes het oor die algemeen nie op die verowerde grond voorgekom nie. Die groot verskil was dus dat Wes-Nederland, en by name Holland, "het land der vrije boeren" was, maar ook die land "der vrije ondernemingswerkzaamheid, waar zuivel werd gewonnen voor de inheemsche stedelijke markten en voor den export."[1] Amsterdam en Rotterdam het die vernaamste handelsentra geword.

By Wes-Nederland het ons die provinsies Friesland en Groningen ingesluit, aangesien hierdie twee noordelikste provinsies in bodemgesteldheid en grondstruktuur met Holland ooreenkom. Veeboerdery het die belangrikste plek ingeneem, veral in Friesland, maar ook in Groningen waar 'n groot deel van die bodem wei- en hooiland was. In die agtiende eeu het 'n veepes dié provinsies getref en dit het aanleiding gegee tot die ploeg van die groen velde.

Volgens Sneller[2] was "de afgraving en ontginning van dit hoogveen .... in het laast der achttiende eeuw in vollen gang, onder de stuwkracht van de stad Groningen, die uit de exploitatie groote voordelen won." Verskillende akkerbougewasse is verbou, veral in die provinsie Groningen, en dit is interessant om te meld dat die eerste masjien reeds in 1860 daar in die landbou gebruik is.[3] Die afset van die landbouprodukte van die twee provinsies verdien egter ons aandag.

Friesland met sy voortreflike weiveld, het in verhouding met die vraag binne die provinsie 'n baie hoë produksie van melk gehad. Die stede was talryk dog klein en die konsumpsievermoë was laag. Dit het dus tot gevolg gehad dat daar 'n groot oorskot van botter en kaas was. Die provinsie Holland het reeds kaas uitgevoer, maar ook die binnelandse markte was daar geleë. Die outomatiese gevolg was dat ook die twee noordelike provinsies toegetree het tot die markte in die westelike deel van die land. Hierdie mense het dus baie gouer betrokke geraak in die markekonomie as hulle

1) Sneller, op. cit., p. 27.

2) Sneller, op. cit., p. 30.

3) Die sogenaamde "dorschblok." Tijdschrift voor Staatshuishoudkunde en statistiek XIX - 1860 p. 433, e.v.

landgenote in die oostelike deel van die land, wat 'n selfversorgende bestaan op klein en minderwaardige stukkies sandgrond gevoer het. In laasgenoemde streke, naamlik die sandgronde, het die landbou hoofsaaklik drie kenmerke gehad en dit geld in 'n groot mate vandag nog.[1] Eerstens het dit hoofsaaklik uit klein bedrywe bestaan. Tweedens is daar gemengde bedrywe beoefen, en derdens het die akkerbou veral in diens van die veeteelt gestaan.

Die vroeëre ekonomiese geskiedenis van die Nederlandse landbou kan by wyse van 'n opsomming in drie tydperke ingedeel word.
a) 1750-1820: Gedurende dié tydperk het die nywerheid verval en het die ekonomiese swaartepunt verskuif van Nederland na ander lande. Aanvanklik was daar 'n algemene bloei in die landbou, maar gedurende 1818 het die graanpryse gedaal as gevolg van die graaninvoer vanuit ander lande, onder andere Rusland. b) 1820-1850: Aan die begin van hierdie periode het dit reeds moeilik gegaan met die landbou. Die toestand is deur natuurlike teenslae vererger, onder andere toe dit deur 'n ernstige droogte in 1825 geteister is. Die suiwelproduksie het egter by die nywerheidsontwikkeling in Engeland en by die lae graanpryse wat gedurende die grootste gedeelte van hierdie periode geheers het, gebaat. c) 1850-1877: Gedurende hierdie periode was die internasionale posisie van Nederland as landbouland gunstig. Die rede hiervoor was die gunstige ekonomiese ligging ten opsigte van die meeste lande. Die voorspoed was egter van korte duur en spoedig het verslapping gevolg. Die volgende periode wat afgebaken kan word, is 1878-1895, wat beskou kan word as die krisistydperk.

4. Die landbou van 1878 tot 1895

In die literatuur word dikwels verwys na die krisis van die tagtigerjare, hoewel die krisis eintlik in 1878 'n aanvang geneem het en in die vroeë negentigerjare eers ten einde geloop het. Ons ag hierdie krisis van soveel belang dat ons in besonder hierby wil stilstaan, aangesien dit 'n struktuurverandering in die Nederlandse landbou meegebring het.

Verskillende betekenisse kan aan die woord krisis geheg word. So bestaan daar onder andere konjunktuurgolwe wat reëlmatig styg en daal. Stort die mark na 'n opgaande konjunktuurgolf baie skerp ineen, noem ons

1) Marais, A. e.a. Het Kleine-Boeren vraagstuk op de Zandgronden, p. 17.

dit 'n krisis. Die woord kan ook 'n ander betekenis hê waar dit dui op die periode van laagkonjunktuur. Hierdie periode word gekenmerk deur lae pryse, inkrimpende produksie en werkloosheid. In dié geval beteken krisis en depressie dieselfde. In die derde plek kan die woord nog 'n ander betekenis hê. Dit word dan verwar met 'n ekonomiese struktuurverandering, waarin daar verskynsels is wat met die krisisverskynsels in die tweede betekenis ooreenstem.

'n Lang opgaande konjunktuurgolf het in 1850 'n aanvang geneem. Die oorsprong daarvan is moeilik te verklaar; tog kan die ontdekking van goud in Kalifornië en Australië, wat die wêreldgeldvoorraad vermeerder het, gesien word as 'n belangrike oorsaak. 'n Styging in die geldvoorraad het die pryse gestimuleer en die ekonomiese aktiwiteit opwaarts gedruk. Die jare van 1850 tot diep in die jare sewentig kan, afgesien van die kleinere skommelinge, beskou word as jare van ongestoorde en steeds stygende welvaart, waarin die vrye geld- en goedereverkeer vlot gefunksioneer het.

Nederland het gedeel in hierdie welvaart en die algemene verkeers- en handelsvryheid geniet wat aan sy landbou 'n lonende afset verseker het. Die jare van die agrariese welvaart was tewens die jare van die heerskappy van die liberalisme in Nederland. Staatsonthouding was die wagwoord, nie slegs in die handelspolitiek nie, maar ook in die hele ekonomiese politiek.

Oor die oorsake van die landboukrisis van 1878 tot 1895 bestaan daar onsekerheid. As een algemene oorsaak van die landboukrisis kan genoem word die ingebruikneming van gebiede wat tot op daardie stadium ongeskik was vir produksie en uitvoer. Dit was die geval in die Verenigde State waar die aanlê van spoorweë die produksie op vrugbare grond, wat ver van die hawens was, moontlik gemaak het. Langs hierdie spoorweë is graan in steeds groter hoeveelhede na die hawens aan die Ooskus van Amerika vervoer, vanwaar dit per stoomboot goedkoop na die Europese markte vervoer is. Die Verenigde State, maar ook Rusland, kon dus na 1880 groot hoeveelhede graan op Wes-Europese markte aanbied.

Jenkins[1)] wys op 'n bykomstige oorsaak as hy skryf: "Some of the great sources of the wealth of the Dutch farmers have been dried up, especially by the closing of the English market ...." Jenkins wys dus op die einde van die destyds geldende vryhandelspolitiek, maar hy wys ook op twee gedeeltelike

1) Jenkins, G. Agricultural interests commission, p. 638.

struktuurveranderinge, naamlik die natuurlike verfstof wat uit die sogenaamde meekrap berei is, wat deur die chemiese verfstowwe verdring is; en die raapolie uit koolsaad berei, wat deur minerale olie vervang is.[1] Die aangehaalde sinsnede is egter onvolledig omdat Duitsland ook bygevoeg moet word, aangesien die owerheid daar in 1879 oorgegaan het tot landboubeskerming.

Toe die krisis in die graan, en veral die koringbedryf, aan die gang was, het dit vinnig uitgebrei deurdat die landbouers hulle voortdurend toegelê het op die produksie van nog lonende gewasse, waardeur ook dáár die aanbod bo die vraag uitgestyg het en die prys begin daal het. Dit het selfs sover gegaan dat die krisis van die akkerbou na die veeboerdery uitgebrei het. Koenen[2] sê in hierdie verband: "Anders dan in 1821 breidde deze crisis zich na 1882 ook uit tot de prijzen van vlees, boter en ander dierlijke producten." Sneller[3] stel dit weer soos volg: "Heel het platteland werd ziek."

Die krisis het lank geduur want die vraag en die aanbod moes weer in ewewig kom en die landbou besit 'n geringer aanpassingsvermoë as die nywerheid, wat die vraag- en die aanbod betref. Die verbruik van lewensmiddele is immers weinig elasties sodat dalende pryse die verbruik min laat toeneem. Die aanbod van landbouprodukte kan ook nie veel ingekrimp word nie. Dit word veroorsaak deurdat die landbou in 'n groot mate van onbeheerbare faktore afhanklik is. Hierby geskied die produksie oor 'n relatiewe lang tydperk.

Iets moes egter gedoen word want die toestand was haglik. Volgens Sneller[4] het dit geblyk: "de vette jaren van het derde kwartaal der negentiende eeuw (waren) meer den boer dan den landbouw ten goede gekomen." Hierin het die groot probleem gelê, want die boere het die toestand gedurende die gunstige jare te gemaklik opgeneem. In vergelyking met ander lande, soos Denemarke, was die tegniek in Nederland op daardie stadium verouderd. Die Friesche Maatschappij van Landbouw was bewus van die toestand en het 'n studiekommissie in 1878 na Denemarke en Swede gestuur om daar ondersoek na botterbereiding in te stel. Hierdie kommissie het nie geskroom om te sê die "voornaamste uitvoerproduct zal allengs, geheel overtroffen, van de

1) Jenkins, G. Agricultural interests commission, p. 638.

2) Koenen, S. Inleiding tot de Landhuishoudkunde, p. 202.

3) Sneller, op. cit. p. 85.

4) Sneller, op. cit. p. 87.

Engelsche markt verdrongen worden."[1] By die bestudering van die verslag van die landbou gedurende 1884, toe die internasionale landboutentoonstelling te Amsterdam gehou is, word dieselfde probleem opgemerk. In die amptelike verslag word dit soos volg gestel: "Er moet erkend worden, dat door ons, Nederlanders, aldaar veel van den vreemdelingen is geleerd kunnen worden."[2]

Die toestand is verder verswak deurdat die goeie naam van die Nederlandse produsent in die buiteland baie skade aangedoen is as gevolg van knoeiery in die kwaliteit. Dit het veral op die Londense mark voorgekom en die ongunstige reputasie is in die behaalde pryse weerspieël. Hierdie probleem is ook in die binneland ondervind en in die algemeen is daar nie volgens kwaliteit uitbetaal nie. Van der Zee[3] beskryf die situasie volledig in sy proefskrif. Onder hierdie omstandighede ag 'n mens beskerming in die landbou definitief ongeregverdig.

Gedurende die vroeë negentigerjare van die vorige eeu het die aanpassing plaasgevind. Baie boere het toe al ten gronde gegaan en baie ander het op daardie stadium nog gesukkel om te bestaan. Grondpryse was besig om te daal en dit het die jonger geslag in staat gestel om eiendom teen baie lae pryse aan te koop. Daar was werkloosheid onder die landbouwerkers en aangesien werkloosheidsteun toe nog nie bestaan het nie, moes die arbeider, om nie van die honger om te kom nie, tevrede wees met baie laer lone. Die feit dat die aard van die bedryf baie gewysig is, is vir ons van belang. Veeboerdery het nou sterk op die voorgrond getree omdat die Nederlandse boer nie met die Amerikaanse en Russiese goedkoop graan kon meeding nie. Deur die oorskakeling tot veeboerdery kon die toestand dus ietwat verlig word.

'n Verdere belangrike gevolg van die krisis was dat dit feitlik beskou kon word as die direkte oorsaak vir die ontstaan van koöperasies in Nederland. Die land- en tuinbouers het besef dat deur samewerking meer bereik kon word as deur individuele optrede. Koöperasies is gevolglik op elke terrein gestig. Die krisis was ook die oorsaak dat bottervervaardiging van die boerdery na die fabriek verskuif het, wat 'n stap in die regte rigting was.

---

1) Rapport der commissie door het hoofdbestuur der Friesche maatschappij van landbouw, p. 87.

2) Verslag van den landbouw in Nederland, p. 393.

3) Van der Zee, F. De Friesche Boeren-Coöperaties in haar maatschappelijk verband, p. 22.

Tot dusver is daar nog nie van die landboukommissie van 1886 melding gemaak nie. Die taak van hierdie kommissie was om ondersoek na die landbou in te stel, advies te gee en konkrete voorstelle tot verbetering te doen. Hiermee het die regering die nadele van geen inmenging erken. Die kommissie het sy bevindings neergelê in 'n verslag waarin die voorstelle gehandel het oor die verbetering van die botterhandel, landbou-onderwys, landbouwetenskap en landboukritiek wat bedoel was om "deze tak van nijverheid", naamlik landbou "uit zijn gedrukten toestand op te heffen."[1] Dit was egter eers teen 1895 dat die landbou werklik uit hierdie toestand opgehef is.

Die oorsake van die herstel blyk van drieërlei aard te wees, naamlik: owerheidsbemoeiing, dit wat die landbouers uit hulself gedoen het, en die algemene ekonomiese oplewing.

Na die ondersoek van die landboukommissie van 1886 het die owerheid besef dat die landbou nie kon voortgaan sonder staatsinmenging nie, hoewel daar nie tot 'n stelsel van geleide ekonomie oorgegaan is nie.

Na al die argumente vir en teen owerheidsteun het die regering dus besluit om alleen in 'n beperkte mate die landbou behulpsaam te wees. In die eerste plek het die regering gesorg vir die nodige wette om knoeiery in die handel te beperk en sover moontlik uit te skakel. In die tweede plek het die regering tot 'n meer positiewe stap oorgegaan en begin met die stigting van proefstasies, waar die boere hul misstowwe, veevoer, saaisade, ensovoorts, gratis kon laat ontleed. In die derde plek het die owerheid besluit om op groot skaal landbouopleiding aan die jeug en gratis bedryfsvoorligting aan boere te gee. Die gebruik van kunsmis is veral aangemoedig en dit is op groot skaal aangewend nadat die verrassende uitwerking daarvan leer ken is. Die owerheid het verder besluit om die inmenging nie slegs tot die akkerbou te beperk nie, maar om ook die veeboerdery te stimuleer. Dit het gebeur deur die maak van sekere toekennings vir diere van hoë graad en verder deur die hou van keurings.

Praktiese voorbeelde van voorgaande is die botterwet van 1889 wat die aflewering van vervalste botter met straf gedreig het. Van die kant van die koöperatiewe suiwelfabrieke is ook oorgegaan tot die stigting van botter-

---

1) Versameling van adviesen, door de Landbouwcommissie, ingesteld bij K.B. van 18 September 1886, p. 1.

kontrolestasies. Hierdie kontrolestasies is in 1904 onder staatstoesig geplaas en daar is tot die gebruik van 'n staatskontrolemerk oorgegaan. Wat die meer positiewe hulpmiddele van die owerheid betref, soos onder andere die kwessie van landbou-onderwys, kan alleenlik verwys word na die literatuur in dié verband.[1] Hier word slegs die stigting van die landbouwinterskole vanaf 1893, tuinbouwinterskole vanaf 1896 en die suiwelskool te Bolsward, in 1904 genoem.

Die uitwerking van bogenoemde aktiwiteite was bevredigend, soos blyk uit die verslag van die landboutentoonstelling te Den Haag in 1907, toe onder andere verklaar kon word dat veral die afdeling suiwel van internasionale standaard was, "dank zij de invoering van het rijksmerk."[2]

As tweede oorsaak van die kragtige herstel het ons die pogings van die landbouers genoem. Inisiatief het ontwaak aan die kant van die landboustand, om die nuwe moontlikhede te ontwikkel. As gevolg hiervan is die produksie van graan op sekere vrugbare kleigronde geleidelik ingekrimp en is bestaande gewasse deur ander vervang. So het onder andere suikerbeet een van die hoofgewasse geword wat later die grondstof van 'n belangrike landbou-industrie sou vorm. Die verhouding tussen die landbouproduksie en industriële verwerking het belangrik geword, dit wil sê: 'n wedersydse afhanklikheid het ontstaan waarby die produsente van die grondstowwe dikwels aan die kortste end getrek het.

As derde oorsaak van die herstel van die landbou is die algemene ekonomiese oplewing genoem. Hierdie oorsaak moet, volgens ons mening, as die belangrikste beskou word, want was dit nie vir die oplewing wat tydens 1893-1895 'n aanvang geneem het nie, sou al die maatreëls van die owerheid en die eie dade nie veel gehelp het nie. Die algemene ekonomiese oplewing het aangehou totdat dit deur die oorlog van 1914 verbreek is.[3]

Die oorsaak van die styging lê enersyds in monetêre toestande. Die goudproduksie het gedurende daardie tyd 'n belangrike styging getoon, wat die geldvoorraad laat vermeerder en die waarde van geld laat afneem het. Met ander woorde: daar was gedurende die laaste jare van die vorige eeu 'n

1) Sien onder andere Sneller, op. cit., p. 105 e.v.

2) Nieuwe Rotterdamsche Courant, 18 September 1907.

3) Vergelyk: Sneller, op. cit., p. 90.

algemene prysstyging. Andersyds lê die oorsaak van die ekonomiese bloei in die industriële ontwikkeling in Wes-Europa en in die ooste van Amerika. Die opkomende nywerhede het aan baie mense werk en (vir daardie tyd) betreklik hoë lone besorg. 'n Breë massa het daardeur koopkrag verkry, wat nie alleen voldoende was vir die koop van noodsaaklike lewensmiddele nie, maar ook vir meer luukshede of landbouprodukte waarvan die elastisiteit hoër is. Gevolglik het die vraag na vleis, botter, eiers, groente en vrugte in belangrike mate toegeneem. Juis hierdie produkte kon die Nederlandse land- en tuinbou ekonomies voorsien. Die gunstige ekonomiese ligging, tussen Engeland en Wes-Duitsland, het die afset in 'n sterk mate bevorder.

In Wes-Europa het 'n algemene welvaart homself openbaar in 'n oplewing van handel, nywerheid en die vervoerwese. Nederland het voor die keuse te staan gekom om homself terug te trek of om heelhartiglik aan te sluit by die wêreldkonjunktuur. Laasgenoemde sou beteken dat Nederland 'n mark sou hê vir sy produkte, maar dat dit ook aan die wisselvallighede van so 'n mark blootgestel sou wees. Smid,[1] 'n landbou-ekonoom, het reeds in 1897 die probleme van aansluiting besef.

Nederland het die wêreldmark gekies. Ten opsigte van die graan was dit onmoontlik om die stryd vol te hou teen die nuut-ontslote produksiegebiede in Amerika en Rusland — tensy 'n skerp beskermingsbeleid toegepas sou word. Die gedagte was dus om internasionale arbeidsverdeling sy gang te laat gaan, waardeur elke land of gebied dit produseer waarvoor dit in die besonder geskik is. Dit het beteken dat die Nederlandse veeboerdery en tuinbou, maar akkerbou alleen in soverre dit handelsgewasse produseer, in 'n wêreldekonomie opgeneem is. Dit het ook in die wêreldverkeer betrokke geraak in soverre dit die invoer van grond- en hulpstowwe betref, onder andere mielies en kunsmis. Die landbou het dus, wat 'n belangrike deel daarvan betref, 'n veredelingsindustrie geword. Die boer was vir aan- en afvoer aan die handel gebonde.

Hierdie strukturele verandering van die landbou het ook gevolge gehad, naamlik dat die voedselposisie van die volk en die afsetmoontlikhede van die landbou by tye ernstige probleme opgelewer het.

---

1) Smid, J. De Landbouwcrisis, hare oorzaken en de middelen tot verbetering, p. 57.

5. Die landbou na 1895

Teen ongeveer 1900 het daar weer eens ewewig tussen die vraag na en die aanbod van graan gekom. Op daardie stadium het dit geblyk dat indien die graanpryse in ewewig is, die pryse van ander landbouprodukte tot 'n baie groot mate ook in ewewig bly. 'n Nuwe toename in die produksie het egter op die eerste wêreldoorlog gevolg, maar dit kan aangeneem word dat die kiem vir die vergroting van die aanbod reeds tydens die oorlog gelê is.

5.1. Die eerste wêreldoorlog

In 1914 het die eerste wêreldoorlog uitgebreek. Vir Nederland het dit 'n ekonomiese afsondering beteken wat 'n ooreenkoms vertoon het met die afgeslotenheid gedurende die Franse stryd. Gedurende die Franse stryd was Nederland egter 'n oorlogvoerende land wat 'n belangrike plek in die kontinentale geheel ingeneem het. Tydens die eerste wêreldoorlog was Nederland as neutrale land bykans geheel op sigself aangewese, wel in naam oop na alle kante, kragtens volkereg, maar in werklikheid het dit steeds meer geïsoleerd geraak. 'n Verdere verskil tussen die twee periodes was dat die voedselvoorsiening en die landbouproduksie gedurende die Franse stryd slegs vir 'n geringe gedeelte van die buitelandse oorskotte en die buitelandse handel afhanklik was. Teen ongeveer 1914 was die Nederlandse voedselvoorsiening en die hele landbou feitlik heeltemal van die buiteland afhanklik.

Nederland was in 'n onbenydenswaardige posisie. In die woorde van Sneller[1]: "de oorlog moest dus aan ons bodembedrijf wel harde slagen toebrengen." Broekema[2] skets die destydse toestand soos volg: "De Nederlandsche bodemproductie, vooral die op de lichtere gronden, was zoowel van den invoer als van den uitvoer afhanklijk geworden; alle verband met de binnelandsche behoefte was verloren gegaan. Die toestand maakte het zoo buitengewoon moeilijk in den oorlogstijd de nering naar de tering te zetten. Elke belemmering van den invoer en van den uitvoer gaf den landbouw een knauw en het meeste raakte het moderne zandbedrijf, vrucht van harden

---

1) Sneller, op. cit., p. 111.

2) Broekema, C. Landbouw. In Brugmans, H. Nederland in den oorlogstijd, p. 283. Vergelyk verder: De land- en tuinbouw gedurende de oorlogsjaren. In Rapport van de Commissie ter bestudeering der economische vooruitzichten van den land- en tuinbouw, p. 12 e.v.

arbeid van een stand van kleine boeren gedurende een menschenleven, in de verdrukking."

Die algemene toestand kan kortliks soos volg gesien word: Tydens die eerste wêreldoorlog het daar in Europa 'n groot tekort aan voedingsmiddele bestaan. Die redes was dat miljoene mense uit die normale produksie onttrek is en dat in Vlaandere en Frankryk belangrike produksiegebiede verwoes is. Die Geallieerdes en die neutrale lande was verplig om groot hoeveelhede landbouprodukte vanuit die Verenigde State en Kanada in te voer. Die pryse het skerp gestyg, met die gevolg dat die produksie uitgebrei en die bedryfstegniek op 'n hoër peil gebring is. Die gevolg was dat toe die Europese lande na die vrede weer op normale wyse aan die produksie kon gaan deelneem, dit geblyk het dat die produksiemoontlikhede sodanig gestyg het, dat 'n periode van oorproduksie verwag kon word.

5.2. Die landbou van 1919 tot 1929

Aangesien aanpassing in die landbou stadig geskied moes 'n aantal jare verloop alvorens besef is dat die wêreldproduksie te groot vir die vraag was. Die gevolg was dat die pryse wat sedert 1914 sterk gestyg het, ineen gestort het vir baie produkte. Koenen [1] toon aan dat die graanpryse gedurende die periode 1920-1922 met die helfte gedaal het, maar hy toon ook aan dat die koop- en huurpryse van grond tweekeer so hoog was as voor 1914, terwyl die lone van die landbou-arbeiders verdrievoudig het. Dit spreek dus vanself dat veral hulle wat tydens die oorlogsjare hul grond teen hoë pryse aangekoop of gehuur het, groot verliese gely het. Presies die teenoorgestelde toestand het dus ontwikkel as gedurende 1918, toe 'n beroep deur die Nederlandse regering op die landbouers gedoen is om voedsel te produseer. Landbou het ook tot die volkome onbeskermde bedrywe behoort. Landbouprodukte kon dus sonder enige invoerreg ingevoer word en die binnelandse produkte moes met dié van die hele wêreld meeding. Die oorlogswinste het net so vinnig verdwyn soos dit behaal is. Weliswaar het die pryse na 1922 ietwat herstel, maar die pryse was so laag dat die boerestand wat soos die meeste ander groepe intussen aan 'n hoër lewenstandaard gewoond geword het, nie in staat was om hierdie lewenspeil te handhaaf nie. Die bedryfslewe het homself opgehef en die konjunktuur het weldra opwaarts gegaan, maar in die landbou-

---

1) Koenen, S. . Inleiding tot de Landhuishoudkunde, p. 210.

sektor het feitlik geen herstel plaasgevind nie. Dit was ook die geval in die Verenigde State. Seligman[1] stel dit soos volg: "American agriculture continued to suffer, while general business prospered." Sneller[2] wys daarop dat dit ook buite Amerika die geval was.

Die belangrikste oorsaak waarom die landbou homself nie kon ophef nie, kan gevind word in die vergrote produksie na 1918. 'n Doelmatige tegniek in die landbou het verder tot die daling in pryse bygedra. So is daar steeds meer gemeganiseer om die daling van pryse die hoof te bied. Die invloed van meganisasie op landbou is tweeledig. Dit is eerstens 'n middel om die produksie uit te brei, maar tweedens verminder dit die aantal verbruikers van landbouprodukte. Ons dink byvoorbeeld daaraan dat die aantal perde per boerdery in Amerika van byna nege in 1924 tot twee-en-'n-half in 1928 gedaal het [3] en elke perd wat verdwyn het as gevolg van meganisasie het die graanoorskot vergroot. Verbeterde tegnieke het verder die moontlikheid geskep om streke te bewerk wat vantevore vir die akkerbou ongeskik was. So is in Amerika — en later ook in Rusland — graansoorte gekweek wat veel beter teen droogte bestand was as vroeër en ook gouer ryp geword het. Streke met 'n geringe reënval kon gevolglik produktief gebruik word. Die gevolg hiervan was dat voortdurend nuwe voorrade op die mark verskyn het wat 'n spoedige prysherstel vertraag het.

'n Verdere oorsaak wat 'n belemmering vir die Nederlandse landbou was, lê in die feit dat die eerste wêreldoorlog die nasionale bewussyn van elke land vergroot het. Kortliks kan dit gestel word dat dié omstandighede die oplewing van 'n nasionale ekonomie, merkantilisties van karakter, met regstreekse inmenging deur die owerheid, bevorder het. Alle lande het dus die uitbouing van hul eie landbou aangemoedig. Om hierdie rede het ook Engeland gedurende daardie tyd die produksie van suikerbeet aangemoedig en beperkings gelê op die invoer van, onder andere, suiwelprodukte uit Nederland en Denemarke, ten gunste van sy eie kolonies. Duitsland het in 1925 die beskerming van die landbou, soos dit voor die oorlog bestaan het, hervat. Italië weer, het begin met die drooglê van moerasse waar Mussolini

1) Seligman, E.R.A. The economics of farm relief, a survey of the agricultural problem, p. 87.

2) Sneller, op. cit., p. 117.

3) Groenveld, D. De boer in een veranderde wêreld, p. 22.

sy veldtog van graanproduksie geopen het. Rusland, wat ook deur die rewolusie getref was, het as leweransier van graan op die wêreldmark verskyn nadat hy onder strenge leiding herstel het. Die gevolg was dat die graanmark in 1929 óórvoer is. Die inmenging van owerheidsweë, ook in die kapitalistiese lande, het tot 'n beskermde handelspolitiek gelei, wat die vraag en die prys op die wêreldmark aansienlik laat verminder het. Moontlikhede tot uitvoer deur die Nederlandse landbou het as gevolg hiervan aanmerklik verminder.

Nederland het so goed moontlik by die veranderde toestande aangepas. Die beleid wat gevolg is, was om die veeboerdery uit te brei en die uitvoerposisie te versterk deur 'n oorskakeling van 'n gedeelte van die akkerbou na die growwe tuinbou, naamlik die produksie van groente. Hierdie verandering het ekonomiese voordeel meegebring, maar dit het ook tot gevolg gehad dat 'n gedeelte van die plattelandse bevolking in die kleinbedryf 'n selfstandige bestaan kon vind. Die voorsiening van land- en tuinboukrediet het die stigting van talryke klein bedrywe verder vergemaklik.[1)]

As gevolg van bogenoemde oorsake het die produksie van graan en ander landbouprodukte, veral buite Nederland, sterk toegeneem. So sterk was die toename dat toe die jare 1928 en 1929 twee buitengewone goeie oeste oplewer, die koringpryse so laag gedaal het dat van 'n nuwe krisis gepraat moes word. Vir Nederland was die posisie benard want die omstandighede het daartoe gelei dat daar blywende verskuiwings in die afsetmoontlikhede plaasgevind het. Koenen[2)] gaan nog verder en sê: "Daarbij kwam dat onze buitenlandse afnemers wedijveren in het nemen van maatregelen, waardoor onze export van agrarische artikelen werd bemoeilijkt."

### 5.3. Die landbou na 1929

#### 5.3.1. Ander oorsake van die krisis

Die krisis van die dertigerjare is vererger deurdat dit gepaard gegaan het met 'n industriële en finansiële krisis, wat tot gevolg gehad het dat die vraag na landbouprodukte sterk ingekrimp het, aangesien minder koopkrag by die afnemers die vraag na sekere landbouprodukte laat verminder het. Verder het bykans alle lande probeer om die binnelandse

---

1) Verslag der staatscommissie, ingesteld bij K.B. van 15 Sept. 1927, p. 34.

2) Koenen, S. . Inleiding tot de Landhuishoudkunde, p. 214.

pryse op 'n hoër peil te hou om sodoende die katastrofe vir hul produsente te verskuif met die hoop dat die krisis op een of ander wyse ten einde sou kom, òf dat die buiteland die aanbieding teen verliesgewende pryse sou staak.

Ten slotte moet vermeld word dat Engeland en die Skandinawiese lande in 1931 die goudstandaard verlaat het. Nederland het dit nie gedoen nie. Die gevolg was dat Nederland vir die landbouprodukte wat na die grootste afnemer, Engeland, gestuur is, wel meer in sterling gekry het as gevolg van die devaluasie van die pond, maar in guldens bereken, was dit in werklikheid minder. Denemarke wat sy munt op dieselfde basis as die pond gedevalueer het, het dié nadeel nie ondervind nie en het daardeur as konkurrent van Nederland nog gevaarliker as tevore geword.

Onder die bovermelde omstandighede het die Nederlandse regering homself geroepe gevoel om die konkurrensie uit die buiteland te beperk deur talle beskermende maatreëls te tref. Aanvanklik was die maatreëls van 'n tydelike aard, dit wil sê steun is verleen waar dit op 'n sekere tydstip nodig was. Dit was die geval van 1930 tot 1933.

Reeds aan die begin was dit egter duidelik dat verskillende steunmaatreëls gepaard sou moes gaan met owerheidsinmenging in die produksie. In die reël hou dit in dat die produksie van 'n artikel waarvan die prys kunsmatig hoog vasgestel is en gehou word bo die prys wat dit in die vrye ruilverkeer sou kon behaal, ingekrimp moet word.

### 5.3.2. <u>Maatreëls wat voor 1933 geneem is</u>

Eerstens behandel ons die <u>Tarwewet</u> van 21 Februarie 1931, wat as 'n ingrypende maatreël beskou kan word. Die bedoeling daarvan was om die akkerbou op die seekleigronde te steun deur die produksie van een van die belangrikste gewasse winsgewend te maak, sonder dat geld uit die skatkis geneem word.

Die invoering van die sogenaamde <u>Tarwewet</u> het 'n ommekeer in die ontwikkeling van die koringproduksie tot gevolg gehad, want hierdeur het die owerheid die bevoegdheid verkry om die sogenaamde maal- en mengverbod uit te vaardig. Dit het beteken dat die meel vir die bak van brood, 'n bepaalde hoeveelheid binnelandse graan moes bevat. Die regering het daardeur ook die bevoegdheid verkry om aan die meelfabrieke voor te skryf teen watter prys die binnelandse koring aangekoop moes word. Hierdie maatreël het die

koringproduksie geweldig laat styg. Vir Nederland met sy snel toenemende bevolking was dit 'n verblydende teken, want dit het die land in staat gestel om voldoende brood tot sy beskikking te hê. Die waarde hiervan is veral na die uitbreek van die tweede wêreldoorlog besef. Die probleem dat produsente buitelandse koring as inheemse koring kon verkoop, laat ons hier buite beskouing aangesien dit vir ons van geen belang is nie.

Die logiese gevolg van die verpligte gebruikmaking van die plaaslike koring waarvan die prys hoër was as dié waarteen koring ingevoer kon word, was dat broodpryse moes styg. Dit het egter nie gebeur nie, omdat die bakkers 'n gedeelte van hul winspersentasie wat hulle tot op daardie stadium behaal het, prysgegee het en omdat die gedeelte wat deur binnelandse koring ingeneem moes word, klein was - die persentasie was eers 20 en is later na 35 verhoog.

Ons het reeds daarop gewys dat die gewaarborgde hoë binnelandse koringpryse 'n vergroting van die binnelandse produksie tot gevolg gehad het. Om verdere uitbreiding van die produksie te voorkom, is toe bepaal dat niemand meer as 'n derde van sy bewerkte grond met koring kon beplant nie. Dit het op sy beurt weer die uitwerking gehad dat daar meer na hoër opbrengs per eenheid gestreef is.[1)]

Vervolgens kyk ons kortliks in hoeverre owerheidsinmenging plaasgevind het in die tuinbou gedurende daardie jare, want ook in die tuinbou was die toestand kritiek, veral wat die groente betref. Voor 1932 is die beleid gevolg om vir elke produk twee pryse naamlik 'n minimum- en 'n vloerprys vas te stel. Dit kon geskied omdat die verkoop van groente en vrugte oorwegend op 'n veiling plaasgevind het. Die minimumprys was dié waarteen die produk nie verkoop is nie en die wyser van die veilingstoestel teruggedraai het en die produk as veevoer verkoop is. Vloerprys is beskou as gelyk aan produksiekoste. Hierdie stelsel het nie altyd 'n oplossing gebied nie en het ook baie kritiek uitgelok. 'n Toeslag op die pryse het die produksie verder gestimuleer en 'n vergroting van die produksie werk by beperkte uitvoermoontlikhede in 'n aweregse rigting. Om hierdie redes moes ook hier tot produksiebeperking oorgegaan word. 'n Kombinasie van vloerpryse, minimumpryse

---

1) Vergelyk: Minderhoud, G. Crisis en Crisiswetgewing 1930-1940, In: Sneller, op. cit., p. 510.

en produksiebeperking is van toe af gevolg.

Die veeboere was in 1931 eweneens in ernstige moeilikhede. Van die kant van die owerheid was hierdie bedryfstakke so omvangryk dat met verlening van steun van enige betekenis, daar miljoene guldens spandeer sou moes word.[1] Dit kon die land nie bekostig nie.

Ons behandel hier slegs enkele maatreëls kortliks omdat dit onmoontlik is om hier op almal volledig in te gaan.

Die Crisis-zuivelwet van 21 Julie 1932 het as uitgangspunt gehad dat alle verbruikers van bottervet en van ander vette wat beskou kon word as mededingend met bottervet, (kaas, margarine, gekondenseerde melk, bak- en braaivet en later ook eetbare olies) aksynsreg moes betaal. Dié aksynsreg is in 'n Crisis-zuivelfonds gestort en hieruit is aan boere 'n toeslag betaal op die melk wat vir nywerheidsdoeleindes geproduseer is. Dit was egter nie 'n sukses nie omdat geen algemeen geldende vloerprys vir melk vasgestel kon word nie. Die uiteindelike gevolg was, soos ons in die volgende paragraaf by die behandeling van die Landbouw-Crisis-Wet van 1933 sal sien, dat ook hier tot produksiebeperking oorgegaan is.

In die Crisis-Varkenswet van 25 Julie 1932 was dieselfde bepalings vervat as in die Crisis-zuivelwet. Verder is die aankoop van spekvarke en die uitvoer gesentraliseer sodat volgens kwaliteit uitbetaal sou word. Die doel hiervan was om mededinging tussen uitvoerders uit te skakel, maar om ook te verseker dat die invoer van hoogstaande kwaliteit sou wees. Laasgenoemde is spesifiek gedoen omdat die Nederlandse spek en ham ongeveer 10% laer as die Deense op die Londense Mark genoteer het.[2] Hierdie stelsel het ook sy probleme opgelewer want klagtes van handelaars en boere was volop.[3] Spoedig het dit geblyk dat die produksie nie altyd verband kon hou met die vraag nie, hoewel erken moet word dat daar geen beter stelsel ontwerp is nie en dat hierdie reëling ongetwyfeld 'n chaos verhoed het.

---

1) Vergelyk: Minderhoud, G. Crisis en Crisiswetgewing 1930-1940. In Sneller, op. cit., p. 511.

2) Ibid., p. 513.

3) Ibid.

Die produksieterrein was nie die enigste waarin die owerheid gedurende die periode 1930-1933 ingegryp het nie. Op die huurpryse van grond is ook ingegryp. Dit is gedoen omdat die pryse wat grondhuurders op daardie stadium moes betaal, buite verhouding hoog was, sodat 'n redelike bestaan vir hulle onmoontlik was. Die Crisis-pachtwet van 17 Julie 1932 het die huurder wat vóór 1 Januarie daardie jaar gehuur het en wat van mening was dat die vasgestelde huurprys deur die krisis onredelik geword het, in staat gestel om aansoek te doen om ontheffing van die hele of gedeeltelike betaling van die huurgeld. Van die geleentheid tot hersiening van huurpryse is baie gebruik gemaak. Hiervan getuig ook Minderhoud[1], wat nog verder gaan en sê: "Veel grooter is echter het aantal gevallen, waarin door rechtstreeksche overleg tusschen pachter en verpachter een verlaging van die pacht tot stand kwam." Die owerheid het dus nie slegs probeer om die inkomstes te verhoog nie, maar om ook die uitgawes van die boere laag te hou.

Wanneer die owerheidsbemoeiing in die landbou gedurende 1931 en 1932 nagegaan word, sien mens dus 'n verskeidenheid van punte waarop kritiek gelewer kan word. 'n Sistematiese krisisbestryding wat die toets van kritiek kon deurstaan, was daar nie.

5.3.3. Die Landbouw-Crisiswet

Vervolgens kom ons by wat ons eintlik kan noem die aanvang van die tweede periode van die landbou-krisisbestryding. Dit het begin met die indiening van die ontwerp van die later bekende Landbouw-Crisiswet.

Gedurende die somer van 1933 het daar 'n ekonomiese konferensie te Londen plaasgevind. Na hierdie konferensie het die Nederlandse regering tot die oortuiging gekom dat die krisis van lange duur sou wees; dat die buiteland steeds verder sou gaan in die bemoeiliking van die Nederlandse uitvoer, sodat die produksie vir uitvoer ingekrimp sou moes word, en dat daar geen geld in die skatkis was vir krisisbestryding nie.[2] Hierdie omstandighede was die direkte oorsaak van die totstandkoming van die Landbouw-Crisiswet van 1933. Die regering was van mening dat dit verstrekkende bevoegdhede moes verkry om daarmee die landbou in die wenslike rigting te kon lei. Ernstige probleme het in die weg hiervan gestaan, maar sekere maatreëls was noodsaaklik, onder

---

1) Minderhoud, G. Crisis en Crisiswetgewing 1930-1940. In Sneller, op. cit., p. 513.

2) Ibid., p. 515.

andere die beperking van die individuele vryhede van die boere en tuiniers, uitskakeling van oorbodige handelaars, direkte leiding deur die owerheid van produksie en distribusie, sekere loonsbepalings, selfs verhoging van lewenskostes, en die wysiging van die vryhandelstelsel. Minderhoud[1] wys ten opsigte van die verhouding tussen pryse en lewenskoste daarop dat die pryse vir die landbouprodukte toe 64% van die voor-oorlogse pryse beloop het, terwyl die koste van lewensonderhoud op ongeveer 140% in vergelyking met dié van voor die oorlog gestaan het — 'n wanverhouding wat die posisie van die landbouer duidelik tipeer.

Op 27 Julie 1933 is die Landbouw-Crisiswet deurgevoer waarin die Tarwewet, Zuivelwet en Varkenswet opgeneem is. Die diverse fondse is toe saamgevoeg in 'n Landbouw-crisisfonds. Die doel van hierdie wet was dat die bedryf en nie die individu gesteun moet word. By die bepaling van die steunmaatreëls, sou dus nie na die geldelike posisie van die individuele boer gekyk word nie. Die betrokke minister het kragtens hierdie wet die reg verkry om produkte tot krisisprodukte te verklaar, waarna produksie, verhandeling, verwerking, in- en uitvoer aan sekere beperkings onderworpe was. Vir die uitvoering van die maatreëls sou diverse sentrales sorg dra, wat onder andere 'n invoer- of uitvoermonopolie besit het. Die monopoliewinste (bedekte invoerregte) en die aksyns op die produkte wat in die binneland verbruik is, het die inkomstes van die Landbouw-crisisfonds gevorm waaruit vasgestelde pryse, subsidies ensovoorts betaal is.

Op die oog af lyk dit heel eenvoudig, maar bewus van die probleme noem Minderhoud[2] 'n aantal faktore, soos byvoorbeeld klimaat, grondsoort, waterstand, tradisie en volksaard, wat in verskillende streke tot bepaalde bedryfstipes gelei het. Ons kan hiermee saamstem, want om die loop van 'n jarelanggevormde tipe boerdery te verander en dit veral op kort termyn, is feitlik onmoontlik. Baie sukses in hierdie rigting het die krisismaatreëls dan ook nie gehad nie, want sodra owerheidsmaatreëls verslap is, het die meeste weer tot die vroeëre bedryfstipe teruggekeer.

---

1) Minderhoud, G. Crisis en Crisiswetgewing 1930-1940. In Sneller, op. cit., p. 516.

2) Minderhoud, G. De Nederlandse Landbouw, p. 197.

5.3.4. Die jare na die depressie

Omstreeks 1935 was die laagste punt van die krisis in die binnelandse landbou bereik. Die steunmaatreëls was toe volledig in werking en het reeds die produsente tot voordeel gestrek. Na 1936 is die toestand verder verlig deur die devaluasie van die Nederlandse geldeenheid, die gulde. Dit was veral van betekenis vir die tuinbou en klein landboubedrywe aangesien nou meer guldes vir die uitvoer na die buiteland verkry is. Gelyktydig hiermee het ander lande, waaronder die Verenigde State, tot skerp produksiebeperking oorgegaan. Die natuur het gedurende daardie jare ook sy rol gespeel en wel in die vorm van droogtes waardeur die produksie aansienlik gedaal het. Die gevolg was dat die wêreldmarkpryse 'n styging getoon het. Bowendien het verskeie lande in 1938-1939 begin om voorrade op te bou met die oog op die dreigende oorlog. In 1939 was die bedryfsinkomstes dan ook gunstig. — dit, na baie ongunstige, soms selfs rampspoedige jare.

In sy geheel beskou, het die owerheidsmaatreëls tot ordening van die landbou nie algemeen byval gevind nie. Aan kritiek het dit inderdaad nie ontbreek nie. Minderhoud[1] gebruik in hierdie verband die spreekwoord "dat de critiek gemakkelijker is, dan de kunst." Die grootste gros boere het slegs hoër pryse vir hulle produkte verlang, maar verder wou hulle baas in hulle eie bedryf bly. Die bedryfsvryheid waaraan hulle so gewoond was, moes egter prysgegee word. Administrasie, kontrole en ordening was iets uit die bose, altans, dit was die algemene opvatting.

Daar het egter ook voordeel uit die krisis gevloei want die land- en tuinbou het tegnies sterk ontwikkel en die sosiale posisie van die landbouarbeiders is verbeter. Die kleinboere het die voordeel gepluk van kunsmis, goeie saad en veevoer. Die produksiebeperkings in die pluimveebedryf het byvoorbeeld tot gevolg gehad dat in 1937 en 1938, nieteenstaande die aansienlike vermindering in die aantal henne, die eierproduksie groter as in 1934 was, terwyl die gemiddelde gewig per eier ook toegeneem het. Verder was die kwaliteit van die spek en ham, wat tien jaar tevore nog veel te wense oorgelaat het, danksy die sentralisasie van die uitvoer en uitbetaling volgens kwaliteit, ook baie beter. By die suiwelboerdery was dit ook die geval dat die

---

1) Minderhoud, G. Crisis en Crisiswetgewing. In Sneller, op. cit., p. 521.

opbrengs per dier toegeneem het. Met die uitbreek van die tweede wêreld-oorlog het dit geblyk dat Nederland niks van sy produktiewe krag ingeboet het nie.

5.3.5. <u>Die landbou na 1939</u>

Uit die voorafgaande sien ons dat elemente van 'n stelsel van geleide ekonomie in die landbousfeer verskyn het. Dit kan juis as een van die besware gesien word wat 'n mens kan aanvoer teen die vooroorlogse land-boubeleid, toe daar te veel uitgegaan is van die gedagte van tydelike kwale. Belangriker as die invloed van die krisismaatreëls op die landbou, was die omstandighede wat geheers het tydens die Duitse besetting, toe daar drasties ingegryp moes word. Dit het geskied ten einde die landbouproduksie te kon rig op die voorsiening in die direkte behoeftes van die Nederlandse volk. Hier-die wysiging was daarvoor verantwoordelik dat, behalwe in die hongerwinter van 1944-45 toe alles chaoties was, die bevolking na wense gevoed kon word.

Tydens die tweede wêreldoorlog is daar probeer om die landbou feitlik geheel-en-al tot beskikking van die mens te stel. Dit het ingehou dat ander graaneters, soos hoenders en varke, drasties verminder moes word, omdat feitlik geen graaninvoer gedurende die oorlog moontlik was nie. As gevolg hiervan is groot oppervlaktes weiveld omgeploeg sodat aartappels en graan daarop verbou kon word ten einde op hierdie wyse meer geskikte voedsel vir die mense te verkry as wanneer die grond vir weiding gebruik word. Ten opsigte van die daling in die oppervlakte weiveld, toon Maliepaard[1)] aan dat dit van 1,328,000 hektare in 1940 tot 1,144,000 hektare in 1943 gedaal het. Die eerste oorlogsjare toon dus dat hoewel die produksie van suiwelprodukte, onder andere as gevolg van die tekort aan voldoende kragvoer, baie afgeneem het, die akkerbouproduksie nog op 'n redelike peil gehou is.

Die bedryfsresultate tot 1944 was in die algemeen bevredigend. Die pryse van die produkte het sterk gestyg maar so ook verskeie uitgawes. Verder was die toestand min of meer soos volg: die huur- en kooppryse van grond is deur die owerheid prakties op die vooroorlogse peil vasgestel terwyl die arbeidslone in terme van geld min verhoog is. Baie arbeiders het egter naas hul loon, in toenemende mate melk en ander produkte van hul werkgewers ont-

---

1) Minderhoud, G. De Nederlandse Landbouw, p. 201.

vang.

Hierbo is reeds melding gemaak van die voedselskaarste teen die einde van die oorlog. Die vraag wat hierdie wêreldvoedselskaarste veroorsaak het kom nou op die voorgrond want dit was nie net in Nederland die geval nie. 'n Dergelike algemene tekort word deur 'n reeks faktore veroorsaak en in hierdie geval het baie faktore natuurlik met die oorlog verband gehou. Die enorme verwoeste en ontvolkte oppervlaktes van Wes- en Oos-Europa, Rusland en Asië; die groot aantal boere wat hul grond moes verlaat en wat toe nie meer produsente was nie maar verbruikers, en die groot ontwrigting in die wêreldvervoer, waardeur slegs enkele skepe tot beskikking van voedselvervoer gestel is, was van die belangrikste aanleidende faktore. Die moeilike toestand is vererger deur onbeheerbare faktore, soos droogtes en oorstromings, wat die oeste verder verklein het.

Ons vind dus presies die teenoorgestelde toestand as gedurende die depressiejare, naamlik dat die aanbod geensins in die vraag kon voorsien nie.

Teenoor die kleiner aanbod in vergelyking met 1933 het 'n vergrote vraag ontstaan, want ten spyte van die oorlogsvernietiging het die wêreldbevolking gedurende die ses oorlogsjare aansienlik toegeneem. In die Verenigde State, Kanada en ander lande het die veestapel tydens die oorlog aansienlik vermeerder sodat die vraag na voergrane baie meer was as vroeër. Daarby kom ook dat die Amerikaners gedurende die oorlog meer begin eet het as tevore en dat eetgewoontes verander het.[1)]

Vir Nederland was die tekort aan kunsmis die belangrikste faktor wat produksie op 'n lae peil gehou het. Die produksie van kunsmis was in 1943-'44 slegs 50% van dié in 1939-40 en as gevolg hiervan het akkerbouproduksie skerp gedaal.[2)] So het die veestapel van 1939 tot 1943 met ongeveer 25%, die varkstapel met byna 60% en die hoenders met byna 90% gedaal. Bo-en-behalwe die afname in getalle is die oorblywende diere swakker gevoer sodat die opbrengs per dier ook gedaal het. Die produksie van bees- en kalfsvleis het van 152,000 ton in 1939 tot 80,000 ton in 1943 verminder, terwyl die melkproduksie met ongeveer 50% gedaal het. Die produksie van varkvleis het gedurende die-

---

1) Minderhoud, G. De Nederlandse Landbouw, p. 201.

2) Al hierdie gegewens is van die voormelde bron verkry.

selfde periode van 246,000 ton tot 43,000 ton afgeneem. In 1939 was die eierproduksie ongeveer 2,300 miljoen en in 1943 het dit op 200 miljoen gestaan. Afgesien hiervan het in die laaste oorlogsjaar tussen 70- en 80-duisend beeste, ongeveer 35,000 perde, 69,000 varke en meer as 'n halfmiljoen hoenders verdwyn. Na die oorlog het dit ook geblyk dat meer as vyftigduisend landbouwerktuie weggeneem is.

Na die bevryding het die Nederlandse owerheid kragtige maatreëls geneem om die verwoesting, wat uit die oorlog voortgevloei het, te herstel. So is die oorstroomde gebiede weer drooggelê en die oorlogschaos opgeruim.

Opvallend in die jare na die oorlog is die gesamentlike optrede van die landbouwerkgewers en die arbeidsorganisasies ter verkryging van hoër lone. Hierdie eensgesindheid is begryplik as 'n mens in gedagte hou dat die owerheid die vasstelling van landboupryse op die produksiekoste gebaseer het, dus ook op die lone plus 'n regmatige wins. Dit beteken dus: hoe hoër die lone, hoe hoër sou die pryse vasgestel word. Deur die gesamentlike optrede het dit ook geluk om die lone van die landbou-arbeiders binne enkele jare op die peil van dié van industrie-arbeiders te bring, sonder dat dit die boer iets gekos het. Die organisasie waarin die arbeiders- en werkgewersorganisasies in die landbou sedert 1945 saamgewerk het, was die Stichting voor de Landbouw. Hierdie liggaam het hom slegs besig gehou met die prysbeleid van die regering — die werkgewers was immers alleen vir hoër arbeidslone te vinde indien hierdie lone ook in die produktepryse in berekening gebring sou word. Dit kon alleen deur owerheidsinmenging gerealiseer word. Die algemene gedagte was dat die pryse nie aan vraag en aanbod oorgelaat kon word nie. Die verhoging van die lone en die verhoogde pryse wat daarmee saamgaan, kan egter gevaarlike gevolge hê, want indien die verbruikers verhoogde pryse moet betaal, sal daar altyd 'n drang tot nuwe loonsverhoging ontstaan — dus 'n sneeubal-effek. Om dié rede het die regering die pryse wat die produsente moes ontvang nie volledig in berekening gebring by die vasstelling van die verbruikerspryse nie. Die verskil is gedek uit 'n sogenaamde Landbouwegalisatiefonds, waarvan die nadelige saldo uit die skatkis gedelg is. Na enkele jare was die skatkis egter so uitgeput dat die hele stelsel gewysig moes word. Gaandeweg is die owerheidsbemoeiing geleidelik opgehef.

Hierdie stap het die produsente weer verontrus. Minderhoud[1] wys daarop dat daar reeds in 1949 en in die eerste helfte van 1950 bekommernis in produksiekringe was oor die vraag of die owerheid wel bereid sou bly om 'n redelike pryspeil vir die produsente binnelands te handhaaf. Gedurende 1950 het die oorlogswolke weer verskyn (Korea) en die pryse weer skerp laat styg. Na 1951 het die oorlogspanning verminder, maar die pryspeil op die buitelandse markte het oor die algemeen in die guns van die produsente gebly.

Tans is die Nederlandse landboupolitiek gerig op 'n redelike bestaan vir die Nederlandse boer, teen die agtergrond van die Europese Gemeenskapsmark.

## 6. Die hoofkenmerke van die Nederlandse landbou

Veral na die eerste wêreldoorlog het die Nederlandse landbou teen 'n versnelde tempo ontwikkel tot 'n sektor van die ekonomie wat vandag veral gekenmerk word deur:

(1) 'n intensiewe benutting van die grond;

(2) 'n rykgeskakeerde produksieverskeidenheid, en

(3) die feit dat die landbou, wat mededinging betref, homself kan handhaaf.

Ons bespreek hierdie drie kenmerke kortliks aan die hand van die faktore wat reeds[2] behandel is.

### 6.1. 'n Intensiewe benutting van die grond

Die grond wat in Nederland tot beskikking van die landbou is, is uiters beperk, terwyl daar ongeveer 230,000 grondgebruikers is.[3]

Die faktore wat ons genoem het[4] en wat ons kan saamvat onder bevolkingsdruk, was dus regstreeks verantwoordelik vir die geringe bedryfsgrootte. Die gemiddelde plaasgrootte is ongelooflik klein: dit het in 1964 op 30 akker te staan gekom, dit wil sê nie eers vyftien morg nie. Groot grondeienaarskap

---

1) Minderhoud, G. De Nederlandse Landbouw, p. 203.

2) Vergelyk: paragraaf 2 van hierdie hoofstuk.

3) Landbouw-Economisch Instituut. Landbouwcijfers, p. 20.

4) Vergelyk: paragraaf 2.2 van hierdie hoofstuk.

bestaan net nie. Die aantal plase groter as 125 akker verteenwoordig 1% van die totaal. Die totale oppervlakte wat sulke plase beslaan, is slegs 7% van die totale oppervlakte onder bewerking in die land. Aan die ander kant is 85% van die plase kleiner as 50 akker en 21% selfs kleiner as 12.5 akker.[1)]

In die geheel gesien, beteken dit dat die boere in Nederland alleen 'n bestaan kan maak indien intensiewe gebruik van die grond gemaak word. Die ontwikkeling het dienooreenkomstig plaasgevind. Die Nederlandse boer het hom meer toegelê op die produksie van daardie produkte waarvoor min grond nodig is, byvoorbeeld tuinbouprodukte. Hierby moet die invloed van die goedkoop graan wat in Nederland beskikbaar was ook in gedagte gehou word. Die lae aankooppryse van graan is moontlik gemaak deurdat die vryhandelsbeginsel gehuldig is en graan dus sonder invoerregte ingevoer kon word. Hierdie goedkoop graan het in die eerste plek tot gevolg gehad dat die Nederlandse boer besluit het om nie graan te produseer nie, maar om eerder die produkte wat wel op die buitelandse markte kon meeding, te produseer. In die tweede plek het hierdie graan 'n buitengewone uitbreiding veroorsaak in die melkproduksie en in varke, pluimvee en pluimveeprodukte, want dit het vir die boer lonend geblyk te wees om groot hoeveelhede goedkoop grane op die wêreldmark aan te koop en dit as veevoer aan te wend. Van tyd tot tyd is ook 'n groot deel van die binnelandse graanproduksie, waarvoor daar geen winsgewende pryse gevind kon word nie, aan diere gevoer. Dus het die teenoorgestelde toestand ontwikkel van vroeër toe die veeboerdery in diens van die akkerbou gestaan het. Met ander woorde, die Nederlandse landbou het hoe langer hoe meer die karakter van 'n veredelingsindustrie gekry.

Hierdie afhanklikheid van die inkoop- en verkoopmarkte het egter die land- en tuinbou ook kwesbaar gemaak. Dit het duidelik na vore gekom in 1929 en die daaropvolgende jare.[2)] Kyk ons egter terug, moet ons onmiddellik toegee dat dit hierdie verbondenheid met die internasionale ruilverkeer was wat die welvaartspeil van die Nederlandse land- en tuinbouer op die gunstig-vergelykende peil, waarop dit tans staan, gebring het.

---

1) Nationale Coöperatiewe Raad. The co-operative movement, p. 10 en 11. Hier moet onthou word dat die tuinbou 'n belangrike rol speel. Die gemiddelde grootte van die tuinboubedrywe kom te staan op 5 akker. Tuinboubedrywe is hier buite rekening gelaat.

2) Vergelyk: paragraaf 5.3. van hierdie hoofstuk.

Hierby verdien ook 'n reeks faktore wat hierdie intensiewe grondgebruik moontlik gemaak het, ons aandag. Ons bespreek slegs die belangrikste faktore kortliks.[1)]

Eerstens dink ons aan die bodemstruktuur. Ons het reeds by verskillende geleenthede daarop gewys dat die Nederlandse boer nie met sy buitelandse vakgenoot kon meeding wat die produksie van graan betref nie, hoewel sommige dele van die land, wat die grond betref, daarvoor geskik is. Die voortreflike weiveld, onder andere in die provinsie Friesland, die vrugbare rivier- en seekleigronde, en die sandgronde wat besonder geskik is vir tuinbou aangesien dit net voldoende water deurlaat en bewaar, het intensiewe produksie in die hand gewerk. Terloops wil ons verklaar dat die intensiewe gebruik van die grond nêrens duideliker sigbaar is as op die drooggelegde dele nie.

Tweedens leen die klimatologiese faktore in die land hul in 'n groot mate uitstekend vir intensiewe produksie, in die besonder die reënval en die aantal sonskynure.[2)] Die land is wel onderworpe aan streng ryp en koue, maar die stremmende uitwerking wat dit op intensiewe produksie het, word in 'n belangrike mate uitgeskakel deur kunsmatig geskepte toestande.

Derdens wil ons noem dat die intensiewe produksie steeds uitgebrei kon word omdat die boer en tuinier in die onmiddellike nabyheid van die koopkragtige verbruiker was. Hierdie faktor is gedeeltelik al behandel en daarom volstaan ons hier met enkele opmerkings.[3)] Deurdat die grootste bevolkingsaanwas plaasgevind het in die nie-agrariese sektore en die welvaartspeil daar vinnig toegeneem het, wat 'n verandering in die samestelling van die vraag na landbouprodukte tot gevolg gehad het, het die vraag na produkte soos groente, vrugte en vleis steeds uitgebrei. Dit was ook die geval in die omliggende digbevolkte en hoogsontwikkelde lande, en die Nederlandse boer het dus ook in hierdie opsig in 'n gunstige posisie op die binnelandse sowel as op die buitelandse markte verkeer, omdat hy juis in hierdie produkte, waarvan die inkome-elastisiteit hoog is, kon voorsien.

---

1) Vergelyk: paragraaf 2 van hierdie hoofstuk.

2) Vergelyk: paragraaf 2.3. van hierdie hoofstuk.

3) Vergelyk: paragrawe 2.1. en 2.2. van hierdie hoofstuk.

Vierdens is die Nederlandse land- en tuinbouer in die intensiverings-proses bygestaan deur die owerheid en wel deur middel van onderrig en voorligting. As voorbeelde verdien die verskillende winterskole wat in die verskillende sentra aangebied is, vermelding. Hierby wil ons ook die ontwikkeling van die landboukoöperasies voeg. Deur laasgenoemde is die boer en tuinier nie alleen in staat gestel om sy produkte voordeliger van die hand te sit en sy bedryfsbenodigdhede van 'n beter kwaliteit en/of goedkoper te bekom nie, maar is ook verskeie diverse dienste aan boere verskaf.

Vyfdens wil ons twee belangrike faktore noem wat dikwels uit die oog verloor word. In die eerste plek: die goeie land- en waterweë waaroor die boer in dié land beskik, tesame met die land se grootte en ekonomiese ligging, waardeur gemaklike en goedkoop vervoer moontlik gemaak word. Dit is veral van belang by bederfbare produkte. In die tweede plek wil ons wys op die feit dat die Nederlandse land- en tuinbouer nog altyd in sy produksie-proses gebruik gemaak het van 'n tipe arbeider met 'n redelike hoë produktiwiteit en verantwoordelikheidsin.

Elk van die bovermelde faktore het sy deel bygedra tot intensiewe produksie wat vandag in Nederland bestaan.

6.2. <u>'n Rykgeskakeerde produksieverskeidenheid</u>

Reeds voor die eerste wêreldoorlog het die Nederlandse landbou al gegroei tot 'n rykgeskakeerde bedryf, maar gedurende dié oorlog het dit duidelik geword dat die verskeidenheid nie in al die lewensbehoeftes van die inwoners kon voorsien nie.[1]

Die akkerbougewasse wat geproduseer word, is koring, rog, gars, hawer, strooi, peulgewasse (erte), oliesade en gewasse soos lynsaad en vlas, aartappels en suikerbeet. Onder lewende hawe en lewende-haweprodukte tref mens groot-, klein- en pluimvee vir binnelandse verbruik, maar ook vir uitvoer, melk, botter, kaas, eiers ensovoorts aan. Derdens kom ons by die tuinbougewasse naamlik groente, vrugte, blombolle, bome en sade, elk in 'n groot verskeidenheid.

---

1) Vergelyk: Verslag van den Landbouw in Nederland over 1917, sowel as Van Manen, Ch. A. De Nederlandsche overzee-trustmaatschappij, p. 105 e.v.

'n Vraag wat nou by 'n mens opkom, is in hoeverre die Nederlandse landbou vandag in die binnelandse behoeftes kan voorsien. Om op die maklikste manier 'n antwoord hierop te gee, kan die produksie as 'n persentasie van die verbruik uitgedruk word. Die tydperk wat geneem word, is 1961-63. Die produkte wat ons dan noem, is: broodgraan 45%, voergraan 39%, suiker 108%, aartappels 115%, groente 161%, vrugte in totaal 66%, vrugte (sitrus uitgeslote) 98%, beesvleis 102%, varkvleis, ander vleis en spek 156%, geslagte pluimvee 317%, eiers 220%, melk en suiwel 168%.[1] By die beoordeling van hierdie gegewens moet altyd onthou word dat die getal inwoners van Nederland meer as 12 miljoen beloop en dat die bevolkingsdigtheid op meer as 900 persone per vierkante myl te staan kom, en hierby is dit 'n bevolking met 'n hoë gemiddelde koopkrag en verbruik van landbouprodukte. Ons laat dit verder buite beskouing, aangesien die faktore wat die landbou in staat stel om so 'n verskeidenheid produkte te lewer vir ons van meer belang is.

Die geskiktheid van die grond en die klimaat vir die produksie van 'n reeks produkte, is reeds behandel.[2]

As derde faktor wat die Nederlandse land- en tuinbou in staat stel om so 'n ryke verskeidenheid voort te bring, noem ons die binne- en die buitelandse vraag na landbouprodukte.

Die nabygeleë lande soos Duitsland en Brittanje is ook digbevolkte lande met 'n hoë koopkrag. Gevolglik het die vraag na 'n reeks landbouprodukte, waarin die Nederlandse land- en tuinbou kon voorsien, steeds toegeneem en dit het die produsente geprikkel tot groter produksie, maar ook tot 'n groter verskeidenheid en doeltreffendheid.

'n Saak wat tot dusver slegs terloops gemeld is, is dat veral die tuinier in Nederland van kunsmatige middele gebruik maak om sekere produkte te produseer wanneer die klimaat nie gunstig is vir die produksie daarvan nie. Ons dink hier aan die produksie van groente en blomme onder glas of in verhitte glashuise.

---

1) Ministerie van Landbouw en Visserij. E.E.G.-vademecum, p. 25.

2) Vergelyk: paragrawe 2.3. en 2.4. van hierdie hoofstuk.

Die laaste faktor wat ons hier wil noem (wat die Nederlandse landbou in staat stel om so 'n reeks produkte te lewer), is die tegniese uitvindings. Ter illustrasie wys ons op die ontwikkeling van die sogenaamde strokarton- en die diepvriesindustrie.

6.3. Die feit dat die landbou met die landbou van ander lande kan meeding

Die land- en tuinbouprodukte wat vandag in Nederland geproduseer word, vergelyk uitstekend met dié van die buiteland. Die oorsake hiervoor gaan volgens ons mening terug tot die krisis van die tagtigerjare. Ons het reeds die ontwikkeling op die landbougebied sedert daardie tyd geskets, 1) terwyl ons weet dat die posisie van die Nederlandse boer gedurende die depressie van die vroeëre dertigerjare verder bemoeilik is toe lande soos Frankryk in 1931 en Duitsland in 1932 invoerregte op landbouprodukte verhoog het en Engeland na die Ottawa-konferensie sy koloniale gebiede voorkeur verleen het. 2)

Verder moet onthou word dat die gunstige ekonomiese geografiese ligging van Nederland geleidelik van minder belang geword het met die verbetering in vervoerstelsels soos byvoorbeeld deur die geleidelik dalende vervoerkoste en veral deur die moontlikhede wat ontstaan het en ontwikkel is om bederfbare produkte soos botter, vleis en eiers, wat Nederland ook geproduseer het, te vervoer.

Die boerebevolking in Nederland het swaargekry, maar elke ondernemer wat sukkel, trag te bespaar op sy produksiekoste en probeer om sy produktiwiteit te verhoog ten einde sy verlies so ver moontlik te beperk. Daar het dus vir die Nederlandse boer geen ander keuse oorgebly as om toe te sien dat sy produk nie deur soortgelyke produkte van ander lande oorskadu word nie. Hierdie houding vind mens vandag nog by die Nederlandse boer.

## 7. Samevatting

Die klimaat, die vrugbare grond, 'n doeltreffende waterbeheer, maar veral die aktiewe en goed opgeleide landboubevolking, vorm die fondament

---

1) Vergelyk: paragraaf 4 van hierdie hoofstuk.

2) Vergelyk: paragraaf 5 van hierdie hoofstuk.

waarop die landbou vandag gebou word.

Die nywerheidsontwikkeling in die omliggende lande het goeie uitvoermarkte daargestel en so die Nederlandse produksie van botter, kaas, eiers, spek en groente gestimuleer. Na 1880 is hierdie ontwikkeling verder aangemoedig deur die groot aanbod van goedkoop graan vanuit Noord- en Suid-Amerika wat tot beskikking van die veeboerdery in Nederland gekom het. Toe het dit geblyk dat dit lonender is om hierdie voedingstowwe in te voer en dan te omskep in lewende-haweprodukte as om dit self in Nederland te verbou.

Gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu het die groot landboukrisis ook die Nederlandse landbou getref. Aangesien die owerheid se optrede egter beperk was, was die landbouers op hulself aangewese. Noodgedwonge is die landbou toe in die regte rigting gestuur. Hierin is die landbouprodusente bygestaan deur die gunstige eienskappe van die basiese faktore en die koöperatiewe beweging.

Die stof wat in hierdie hoofstuk behandel is, kan in die volgende tydvakke verdeel word:

Voor 1878 het die meeste landboubedrywe in 'n stadium van selfvoorsiening en akkerbou verkeer;

1878-1895 was die periode toe daar 'n felle krisis gewoed het;

1895-1914 was die periode toe die landbou herstel het;

1914-1918 was die periode van die eerste wêreldoorlog, waarin Nederland neutraal gebly het, 'n tyd waarin die pryse van landbouprodukte hoog gebly het, maar ook 'n periode van stygende grondpryse en hoë koste;

1918-1930 was 'n periode waarin aanvanklik 'n kort en hewige opbloei waar te neem was, gevolg deur 'n gevoelige terugslag vanaf 1920, 'n geleidelike herstel na 1924, 'n sterk oplewing in 1928 en in 1929 'n diep insinking.

1930-1940 was die periode van die groot depressie en herstel, wat ontwrigting in die hele wêreld gebring het.

1940-1945 was een van die mees rampspoedige periodes in die Nederlandse geskiedenis, die langdurige, verwoestende tweede wêreldoorlog wat die land ekonomies in 'n chaotiese toestand gelaat het.

In 1945-1948 is getrag om die ekonomiese lewe, dit wil sê ook die

landbou, stelselmatig op te bou.

Die volgende belangrike kenmerke van die landbou verdien egter ook spesiale vermelding, naamlik:

(a) die geringe bedryfsgrootte en die intensiewe karakter van die land- en tuinbou.

(b) die weinig uniforme produksiepatroon en die rykgeskakeerde verskeidenheid van land- en tuinbouprodukte.

(c) die weinig oorsigtelike karakter van die landboupolitiek wat met die verloop van jare gevolg is.

Ten slotte moet genoem word dat die Nederlandse boer tans 'n sombere vooruitsig gebied word en dat sy afhanklikheid van die wêreldmark en in die besonder die Europese Gemeenskapsmark steeds besef word. Hierdie afhanklikheid verklaar waarom Nederland steeds poog om die buitelandse afset uit te brei en ook waarom Nederland belang het by 'n vrye uitvoer na omliggende lande.

## Hoofstuk III

## LANDBOUKOÖPERASIE IN NEDERLAND

### 1. Inleiding

In hoofstuk II is reeds melding gemaak van die faktore wat gelei het tot die herstel van die landbou na die krisis van die tagtigerjare. Die besonder onbenydenswaardige posisie waarin die landbou gedurende daardie krisisjare verkeer het, het die inisiatief aan die kant van die landboustand laat ontwaak om gesamentlik hulle heil te probeer bewerkstellig.

In hierdie hoofstuk sal in die eerste plek gepoog word om 'n beeld te gee van die koöperasies wat ontstaan het en van die ontwikkeling van die landboukoöperatiewe beweging in Nederland. Dit is egter nie moontlik om hier alle gegewens in een enkele hoofstuk te verwerk nie.

Binne die grense van hierdie hoofstuk wil ons in die tweede plek let op een en ander in verband met die eksterne en interne organisasie van die landboukoöperasies in Nederland.

### 2. Die ontstaan en ontwikkeling van landboukoöperasies

#### 2.1. Algemeen

In baie takke van die ekonomiese lewe het die kleinere onderneming die mindere van die grotere geblyk te wees. In die landbou kan egter nie 'n algemeen-geldende antwoord gegee word op die vraag watter grootte bedryf die sterkste staan in die stryd om selfbehoud nie. Een van die oorsake van die kleiner boer se vermoë om met die grotere te kan meeding, lê in die samewerking ter bevordering van die materiële belange.

Minderhoud[1] wys tereg daarop dat samewerking in die land- en tuinbou in baie opsigte makliker is as in die ander beroepe omdat die landbouer onder andere nie soiets soos beroepsgeheime ken nie. Aan die ander kant weet ons dat die landbouer van nature baie meer individualisties is as die salaristrekker. Laasgenoemde is die belangrikste rede waarom die landbouers eers deur omstandighede gedwing moes word om tot gesamentlike aksie oor te gaan. Wanneer dit in gedagte gehou word, is dit maklik om te verklaar

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie in Nederland, p. 11.

waarom die koöperasies op landbougebied in Nederland gedurende die laaste jare van die vorige eeu ontstaan het.

Om egter 'n duidelike oorsig te kan gee, is dit nodig om die geskiedenis van die Nederlandse landbou-organisasie kortliks te behandel.

2.2. Voorgeskiedenis

Voorgangers van die latere organisasies was die genootskappe wat in die agtiende eeu opgerig was om, volgens Bouman,[1] "mensch en maatschappij te doen profiteren van de zegeningen der wetenschap." Tot hierdie genootskappe van stedelinge, met algemene ekonomiese belangstelling, het ook die Maatschappij ter bevordering van den Landbouw, te Amsterdam (1776), behoort. Ook die Maatschappij tot Nut van't Algemeen (1784) se vernaamste doel was om nuwe metodes in die landbou te propageer. Die genootskappe het egter weinig bereik, want teen die einde van die agtiende eeu was in Nederland nie veel van wetenskaplike landbou te bespeur nie. Tog het die belangstelling in die landbou, veral onder die bekwame J. Kops, wat in 1800 tot Commissaris van de zaken van den landbouw benoem is, 'n groot stoot na vore gekry. Bouman[2] wys daarop dat die boere nie baie belangstelling in die werk getoon het nie en dat die meeste landbouers tot in die eerste helfte van die negentiende eeu verstokte individualiste gebly het. Bowendien was hulle nie in staat om die waarde van samewerking, byvoorbeeld vir bedryfsekonomiese doeleindes, in te sien nie. Vir Nederland was dit op daardie stadium noodsaaklik om nie ten opsigte van die landbou by die naburige lande agter te raak nie, en so is van 1837 tot 1851 verskillende provinsiale genootskappe ter bevordering van die landbou opgerig.[3]

Opvallend is dat daar nie tot 'n sentrale organisasie gekom is nie. Die Nederlandsch Landhuishoudkundig Congres, op inisiatief van Sloet tot Oldhuis, in 1846 opgerig, het egter tot versterking van die samehorigheidsgevoel bygedra. In 1856 is die Algemeene Koninklijke Landbouw-Vereeniging opgerig. Dit sou vir die kontak tussen die provinsiale organisasies sorg. Hierdie vereniging het nie aan die verwagtings voldoen nie omdat die tradisionele provinsialisme in die weg daarvan gestaan het, en in 1863 is dit ontbind. Daar is

---

1) Bouman, P.J. Landbouworganisaties. In Sneller, op. cit., p. 257.

2) Ibid., p. 254.

3) Vergelyk: Sneller, op. cit., p. 255.

egter hardnekkig vasgehou aan 'n plan vir nasionale organisasie en 'n verdere poging is in 1864 aangewend. Dit het gebeur op die sewe-en-twintigste Landhuishoudkundig Congres toe tot die prinsipiële uitspraak ten gunste van 'n offisiële landbouverteenwoordiging in die vorm van Kamers van Landbouw gekom is.[1] Die regering, in ooreenstemming met die beginsels van die liberalisme, het egter verklaar dat hulle nie ten gunste van staatsbemoeiing is nie.

Die staatskommissie[2] wat in 1886 aangestel is om ondersoek in te stel na die toestand van die landbou in Nederland, noem as een van die oorsake van die haglike toestand, die gemis aan samewerking en organisasie. In verband daarmee word ook opgemerk dat koöperasie by die behartiging van gemeenskaplike belange nog tot die uitsondering behoort het. Weliswaar het daar reeds enkele landboukoöperasies bestaan, maar van enige invloed van betekenis op die toestand van die landbou was daar nog geen sprake nie.

Nederland het dus toentertyd ook in hierdie opsig by die aangrensende lande, en ons dink veral aan Duitsland, agtergestaan. So was daar op daardie stadium van samewerking op die gebied van die kredietwese, nog geen spoor nie. Dit sou eers kom in 1896, net mooi twintig jaar nadat die eerste aankoopvereniging op koöperatiewe grondslag opgerig is. In 1886 is begin met die eerste koöperatiewe verwerkingsvereniging, 'n koöperatiewe suiwelfabriek. 'n Jaar later is die koöperatiewe gedagte ingevoer by die verkoop van produkte. Elkeen van dié genoemde eerstelinge is deur talle soortgelyke verenigings gevolg. Hiernaas is ook vir ander doeleindes koöperasies opgerig. So vind 'n mens in Nederland byvoorbeeld inseminasiedienste wat op koöperatiewe lees geskoei is; dorsverenigings, verenigings vir die benutting van landbouwerktuie, grasdrogingsinstallasies, onderlinge versekering, boekhouburo's, ensovoorts.

3. Bespreking van enkele spesifieke soorte koöperasies

Voor ons hiertoe oorgaan, wil ons weer eens wys op die struktuurverandering in die Nederlandse land- en tuinbou, wat deur die landbouwêreldkrisis van ongeveer 1880 veroorsaak is. Ter Woorst[3] skets dit kortliks

---

1) Bouman, P.J. op. cit., p. 257.

2) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie, op. cit., p. 2.

3) Ter Woorst, G.J. Standsorganisatie en Coöperatie, p. 10.

soos volg: "Voordien levend in een betrekkelijk isolement, werd met name de boer op de zandgronden opgenomen in het maatschappelijk ruilverkeer. Hij diende over te schakelen op andere producten en productiemetoden, hij werd geconfronteerd met marktverhoudingen die hij niet kende." Die boere het nou nie net opgetree as vakmanne in hul bedrywe nie, maar ook as in-kopers op die grondstofmark en as verkopers op die baie afsetmarkte. Waar die boer aan die ruilverkeer deelneem, is dit egter geensins verbasend dat hy meesal aan die kortste end trek nie. Dit is so omdat die boer alleen oor geen afdingingsmag beskik nie as gevolg van die klein hoeveelhede wat hy koop of verkoop en die bederfbare aard van sy produkte.

In hierdie afdeling sal die ontwikkeling van die afsonderlike koöperasies geskets word. 'n Analise van die faktore wat aanleiding gegee het tot die ontstaan en wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling, sal in hoofstuk VII gegee word, behalwe in die geval van daardie koöperasies wat eie aan Nederland is en nie in Suid-Afrika aangetref word nie. Wat die ontstaan in die algemeen betref, beweer Minderhoud[1] dat die eerste koöperasies hul ontstaan oorwegend aan die nood van die boere te danke het, of aan die behoefte aan verweer teen magte waarteen die enkeling nie opgewasse is nie. Die boere en tuiniers moes deur die krisis van 1880 as't ware wakker geskud word voordat hulle daartoe oorgegaan het om in samewerking krag te soek.

3.1. Die aankoopkoöperasies

Die eerste aankoopkoöperasie is in 1877 te Aardenburg opgerig. Hierna is verskeie soortgelyke koöperasies gestig.

Die karakter van die destydse aankoopkoöperasies omskryf Minderhoud[2] soos volg: "In de meeste gevallen was het een groepje land- of tuinbouwers die tezamen een zogenaamde losse vereeniging vormden, waarvan een lid zich met de administratie belastte. Onderling vertrouwen was de enige band." Brouwer[3] klassifiseer hierdie "losse" verenigings en noem dit Bestelvereenigingen.

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie. op. cit., p. 2.

2) Ibid., p. 46.

3) Brouwer, D.R. Handleiding voor de Landbouw-coöperaties. In Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie. , op. cit., p. 48.

Minderhoud[1] wys verder daarop dat hierdie koöperasies soms afdelings was van die reeds bestaande Maatschappijen van Landbouw en Boerenbonden. Die ander ontwikkelingsgang het volgens Minderhoud ook plaasgevind, naamlik dat oorgegaan is tot die oprigting van 'n aankoopkoöperasie wat later as lid of as afdeling by 'n maatskappy van landbou of boerebond aangesluit het.

Die resultate was gunstig en verskeie bestelverenigings is hierna opgerig. In die akkerbou- en tuinbougebiede het die aankoopkoöperasies prakties uitsluitlik betrekking op kunsmis gehad.

In die sandstreke en veegebiede het die behoefte aan veevoer intussen al hoe groter geword, maar dit is 'n produk wat moeilik ongereeld aangekoop kan word. Die behoefte aan 'n vereniging met gereelde voorrade en desnoods ook 'n maal- en vermengingsbedryf is dus gevoel. Hierby moet ook in gedagte gehou word dat dit die betrokke persone ontbreek het aan die nodige geldelike middele as gevolg van die krisis. 'n Losse vereniging, sonder regspersoonlikheid, kon dus nou nie in die behoefte voorsien nie.

Die eerste voorbeeld van 'n koöperatiewe aankoopvereniging met 'n gereelde bedryf is in 1896 in Lonneker opgerig, naamlik die Coöperatieve Landbouwersbank en Handelsvereniging. Uit die naam blyk dat hierdie vereniging 'n kombinasie van aankoopvereniging en boereleenbank was. Teen die einde van die vorige eeu het die meeste aankoopverenigings egter nog nie regspersoonlikheid besit nie.[2] Dit is dus opvallend dat die idee van koöperatiewe aankoop gedurende die tagtigerjare en vroeë negentigerjare beperk gebly het.

Na 1895 het die omset van die eerste aankoopkoöperasie gestyg en steeds meer soortgelyke koöperasies is opgerig. Op daardie stadium is ook hernieude aandag gegee aan die behoefte aan 'n band tussen die aankoopverenigings en in 1899 is die Centraal Bureau[3] gestig, wat moes dien as 'n sentrale aankooporganisasie. Vir 'n volledige beskrywing van die ontwikke-

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 53.

2) Ibid., p. 48.

3) Ten tye van die skrywe hiervan is die naam verander na Cebeco, maar ons sal nog die naam Centraal Bureau gebruik in hierdie verhandeling.

ling in dié verband, word verwys na die literatuur.[1]

Naas die vermelde aankoopverenigings het daar ook vier Rooms-Katolieke streekaankooporganisasies ontstaan. Tot na die oorlog van 1914-1918 was hierdie vier Rooms-Katolieke organisasies lede van die Centraal Bureau, maar daarna het hulle een vir een uitgetree en in 1939 het die vier hulle verenig in die Coöperatieve Centrale In- en Verkooporganisatie, te Rotterdam. Die vier deelnemers aan hierdie koöperasie besit tans ook saam 'n proefstasie te Ottersum, waar proefnemings met nuwe gewasse gedoen word. Hierdie vier, in medewerking met die Centraal Bureau, besit verder twee moderne fabrieke, een op die gebied van bestrydingsmiddele, naamlik Luxan, en die ander op die gebied van kunsmismengsels, die Delta-Chemie-projek. Uit laasgenoemde het die Eerste Nederlandsche Coöperatieve Kunstmestfabriek ontstaan. Hierdie koöperasie het 'n tak in Suid-Afrika gehad totdat dit deur 'n nie-koöperatiewe onderneming oorgeneem is.

Met die verloop van jare is daar ook telkens besluit om aankoopkoöperasies met meervoudige funksies op te rig. Die kombinasie aankoopvereniging en leningsbank is aanvanklik die meeste toegepas en hoewel dit verskillende voordele inhou, moet die risiko daaraan verbonde nie uit die oog verloor word nie.[2] As gevolg hiervan kom dit nie veel in Nederland voor nie. Hier en daar vind ons tans ook verskeie ander kombinasies soos byvoorbeeld, die Coöperatieve Vereniging tot aankoop en bewerking van landbouwbenodigdheden voor Friesland; 'n kombinasie van aankoopvereniging en suiwelfabriek waaraan 'n graanmeule verbonde is, en die Coöperatieve Landbouwersbank en Aan- en Verkoopvereniging.

Die vinnige ontwikkeling van die aankoopkoöperasies word weerspieël in die volgende gegewens: In 1893 was daar 138 verenigings met 'n ledetal van 6,980; In 1920 was daar 1,014 met 'n ledetal van 119,768 en in 1964 720 met 'n ledetal van 125,000.[3] Die belangrikste artikels wat koöperatief aangekoop word, is nog steeds kunsmis en veevoer. Hiernaas hou die koöperasies hulle ook besig

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 49 en Van Stuijvenberg, J.H. Het Centraal Bureau, een coöperatief krachtveld in de Nederlandsche Landbouw, 1899-1949, p. 186 e.v.

2) Vergelyk:Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie .... op. cit., p. 40 e.v.

3) Borkhuis, Ir. J. Beknopt overzicht van de Landbouw-coöperatie in Nederland, p. 28, en Nationale Coöperatieve Raad, Co-operatie in Nederland, p. 2.

met die aankoop vanbrandstof, smeerolie, saaisaad, bestrydingsmiddele, landbou-implemente/masjinerie op beperkte skaal.[1] Die toenemende intensivering en gunstige ontwikkeling van die landbou was die oorsaak dat hierdie artikels in steeds groter hoeveelhede aangekoop is en die koöperasies hul aktiwiteite kon uitbrei.

Ten slotte vestig ons die aandag daarop dat die Centraal Bureau oorspronklik vir die aankoop van lede se benodigdhede opgerig is, maar in 1933 is met die be- en verwerking van benodigdhede begin, in 1938 met die afset van lede se produkte en in 1947 met die vervaardiging van benodigdhede.

### 3.2. Die afsetkoöperasies

Toe die Nederlandse boer vir die mark begin produseer het, het die doeltreffende bemarking van sy produkte dringend noodsaaklik geword. Ten opsigte van die afdingingsmag staan die boer (en die tuinier) aan die onbenydenswaardige kant, aangesien sy produkte in die algemeen van 'n bederfbare aard is en omdat die hoeveelheid wat hy aanbied te klein is om die prys te beïnvloed. Om hierdie redes het die boere en tuiniers in hierdie land op groot skaal begin gebruik maak van die koöperatiewe organisasievorm vir die afset van hul produkte. Ons bespreek die verskillende koöperasies afsonderlik.

#### 3.2.1. Koöperatiewe bemarking van vleis

Reeds voor die eerste wêreldoorlog maar veral tydens die oorlog, kon uitvoerders van lewende haweprodukte in Nederland buitengewoon hoë winste maak as gevolg van die hoë pryse wat in die buiteland betaal is. Die uitvoer van vleis was egter onderhewig aan kwotas, dit wil sê: hy wat oor die nodige toestemming beskik het, kon bykomstige winste maak. Die destydse regering was bereid om ook aan organisasies van landbouers kwotas toe te staan ten einde 'n monopolistiese toestand te beperk en teen te werk. Dit het tot gevolg gehad dat in 1916 in die provinsie Friesland 'n koöperatiewe uitvoerslagtery opgerig is. Die belangstelling onder boere was groot hiervoor en die ledetal het vinnig uitgebrei. Die reaksie van die handelaars was dat hulle begin het om teen buitengewone hoë pryse produkte van produsente aan te koop met die hoop dat die belangstelling in die jong koöperasie hierdeur sou

---

1) Daar is redes hiervoor, maar die belangrikste rede is dat die gemiddelde grootte van die boerderyeenhede te klein is en nie altyd die aankoop van swaar masjinerie regverdig nie.

verflou. Lede en nie-lede het die voordeel hiervan gepluk, maar weldra het nie-lede groter voordeel as lede geniet. 'n Geweldige stryd is dus aangeknoop om die koöperatiewe ontwikkeling op hierdie terrein te vernietig. As gevolg van die aanslae het die eerste koöperasie (die van 1916) in 1922 voor die keuse te staan gekom om òf te likwideer òf die lede te vra vir verdere finansiële ondersteuning ten einde die skulde af te los. Laasgenoemde oplossing is gekies, terwyl die lede tewens 'n leweringsplig aanvaar het.

Na hierdie reorganisasie het die nie-koöperatiewe ondernemers hul veldtog gestaak om die koöperatiewe slagtery te beveg. In plaas hiervan het die instansies nou samewerking gesoek. Soveel so dat selfs ooreenkomste aangegaan is ten opsigte van inkooppryse.

Deur die goeie resultate wat die eerste koöperatiewe slagtery hierna verkry het, is ook elders planne beraam vir die oprigting van soortgelyke ondernemings. Intussen het daar egter veral in die suide van Nederland verskeie veeveilings ontstaan wat op 'n koöperatiewe grondslag bestuur is. In 1925 het 'n aantal verenigings in samewerking met die Noordbrabantse Christelike Boerenbond die Exportcentrale, te Boxtel, wat op koöperatiewe grondslag sou rus, gestig. Hierdie onderneming is later omskep in die Coöperatieve Brabantse Vee- en Vleescentrale. Verskeie ander koöperatiewe ondernemings is hierna opgerig, elkeen met sy eie geskiedenis. Soms is gewone ondernemings omskep in 'n koöperasie.

Die stryd tussen die koöperasies en die ander ondernemings was egter altyd aanwesig; soms was die stryd net hewiger as ander tye. Mettertyd het die kleiner koöperatiewe verenigings besef dat ten einde met die groot nie-koöperatiewe ondernemings te kan meeding, onderlinge samewerking uiters noodsaaklik was.

So het op inisiatief van die Centraal Bureau 'n vee-afset en verwerkingsindustrie tot stand gekom. Laasgenoemde het kragtig ontwikkel met behulp van die ses provinsiale koöperatiewe vee-afsetverenigings.

Behalwe bogenoemde sentrale bestaan daar nog drie ander sentrale koöperatiewe vee-afsetverenigings wat hoofsaaklik die verteenwoordigende liggame van die Katoliekgesinde produsente is. Hierdie drie is weer in die vee-afsetfederasie van die Katolieke Nederlandse Boeren en Tuinders Bond verenig. Meer as 52,000 veeboere is lid van die nege vee- en vleis-

koöperasies.[1]

### 3.2.2. Koöperatiewe bemarking van wol

Voor 1914 is wol in Nederland oor die algemeen aan opkopers verkoop. Hierdie kopers het prakties geen verskil in prys gemaak vir die verskillende kwaliteite wol nie. Daar is ook van die standpunt uitgegaan dat die Nederlandse wol van 'n baie minderwaardige kwaliteit is.

Tydens die eerste wêreldoorlog het die vraag na wol die hoogte ingeskiet en toe het dit geblyk dat die Nederlandse wol wel deeglik geskik was vir die vervaardiging van komberse en sekere materiale. As gevolg hiervan het die wolpryse skerp gestyg en die handelaars het groot winste gemaak. Laasgenoemde was voldoende aanleiding vir 'n aantal Noordhollandse skaapboere om 'n vereniging ter verbetering van die wolhandel te stig. In ander provinsies is hierdie voorbeeld nagevolg en as 'n oorkoepelende organisasie is die Wolfederasie opgerig. In 1946 is die Federasie omskep in die Coöperatieve Nederlandse Wolafzetvereniging.

As gevolg van die teenkanting van die handelaars en fabrikante wou die verkoop van wol deur die Wolfederasie aanvanklik nie vlot nie. Die gevolg was dat die Federasie self met die verwerking van wol begin het. Die resultate was gunstig en aangesien hierdie feit die belangrikheid van goeie kwaliteit meer op die voorgrond gebring het, het die uitbetaling uitsluitlik volgens kwaliteit geskied. Dit het 'n gunstige uitwerking op die wolhandel in die algemeen gehad. Die ledetal van die koöperatiewe Wolafsetvereniging het in 1964 op 57,000 te staan gekom.[2]

### 3.2.3. Koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte

In Nederland het die vervaardiging van botter en kaas nog altyd 'n belangrike plek ingeneem. Reeds in die middeleeue is Hollandse botter en kaas uitgevoer. Die botter het hoofsaaklik van die provinsie Friesland gekom en die kaas uit die provinsies Noord- en Suid-Holland. Die oostelike en suidelike sandgebiede was in hierdie opsig van baie min betekenis.

In die tweede helfte van die 19de eeu het daar egter knoeiery in die botterhandel voorgekom.[3] As gevolg hiervan maar ook as gevolg van die mede-

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 2.

2) Ibid.

3) Van der Zee, F. De Friesche Boere-Coöperaties in haar maatschappelijk verband, p. 20. e.v.

dinging van die kant van Denemarke en ander lande, is die Hollandse botter op die Engelse mark verdring.

In 1879 is die eerste suiwelfabriek in Friesland opgerig. Dit was 'n nie-koöperatiewe onderneming. Nie lank daarna nie het die eerste moeilikhede ontstaan omdat die fabrikant afhanklik was van die lewering van die boer en omdat die boer op sy beurt van die afname deur die fabrikant afhanklik was. Uit een van hierdie konflikte — die nie-afname van die melk deur die fabriek — het die eerste koöperatiewe fabriek ontstaan. Dit het in 1886 te Warga in Friesland gebeur. Dit was 'n bewuste keuse maar ook 'n dringende eis deur die omstandighede.

Ander omstandighede as die voormelde het egter aanleiding gegee vir die oprigting van die koöperatiewe suiwelfabriek te Tungelroy, Limburg, in 1891. Hier was die vernaamste redes die lae gehalte melk en die moeilikhede by die afset.

Spoedig na die oprigting van die eerste koöperatiewe suiwelfabrieke is die behoefte gevoel aan samewerking tussen die fabrieke. So is in 1893 die Zuid-Nederlandse Zuivelbond, in 1896 die Geldersch-Overijselsche Bond van Coöperatieve Zuivelfabrieken, in 1897 die Friese Zuivelbond en in 1900 die Koninklijke Nederlandse Zuivelbond opgerig. Tans bestaan daar agt suiwelbonde.

'n Interessante feit is dat die sogenaamde bonde hul nie met die verkoop van suiwelprodukte bemoei nie, maar slegs tegniese en administratiewe voorligting verskaf. So word in die meeste gevalle streng kontrole op die finansiële administrasie van die aangeslote fabrieke uitgeoefen. Die Koninklijke Nederlandse Zuivelbond aan die ander kant, tree veral as skakel tussen die reeds genoemde instansies en die owerheid op, byvoorbeeld in verband met die prysbeleid. Hierbenewens is die funksies van die Zuivelbond ook van organisatoriese, ekonomiese, juridiese, fiskale en administratiewe aard. So het die Zuivelbond onder andere 'n sentrale aankoopafdeling vir die gesamentlike aankoop van benodigdhede; 'n tegniese voorligtingsdiens by die bou en inrigting van fabrieke, en ten slotte neem dit ook die eksamens af van die kursusse vir die opleiding van geskoolde fabriekspersoneel.

Samevattend kan ons dus sê dat die boere georganiseer is in selfstandige koöperatiewe suiwelverenigings, laasgenoemde weer in provinsiale

suiwelbonde en dié weer in die Koninklijk Nederlandse Zuivelbond. Die nie-koöperatiewe fabrieke is georganiseer in die Vereniging voor Zuivelindustrie en Melkhygiëne.

Een van die belangrikste samewerkingsvorme na die laaste oorlog, waarop nog nie gewys is nie, is dié van die Centrale Condens- en Melkpoederfabrieken. Dit is inderdaad 'n verdere uitbouing en verstewiging van die suiwelkoöperasies. Op die oomblik het die verskillende provinsies hul Centrale Verwerkingsbedrijven voor Condens en Melkpoeder, terwyl 'n stuk of sewe Verkoopverenigingen bestaan. Hierdie sewe is weer verenig in die Bond van Coöperatieve Zuivelverkoopverenigingen.

Naas die verkoopverenigingen bestaan daar nog 'n groot melkpoeierfabriek, die Berkelstroom te Lochem en die Coöperatieve Condensfabriek "Gelderland-Overijssel" te Deventer wat in 1956 geopen is. In Noord-Holland het 22 fabrieke die Coöperatieve Centrale Melkinrichting gestig, terwyl die koöperatiewe suiwelvereniging, Zuid-Nederlandse Zuivelbond waaraan 51 fabrieke behoort, twee sentrale verwerkingsbedrywe opgerig het. Verder het 153 koöperatiewe suiwelfabrieke die Coöperatieve Stremsel- en Kleurselfabriek te Leeuwarden opgerig.

Ten slotte moet die aandag daarop gevestig word dat die koöperatiewe suiwelfabrieke in sommige streke ook die melk van nie-lede verwerk.[1)]

Vervolgens wil ons die koöperatiewe afset van die melk bestem vir varsmelkverbruik, van nader beskou. In teenstelling met die res van Nederland waar teen die eeuwisseling 'n netwerk van koöperatiewe suiwelfabrieke ontstaan het, kon hierdie soort koöperasies in Wes- en Middel-Nederland nie wortel skiet nie. Hiervoor kan 'n hele aantal oorsake aangevoer word, waarvan die belangrikste seker is dat binne hierdie genoemde gebiede 'n bestaande afset vir varsmelk aanwesig was. Binne hierdie gebiede was en is tans nog ongeveer 50 persent van die Nederlandse bevolking woonagtig. Die verspreiding van melk het destyds deur middel van plaaslike opkopers en individuele pogings van die produsente plaasgevind. Verder het die vervaar-

---

1) Borkhuis, Ir. J. Beknopt overzicht ... op. cit., p. 41. Hy wys daarop dat nie-lede in 1955 nie minder nie as 7% van die melk wat in koöperatiewe suiwelfabrieke verwerk is, gelewer het. Die persentasie was vir die provinsie Groningen 30, vir Suid-Holland 13 en vir Drente 3.

diging van kaas in hierdie gebied tot baie later op die boerdery plaasgevind en was die Wes-Nederlandse boer deur omstandighede baie meer individualisties van aard as die boere elders.

In 1936 is in Wes-Nederland, as uitvloeisel van die krisismaatreëls, die sogenaamde Consumptie-Melk Centrale in die lewe geroep. Hierdie organisasie het sy bevoegdhede aan die sogenaamde Crisismelkbesluit ontleen.

Tydens die oorlog is daar van die kant van die owerheid gepoog om sorg te dra dat varsmelk aan sekere vereistes voldoen. So is die melkprodusent verplig om sy melk aan melkinrigtings en instansies te lewer, wat oor voldoende toerusting beskik het. In feite het dit beteken dat waar daar voorheen ongeveer 4,000 melkafnemers was waar boere hul melk kon lewer, daar net 100 was na die reëling. As gevolg van hierdie verbod is die boere in 'n uiters swak afdingingsposisie teenoor die melkhandelaars geplaas. Hierdie toestand is vir die boer vererger deurdat melk maklik bederfbaar is. Om verbetering in hierdie swak posisie te bring, is in 1944 die Coöperatieve Melk Centrale opgerig met die doel om die melk van lede op die voordeligste wyse van die hand te sit. Die lede is verplig om hul melk aan hierdie koöperasie te lewer, wat die grootste gedeelte daarvan weer aan melkinrigtings en melkhandelaars verkoop. Om egter self sterk teenoor die afnemers te staan, beskik die koöperasie oor verskeie suiwelfabrieke en melkinrigtings, terwyl dit ook medeseggenskap in verskeie ander het. By die prys wat uitbetaal word vir melk, word nie alleen op die vetgehalte gelet nie, maar die melk word bowendien ook in drie kwaliteitsklasse gegradeer.

Die ledetal van die Coöperatieve Melk Centrale staan tans op ongeveer 11,000 wat verspreid is oor die provinsies Noord-Holland, Zuid-Holland en Utrecht. Die lede is in 77 afdelings en die afdelings weer in sewe distrikte ingedeel.

'n Lederaad word gevorm deur die afgevaardigdes van die afdelings, terwyl dit as't ware 'n ongeskrewe reël is dat by die samestelling van die direksie met die verskillende gelowe rekening gehou word.

### 3.2.4. Koöperatiewe bemarking van suiker

Die produksie van suiker uit suikerbeet het in Nederland teen die middel van die negentiende eeu 'n aanvang geneem. Sedertdien neem suikerbeet 'n belangrike plek in onder akkerbougewasse op die seeklei-

gronde in die suid-weste van die land.

Die eerste suikerfabriek is in 1858 opgerig, waarna meer en kleiner fabrieke tot stand gekom het. So was daar in 1872 'n twintigtal fabrieke. Gedurende die eerste jare het die suikerfabrikante self die grond gehuur en die saad en misstowwe voorsien. Soms het hulle selfs die plant daarvan waargeneem. Die boer moes dan slegs die orige werksaamhede verrig en het daarvoor 'n vasgestelde vergoeding per oppervlakte ontvang. Hierdie metode is spoedig vervang deur die gebruik om vóór die saaityd 'n prys per gewig vas te stel terwyl die fabrikant nog die saad voorsien het. In suikerbeet bestaan daar egter groot kwaliteitsverskille. Deurdat die prys nou per gewig vasgestel is, het die fabrikante vanselfsprekend belang gestel in die maksimum suikergehalte, terwyl produsente net in die gewig geïnteresseerd was, dit wil sê die boere het 'n beetsoort met 'n hoë gewigsopbrengs verkies. Hierdie teenstelling van belange het aanleiding tot baie moeilikhede gegee. As gevolg hiervan het die boere die fabrikante voor die keuse gestel dat die boere self hulle beetsoort kies òf dat uitbetaling volgens suikergehalte geskied.

In hul stryd het die boere egter in 'n swak afdingingsposisie verkeer, aangesien die fabrikante in 'n bond verenig was en die boere nie. Verder moet in gedagte gehou word dat die boere op suikerbeetverbouing aangewys was omdat die graanpryse as gevolg van die landboukrisis 'n laagtepunt bereik het. Suikerbeetproduksie is ook aangemoedig deur die voorskotlening van die kant van die fabrikant.

In 1897 het die fabrikante egter sulke voorwaardes gestel, dat die reeds enkele jare bestaande gedagte aan die stigting van 'n koöperatiewe suikerfabriek, nuwe lewe ingeblaas is. As gevolg hiervan is die eerste koöperatiewe suikerfabriek twee jaar later opgerig. Aanvanklike moeilikhede kon hierdie fabriek nie onderkry nie maar nogtans het tien jaar verloop voordat die tweede koöperatiewe suikerfabriek opgerig is.

In 1947 het 'n belangrike konsentrasie in die koöperatiewe suikerindustrie plaasgevind. Veral met die oog op die rasionalisasie van die produksie het die drie koöperatiewe fabrieke 'n nuwe onderneming opgerig. Hierdie onderneming het alle eiendomsreg van die deelnemende koöperasies verwerf en het ook alle skulde en verpligtings oorgeneem. Hierdeur is uniforme leweringsplig per aandeel en betaling daargestel.

Al ses die koöperatiewe suikerfabrieke is tans in 'n bond verenig wat ten doel het om samewerking tussen die lede te bevorder en gemeenskaplike belange te behartig. Die nie-koöperatiewe suikerfabrieke is op hul beurt in 'n afsonderlike organisasie verenig. Noue samewerking tussen koöperatiewe en ander suikerfabrieke bestaan egter ook, naamlik in die Instituut voor Rationele Suikerproduktie. Hierdie instituut het as doel: die verbetering en rasionalisasie van die suikerbeetproduksie deur middel van proefnemings, publikasies, lesings, ensovoorts. Ook beskik beide soorte fabrieke gesamentlik oor 'n spiritusfabriek wat alkohol as 'n byproduk vervaardig.

### 3.2.5. Koöperatiewe bemarking van eiers

Tot omstreeks 1900 het die pluimveeboerdery in Nederland op die agtergrond gebly. Min aandag is aan die pluimvee en die pluimveeprodukte geskenk. So het die boervrou byvoorbeeld destyds haar eiers, wat verskillend was in grootte en kwaliteit, almal regstreeks teen dieselfde prys aan opkopers of aan die plaaslike handelaars verkoop of verruil. Tog was daar op enkele plekke, byvoorbeeld te Barneveld, 'n produktemark waar die eiers teen 'n redelike prys verkoop kon word.

Gedurende daardie tyd is in Denemarke groot moeilikhede met die uitvoer van eiers ondervind. Gevolglik is in dié land tot die oprigting van eier-afsetkoöperasies oorgegaan. Langsamerhand het die besef in Nederland ook posgevat dat 'n beter afsetmetode van eiers gevind moes word, en die noodsaaklikheid van 'n prys volgens kwaliteit het steeds meer op die voorgrond getree.

In 1898 is te Zutphen 'n eierversendingsvereniging opgerig, terwyl die eerste eierveiling in 1900, te Maastricht, tot stand gekom het. Die kragtigste ontwikkeling het egter in 1904 plaasgevind toe die Coöperatieve Roermondsche Eiermijn opgerig is. Aanvanklik is dieselfde stelsel van bemarking gevolg as by die tuinbouprodukte, dit wil sê verkoop deur middel van veiling. Die verdere verhandeling en verpakking het deur die groothandel geskied. Met die verloop van jare het hierdie koöperasie laasgenoemde funksies self begin uitvoer. Kopers, veral dié van die buiteland, het ook geleidelik begin om slegs bestellings te plaas, met die gevolg dat hierdie koöperasie ontwikkel het in die rigting van 'n groothandeluitvoervereniging.

Die Roermondse eierkoöperasie het baie gedoen om die kwaliteit van eiers te verhoog. So het dit onder andere in 1920 'n proefstasie te Horst begin.

Hiermee is die produksiepeil geleidelik verhoog. Verder het dit die inisiatief geneem vir 'n uitvoerkontrole op eiers wat in 1929 ingestel is.

In die ooste van die land is die Oostelijke Pluimvee Coöperatie te Enschede en die Geldersche Eierveiling te Arnhem opgerig.

Tydens die krisis van die dertigerjare is die uitvoer van eiers egter deur die hoë invoerregte belemmer. Die groot koöperasies het destyds selfstandig eiers uitgevoer met die gevolg dat hulle op die buitelandse mark met mekaar meegeding het. As gevolg hiervan het die koöperasies in 1937 op inisiatief van die Roermondse eierkoöperasie die Coöperatieve Verkoopcentrale voor Eieren gestig.

Verskeie van die 18 bestaande eierkoöperasies hou hulle ook besig met die afset van ander produkte soos groente en vrugte en in die jongste jare ook met die afset van slaghoenders.

3.2.6. Koöperatiewe bemarking van strooi

Op die oog af is strooi 'n minderwaardige produk, maar hieruit het 'n belangrike industrie ontwikkel, want uit strooi word feitlik alle moontlike soorte karton in Nederland vervaardig. Hierdie nywerheid is in Nederland tot die provinsie Groningen beperk. Graanverbouing is hier belangrik en baie min vee word aangehou. Hierby is die grond baie vrugbaar en bemesting in enige vorm is onnodig. Dit het alles daartoe bygedra dat die boere telkens groot oorskotte van strooi gehad het.

In navolging van 'n voorbeeld in Duitsland, grensende aan die provinsie Groningen, het 'n groep boere in 1870 besluit om karton uit strooi te vervaardig. In 1873 is tot 'n soortgelyke stap besluit. Met beide fabrieke het dit nie te voor die wind gegaan nie en albei is spoedig gelikwideer. Groot bedrae geld is verloor en die boere was hierna huiwerig vir hierdie soort ondernemings. Met sukses het 'n nie-koöperatiewe onderneming met hierdie industrie begin. Daar was egter voortdurend probleme by die verkoop van strooi en soms het die boere dit selfs verbrand. Die fabrikant het egter goeie winste gemaak. Sommige boere was selfs van mening dat buitengewone hoë winste gemaak is. Die leweringsvoorwaardes en die pryse wat behaal is, was vir baie boere jaarliks 'n bron van ergenis en stemme het begin opgaan vir die oprigting van 'n koöperatiewe fabriek.

Aangemoedig deur die sukses van die eerste koöperatiewe aartappelmeelfabriek is in 1899 die eerste koöperatiewe kartonfabriek opgerig. Hierdie voorbeeld is spoedig nagevolg sodat die kapasiteit van die koöperasies binne enkele jare dieselfde as dié van ander fabrikante was.

Gedurende die eerste wêreldoorlog het die afset veel te wense oorgelaat en toe die pryse van karton na 1918 nog verder gedaal het, het ongeveer twee-derdes van alle fabrieke hul produksie gestaak. Die produsente was swaar getref. So het die lede van een koöperatiewe fabriek byvoorbeeld drie agtereenvolgende jare strooi sonder betaling gelewer en toe is die fabriek met 'n groot tekort gelikwideer. Die vrees vir lidmaatskap wat hierna posgevat het, is egter mettertyd oorwin. Die feit dat die koöperatiewe en ander kartonfabrieke tot 'n vasgestelde prys- en produksiereëling gekom het, het veral hiertoe bygedra. 'n Minimum verkoopsprys is ook vasgestel.

Vandag is daar ongeveer twintig strooikartonfabrieke waarvan 10 koöperatiewe ondernemings is, maar laasgenoemde produseer ongeveer 64 persent van die totale hoeveelheid strooikarton.[1] Al hierdie koöperatiewe fabrieke is lede van die <u>Vereniging van Coöperatieve Strokartonfabrieken.</u> Hierdie vereniging dryf geen handel nie, maar behartig slegs die gemeenskaplike belange van die lede.

### 3.2.7. <u>Koöperatiewe bemarking van aartappels</u>

In Nederland moet ons 'n verskil maak tussen die bemarking van die drie onderskeie hoofsoorte aartappels, naamlik eerstens die bemarking van die aartappels wat bestem is vir gewone verbruik (tafelaartappels), tweedens die bemarking van aartappelmoere, en derdens die aartappels wat geproduseer word vir verwerkingsdoeleindes.

Die bemarking van die aartappels wat bestem is vir gewone verbruik, vind plaas via die koöperasies wat die groente en vrugte hanteer. Ons gaan dus nie nou nader daarop in nie.

Sedert 1932 geskied die inspeksie van sade, onder andere ook dié van aartappelmoere, op 'n gesentraliseerde basis deur 'n nasionale inspeksiediens. Goedgekeurde sade word deur gewone instansies so wel as via koöperasies verkoop. Tans hanteer hierdie spesialiteitskoöperasies onge-

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 2.

veer 40 persent van die afset van aartappelmoere en ongeveer 30 persent van ander sade wat bestem is vir die binneland en die buiteland.

In die noordooste van Nederland, veral in die provinsies Groningen en Drente, leen die grond hom goed vir die kweek van aartappels. Hierdie aartappels is egter vir menslike verbruik in die gewone vorm nie so geskik nie en dit word dus tot aartappelmeel verwerk. Die aartappelverwerkingskoöperasies, of — soos dit algemeen bekend staan — die koöperatiewe aartappelmeelfabrieke, verdien nou spesiale vermelding.

In 1842 is die eerste aartappelmeelfabriek opgerig en hierna het verskeie ander ontstaan.[1] Daar was egter 'n gedurige stryd tussen fabrikante en boere oor die vasstelling van aartappelpryse en oor die wyse van betaling en aflewering. In 1897 verenig die fabrikante hulle in 'n bond, die sogenaamde Eureka-verbond, en besluit op vasgestelde inkooppryse. Dit het die boere verontrus. Die gevolg was dat koöperasie as die redmiddel aangegryp is.

Vir die gesentraliseerde verkoop van aartappelmeel wat deur die koöperasies geproduseer is, is in 1919 die sogenaamde Avébé opgerig. Vandag is ongeveer 85 persent van die koöperatiewe fabrieke hierby aangesluit.

Die Avébé het sy taak nie tot die verkoop van aartappelprodukte beperk nie, maar het ook aan die lede-fabrieke voorligting op tegniese en administratiewe gebied gegee. Die administrasie van die aangeslote fabrieke is op 'n uniforme wyse geplaas, sodat vergelyking van die bedryfsekonomiese resultate moontlik is. Hierdeur kon produksiemetodes steeds verbeter word. Verder sorg dit vir die gesentraliseerde aankope van bedryfsbenodigdhede. Ook word daar gesamentlik oor die dienste van 'n goed toegeruste laboratorium beskik.

Al hierdie genoemde feite het die koöperatiewe aartappelmeelfabrieke in staat gestel om met die nie-koöperatiewe ondernemings mee te ding en laasgenoemde selfs te oortref. So was daar in 1914 reeds twintig sulke koöperasies, wat tesame tweekeer soveel aartappels as die nie-koöperatiewe fabrieke verwerk het.

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 42.

Gedurende die vroeë twintigerjare het die aartappelmeelpryse egter met ongeveer vyftig persent gedaal. Vanselfsprekend het verskillende fabrieke hierdeur in finansiële moeilikhede beland. Gevolglik moes die Coöperatieve Centrale Raiffeisenbank, 'n helpende hand bied, maar ook die lede moes hul aandeel in die verliese dra. As gevolg hiervan is die finansiële basis toe op 'n gesonde voet geplaas, en wel in so 'n mate dat die landboukrisis van die dertigerjare sonder veel moeite deurstaan kon word. Ingevolge die sogenaamde Wet op de Aardappelmoeheid moet produsente tans die produksie van nywerheidsaartappels tot een-derde van die oppervlakte bouland tot beskikking beperk.

Vandag bestaan daar negentien aartappelmeelfabrieke waarvan dertien koöperatief is. Die nie-koöperatiewe fabrieke het hul mettertyd steeds meer begin toelê op die verdere verwerking van aartappelmeel en langsamerhand beweeg die koöperasies ook méer in dié rigting.

3.2.8. Koöperatiewe bemarking van groente, blomme en vrugte

Die afset van hierdie produkte geskied feitlik uitsluitlik deur middel van koöperatiewe veilings. Laasgenoemde kan kortliks soos volg gedefinieer word: 'n veiling is 'n plek waar 'n gekonsentreerde aanbod 'n gekonsentreerde vraag ontmoet en waar die produk by wyse van afslag verkoop word.

Die eerste groenteveiling het in 1887 plaasgevind. Daar word beweer dat 'n sekere persoon die besondere dag met sy skuit vol kool by die plek aangekom het waar hy dit gewoonlik verkoop het.[1] Die bepaalde dag was daar egter 'n buitengewoon groot vraag en hy die enigste aanbieder. Een van die kopers gee toe aan hom die wenk om die kool by wyse van afslag te verkoop, wat hy toe ook gedoen het. Hiermee was die grondslag gelê. Opvallend genoeg, is hierdie voorbeeld egter nie voor 1889 nagevolg nie; hierná het dit toe vinnig uitgebrei. Die eerste vrugteveiling is egter eers in 1903 te Elst gehou.

---

1) Borkhuis, op. cit., p. 56.

(a) Die wyse waarop die veiling werk

Die wyse waarop die veiling werk kan kortliks[1] soos volg beskryf word: die produkte word na lewering gekeur, geklassifiseer en gradeer en volgens klassifikasie van die keurmeester geveil. Die verkoop geskied by wyse van afslag, en 'n elektriese klokstelsel word gebruik.

Die produk of 'n monster daarvan, word aan die potensiële kopers getoon. Elke koper ontvang 'n opgawe wat die beskikbare hoeveelhede en kwaliteite aantoon. Na besigtiging en bestudering, neem die kopers plaas op genommerde sitplekke (elke koper het sy vaste sitplek), wat soos in 'n amfiteater gerangskik is. Die veilingsmeester, 'n personeellid van die veiling, is in beheer van die klok. Hierdie persoon druk dan die knoppie en die wyser van die klok begin antikloksgewys draai en wys dan agtereenvolgens laer pryse aan. As die wyser die prys bereik wat die koper bereid is om te betaal, druk hy op 'n knoppie wat op sy sitplek gemonteer is en wat verbind is met die klok en die toestel van die veilingsmeester of klok-beheerbeampte, en onmiddellik bly die wyser staan. Die persoon wat eerste op sy/haar knoppie druk, is dus die koper. Meningsverskille as gevolg van gelyk bie, is uitgesluit omdat dit tegnies onmoontlik is. Terselfdertyd wys die klok die nommer van die koper aan. Die koper noem dan die hoeveelheid waarin hy belangstel. Afrekening geskied deur die administratiewe kantoor direk na die sluiting van die veiling.

(b) Leweringsplig

In verband hiermee kan slegs gesê word dat feitlik alle groenteveilings die verpligte leweringsklousule in hul statute opgeneem het, dit wil sê dat lede verplig is om al hul produkte deur middel van die veiling te verkoop. By die vrugteveilings is dit egter nie die geval nie, aangesien die veilingsplig nog nie algemeen ingevoer is nie. Wel gaan dit ook hier steeds meer in dié rigting.

(c) Organisasie

Tussen die verskillende plaaslike veilings bestaan

---

1) Vergelyk: Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 13.

daar noue samewerking. Dit was egter eers na 1917 die geval, toe die eerste sentrale op die gebied, die Centraal Bureau voor de Tuinbouw veilingen, opgerig is. Hierin is vandag byna alle veilingskoöperasies verenig. Danksy die strewe na groter doeltreffendheid in die afset van tuinbouprodukte en dus ook vir die belange van sy lede-organisasies, het die Centraal Bureau in 'n steeds toenemende mate die verteenwoordigende organisasie van die groente- en vrugtekwekers geword. So het hy byvoorbeeld ook op regeringsvlak erkenning verkry. Ons dink onder andere aan die feit dat die regering tydens die 1914-1918-oorlog bepaal het dat alleenlik produkte wat op 'n koöperatiewe veiling verkoop is, uitgevoer kon word. [1]

Die veilingswese in Nederland is soos volg georganiseer: Die sowat 64,000 tuiniers is lede van die sowat 133 koöperatiewe groente- en vrugteveilings en die 19 blommeveilings. [2] Hierdie veilings is weer lede van die Centraal Bureau, maar om organisatoriese redes is die plaaslike veilings deur die Centraal Bureau in agt provinsiale organisasies ingedeel. Laasgenoemde het vanselfsprekend die behartiging van spesiale streeksbelange en die aanwysing van direkteure van die Centraal Bureau tot taak.

Die hoofdoel van die koöperatiewe veiling is die behartiging van die belange van sy lede deur die bevordering van die afset van die lede se produkte. Die voordele van die Nederlandse veiling blyk duidelik, veral as daarop gelet word dat 'n gekonsentreerde aanvraag die gekonsentreerde aanbod ontmoet. Deurdat onder andere die wyser van die klok teen 'n redelike hoë spoed beweeg (300 tot 400 transaksies per klok per uur word afgehandel), is die lid verseker van die hoogste prys. Die veilings het ook 'n gunstige uitwerking op die pryse vir lede gehad deurdat van gekwalifiseerde persone gebruik gemaak kon word by kwaliteitskontrole en verpakking. Met die verloop van jare het die veilings egter ook toegetree tot ander terreine, naamlik die verskaffing van verpakkingsmateriaal en opbergingsfasiliteite (koelhuise). Deur die gebruikmaking van laasgenoemde kan die aanbod oor 'n langer tyd versprei word en dit beteken meer stabiele pryse vir lede.

Die veilingswese het egter 'n gunstige uitwerking gehad want deur noukeurige gradering, doelmatige verpakking en behoorlike toesig oor die

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 75.

2) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 3.

kwaliteit, het dit baie bygedra tot kwaliteitsverbetering van die produkte.

Die sterk struktuur moet gesien word teen die agtergrond van vrye prysvorming vir die tuinbou. Dit wil sê dat daar geen owerheidswaarborg vir groente, vrugte en blomme bestaan het nie. Die afwesigheid van enige waarborg - dit is vrywilliglik deur die tuinbouprodusente gekies - was die oorsaak dat die produsente in hierdie sektor na 'n stelsel gesoek het wat tot 'n baie sterk mate pryssekerheid sou gee. Om hierdie rede is die Centraal Bureau opgerig.

Die taak van die Centraal Bureau is, kortliks gestel, 'n afsetbevorderende taak want geen individuele veiling kan die produsent voldoende beskerming bied nie. Die maatreëls wat deur die Centraal Bureau getref is, is van tweërlei aard: Eerstens, maatreëls wat 'n passiewe beskerming beoog, en tweedens maatreëls van aktiewe aard. Tot die passiewe maatreëls kan die minimumprysstelsel, die ontmoediging van stakings, reëlings (boikotte) en kartélvorming van die kant van die kopers en die opstel van 'n betroubare prysberiggewingsdiens gereken word. Tot die aktiewe maatreëls noem ons die bemoeiing met die handelspolitiek, die propaganda vir die verbruik van Nederlandse produkte in binne- en buiteland en die finansiële deelname in uitvoere wat andersins nie sou plaasvind nie, met ander woorde die opening van nuwe afsetmarkte.

Om die voorafgaande doelstellings uit te voer, is vanselfsprekend fondse nodig. So is daar in 1947 besluit tot die vorming van 'n afsetfonds. Hiertoe dra die veilings jaarliks 'n klein persentasie van hul omset by. Uit hierdie fonds word die middele vir reklame, voorligting, deelname aan tentoonstellings in die binne- en buiteland, bevordering van industriële verwerking van groente en vrugte, verskeie proefnemings, en so meer, gefinansier.

In 1948 het die tuinbouveilings nog 'n besluit van verstrekkende betekenis geneem toe vir alle hoofprodukte 'n sogenaamde minimumprys ingestel is. Om hierdie skema te laat slaag, is besluit om 'n heffing op die veilingsomsette te lê ten einde 'n fonds op te bou waaruit toeslae aan produsente betaal kan word op sogenaamde doorgedraaide produkte, naamlik die produkte wat die gestelde minimumprys nie behaal nie en om dié rede uit die mark geneem word. Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie prys laer as produksiekoste gestel is.

### 3.2.9. Diverse afsetköoperasies

Soos begryp kan word, het die boere in Nederland ook op ander gebiede die koöperatiewe organisasievorm aangegryp. Ons staan egter slegs kortliks hierby stil.

(a) Die vlasindustrie

Die belangrikste koöperatiewe vlasfabriek bestaan te Dinteloord en is in 1921 opgerig, nadat die boere die pryse wat hulle vir hul produkte ontvang het in verhouding tot die pryse van die eindprodukte te laag geag het. 'n Bykomstige rede was die feit dat by die gelewerde produk nie voldoende op die kwaliteit gelet is nie.

Aan die begin van 1964 was daar twee koöperatiewe vlasfabrieke wat 14% van die totale hoeveelheid verwerkte vlas hanteer het.[1)]

(b) Koöperasies vir die droging van gras

Net voor die tweede wêreldoorlog het proefnemings daarop gedui dat kunsmatig-gedroogde gras 'n hoër voedingswaarde as die natuurlike gedroogde gras, besit. Toe dit blyk dat individuele persone nie die inisiatief wou neem nie, is verskillende koöperasies hiervoor opgerig.

Dit is interessant om daarop te let dat organisasies op die gebied van die koöperatiewe suiwelindustrie finansiële waarborg aan die koöperatiewe grasdrogingsindustrieë gegee het. Dit is gedoen omdat hulle belang gehad het by die rasionele voeding van die vee met die oog op die kwaliteit van die melk. Al 34 koöperasies op hierdie gebied is lede van die Vereniging tot behartiging van Coöperatieve grasdrogerijen in Nederland. Ongeveer 62 persent[2)] van die produksie van kunsmatig-gedroogde gras word deur die koöperasies gedoen.

(c) Die koöperatiewe afset van graan en peulvrugte

Die afset van grane geskied slegs op betreklik beperkte skaal langs koöperatiewe weg. Tog het die betekenis daarvan steeds toegeneem. Die eerste poging in hierdie geval is in 1893 te Groningen onderneem, toe die Coöperatieve Landbouwvereeniging opgerig is. Die doel hiervan was om die misverstande wat in die graanhandel voorgekom het te

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 2.

2) Ibid., p. 3.

bestry.[1] Dit het nie veel byval gevind nie en gevolglik is hierdie koöperasie in 1902 met 'n tekort gelikwideer. In 1917 is die Groninger Zaaizaad Vereeniging, wat ook ten doel gehad het om die afset van saad en ander erkende produkte koöperatief in beter bane te lei, opgerig. Die omvang van hierdie poging het eweneens klein gebly.

Sedertdien het 'n nuwe ontwikkeling ontstaan deurdat die graanprodusente mettertyd verkies het om die graan wat hulle geproduseer het, aan daardie koöperasie te lewer waar hy sy benodigdhede, en veral sy veevoer, aankoop. Gevolglik is graan aan sekere aankoopkoöperasies verkoop. Die aankoopkoöperasie koop dus die graan, verwerk en meng dit ten einde veevoer aan boere te verkoop. Enkele van hierdie koöperasies is ook lede van die Centraal Bureau.

3.3. Die diensverlenende koöperasies

3.3.1. Die landboukredietkoöperasies

Teen die einde van die negentiende eeu het die Nederlandse regering, na bevindings van 'n kommissie van ondersoek, hulle steun toegesê aan die oprigting van 'n landboubank. Dit het daartoe aanleiding gegee dat 'n hele aantal lokale banke op dieselfde basis as die Duitse Darlehenkasse volgens die Raiffeisen-stelsel, opgerig is. Dit is gevolg deur die oprigting van twee sentrale instellings (twee as gevolg van 'n meningsverskil tussen die oprigters), te wete die Coöperatieve Centrale Boerenleenbank te Eindhoven en die Coöperatieve Centrale Raiffeisen Bank te Utrecht. Hierdie sentrales het in 1948 'n gemeenskaplike bankkantoor opgerig.

Tans is daar ongeveer 1,300 lokale landboubanke met die twee sentrale banke geaffilieer.[2] Die aantal individuele lede kom op 481,000 te staan, terwyl die koöperasies 40% van alle spaargeld hanteer.[3] Hierdie banke het almal deur middel van private inisiatief tot stand gekom. Die staat het aan die beginstadium slegs die oprigtingskoste van die banke asook die toesighoudende koste van die sentrale banke gesubsidieer.

---

1) Groesen, V.R.Y. Geschiedenis van die ontwikkeling van de Nederlandsche Zuivelbereiding, p. 170; en
Van Stuijvenberg, J.H., op. cit., p. 54.

2) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 2.

3) Ibid.

Die volgende punte is van belang ten opsigte van die funksionering van die stelsel:

(a) Die lede en ander persone voorsien die fondse wat nodig is vir die verlening van krediet aan lede.

(b) Die lokale landboubanke voorsien veral in die kort- en medium-termyn-kredietbehoeftes van die boere.

(c) Die sentrale banke is hoofsaaklik korttermyn-kredietinstellings en mobiliseer die fondse van die lokale banke en doen alleen langtermyn-finansiering vir sover hulle deur middel van deposito-obligasies langtermyn fondse uit die ope mark trek.

(d) Lokale banke is nie takke van die sentrale bank nie, maar heeltemal onafhanklike instellings wat slegs onder toesig van die sentrale bank staan.

(e) Al hierdie banke funksioneer as koöperasies en werk op 'n basis van onbeperkte aanspreeklikheid van lede.

(f) Die banke het geen aandelekapitaal nie en slegs 'n klein bedrag lidmaatskapsgeld moet by toetrede betaal word.

(g) Private persone sowel as ondernemings kan lede word mits hulle binne die gebied woon of funksioneer waarin die bank sake doen.

(h) Die hoogste gesag van die instelling is die algemene vergadering waarop elke lid een stem het en wat belas is met die verkiesing van

- (i) 'n raad van direkteure en
- (ii) 'n raad van toesighouers.

Die raad van direkteure stel 'n kassier aan wat as bestuurder optree. Hy ontvang 'n vaste salaris. Die direkteure en toesighouers ontvang geen vergoeding nie en moet self lede van die banke wees (met onbeperkte aanspreeklikheid).

(i) Geen bonusse of winsdeling word toegelaat nie en winste word op reserwe geplaas.

(j) Die doel van die instellings is die verbetering en instandhouding van landbou-ondernemings en die bevordering van die finansiële belange van hul lede. Hierdie doelstellings word nagestreef deur:

- (i) die toestaan van lopende rekeningkrediete,
- (ii) die aanmoediging van besparings, en

(iii) die verrigting van ander diverse bankfunksies in beperkte omvang, soos deur hulle aktes van oprigting omskryf.

Die sukses van hierdie instellings kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat hulle oor 'n baie klein geografiese gebied optree waar die lede mekaar goed ken en dat hulle slegs met lede handel. Vir lenings word kollaterale sowel as persoonlike sekuriteit aanvaar.

(k) 'n Grens vir die omvang van kredietverlening aan 'n individu word gestel en mag alleen met goedkeuring van die sentrale bank oorskry word.

(l) Wanneer die banke spesiale lenings moet toestaan wat nie ten volle gedek is nie, word hierdie lenings gewaarborg deur verskillende fondse, onder andere deur 'n waarborgfonds van die sentrale bank, 'n waarborgfonds van die staat en 'n waarborgfonds van die plaaslike munisipaliteit.

(m) Die omvang van die banke varieer aansienlik. Sommige van die banke het goed toegeruste persele en is daagliks oop vir sake; ander is in die huis van die kassier gevestig en is slegs een- of tweekeer per week 'n paar uur oop.

Die sentrale banke tree as koördinerende en toesighoudende instellings op. Hierdie banke is koöperatiewe verenigings met beperkte aanspreeklikheid. Hul lede bestaan uit die lokale banke. Die hoeveelheid aandele wat elke lokale bank moet opneem, varieer volgens hul balansstaattotale en volgens hul lenings by die sentrale banke.

Die bestuur van die sentrale banke is dieselfde as dié van die lokale banke. Hierdie instellings is verantwoordelik vir die beleggings van surplusfondse van die lokale banke. Afgesien van die verlening van krediete aan die lokale banke, is die sentrale banke ook verantwoordelik vir die handhawing van die likwiede posisies van sy affiliasies.

'n Uniforme stelsel van boekhouding word vir die lokale banke voorgeskryf. Verder het die sentrale banke 'n personeel van reisende ouditeure wat die lokale banke periodiek besoek. Sentrale banke tree ook in adviserende hoedanigheid op ten opsigte van die lokale banke. [1]

---

1) Vergelyk: Coöperatieve Centrale Boerenleenbank Eindhoven. Het Landbouwkrediet in Nederland. Samevatting van het rapport van de Commissie Landbouwkrediet, 1960.

3.3.2. Die koöperatiewe versekeringsinstellings

In Nederland bestaan 'n groot aantal onderlinge schadeverzekeringsmaatschappijen wat op koöperatiewe grondslag sake doen. Die koöperasies het veral toepassing gevind op die terrein van brand-, haelskade en verliese deur veevrektes veroorsaak.

Verder bestaan daar tans ongeveer 250 onderlinge brandwaarborgsmaatschappijen; sowat 20 onderlinge hagelverzekeringsmaatschappijen en meer as 1,000 onderlinge paarden- en veefondsen. Ongeveer 180 van eersgenoemde maatskappye is in die Federatie van Onderlinge Brandwaarborgmaatschappijen en ander onderlinge schadeverzekeringsmaatschappijen in Nederland, te Den haag georganiseer. Dertien van die 20 haelversekeringsmaatskappye is lid van die Federale en so ook 'n groot aantal van die sogenaamde veefondse.

Van die lewensversekeringsmaatskappye wat op koöperatiewe grondslag werk is veral die Coöperatief Verzekeringsfonds, en die Onderling Boerenverzekeringsfonds, beide te Leeuwarden, van betekenis. Eersgenoemde verseker in hoofsaak ouderdoms-, weduwee- en weespensioen vir die personeel van koöperasies. Die Onderling Boerenverzekeringsfonds sluit versekerings ten behoewe van lede vir die oudag of gesinsversorging, deur bemiddeling van koöperasies. Wat die koöperatiewe versekering op Katolieke terrein betref, bestaan daar die onderlinge waarborgmaatskappye van die vier gewestelike Katolieke landbou-organisasies, waar die lede van hierdie organisasies met al hul versekeringsake tereg kom.

3.3.3. Diverse koöperasies

Verskeie ander organisasies wat op koöperatiewe basis diens verleen, bestaan in Nederland. Op almal word hier nie ingegaan nie, maar alleen op die Landbou-werktuigkoöperasies, die Landbou-boekhouburo's en die Kunsmatige-inseminasiekoöperasies.

(a) Landbouwwerktuigencoöperaties

Voor 1940 het 'n mens, veral in die noorde en ooste van die land, uitsluitend koöperatiewe dorsverenigings geken. Hiernaas het die gesamentlike gebruik van masjiene en werktuie deur kleingroepies boere voorgekom. Tot 1948 het daar ongeveer 200 van hierdie verenigings bestaan,

tans staan die getal op 400.[1] Die grootste deel van hierdie verenigings is via streeksorganisasies by die Federatie van Land- en Tuinbouwwerktuigen Exploiterende Coöperaties, te Eefde, aangesluit. Die koöperasies se aandeel in die totale loonwerk wat in die landbou verrig word, is 10%.[2]

Volledigheidshalwe moet ook gemeld word dat baie aan- en verkoopkoöperasies hulle besig hou met die tot beskikking stelling van landbouwerktuie.

(b) Landbouwboekhoudbureaus

Hierdie koöperasies versorg die boekhouding vir hul lede en help hulle met moeilikhede op die gebied van administrasie en belasting. Dit verskaf ook bedryfsekonomiese voorligting, waaraan daar veral die afgelope jare 'n behoefte was. Dit geskied in samewerking met die land- en tuinbouskole en die departementele landbou- en tuinbouvoorligtingsdiens.

Tans bestaan daar in Nederland agtien van hierdie buro's en die ledetal kom op ongeveer 58,000 te staan, terwyl hulle die diens vir ongeveer 32% van die boere wat daarvoor kwalifiseer, verrig.[3]

(c) Koöperatiewe Verenigings vir Kunsmatige Inseminasie

Die kunsmatige inseminasiekoöperasies het net na 1945 ontstaan. In enkele gebiede is tydens die oorlog al kunsmatige inseminasie toegepas, maar op 'n baie beperkte skaal. Op die oomblik is daar 122 van hierdie koöperasies vir koeie en 25 vir varke, met 'n totale individuele ledetal van ongeveer 140,000.[4] Hierdie koöperasies doen alle kunsmatige inseminasie van koeie en varke.[5]

Hiermee sluit ons die oorsig van die ontwikkeling van die landboukoöperasies in die verskillende sektore af.

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 3.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Ibid.

## 4. Die Wet op de Coöperatieve Verenigingen 1925

Die eerste koöperasies is onder 'n spesiale wet van 1855 geregistreer. In 1874 is registrasie egter vir die statuut van 'n kredietvereniging op koöperatiewe grondslag geweier. Die destydse Minister was naamlik van mening dat 'n koöperatiewe onderneming nie onder die wet van 1855 kon val nie, omdat laasgenoemde wet alleen vir verenigings met nie-materiële doeleindes bedoel was. Dit het daartoe gelei dat die Wet tot Regeling der Coöperatieve Vereenigingen in 1876 deurgevoer is. Hierdie wet het byna 'n halwe eeu lank die grondslag vir die koöperasies in Nederland gevorm. In 1925 is dit deur die volgende koöperatiewe wet vervang, sonder dat die hoofgedagte verander is. Sedertdien is die 1925-wet by geleenthede gewysig.[1)]

'n Opsomming van die wet is vir ons doel noodsaaklik, aangesien die 1925-wet sy stempel op die koöperatiewe beweging gelaat het. Ons wil kortliks daarby stilstaan.

Heel aan die begin gee die wet[2)] 'n definisie van 'n koöperasie, wanneer daar geskryf word dat onder die begrip koöperatiewe vereniging 'n vereniging van persone verstaan word, waar die toe- en uittrede van lede toegelaat word en wat die bevordering van die stoflike belange van lede ten doel het.[3)]

Die wet stel dit verder duidelik dat 'n vereniging wat aan die voormelde vereistes voldoen, sy karakter nie verloor nie, indien die vereniging statutêr by magte is om sy aktiwiteite tot derde persone uit te brei, of indien naas stoflike ook ander belange behartig word.[4)]

Die aanspreeklikheid van die lede word met die letters W.A. (wetlike aanspreeklikheid) aangedui, indien die statuut geen voorskrifte in verband met aanspreeklikheid gee nie; met die letters G.A. (gewysigde aanspreeklikheid) indien die statuut wel 'n wysiging bevat, en U.A. indien die aanspreeklikheid kragtens die statuut uitgesluit is.[5)]

---

1) Vergelyk: Meerburg, O. Gezelle e.a. De Wet op de Coöperatieve Vereenigingen, 1925; en
Minderhoud, G. Landbouw-coöperaties ... op. cit., p. 7 tot 25.

2) Wet beteken die Wet op de Coöperatieve Vereenigingen, 1925.

3) Artikel 1 van die wet.

4) Ibid.

5) Artikel 3 van die wet.

Dit is ook interessant dat, behoudens in telegramme, die koöperasie wetlik verplig is om sy naam volledig te vermeld.[1] Verder moet die naam van 'n koöperatiewe vereniging 'n aanwysing van die doel en die woord koöperatief of een of ander vorm daarvan bevat en moet dit die aanspreeklikheid van die lede aandui.[2]

In artikel 5 van die wet word bepaal dàt "de akte van oprigting der coöperatieve vereeniging, welke hare statuten moet bevatten, en de akte waarbij de statuten worden gewijzigd, worden notarieel verleden in de Nederlandsche taal". Verder bepaal artikel 5 van die wet dat die statuut die volgende inligting moet bevat:-

(a) die naam en vestigingsplek,
(b) die aard van die bedryf wat uitgeoefen sal word,
(c) die aanspreeklikheid van lede,
(d) voorskrifte in verband met moontlike wysigings daarvan.

Die direksie van 'n koöperasie is ook verplig om te sorg vir die bekendstelling van die akte van oprigting en wysigings van die statuut in die Staatskoerant.[3] Die wet bepaal ook duidelik dat die direksie afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik is vir die handelings in naam van die koöperasie deur hulle of op hulle bevele, wat verrig word voordat die akte van oprigting openbaar gemaak is en die onderneming in die handelsregister ingeskryf is.[4]

In artikel 9 van die wet word bepaal dat waar die statuut niks anders bepaal nie, die lidmaatskap persoonlik is. Volgens die wet moet die aansoek om lidmaatskap en die mededeling aan die applikant dat sy aansoek geslaagd was of nie skriftelik geskied.[5] Voorsiening vir appèl by die algemene vergadering is ook gemaak.[6] Behoorlike lidmaatskapsregisters moet gehou word en alle stukke in hierdie verband is van seëlreg vrygestel.

Met behoud van die vryheid van uittrede, kan kragtens artikel 12 van

---

1) Artikel 3 van die wet.

2) Ibid.

3) Artikel 7 van die wet.

4) Ibid.

5) Artikel 11 van die wet.

6) Ibid.

die wet, sekere voorwaardes aan uittrede gekoppel word. 'n Lid kan slegs teen die einde van die boekjaar bedank, en in die statuut kan bepalings in dié verband ingesluit word. Ontvangs van 'n bedanking moet skriftelik deur die direksie erken word. Hierdie stukke is ook van seëlreg vrygestel.

In artikel 15 van die wet word voorsiening vir die uitsetting van lede gemaak en wel vir die volgende gevalle: wanneer die lid in stryd met die statuut gehandel het, of wanneer hy opsetlik die koöperasie benadeel. Die lid mag hom op die algemene vergadering beroep. Artikel 16 van die wet bepaal dat die direksie moet toesien dat noukeurig boek gehou word.

In die geval van insolvensie is alle lede en hulle wat lid was gedurende die voorafgaande boekjaar vir gelyke dele van die tekort aanspreeklik.[1] In die statuut kan egter bepaal word dat die aanspreeklikheid van lede vir die verbintenisse van die koöperasie uitgesluit is.[2]

Artikel 19 van die wet bepaal dat die direksie by die oprigting van 'n koöperasie en aan die begin van elke boekjaar 'n ledelys, waarop die woonplek van die lid gemeld is, moet opstel. 'n Gewaarmerkte afskrif van die eerste ledelys en van enige wysiging in dié ledelys moet verder ter insae in die kantoor van die handelsregistrateur lê.

Die wet maak ook voorsiening dat 'n lid meer as een stem op die algemene vergadering kan hê, mits die statuut dit bepaal, maar indien die statuut niks anders bepaal nie, het elke lid slegs een stem.[3]

Indien daar meer as tweehonderd lede is, kan in die statuut bepaal word dat die algemene vergadering 'n lederaad van minstens twintig lede kan aanwys.[4] In die statuut moet bepaal word hoe die verkiesing van die lederaad sal plaasvind. Op skriftelike versoek van minstens een-vyfde van die lede of een-vyfde van die lederaad word 'n algemene vergadering byeengeroep.[5]

---

1) Artikel 17 van die wet.

2) Artikel 18 van die wet.

3) Artikel 21 van die wet.

4) Artikel 22 van die wet.

5) Artikel 24 van die wet.

In artikel 25 van die wet word die wyse en prosedure wat gevolg moet word by 'n wysiging van 'n statuut, bepaal.

Die direksie word deur die algemene vergadering verkies, maar die statuut kan 'n ander wyse van benoeming, mits dit deur die lede geskied, voorskryf.[1] Dieselfde geld ook vir die benoeming van kommissarisse.

Word die toesig oor die beheer van die koöperasie nie in die statuut voorgeskryf nie, dan benoem die algemene vergadering jaarliks 'n kommissie van drie lede, wat nie deel van die direksie mag uitmaak nie, om beheer uit te oefen.[2] Hierdie kommissie het die reg tot koöptasie. Die lede van die bestuur en die kommissarisse kan ten alle tye deur die algemene vergadering ontslaan word.[3]

Kragtens artikel 30 van die wet moet die direksie ook binne ses maande na die einde van die boekjaar op 'n algemene jaarvergadering verslag doen en die finale rekenings moet verder ter insae in die kantoor van die handelsregistrateur lê.

In artikel 34 van die wet word bepaal dat die koöperasie ontbind:-

(a) wanneer die tyd waarvoor dit opgerig is verstreke is;

(b) deur 'n besluit van die algemene vergadering;

(c) deur insolvensie.

5. <u>Die eksterne organisasie van die landboukoöperasies</u>

In Nederland het die woord <u>koöperasie</u> 'n bekende klank geword. Dit is veral die geval op die platteland. Van die sowat 5,000 wetlik geregistreerde koöperasies wat daar op 1 Januarie 1964 bestaan het, was meer as 3,200 koöperasies deur landbouers opgerig.[4]

Die koöperatiewe struktuur, gesien binne die algemene landboustruktuur, is egter moeilik te begryp, aangesien daar weinig uniformiteit bestaan. Een van die faktore wat die prentjie so ingewikkeld maak, is die rol wat die geloofsoortuiging in die landbou-organisasie in Nederland gespeel het.[5]

---

1) Artikel 26 van die wet.

2) Artikel 27 van die wet.

3) Artikel 28 van die wet.

4) Nationale Coöperatieve Raad. Coöperatie in Nederland, p. 2.

5) In hoofstukke VI en VII sal nader op die aangeleentheid ingegaan word.

Uit die behandeling tot sover blyk dàt koöperasies deur verskillende groepe mense met dieselfde of verskillende lewensfilosofie opgerig is. Dit het die verdere koöperatiewe ontwikkeling beïnvloed, soos byvoorbeeld by die organisasie van die kredietkoöperasies. 'n Mens vind hier twee sentrale banke (die van Eindhoven en die van Utrecht), waarvan een die verteenwoordiger van 'n groot aantal plaaslike boereleenbanke is en waaraan net Rooms-Katoliekgesinde boere behoort, terwyl die ander 'n meer algemene karakter dra. Dit is ook so in die geval van die aankoopkoöperasies en die vleisbemarkingskoöperasies. Dit is egter opvallend dat hierdie verskynsel nie in elke sektor gevind word nie. Dit word byvoorbeeld nie by die suiwelindustrie aangetref nie.

Die lede van die landboukoöperasies in Nederland kan dus in twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik die Katolieke en die nie-Katolieke boere en tuiniers. Tog vind 'n mens ook vorme van samewerking tussen die sentrale koöperasies op sekere gebiede,soos byvoorbeeld op die terrein van vee en insektemiddels.

Ons volstaan met die algemene opmerking dat die nie-Katolieke koöperasies hulle slegs op die materiële belange van hul lede toelê, terwyl die Katolieke koöperasies ook die godsdienstige, sedelike, maatskaplike en materiële belange op die hart dra. Om 'n algemene oorsig van die koöperatiewe organisasie in Nederland te kry, word na die skematiese voorstelling verwys.[1)]

Dit is ook nodig om een en ander oor die <u>Nationale Coöperatieve Raad</u> te sê. Voor 1934 was daar geen organisasie in Nederland wat alomverteenwoordigend van die koöperatiewe beweging in Nederland was nie. Daar was vermoedelik geen werklike behoefte aan so 'n liggaam nie. 'n Verdere rede is dàt die owerheid tot op daardie stadium 'n passiewe ekonomiese beleid gevolg het. Met die moeilike vroeë dertigerjare is die aandag op die probleme wat die koöperasies in gemeen gehad het, gevestig. Die behoefte aan regstreekse kontak het steeds groter geword en dit het tot die totstandkoming van die <u>Nationale Coöperatieve Raad</u> in 1934 gelei. Dit het veral op aandrang van die sentrale organisasies van die landbou-aankoopkoöperasies, die boereleenbanke, maar ook van die verbruikskoöperasies plaasgevind. Alle sentrale

---

1) Aanhangsel III.

koöperasies is tans met hierdie Raad geaffilieer. Die belangrikste doelstelling van die Nationale Coöperatieve Raad is om die koöperatiewe gedagte te versprei, te verdedig en die koöperatiewe beweging te verteenwoordig.

Ten slotte moet die aandag gevestig word op die moontlikhede wat gebied is aan koöperasies om geskoolde en gespesialiseerde personeel te kry. So gee die Rijkzuivelscholen goeie vooropleiding vir byvoorbeeld bestuurders van suiwelfabrieke. Verder het 'n groep aankoopkoöperasies begin om kursusse te reël en eksamens af te neem. As laaste voorbeeld noem ons die samewerking wat daar tussen die Centraal Bureau en die Centrale der Nederlandse Verbruikscoöperaties in verband met opleiding van personeel bestaan.

## 6. Die interne organisasie van die landboukoöperasies

### 6.1. Inleiding

Die interne organisasie van 'n koöperasie hang tot 'n groot mate af van die bepalings van die statuut. Ons bedoeling is nie om vervolgens 'n beskrywing te gee van die punte wat in die statuut vervat behoort te wees nie, maar ons sal slegs op sekere kernpunte let.

### 6.2. Toe- en uittrede

Die koöperatiewe beweging in Nederland word oor die algemeen gekenmerk deur die toepassing van die beginsel van vryheid dit wil sê die vryheid om toe te tree tot die koöperasie of om daaruit te tree. Hierdie vryheid is dan ook duidelik en met nadruk vervat in die Nederlandse Koöperatiewe Wet, [1] hoewel die moontlikheid om sekere voorwaardes vir toe- en uittrede te stel nie uitgesluit is nie. So bepaal die wet[2] dat, indien die statuut dit nie anders bepaal nie, oor die toelating van 'n nuwe lid deur die bestuur (in Suid-Afrika die direksie) beslis word en dat die applikant, indien hy afgewys word, binne 'n maand na die skriftelike mededeling van afwysing die reg het om hom op die algemene vergadering te beroep.[3]

Wat die vryheid van uittrede betref, kan voorwaardes ook in die statuut neergelê word in belang van die koöperasie en dus van die mede-lede.

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. The coöperatieve movement in the Netherlands, p. 72.

2) Wet op de Coöperatieve Verenigingen, 1925.

3) Artikel 11 van die wet.

Die opsegging van die lidmaatskap kan alleen aan die einde van die boekjaar geskied.[1] Wanneer in die statuut geen termyn vir die opsegging ingesluit is nie, kan dit alleen geskied met inagneming van 'n termyn van ten minste vier weke. Dieselfde voorwaardes is van toepassing wanneer die opsegging van lidmaatskap geskied kragtens 'n besluit van die algemene vergadering.[2] Artikel 9 bepaal dat indien die statuut dit nie anders neerlê nie, lidmaatskap persoonlik is.

6.3. Verkeer met nie-lede

Artikel 1(2) van die Nederlandse Koöperatiewe Wet stel dit duidelik dat indien die statuut daarvoor voorsiening maak, die koöperasie ook sake met nie-lede mag doen. Prinsipieel staan die meeste lede skepties hierteenoor, maar daar was tog gevalle waar die praktyk sterker was as die teorie.

Verskeie koöperasies het hul sake tot nie-lede uitgebrei. Minderhoud[3] voer as rede hiervoor aan dat daardeur voorkom word dat 'n mededinger (hetsy 'n nie-koöperatiewe onderneming of 'n susterkoöperasie) die betrokke persoon as klant kry. Minderhoud[3] toon selfs aan dat in sommige gevalle lede van koöperasies probeer het om aan die koöperasie doelbewus 'n spekulatiewe karakter te gee. Dit het veral voorgekom by koöperatiewe industrieë en die moderne bedrywe en tegnieke met die groter kapasiteit het die gebruik laat toeneem.

6.4. Finansiering, aanspreeklikheid en stemreg

6.4.1. Finansiering

'n Groot aantal koöperasies is in die lewe geroep sonder dat lede geld moes stort. Die verklaring hiervoor kan wees dat dit doelbewus agterweë gelaat is om die boere gemakliker tot die koöperasie te laat toetree. Die koöperasie het dan die benodigde kapitaal van buitestaanders geleen. Sommige koöperasies het in hul statuut bepalings in verband met die vorming van ledekapitaal ingesluit, dit wil sê dat daar byvoorbeeld van die pryse wat die lid moes ontvang 'n kommissie agtergehou is ter finansiering van die onderneming. As voorbeeld kan genoem word dat die Coöperatieve

---

1) Artikel 12 van die wet.

2) Artikel 14 van die wet.

3) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 152.

Melk Centrale met behulp van ledekapitaal in 'n gesonde finansiële posisie verkeer. Oor die algemeen het die lede nie die belangrikheid van hierdie wyse van finansiering voldoende besef nie.

Om laasgenoemde rede het ánder koöperasies, en dan het ons veral die fabrieke in gedagte, die probleem opgelos met twee ander bepalings, naamlik: eerstens moes die lede die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid aanvaar, en tweedens is die beginsel van verpligte lewering aan die koöperasie op die lede gelê. Met hierdie bepalings as sekuriteit kon die koöperasie dan voldoende kapitaal leen.

In enkele gevalle (by die suikerfabrieke) is die finansieringsprobleem op 'n ander wyse aangepak en wel op 'n aandelebeginsel. Kortliks het dit daarop neergekom dat die aantal aandele wat deur die lid gehou moes word, bepaal is deur die aantal akkers wat die lid wou gebruik vir die produksie van die betrokke grondstof. By ander koöperasies is weer die bepaling ingelyf dat 'n lid alleen kon uittree indien hy, met die toestemming van die Raad, sy aandele en verpligtings aan 'n volgende oordra. Dit het by die aartappelmeel- en strooikartonfabrieke gebeur. Sommige koöperasies het egter so eenvoudig begin dat hulle aanvanklik geen behoefte aan kapitaal gehad het nie - die sogenaamde bestelverenigings. Laastens wys ons ook daarop dat die boereleenbanke 'n belangrike rol in die kredietvoorsiening aan koöperasies gespeel het.[1]

Wat die afskrywing en reservering betref, kan in die algemeen gemeld word dat daar voor 1920 deur 'n groot deel van die koöperasies weinig gereserveer en/of afgeskryf is. Dit is nagelaat òf omdat die nut daarvan nie besef is nie òf om lede nie af te skrik nie. Minderhoud[2] beweer egter dat daar op die oomblik voldoende afgeskryf word. Ons gaan nie nader op dié aangeleentheid in nie.

6.4.2. Aanspreeklikheid

Die meeste koöperasies het sonder eie kapitaal met hul werksaamhede begin. Die kapitaal moes dus geleen word en dit het beteken dat die persone wat aan die leiding gestaan het, soms in hul persoonlike

1) De Regt, J.T.P. Handleiding voor de financiering van coöperatieve aan- en verkoopverenigingen, p. 29.

2) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 155.

hoedanigheid moes borg staan. Langsamerhand het die oortuiging egter by die plattelandse banke en geldskieters begin posvat dat 'n goed gereelde aanspreeklikheid van die lede vir die verbintenisse van die koöperasie, 'n goeie kredietwaardigheid aan hulle verleen. Kapitaal kon eintlik maklik verkry word indien die lede die onbeperkte aanspreeklikheidsbeginsel aanvaar het.

Die gevolge het nie uitgebly nie soos blyk uit die geskiedenis van die landboukoöperasies. Dit het ook gebeur dat enkele koöperasies met groot tekorte gelikwideer het, wat die lede baie moeilik of glad nie kon inbetaal nie.

Artikel 3(1) van die Nederlandse Koöperatiewe Wet bepaal dat in die naam van die koöperasie die wyse waarop die aanspreeklikheid van die lede vir die verbintenisse van hul vereniging gereël is, vervat moet wees. Die lede kan dus self besluit oor hul aanspreeklikheid. Die wet self gee in artikel 17 'n basis vir die reëling van die aanspreeklikheid. Dit kom kortliks daarop neer dat die lede, gesamentlik en afsonderlik, vir gelyke dele van 'n moontlike tekort aanspreeklik is.

6.4.3. Stemreg

Artikel 21 van die Nederlandse Koöperatiewe Wet bepaal dat indien die statuut dit nie anders voorskryf nie, elke lid net een stem besit. Dit maak dus voorsiening dat 'n lid meer as een stem kan hê. Vandag is die toestand sodanig dat in baie statute die stemreg so gereël is dat diegene wat baie sake met die koöperasie doen, 'n groter stemkrag besit as die lede wat minder met die koöperasie handel.

6.5. Beheer en toesig

Solank die koöperasies in hul kinderskoene gestaan het, was dit gewoonlik een van die stigterslede wat self die sake van die verenigings bestuur het. Alle sake van betekenis is egter op ledevergaderings behandel. Namate die aktiwiteite uitgebrei het, moes die lede daaraan gewoond raak dat 'n deel van hul seggenskap oorgedra word aan 'n groepie verantwoordelike persone. (In Nederland word dit 'n bestuur genoem en in Suid-Afrika 'n raad van direkteure.) Hierdie persone moes onder andere die beleid in breë trekke neerlê, maar spoedig het dit geblyk dat hierdie persone nie die nodige tyd en kennis besit om die daaglikse bestuur waar te neem nie. Skoorvoetend is toe oorgegaan tot die benoeming van 'n amptenaar (kassier, beheerder, administrateur, direkteur, sekretaris of bestuurder) wat verantwoordelik sou wees vir die

daaglikse bestuur. Dit het nie sonder probleme ontwikkel nie, en Minderhoud[1] sê dat skade en skande daartoe aanleiding gegee het dat 'n behoorlike verdeling van bevoegdhede en verantwoordelikhede 'n dringende noodsaaklikheid geword het.

Artikel 26 van die Nederlandse Koöperatiewe wet bepaal dat die algemene vergadering, tensy die statuut dit anders bepaal, vyf persone moet benoem wat die bestuur sal waarneem. Artikel 22 lê weer neer dat indien die koöperasie meer as tweehonderd lede het, die statuut kan bepaal dat die algemene vergadering sal bestaan uit 'n raad van ten minste twintig lede wat deur die lede gekies word. Dié het geen bepaling oor die samestelling van die raad nie. Baie groot koöperasies in Nederland maak egter nie van hierdie moontlikheid van 'n sogenaamde lederaad gebruik nie, maar gee voorkeur aan 'n algemene vergadering. Reekse algemene vergaderings word ook gehou. Artikel 23 van die wet bepaal dat, tensy die statuut dit anders neerlê die voorsitter van die direksie of sy plaasvervanger optree as voorsitter tydens 'n algemene vergadering. Vandaar dat by sommige koöperasies die voorsitter van die direksie as voorsitter van die algemene vergadering optree, terwyl dit by ander koöperasies die voorsitter van die sogenaamde raad van toesig is, wat leiding aan die algemene vergadering gee.

In artikel 27 van die wet word neergelê dat indien die toesig op die beheer van die koöperasie nie in die statuut bepaal is nie, die algemene vergadering jaarliks 'n kommissie van drie lede benoem, wat geen deel van die direksie mag uitmaak nie, om verantwoording by wyse van 'n verslag aan die algemene vergadering te doen oor die sake en bestuur van die koöperasie. Hierdie kommissie of raad van toesig het insae in alles en is verder kragtens artikel 27(3) van die wet bevoeg om hoogstens twee deskundiges, op koste van die koöperasie te kry om hul by te staan.

Wat die dienstermyn van die direkteure betref, is dit in Nederland gebruiklik dat die direkteure uittree volgens 'n voorafbepaalde rooster. Die wet bevat in hierdie verband geen bepaling nie. In die wet word ook geen melding gemaak van 'n ouderdomsgrens vir direkteure nie. Tog word 'n grens van sewentig jaar soms gestel. Wat die vergoeding aan direkteure betref, maak die wet ook geen melding nie. Aanvanklik, en solank

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 163.

die werksaamhede van die koöperasie beperk was, was dit geen probleem nie omdat dit 'n ereposisie was.

Namate die koöperasies se aktiwiteite uitgebrei het en die eise wat aan direkteure gestel is belangriker geword het, is 'n begin gemaak met die betaling van 'n nominale bywoningsfooi. In baie gevalle word tans bo-en-behalwe die nominale vergoeding of in plaas van hierdie vergoeding, 'n vergoeding aan die einde van die jaar aan die direkteure betaal. As gevolg van die bykomende pligte wat op die voorsitter rus, ontvang hy 'n bietjie meer as die ander.

Artikel 29 van die Nederlandse Koöperatiewe Wet lê neer dat die direksie die koöperasie verteenwoordig en dat in die statuut bepaal kan word dat een of meer lede van die direksie namens die koöperasie kan optree en teken.

Kragtens artikel 30 van die Nederlandse koöperatiewe Wet moet die direksie binne ses maande na afloop van die boekjaar aan die algemene jaarvergadering verslag doen, terwyl elke direkteur aanspreeklik gehou kan word indien versuim om op te tree teen hom bewys kan word, ingevolge artikels 31 en 32 van die wet. Hierdie bepalings is ook kragtens artikel 33 van die wet op die raad van toesig van toepassing.

Wat die wysiging van die statuut en die hou van algemene vergaderings betref, bepaal artikel 25 van die wet dat die statuut slegs gewysig kan word wanneer daar deeglik van die voorgenome wysiging en vergadering kennis gegee is, terwyl artikel 24 van die wet neerlê dat 'n algemene vergadering belê moet word op skriftelike versoek van ten minste een-vyfde van die lede, of as daar 'n lederaad is, een-vyfde van die lede van die raad.

6.6. <u>Koöperasies met enkel- of meervoudige funksies</u>

Uit die voorgaande is dit reeds duidelik dat die gespesialiseerde koöperasie in die reël bo dié met veelvoudige funksies in Nederland, verkies is. Die vernaamste rede van hierdie ontwikkeling is in die spontane oprigting van die oorspronklike koöperasies geleë. Toe die koöperasie eenkeer op hierdie wyse (gespesialiseerd) ontstaan het, en dit geblyk het 'n sukses te wees, is die voorbeelde nagevolg. Hierna het soortgelyke koöperasies begin om hul belange te koördineer in sentrale organisasies. Tog vind 'n mens in Nederland enkele suksesvolle koöperasies met meervoudige funksies. As voorbeelde waar die doelstellings gekombineer is, noem ons die kombinasie van boereleen-

bank en aankoopkoöperasie, ook is daar koöperatiewe suiwelfabrieke wat sy lede van benodigdhede voorsien.

### 6.7. Lewerings- en afnameplig

Wanneer iemand lid van 'n koöperasie word, neem ons aan dat sy bedoeling is om van die dienste van die koöperasie gebruik te maak. Ons wil hier geen teoretiese bespreking van hierdie saak gee nie, maar slegs kortliks op die praktyk in Nederland let.

Aanvanklik is verpligte gebruikmaking van die koöperasie nie geken nie. So was dit byvoorbeeld die geval by die groenteveilings. Tans is in die meeste statute die bepaling vervat dat lede hul produkte aan hul koöperasie moet lewer. So is die verpligte leweringsklousule in 1922 by 'n koöperatiewe slagtery ingevoer, en dat koöperatiewe fabrieke later ook hiervan gebruik gemaak het. Laasgenoemde het veral om twee redes gebeur, naamlik: eerstens was die koöperasie nou verseker van sy grondstof en kon dit meeding met die gewone nie-koöperatiewe maatskappy en tweedens het dit ook gedeeltelik as sekuriteit vir lenings gedien. Verder is reeds daarop gewys[1] dat die leweringsplig ook gekoppel kan word aan die aandele, soos dit die geval was by die suikerfabrieke. By die koöperatiewe aankoopverenigings bestaan die verpligte gebruikmaking nie. Volgens Minderhoud[2] bestaan dit nie "aangesien dit eenmaal bij aankoopverenigingen geen regel is."

## 7. Samevatting

In die vorige hoofstuk het ons aangetoon dat die Nederlandse landbou tot 'n veredelingsbedryf oorgegaan het. Dit het gebeur tydens en na die landboukrisis teen die einde van die vorige eeu. Dit het daartoe gelei dat die boer vir vraag en aanbod van die wêreldmark afhanklik geword het. Die boer se ekonomiese selfgenoegsaamheid het dus nie alleen verdwyn nie, maar sy ekonomiese weerstandsvermoë het in sommige gevalle selfs tot 'n minimum afgeneem. So het dit gebeur dat die Nederlandse boer met betrekking tot die prysvorming van sy produkte en benodigdhede in 'n afhanklike posisie van die nie-koöperatiewe handelaars geraak het. Soms het laasgenoemde ook tot die vorming van byvoorbeeld kartelle oorgegaan.

---

1) Vergelyk: paragraaf 6.4. van hierdie hoofstuk.

2) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... op. cit., p. 159.

Ons dink hier aan die inkoopkartelle by die suikerbeet en fabrieksaartappels. Met hierdie wyse van optrede is daarin geslaag om by verskeie geleenthede buitensporige winste ten koste van die boere te maak.[1] Onder hierdie omstandighede het die boere begin om in die koöperatiewe organisasievorm hul heil te soek.

Samevattend kan ons dus sê dat die eerste Nederlandse koöperasies hul ontstaan oorwegend aan die nood van die boere te danke gehad het, of aan die behoefte aan verweer teen magte waarteen hy as individu nie opgewasse was nie. In 1876 is die eerste koöperatiewe aankoopvereniging opgerig; in 1886 die eerste koöperatiewe verwerkingsvereniging; in 1887 die eerste verkoopvereniging en in 1896 die eerste boereleenbank. Hierdie voorbeelde is nie alleen gevolg nie, maar koöperasie het ook in verskillende ander sektore inslag gevind. Die oorspronklike koöperasies het met hul gespesialiseerde funksies ook 'n invloed op die latere ontwikkeling gehad.

Die landboukoöperasies het as funksie gehad om op 'n meer rasionele wyse as die bestaande die skakel te vorm tussen die produsent en die mark. Wanneer 'n mens vandag terug kyk op die ontwikkeling op die gebied van die landboukoöperasie in Nederland, kom jy onwillekeurig onder die indruk van wat samewerking vermag. So was byvoorbeeld die verbetering van die kredietvoorsiening deur die oprigting van die boereleenbanke van werklik onskatbare betekenis vir die ontwikkeling van die landbou.

Die grootte van die koöperasies loop sterk uiteen. So vind mens die klein plaaslike vereniging met enkele lede tot die groot streekskoöperasies met duisende lede. Laasgenoemde koöperasies het weer sentrale koöperasies gevorm. Die struktuur van die landboukoöperasies in Nederland is egter moeilik te begryp aangesien dit so 'n spontane ontwikkeling gehad het. Geloofsoortuiging het 'n belangrike rol by die eksterne organisasie van die landboukoöperasies gespeel. Wat die interne organisasie betref, kan ons samevattend sê dat hoewel die sogenaamde Rochdale-beginsels as uitgangspunt geneem is, daar in die praktyk hiervan afgewyk is.

---

1) Van Stuijvenberg, op. cit., p. 92.

## Afdeling B

LANDBOU IN SUID-AFRIKA

LANDBOUKOÖPERASIE IN SUID-AFRIKA

# Hoofstuk IV

# LANDBOU IN SUID-AFRIKA

## 1. Inleiding

In hoofstuk II het ons 'n kort beskrywing gegee van die bepalende faktore by die inrigting van 'n landboubedryf in die algemeen, met besondere verwysing na die invloed van die betrokke faktore op die Nederlandse landbou. Verder is daar in daardie hoofstuk ook 'n beskrywing van die ontwikkeling en hoofkenmerke van die landbou in Nederland gegee.

In hierdie hoofstuk wil ons kortliks stilstaan by die bepalende faktore en die ontwikkeling en hoofkenmerke van die landbou in Suid-Afrika.

## 2. Bepalende faktore by die inrigting van 'n boerderyonderneming in Suid-Afrika

### 2.1. Ligging

Suid-Afrika is, soos die naam aandui, die heel suidelike deel van die groot kontinent Afrika. Dit dien as skeiding tussen die Indiese en die Atlantiese oseane, wat respektiewelik die oostelike en westelike seekuste vorm. Die Limpoporivier vorm die natuurlike grens tussen Suid-Afrika en Botswana en Rhodesië, terwyl die Portugese provinsies, Mosambiek en Angola, Suid-Afrika respektiewelik in die noord-ooste en noord-weste begrens.

Die grootste gedeelte van die land is in die breedtegraadsone tussen $22^{o}$S en $35^{o}$S geleë, of anders gestel: Kaapstad is per boot ongeveer 6,000 myl vanaf Londen, 6,800 myl vanaf New York en omtrent 7,000 myl vanaf Wellington, New Zeeland, geleë. Suid-Afrika lê dus ver van die Europese en ander Westerse ekonomies hoog-ontwikkelde en digbevolkte lande. Hierdie feit is deurentyd in die landbou as nadeel ondervind, veral weens die geweldige afstande waaroor die benodigdhede en oorskotprodukte vir die in- en uitvoerhandel vervoer moes word.

Hierby moet die industriële ontwikkeling wat nie alleen hier nie, maar ook in die omliggende lande plaasgevind het, ook in ag geneem word. Die industriële ontwikkeling het in sommige gevalle teen 'n slakkegang geskied. Gevolglik is die stimulerende uitwerking wat hierdie ontwikkeling op die vraag na land- en tuinprodukte in 'n land soos Nederland gehad het, nie so direk in Suid-Afrika ondervind nie. Hiermee wil ons nie beweer dat die land

geheel-en-al nie by die nywerheidsontwikkeling in ander lande, onder andere Europa, gebaat het wat die afset van sy landbouprodukte betref nie - inteendeel.

2.2. Oppervlakte en bevolking

2.2.1. Oppervlakte

Die Suid-Afrikaanse bodem beslaan 143 miljoen morg waarvan ongeveer 120 miljoen morg vir landbou beskikbaar is.[1] Hierteenoor kom die totale aantal inwoners op 17 miljoen te staan. Die aantal morge per kop van alle rasse kom dus op sowat 8.4 te staan.

Vir ons doel is dit egter belangriker om te meld dat ongeveer 85% van die gronde wat vir landbou beskikbaar is bergagtig of klipperig is of te min reën ontvang vir bewerking.[2] Hierdie dele kan gevolglik slegs as natuurlike weiveld benut word in ekstensiewe veeboerderye met beeste en skape. Slegs sowat 10% van die bewerkbare grond is in 1964 bewerk en volgens skatting is dit onwaarskynlik dat die bewerkte gedeelte ooit 15% sal haal.[3] Ongeveer 'n miljoen morg is reeds onder besproeiing en hierby sal sowat 400,000 morg toegevoeg word na voltooiing van die Pongola- en Oranjerivierprojekte.

'n Vergelyking van die bovermelde data met die van die wêreld lyk soos volg:-[4]

| Grond | Republiek: Morg per kop vir alle rasse | Wêreld: Morg per kop |
|---|---|---|
| Totaal | 8.4 | 6.8 |
| Bewerkbare (totaal) | 1.0 | 1.9 |
| Reeds bewerk | 0.7 | 0.4 |
| Reserwe bewerkbaar | 0.3 | 1.5 |

Behalwe dat die grond in die Republiek betreklik skaars is, is dit ook betreklik arm. Diep, vrugbare grond is skaars.[5]

1) Du Plessis, S.J. Vooruitgang in die Republiek van S.A. op die gebied van die landbou, bosbou en visserye. In Groei, 1965, p. 47.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Ibid.

5) Vergelyk: paragraaf 2.4. van hierdie hoofstuk.

### 2.2.2. Bevolking

Uit bovermelde kan ons aflei dat die bevolkingsdigtheid in vergelyking met Europese lande, die V.S.A. en ander lande laag is. Die invloed van immigrasie mag hier nie uit die oog verloor word nie. Verder moet die aandag gevestig word op die minderheid blankes wat nie eers 'n kwart van die totale bevolking uitmaak nie. Die nie-blanke bevolking bestaan uit drie hoofgroepe, naamlik Bantoes (10.8 miljoen) kleurlinge (1.6 miljoen) en asiate (0.5 miljoen).[1] Hieroor word nie verder uitgewy nie, maar daar kan slegs opgemerk word dat die koopkrag van die Bantoe aanvanklik baie laag was, maar dat dit sedert die laaste oorlog en veral gedurende die laaste dekade heelwat toegeneem het en dat hierdie feit, tesame met die hoë verbruiksgeneigdheid van die Bantoe, 'n belangrike invloed op die landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika gehad het.

Die landbouproduksie van die reservate, met uitsondering van wol, word hoofsaaklik vir eie verbruik aangewend. Dit word beraam dat slegs ongeveer 5% van die akkerbouproduksie van die reservate die mark bereik.[2] Die sowat 106,000 boerdery-eenhede in besit van blankes is verantwoordelik vir ongeveer 93% van die totale brutowaarde van die landbouproduksie.[3] Hierdie blanke sektor van die landbou is goed ontwikkel en vergelyk gunstig met dié van ander lande. Dit word beraam dat byna 95% van die waarde van die landbouproduksie in die blanke sektor bemark word.[4]

Klem moet ook gelê word op die feit dat die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landbou deur betreklik volop en goedkoop arbeid gekenmerk word. Die groot Bantoebevolking, in teenstelling met die klein blanke bevolking, en die feit dat Bantoewerkers in die verlede maklik en teen 'n geringe koste bekombaar was, was grotendeels daarvoor verantwoordelik dat 'n blanke arbeidersklas op plase onbelangrik gebly het.

Wat die verspreiding van die bevolking betref, moet daarop gewys word dat die grootste rassegroep, die Bantoes, hoofsaaklik in die noordelike

---

1) 1960-sensus.

2) Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, Deel I. p. 53.

3) Ibid.

4) Ibid.

en oostelike dele van die land aangetref word. Die meeste van die halfmiljoen Asiate is afstammelinge van die arbeiders wat tussen 1860 en 1911 ingevoer is om op die suikerlande in Natal te werk. Die Kleurlinge daarenteen, bevind hul hoofsaaklik in die Kaapprovinsie.

Met die totstandkoming van die Unie in 1910 was 54% van die totale blanke bevolking van effens meer as 'n miljoen nog op die platteland woonagtig en het hulle meesal hul heenkome in die landbou gevind. Ten opsigte van die nie-blankes was die ooreenkomstige persentasie aansienlik hoër en wel ongeveer 85%. Sedertdien het daar egter 'n geleidelike vloei van die landelike bevolking na die dorpe en stede plaasgevind, waar 'n heenkome in die mynbou, die nywerhede en die handel gevind is.

Die situasie het so ontwikkel dat daar in 1956 'n kommissie van ondersoek aangestel is om verslag te doen oor die blanke bewoning van die platteland, met besondere verwysing na:

(a) Die oorsake van die ontvolking van dele van die platteland;

(b) die mate waartoe plase as boerdery-eenhede groter of kleiner word, en die ekonomiese, sosiale en landboukundige gevolge van sodanige groter of kleinerwording;

(c) die vooruitsigte van jong boere om grond vir boerderydoeleindes op ekonomiese grondslag te bekom of om in die landbou opgeneem te word as deelsaaiers, deelwerkers, plaasbestuurders en plaasvoormanne;

en om aanbevelings te maak oor hoe en waar toestande verbeter kan word en hoe, indien wenslik die bewoning van die platteland deur meer blankes bewerkstellig kan word. [1)]

Vir ons doeleindes is dit hier nie nodig om volledig op hierdie ondersoek en die aanbevelings van die kommissie in te gaan nie. Dit geld ook vir die volgende ondersoek wat ons ook slegs wil aanstip, naamlik die ondersoek na die onekonomiese onderverdeling van landbougrond, hoe dit voorkom kan word en hoe dit aangepak moet word.

Die besondere toestande in Suid-Afrika het egter ook tot verskeie ander

---

1) Verslag van die Kommissie van ondersoek na blanke bewoning van die platteland. G.P. 7028994 - 1959/60.

ondersoeke aanleiding gegee. Ons noem byvoorbeeld die ondersoek insake die koördinasie van vervoer, vreemde Bantoes, en behuisingskema vir plaasarbeiders.[1]

2.3. Klimaat

Klimaat is 'n baie ingewikkelde natuurverskynsel. Dit behels nie alleen 'n oneindige wisseling en kombinasie van verskeie faktore soos reënval, temperatuur, vogtigheid, wind en sonskyn nie, maar dis daarby ook nog van 'n dinamiese aard. In Suid-Afrika is daar geweldige lugstrome, vogbelaai of droog, warm of koud, na gelang hulle uit tropiese of subpoolse bronne afkomstig is, wat periodiek vloei oor die land en hul sirkulasie en turbulensie in die hoër luglae veroorsaak steeds-veranderende weerstoestande.

Die grootste gedeelte van die land is in die breedtegraadsone tussen $22^{o}$S en $35^{o}$S geleë en ondervind dus 'n gematigde klimaat. Groot seisoensverskille in die reënval en temperatuur kom egter voor en die hoë ligging van 'n baie groot deel van die binneland verskerp dit verder.

Met die Indiese Oseaan aan die oostekant en die Atlantiese Oseaan aan die weste daarvan, is die land se grondoppervlakte maar klein in vergelyking met die omliggende water. Dit speel 'n verdere belangrike rol in die klimaat.

Permanente faktore wat die klimaat dus beïnvloed, is die keëlvorm van die sub-kontinent, die warm Mosambiek- en Agulhasstroom wat teen die oos- en die suidkus spoel, die koue Benguellastroom langs die weskus en die topografie.

Die daaglikse veranderlikheid van die weer, asook die vernaamste seisoenkontraste in die klimaat, word hoofsaaklik deur die lugdrukveranderings veroorsaak. Laasgenoemde beïnvloed weer die rigting en krag van die wind en die voorkoms van die neerslag, naamlik reën, hael of sneeu.

'n Groot persentasie van die land se reënval is die gevolg van die wisselwerking tussen lugmassas waarvan die digtheid, temperatuur, vogtigheid en hoogte verskil en wat hul oorsprong in streke ver van die land het.

Die gemiddelde jaarlikse temperatuur in die land is ongeveer $4^{o}$C laer as dié wat gewoonlik by ooreenstemmende breedtegrade in die noordelike half-

---

1) Vergelyk: Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Jaarverslae van 1963, 1965 en 1966.

rond heers.[1] Hierdie feit is deels toe te skryf aan die terrasse-vorm van die land en die versagtende uitwerking van die omliggende oseane. 'n Faktor wat van nog groter betekenis is, is die hoë ligging van 'n groot gedeelte van die binneland, wat nie alleen koeler gemiddelde jaarlikse temperature veroorsaak nie, maar ook groot kontraste in die dag- en seisoentemperature tot gevolg het. Die gemiddelde jaarlikse temperature bo 32°C word slegs in sommige van die laerliggende streke van die land aangetref, veral langs die noordkus van Natal, in die laeveld van Oos-Transvaal en in die noordelike binneland langs die valleie van die Limpopo- en laer Oranjerivier.[2] Die eenvormigheid van die gemiddelde jaarlikse temperatuur oor die grootste gedeelte van die land is baie opvallend, aangesien byna die hele binnelandse plato deur die 18°C-isoterm omring word. Die toename in die gemiddelde jaarlikse temperatuur, wat normaalweg in die rigting van die ewenaar voorkom, word deur die noordwaartse styging in die hoogteligging teengewerk. Gevolglik is die verskille in die gemiddelde temperatuur oor die land se breedtesone opmerklik klein, soos duidelik blyk uit die volgende vergelyking tussen die gemiddelde temperature van twee dorpe wat 10 breedtegrade van mekaar geleë is:[3]

<u>Gemiddelde temperature van Port Elizabeth en Pietersburg</u>

| | Breedtegraad | | Hoogte | Gem. temp. °C Jan. | Gem. temp. °C Julie | Gem. jaarlikse temp. °C |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Port Elizabeth | 33° | 59'S | 58m | 20.9 | 13.3 | 17.3 |
| Pietersburg | 23° | 56'S | 1,283m | 21.3 | 11.0 | 17.1 |
| Verskil | 10° | 3'S | 1,165m | 0.4 | 2.3 | 0.2 |

In teenstelling met die egaligheid van die gemiddelde jaarlikse temperatuur van suid na noord, is daar 'n opvallende kontras tussen die weskus en die ooskus. Langs die weskus kom daar behalwe die vloei van die Benguella-seestroom, ook nog 'n opwelling van koue water naby die kus voor as gevolg van die suidoostewinde wat weg van die kus af waai. Hierteenoor

---

1) Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, Deel I, p. 4.

2) Ibid.

3) Ibid.

is die Mosambiek-seestroom wat suidwaarts langs die ooskus beweeg, 'n warm stroom. Breedtegraad vir breedtegraad is die temperature van die weskus heelwat laer as dié wat langs die ooskus ondervind word, soos byvoorbeeld uit die volgende tabel gesien kan word:[1)]

<u>Temperature langs die weskus en die ooskus van Suid-Afrika</u>

| | Lengtegraad | Breedtegraad | Gem. temp. °C Jan. | Gem. temp. °C Julie | Gem.jaarlikse temp. °C |
|---|---|---|---|---|---|
| Port Nolloth | 16°5 52'0 | 29° 14'S | 15.6 | 11.9 | 14.1 |
| Durban | 31° 02'0 | 29° 50'S | 23.9 | 16.5 | 20.5 |
| Verskil | 14° 10' | 0° 36' | 8.3 | 4.6 | 6.4 |

Met betrekking tot die temperatuurspeling moet vermeld word dat die hoogte bo seespieël en die afstand van die see beide verantwoordelik is vir groot daaglikse en seisoenskommelinge in die temperatuur van die binneland. Toestande langs die kus is baie meer konstant, soos dan ook van 'n seeklimaat verwag kan word.

Die gemiddelde daaglikse temperatuurspeling[2)] (dit wil sê die verskil tussen die gemiddelde daaglikse maksimum- en minimum-temperature) neem toe van 5°C tot 8°C by die kus en tot meer as 17°C op die binnelandse plato. Die temperatuurspeling tussen seisoene (dit wil sê die verskil tussen die gemiddelde temperature van die warmste en koudste maande) word deur die hoogte bo seespieël en die afstand van die see beheer en neem geleidelik toe in die rigting van die binneland van 3°C tot 7°C by die kus tot 'n maksimum speling van ongeveer 17°C in die noord-westelike Kaapprovinsie.[3)]

Wat ryp betref, moet vermeld word dat daar selde 'n jaar verbygaan sonder dat ryp die tuin- en akkerbougewasse in die een of ander deel van die land beskadig. Die moontlikheid van ryp is meer voorspelbaar as die meeste ander onbeheerbare faktore, soos byvoorbeeld droogte en hael, en daar is sekere maatreëls wat getref kan word ten einde die gevolge van ryp te

1) Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, Deel I, p. 4.

2) Ibid.

3) Ibid., p. 7.

beperk of uit te skakel. Die strafheid van ryp word hoofsaaklik bepaal deur die hoogte bo seespieël, breedtegraad en afstand van die see. Ryp wat in die middel van die winter voorkom wanneer die plante in 'n rustende toestand verkeer, is gevolglik nie die gevaarlikste nie. Ontydige koue in die lente rig baie erger skade aan, want die plante is dan aan die groei en uiters gevoelig vir skielike veranderings in temperatuur. Die gevoeligheid vir lae temperatuur wissel egter nie alleen tussen soorte en variëteite nie, maar hang ook af van die ontwikkelingstadium en lewenskrag van die plant.

Hoewel die temperature wat in die land aangetref word, dit moontlik maak om 'n groot verskeidenheid tuinbou- en akkerbougewasse onder sowel gematigde as subtropiese toestande te verbou, is die ontoereikendheid en die onegalige verspreiding van die reënval 'n faktor wat die landboupotensiaal van groot dele van die land beperk.

Na skatting ontvang die land as geheel 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 475 mm. (25.4 mm. = 1 duim), maar die neerslag is in werklikheid baie oneweredig oor die land versprei, soos blyk uit die volgende tabel.[1]

| Gemiddelde jaarlikse reënval | % Oppervlakte van die land |
|---|---|
| Minder as 250 mm. ............... | 30.3 |
| 250-500 mm. .................... | 34.4 |
| 500-750 mm. .................... | 25.1 |
| 750-1,000 mm. .................. | 7.4 |
| Meer as 1,000 mm. ............... | 2.8 |

Algemeen gestel, kan ons sê dat die reënval vanaf die suidelike en suidoostelike kus na die binneland en ook van oos na wes oor die binnelandse plato afneem. Die enigste gebiede wat 'n gemiddelde jaarlikse reënval van meer as 1,250 mm. ontvang, is langs die hange van die bergtoppe en bergrûe wat die binnelandse plato omring en die Kaapse bergreekse. Hierdie streke beslaan egter minder as 1% van die totale oppervlakte van die land. Sommige bergspitse en valleie ontvang ook 'n baie hoër reënval. Langs die grootste gedeelte van die suid- en ooskus is die gemiddelde jaarlikse reënval ongeveer 750 mm.

---

1) Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, Deel I. p. 13.

of meer. Die gebiede met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van meer as 500 mm., die minimum wat vir sekere akkerbouproduksies nodig is, is tot streke wat oos van die breedtegraad 27°O geleë is en tot die heel suidelike en suidwestelike Kaapprovinsie beperk. Hierdie gebiede beslaan in totaal slegs 35% van die totale oppervlakte van die land. Vanaf die oostelike gebiede van die plato wat 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 750-875 mm. ontvang, word dit geleidelik warmer en droër na die weste en noordweste totdat 'n gemiddelde jaarlikse reënval van minder as 125 mm. by die monding van die Oranjerivier aangeteken word.

Die oostelike streke, ongeveer 86% van die totale oppervlakte, ontvang die meeste reën gedurende die somer. So ontvang die sogenaamde hoëveld meer as 80% van die jaarlikse reënval gedurende die ses somermaande van Oktober tot Maart, en hierdie tydperk word deur 'n feitlik algehele winterdroogte gevolg. Die suidwestelike deel van die Kaapprovinsie wat ongeveer 50,000 vierkante myl beslaan, dit wil sê ongeveer 11% van die totale oppervlakte, ontvang winterreëns en het warm, droë somers. In 'n beperkte gebied langs die suidkus, wat 16,000 vierkante myl of 3% van die totale oppervlakte beslaan, is die reënval egalig versprei oor die jaar. Oor die westelike binneland, die Karoo, wat ongeveer 'n derde van die land uitmaak, is die reënval per jaar normaalweg so laag dat enige seisoenskommelinge wat wel in die neerslag mag voorkom, van min praktiese belang is.

Die reënvaldoeltreffendheid hang egter nie net af van die hoeveelheid nie, maar ook van die intensiteit en verspreiding daarvan oor die groeiseisoene, en van faktore soos temperatuur, vogtigheid, wind, ensovoorts. So kom periodieke droogtes wat etlike weke duur en gedurende die warmste gedeelte van die jaar heers, so dikwels voor, dat dit as 'n normale klimaatsverskynsel beskou moet word. Op die faktore wat die hoeveelheid reënval wat vir plantegroei beskikbaar word, beïnvloed, word hier nie ingegaan nie.

Ten slotte moet gemeld word dat die winterreëns meesal sag en van langer duur is, terwyl die somerreëns in die binneland dikwels deur hewige donderstorms gekenmerk word. Die gebiede wat die meeste aan hael onderhewig is, is die oostelike Kaapprovinsie, die hoëveld van die Vrystaat en Transvaal en noordelike Natal, en die hael kom hoofsaaklik in die lente en vroeë somer voor. Die relatiewe vogtigheid varieer van 52% tot 91% aan die

kus, en van 54% tot 60% in die binneland.

Hierdie verskeidenheid klimaatstoestande wat aangetref word, veroorsaak dat boerderytoestande in Suid-Afrika groot verskille toon en dikwels van streek tot streek skerp gedifferensieerd is. Die verminderde reënval is oor die algemeen die vernaamste faktor wat vir die oorgang van intensiewe na ekstensiewe landbou verantwoordelik is.

2.4. Grondsoorte

Die grond van die land is, sover moontlik, verdeel in groepe en subgroepe gebaseer op hul morfologiese eienskappe soos teweeggebring deur die verskillende grondvormende faktore. Dit kan kortliks gestel word dat die grondtipes fisies van gruiserige growwe sand tot swaar kleigronde met 60 tot 70% klei wissel.[1] Dit is nie moontlik om binne die perke van hierdie verhandeling elk van die verskillende grondgroepe van Suid-Afrika volledig te behandel nie. Dit is ook onmoontlik om 'n aanduiding te gee van die menige grondtipes wat binne elke grondgroep voorkom.

Die grootste gedeelte van Suid-Afrika word deur die vaalgrys en rooibruin sandgrond ingeneem. In sekere streke, soos in die Karoo, Suid-Vrystaat en Molopo, word in die ondergrond ook kalk aangetref. In ander streke, soos in die Wes-Transvaalse streek, die oostelike Transvaalse hoëveld en Springbokvlakte, vind 'n mens egter dat die sandgrond aangevul word deur sanderige leemgrond wat soms oorgaan in rooi of swart kleileemgronde, wat besonder diep en vrugbaar is.

Die oppervlaktebedekking wissel van streek tot streek en selfs van omgewing tot omgewing. Verskeie grassoorte word aangetref, maar in die Karoo en 'n deel van die Suid-Vrystaat bestaan die veld vir ongeveer 80% uit verskillende soorte bossies. In ander gebiede word verskeie ander struike en bome aangetref, waarvan die blare soms uitstekende voedsel is vir vee gedurende droë wintermaande. Dit kom veral in die warmer dele van die land, of die deel wat algemeen bekend is as die laeveld, voor.

Die totale boerderygrond van die land beslaan, soos ons reeds aangetoon het, ongeveer 120 miljoen morg, waarvan die plase van blankes sowat 105 miljoen morg uitmaak. Ongeveer 45% van die boerderygrond van blankes

1) Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, Deel I, p. 30.

lê in die hoër-reënvalstreke, dit wil sê waar die reënval bo 20 duim per jaar is. 'n Groot deel van hierdie hoër-reënvalgebiede is egter baie heuwel- en bergagtig met steil hellings, sodat slegs 'n klein gedeelte van die landbougrond vir verbouing van gewasse gebruik kan word. Verbouing gaan hier dikwels gepaard met die groot gevaar van gronderosie en die verlies van grondvrugbaarheid.

Weens die groot verskille in grondsoorte en veral in klimaat word uiteenlopende produkte in die verskillende streke verbou. So word in die Transvaalse laeveld hoofsaaklik groente, aartappels, tamaties, bone, erte, ensovoorts geproduseer gedurende die tye wanneer geen ander groentes op die mark is nie, of subtropiese vrugte soos avokadopere, veselperskes, papajas, ensovoorts, terwyl lusern, koring, sultanas en ertjies van die omgewing van Upington afkomstig is; mielies, bone, grondbone, kafferkoring, sonneblom, aartappels en ander somergewasse word weer in Suidoos- en Wes-Transvaal en in Noord-Transvaal en Noordwes-Vrystaat verbou. Op die ligter gronde, onder andere in die omgewings van Pietersburg, Potgietersrus en Rustenburg, word veral tabak geproduseer. Daar is ook ander streke, soos die winterreënsaaistreek, die Noord-Kaaplandse beesweistreke - die Molopogebied, die Transvaalse beesweistreke - die sogenaamde Noord-Transvaalse bosveld, die skaapweistreke - die Karoo en 'n deel van die Suidoos- en Suid-Vrystaat, en die Westelike Provinsie se vrugtestreek.

Samevattend kan gesê word dat in sy geheel gesien, die grootste deel, dit is sowat 85%, van die land meer geskik is vir veeboerdery op 'n ekstensiewe grondslag as vir akkerbou. Groot dele kan nie bewerk word nie, en in sommige dele is die grond wel geskik vir akkerbou, maar as gevolg van die lae reënval is dit nie moontlik om in sulke dele uit saaiboerdery 'n florerende bestaan te maak nie. Van die mees intensiewe boerdery onder besproeiing tot die mees ekstensiewe veeboerdery word dus in die land aangetref. Vir 'n algemene oorsig van die landbou in Suid-Afrika word na die ingeslote kaart verwys.[1)]

2.5. <u>Ander faktore</u>

Die grootste deel van die land het 'n hoogte van meer as 3,000

---

1) Aanhangsel II.

voet bo seevlak en 40 persent van die oppervlakte lê selfs hoër as 4,000 voet. Die topografie wissel ook geweldig van een deel van die land na die ander. So word daar uitgestrekte vlaktes aangetref, veral in die noordweste, waar byna geen teken van berge, heuwels of laagtes die gelykheid onderbreek nie. Ander dele is weer die teenoorgestelde hiervan. Verder word die grootste deel van die land nie deur standhoudende riviere deurkruis nie, maar daar loop tog 'n aantal riviere in verskillende rigtings deur die land. Hierdie riviere is nie doeltreffend bevaarbaar nie, en binnelandse waterkanale is hier nie soos in Nederland aangedurf nie, 'n feit wat die vertraging in die ontwikkeling van sekere van die betreklik vrugbare dele verklaar. Dit veroorsaak verder dat daar oor geen goedkoop binnelandse watervervoer beskik word nie.

Weens die feit dat so 'n groot deel van die binneland so hoog geleë is, loop die riviere soms baie steil af, en aangesien die reënval nie te hoog is nie, is waterbewaring vir hierdie land van die allergrootste belang. Die voordeligste benutting van die beskikbare water sal steeds meer die aandag verg.

As volgende faktor wil ons die historiese agtergrond van die landbouer noem. Die tradisionele gang van die Suid-Afrikaanse boer om volkome selfstandig en baas van sy plaas te wees, is kenmerkend van die hele landbou-ontwikkeling, vanaf die toekenning van 13 morg elk aan die eerste Vryburgers in 1657, die latere besettingsproses deur die Voortrekkers en die 1820-Setlaars, tot selfs in die twintigste eeu. Vir die Suid-Afrikaner het grondbesit geestelike stabiliteit, vaderlandsliefde, verantwoordelikheidsin en ander behoudende karaktertrekke meegebring.

Die ontwikkeling van die landbou in Suid-Afrika is ook sterk beïnvloed deur die ontwikkeling wat plaasgevind het in die mynbedryf en fabriekswese. Vroeër het die landbou weinig meer beoog as om die nodige onderhoud vir die boer en sy gesin te verskaf. As gevolg van die ontdekking en die ontginning van die ryk minerale bronne van die land en die snelle ontstaan van nywerhede, het die klem en belangstelling al hoe meer op die kommersiële kant van boerdery geval. Een van die gevolge hiervan was dat daar voortdurend probeer is om steeds meer uit die grond te haal. Hierop word hier nie volledig ingegaan nie, maar ons wil slegs noem dat die rol wat die

owerheid in hierdie verband gespeel het van indirekte aard was. Dit is ook duidelik sigbaar op ander terreine, ons dink byvoorbeeld aan die onekonomiese onderverdeling van boerdery-eenhede[1] en die algehele gebrek aan deeglik beplande boerdery-eenhede.

Ten slotte wil ons as voorbeeld van die invloed van die algemene ekonomiese toestand op die landbou die afgelope dekade of twee, noem dat die houding van die boer en sy gesin totaal verander het van dié van 'n tiental jare gelede. Luukshede in die boerewoning het nie slegs 'n ideaal gebly nie, maar 'n noodsaaklikheid geword.

By wyse van opsomming kan dus gesê word dat die landbou-ontwikkeling ter plaatse gesien moet word teen die besondere probleme van die land, dit wil sê: nie alleen teen die aangebore karaktertrekke van die plaaslike bevolking nie, maar ook die faktore wat plaaslike omstandighede, leef- en sienswyse beïnvloed het, moet in aanmerking geneem word.

## 3. Die landbou voor 1870

Die gedagte aan vaste grondbesit deur die individu het eers saam met die blanke beskawing na Suid-Afrika gekom. Vir die inboorlinge wat indertyd 'n nomadiese, pastorale bestaan gevoer het, dit wil sê sonder die gebondenheid aan enige besondere stuk grond, was hierdie verskynsel vreemd. In 1657 is die eerste afgebakende gronde, bestaande uit plasies van sowat 13 morg elk, aan nege gekeurde persone toegeken. Hierdie persone het as Vryburgers bekend geword, maar in werklikheid was hulle nie so vry nie. Hulle is volle eienaarskap toegeken, maar die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie het hulle opdrag gegee watter produkte hulle moes produseer en vasgelê wat die vergoeding vir sulke produkte sou wees. Vir alle praktiese doeleindes was dit die begin van die landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika. Die Kompanjie het die Setlaars van al die boerdery-implemente, saad en ander benodigdhede op krediet en teen kosprys voorsien. Alle produkte moes aan die Kompanjie verkoop word. Aan die ander kant was die koloniste verplig om aan die verdediging van die kolonie deel te neem.

Van Riebeeck het dus die grondslag gelê vir 'n nuwe kolonie, wat hoof-

---

1) Vergelyk: Kommissie van ondersoek na die onderverdeling van landbougrond. Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Jaarverslae van 1963, 1964 en 1965.

saaklik as 'n eksperiment ontstaan het, naamlik om slegs die nodige aan die verbygaande skepe te kon voorsien teen die minimum koste. Laasgenoemde feit wat die direkte aanleiding was vir die vasgestelde pryse, was dan ook die oorsaak daarvan dat die koloniste reeds op daardie stadium ontevrede was. Dit het die landbou-ontwikkeling gestrem, want die ekonomiese motief het ontbreek.

Voor 1679 het kolonialisasie nie veel vooruitgegaan nie, maar onder die administrasie van Simon van der Stel (1679-1699) het die stelsel 'n vinnige uitbreiding beleef. Hy het ook daadwerklik probeer om persone met 'n landelike agtergrond die land in te bring. Die Hugenote wat die Drakensteinse gebied beset het, is 'n voorbeeld hiervan.

Die verspreiding van die boere na die binneland het eers noordweswaarts en later ooswaarts langs die kusstreek geskied. Met die uitbreiding van die bevolking is die binneland dus steeds verder binnegedring. Hiermee het die ontwikkeling van die trekboer wat feitlik uitsluitlik veeboer was, saamgegaan. Die trekboerdery was dus die begin van 'n stelsel van selfonderhoudende ekonomie in die landbou, wat voortgeduur het totdat die ontdekking van minerale in die tweede helfte van die negentiende eeu die ontstaan van binnelandse afsetgebiede meegebring en die grondslag vir kommersiële boerdery gelê het.

Die trekboerlewe het ook 'n stremmende uitwerking op die grondbesit en die intensivering van die boerdery gehad. Hiervan getuig ook MacMillan[1] as hy sê: "In these circumstances the life of our pioneers was one of real endurance and constant danger and far from such as to induce the sinking of large capital in works of development when there was some risk and a real fear that they might not be able to hold their ground long enough to reap the fruits of such enterprise."

Met betrekking tot die grondbesit moet meegedeel word dat as gevolg van die besettingsproses 'n ander patroon gevolg is as in die ouer Europese lande, waar boere onder die leenheerstelsel veelal slegs arbeiders, delwers of huurders was met geen vooruitsig op uiteindelike besitreg nie. In Suid-Afrika het elke boer sy eie grond verkry en het dit dan ook 'n tradisie en strewe geword om selfstandig te boer. Hierdie strewe het 'n kenmerkende

---

1) MacMillan, W.M. The South African Agrarian Problem and its Historical Development, p. 35.

eienskap van die Suid-Afrikaanse boer geword wat telkens op die voorgrond gekom het.

Die sogenaamde Vryburgers moet as die eerste Suid-Afrikaanse boere beskou word. Met die territoriale uitbreiding wat gevolg het op die trek van die koloniste verder die binneland in, veral ná 1836, was die resultaat 'n ylverspreide bevolking oor 'n groot oppervlakte. Vanweë die swak vervoerfasiliteite, primitiewe kommunikasiestelsels, en so meer, was die bevolking, (wat uiteraard 'n boerebevolking was, aangesien ander ekonomiese aktiwiteite toentertyd 'n baie sekondêre rol gespeel het) op 'n selfversorgende bestaan aangewys. So het die pastorale produksie as gevolg van die rondtrekkery voorrang geniet en was akkerbouproduksie dus relatief onbelangrik, behalwe in die suide waar die boerdery toe reeds goed gevestig was.

4. Die landbou tussen 1870 en 1902

Waar die boerdery in die binneland voor die ontdekking van minerale hoofsaaklik op 'n selfversorgende bestaan gerig was, en slegs enkele produkte af en toe bemark is, het die ontdekking en ontginning van die Suid-Afrikaanse ondergrondse rykdomme 'n radikale ekonomiese struktuurverandering tot gevolg gehad. Die verreikende gevolge hiervan het ook die landbou getref.

Die fortuinsoekers was nie landbouers nie en moes gevolglik op ander steun vir die nodige lewensmiddele. Binnelandse markte het ontstaan en die boer is plotseling binne die ruilverkeer betrek. Coetzee[1)] wys in hierdie verband tereg daarop dat die betrekking in die ruilverkeer steeds nouer geword het namate die vervoerstelsel verbeter het deur die uitbouing van die spoorwegnet en beter paaie. Sedert 1870, met die ontdekking van diamante te Kimberley, het die landbou in dele van die land 'n kommersiële inslag gekry. Hierdie ekonomiese kragte is deur die ontwikkeling van die goudmyne na 1886 aansienlik verskerp. Die kommersialisasieproses in die landbou het hierna 'n voldonge feit geword. Die groter binnelandse vraag na voedsel, beter vervoerfasiliteite en kommunikasiestelsels, en die algemene tegnologiese ontwikkeling het die produksiekapasiteit van die landbou aansienlik verhoog. Terugslae was daar egter ook. Gesien in die lig van die feit

1) Coetzee, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering, p. 30.

dat kommersiële boerdery 'n redelike mate van aanpassing van die kant van die boerende bevolking vereis het en dat dit verder gepaard gegaan het met verhoogde kapitaalvereistes en gebrek aan kennis by die boere, het die depressie, sprinkaanplae, droogte en die runderpes van die middel van die negentigerjare aan die boerdery 'n harde knou toegedien. Vir die boer was dit nou ook uiters belangrik watter pryse hy vir sy produkte kon verkry, en die onkunde van die produsente ten opsigte van die markekonomie is vererger deurdat die meeste fortuinsoekers wat ingestroom het, in hul optrede gewetenloos gehandel het. Dit was selfs die geval met vaste eiendomme, soos grond byvoorbeeld. So het baie grond in Transvaal spoedig die eiendom geword van spekulateurs. Niemand het egter werklik die waarde van die grond in Suid-Afrika besef voordat die ontginning eers aan die gang was nie. Met dié ontwikkeling en die toeloop van fortuinsoekers het veral die goudmyne in die omgewing van Johannesburg spoedig die vernaamste markte geword - en wel in so 'n mate dat sekere voedingstowwe aanvanklik van die Kaap verkry moes word. Later het die tuinbou in die omstreke van Johannesburg groter afmetings aangeneem en die nuwe bevolking van vrugte en groente voorsien. In die res van die land is ander produkte, soos koring en vleis, lusern en katoen geproduseer. Dit is egter wenslik om op hierdie stadium 'n beskrywing van die bemarkingsmetodes van die Suid-Afrikaanse produsente gedurende daardie jare te gee.

Soos mens kan verwag, was die bemarkingstelsel voor en selfs gedurende die jare na die ontdekking van die minerale baie eenvoudig. In alle distrikte, behalwe dié in die onmiddellike omgewing van die dorpe, is die produkte van die hand gesit deur die plaaslike algemene handelaar. Hierdie handelaars was feitlik die enigste handelsagente in die hele binneland en ook in die meeste kusstreke gedurende daardie jare. So is die wol en velle na die handelaars gebring en die opbrengs daarvan is tot die produsent se krediet in die boeke aangeteken. Die prys waarteen dit gekoop/geruil is, was die algemeen aanvaarde seisoenprys en onderskeid in kwaliteit is nie gemaak nie.[1] Die produsent het daarna sy huishoudelike benodigdhede en verbruiksbenodigdhede in ontvangs daarvoor geneem. Geld is gedurende die periode onder bespreking selde gebruik. In goeie jare het die waarde

---

1) Van der Post, A.P. Economics of Agriculture, p. 363.

van die boer se produkte die waarde van sy benodigdhede oortref en in swak jare is die teenoorgestelde weer ondervind. Gewoonlik het elke boer een rekening by slegs een handelaar gehad en hy het dit ook van die betrokke handelaar verwag om gedurende moeilike tye krediet tot sy beskikking te stel. Dit is ook meesal gedoen. Sodoende het menige boer een of ander tyd besef dat hy besig was om hom vas te wikkel en soms is selfs verbande op hul eiendomme aan die handelaar gegee.

Die belangrikste bydrae van die handelaars was ongetwyfeld die feit dat hulle vir die opkomende landboustreek die handel ingelyf het en boere van krediet voorsien het. Dit was veral die toestand omdat die produsente dikwels oor groot gebiede versprei was en nie in 'n posisie was om die produkte self na die markte te vervoer nie. Daar is egter voldoende bewys dat teen die vroeë negentigerjare pogings aangewend is om wolveilings in byvoorbeeld Bloemfontein te hou.[1] Die akkerbou is (by uitstek) gedurende daardie jare hoofsaaklik deur die bevolkingsbehoefte gelei. So is die landbou in die Noord-Vrystaat, vanwaar die produkte per ossewa na die goudmyne vervoer kon word, geweldig gestimuleer deurdat die pryse van vleis en ander voedingstowwe met spronge gestyg het in dié dele waar die bevolkingskonsentrasie plaasgevind het. Afgesien hiervan is die landbou gestimuleer deurdat die produsente steeds meer en meer besef het dat sommige handelaars hulle ernstig uitgebuit het. Stadigaan het stemme begin opgaan na 'n nuwe bemarkingstelsel. Die rede hiervoor was die groeiende besef by die boer dat hy nie sy regmatige deel uit die oplewing ontvang het nie. Gevolglik is begin praat van koöperatiewe optrede, die later alombekende Landbank en dergelike organisasies waardeur die boere gehelp kon word, veral wat finansiering betref.

Suid-Afrika het gedurende die betrokke tydperk, naamlik 1870-1902, uit twee Britse kolonies en twee byna onafhanklike binnelandse Republieke bestaan. Twee-derdes van die gebied wat dit beslaan het, het in 1891 'n bevolking van minder as twee persone per vierkante myl gehad, en die derde was meer digbevolk danksy die groter getal Bantoes wat daar in hul primitiewe en stamorganisasie gebly het. Slegs in die onmiddellike omgewings van die dorpe het die blanke bevolkingsdigtheid meer as vier per vierkante myl beloop. Die

---

1) Van der Post, op. cit., p. 363.

reënval was laag en sommige streke was gedurende daardie jare met droogtes gepla. Slegs enkele verspreide dele waarvan die produktiwiteit hoog was, was bewerk. Die land was op so 'n wyse bewoon dat intensiewe boerdery byna onmoontlik was, maar dit wil voorkom asof dit ingepas het by die natuurlike toestande waaronder geproduseer moes word. 'n Hele aantal boere het mettertyd hul plase verlaat en daadwerklik begin om met wa en osse transport te ry. Hierdie ontwikkeling is aangemoedig deurdat Johannesburg aanvanklik slegs met die vyf hawens per spoor verbind was en nie ook met die produksiestreke nie. Hierdie idee van die boere om transportwerk te onderneem, kan beslis nie as die beste voorwaartse stap vir die landbou-ontwikkeling alhier beskou word nie. Verder het onderverdeling van plase in die suidwestelike Kaap en in Transvaal plaasgevind, maar nogtans het die plase nog relatief groot gebly. As bykomstige faktor moes gereken word dat die immigrante hulle gedurende daardie jare, net soos vandag, hoofsaaklik in die groot dorpe gevestig het. Die produsent het dus ver van die mark gebly en daarby was hy ook relatief ver van sy naaste buurman; gevolglik het hy afgesonderd en individualisties gelewe. Tog het die ontginning van die rykdomme van die grond sy selfonderhoudende bestaan versteur, en hoewel hy onkundig was omtrent 'n markekonomie, het hy probeer om ook 'n deel van die welvaart te bekom.

Ons wil dus konstateer dat die diamant- en goudontginning 'n groter plaaslike mark vir landbouprodukte daargestel het, nie slegs as gevolg van 'n groter bevolking en 'n vergrote koopkrag nie, maar ook omdat die organisasie van die plaaslike mark verbeter is. Kimberley en Johannesburg het die belangrikste markte vir plaaslike landbouprodukte geword. Verder moet in gedagte gehou word dat as gevolg van die wêreldhandelstoestande, landbouprodukte eintlik tot die plaaslike vraag beperk was, Die uitvoer van landbouprodukte was op daardie stadium onbelangrik deurdat vrugbare gedeeltes in die weste van die Verenigde State geopen is en as gevolg van die uitvinding van die stoommasjien en die ontwikkeling van die stoomtrein en -boot, Amerika in staat gestel is om gunstig op die Europese markte mee te ding.

Ooreenkomstig die plaaslike vraag wat voortdurend gestyg het, het die landbouproduksie ook uitgebrei. Die opkoms van 'n industriële sentrum in Suid-Afrika was dus 'n gebeurtenis van groot belang vanuit landbou-oogpunt, want dit het 'n verdere verhoging van die welvaart en die koopkrag tot gevolg

gehad. As gevolg van die groter plaaslike vraag na landbouprodukte is meer grond onder bewerking geplaas, nuwer en beter boerderymetodes gevolg, en die gebruik van masjinerie en ander hulpmiddels, soos byvoorbeeld kunsmis, het ook meer algemeen geword.

Die ontginning van minerale gedurende die sewentiger- en tagtigerjare het dus die basis vir die omwenteling gevorm. Dit was nie alleen in die landbou die geval nie, maar ook in die hele ekonomiese en sosiale struktuur, veral van Transvaal. Tot op daardie stadium was die produksie in die boerdery hoofsaaklik op die direkte bevrediging van die gesin se behoeftes gerig en kommersiële produksie was heeltemal sekondêr. Die skielike ontstaan van 'n groot afsetgebied het hierdie boerderypatroon verander. Hierdeur is die aanpassingsvermoë van die boerende bevolking tot die uiterste getoets. Een van die gevolge van hierdie omwenteling in die boerdery was dat baie boere in die slag gebly het.

Tomlinson[1)] noem die redes waarom dit so uiters moeilik was vir die boere om by die veranderde omstandighede aan te pas. Die volgende redes word hier kortliks aangestip:

(a) Die gebrek aan staatsleiding, veral ten opsigte van tegniese advies aan boere. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die boerebevolking self nie vry te spreek was nie omdat hulle gekant was teen enige vorm van inmenging. Hulle was so gesteld op hulle vryheid as individuele boere dat selfs die instelling van 'n Departement van Landbou en die aanstelling van 'n Staatsveearts teengestaan is.

(b) Verskillende fisiese rampe het die boeregemeenskap gedurende hierdie tydperk getref. Ons dink, onder andere aan die droogtes, sprinkaanplae en die verwoestende runderpes teen die einde van die vorige eeu.

(c) Die aanpassing by kommersiële landbou is ook grootliks bemoeilik deur die groot prysskommelings, veral oor die korttermyn.

(d) Prystendense van landbouprodukte oor 'n langer tydperk was egter van ewe groot belang. So het die ontwikkeling aan die Witwatersrand 'n gewel-

---

1) Tomlinson, F.R. e.a. Honderd jaar landbou in die Transvaal, _In_ Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Oktober 1956, p. 144.

dige prysstyging meegebring, wat 'n sterk aansporing tot kommersialisering van die landbou moes gewees het. 'n Hoogtepunt op Transvaalse markte is in die jare 1889 en 1890 bereik. Daarna het 'n ineenstorting van pryse plaasgevind: van 'n hoogtepunt van 133 tot 'n laagtepunt van 81 in 1894.[1] Hierdie prystendens het die aanpassing van die boerebevolking by die vreemde en ingewikkelde vorm van kommersiële boerdery baie bemoeilik.

(e) By implikasie het die boerdery nou 'n sake-onderneming geword. Behalwe die prysfaktor was daar 'n verdere reeks ekonomiese faktore waarmee rekening gehou moes word, onder andere kapitaalbelegging, finansieringsprobleme, en bestuursprobleme. Baie boere was hierteen nie opgewasse nie.

Ten spyte van die genoemde stremmende faktore het die landbou, veral in Transvaal, tog gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu in omvang toegeneem. Hiertoe het die uitbreiding van die spoorwegnet, wat hoofsaaklik vir die bediening van die mynnywerheid bedoel was, bygedra.

Die ontginning van die ryk minerale bronne het egter ook bygedra tot die ontstaan van die sogenaamde Engelse oorlog. Hierdie driejarige oorlog het die landbou in die noordelike provinsie geheel en al tot stilstand gebring. Trouens, alles wat tot op daardie stadium in dié verband opgebou was, is tot die grond afgebreek. Dit het beteken dat in die lig van 'n reeds gekommersialiseerde landboustruktuur, daar produksiemiddele ontbreek het. Kapitaalgoedere oor jare opgebou, het verdwyn en bowendien het die boere 'n lae prystydperk ingegaan. 'n Laagtepunt in die landbou, veral in die Vrystaat en Transvaal, is dus deur die sogenaamde Engelse oorlog van 1899 tot 1902 veroorsaak.

5. Die landbou sedert 1902

Chaos en verarming het in 1902 op landbougebied in die Vrystaat en Transvaal geheers, want by sy terugkeer het elke boer gevind dat al sy bates as't ware verdwyn het. 'n Nuwe begin moes gevolglik gemaak word en dit sonder kapitaal. Die uitdaging wat hierdie omstandighede aan die geteisterde boerebevolking gestel het, was geweldig, maar die uitdaging is aanvaar - dit móés aanvaar word, want die boer van daardie jare het, omdat hy aan die

---

1) Tomlinson, F.R. e.a. Honderd jaar landbou in die Transvaal. In Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Oktober 1956, p. 144.

lewe moes bly, geen ander keuse gehad nie.

### 5.1. Faktore verantwoordelik vir die opheffing van die landbou na die Engelse oorlog

Verskeie faktore wat die vinnige ontwikkeling van die landbou gestimuleer het, verdien nou ons aandag, want oor 'n betreklik kort tydperk is die landbou uit sy neergeslane toestand weer opgehef.

#### 5.1.1. Die besef dat hul heil in die konsolidering van hul kragte gelê het

Aan die begin van hierdie eeu het die boer homself in die posisie bevind waar hy van die afset van sy produkte afhanklik was, maar oor geen bemarkingstelsel beskik het waardeur hy sy produk ordelik en voordelig van die hand kon sit nie. Die feit dat die afstand tussen die boer en die verbruiker ook so geweldig groot was en dat daar oor geen goeie vervoerfasiliteite beskik is nie, het die situasie vir die boer verder bemoeilik. Sy bemarking het, soos reeds genoem, bestaan uit die lewering van sy produk aan 'n plaaslike winkelier, gewoonlik vir verrekening teen opgehoopte skuld, of die opkoop daarvan deur rondreisende handelaars. Laasgenoemde persone het die onkunde van die boere soms gruwelik uitgebuit. Geen wonder dus dat hierdie ekonomiese toestande gelei het tot 'n ernstige behoefte aan koöperatiewe optrede nie. Koöperasie was egter redelik onbekend en dit is nie verbasend dat die aanmoediging in die eerste plek van owerheidsweë gekom het nie.

Gesamentlike optrede moet egter verder terug gesoek word. Onder andere is in 1897 die Transvaalse Landbou-unie gestig, wat baie vir produsente gedoen het, soos duidelik blyk uit die volgende twaalf doelstellings wat op die 1897-kongres geformuleer is, naamlik:[1]

(a) "Het stichten van een Departement van Landbou.

(b) Het verzamelen van betrouwbare landboustatistieken.

(c) Het stichten van een Landbouw-Skool.

(d) Het stichten van proefboerderijen.

(e) Het verzamelen van weerkundige statistieken.

(f) Het aanstellen van een Regerings Chemikus.

(g) Het stichten van een Boskultuur Departement.

---

1) Anon. In Transvaalse Boer. Augustus, 1960, p. 4.

(h) Het stichten van een Bakteriologiese Departement.

(i) Het publiseren van een Landbouw Joernaal.

(j) Het stichten van een Veeartsen Departement.

(k) Het invoeren van volbloed vee.

(l) De Federasie van Zuid Afrikaansche Landbouw belangen."

Hierdie doelstellings was voorwaar versiende en omvattend.

5.1.2. Die instelling van 'n Departement van Landbou:

Voordat die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, was daar afsonderlike departemente van landbou in die vier kolonies. Koloniale owerhede het egter gereelde konferensies belê met die oog op eenvormige optrede.

Die totstandkoming van die afsonderlike landboudepartemente vir die provinsies en later die uniale Departement van Landbou, moet as 'n baie belangrike faktor beskou word ten opsigte van die vinnige ontwikkeling van die landbou, want hierdeur is groot verbetering gebring in die verskaffing van tegniese en ander dienste aan die landboubevolking. Die provinsies is uiteraard ongelyk in oppervlakte, onreëlmatig van fatsoen en op baie plekke sonder natuurlike grense, terwyl die land feitlik in sy geheel omring is deur see en dorre gebiede en dit dus ook 'n eenheid vir landboukundige administrasie vorm. Verder het uniale beheer eenvormige wetgewing en gelyke behandeling van die boere in alle dele van die land meegebring. Groter doeltreffendheid ten opsigte van navorsing, die beheer van veesiektes, algemene hulp aan boere is bereik. Ons dink onder andere aan die rol wat die Land- en Landboubank sedert 1912 in die afwesigheid van 'n gelyksoortige instelling in die groot kapitaaltekort gespeel het.

Die totstandkoming van die Departement van Lande het verder 'n tydperk ingelui van die stigting van grootskaalse besproeiingsnedersettings, wat die grondgebruikspatroon aansienlik gewysig het.

Allerweë is daar dus besef dat die belangrikheid van die landbou nie altyd voldoende in gedagte gehou is nie, want met die ontwikkeling op die gebied van die mynbou het die landbou 'n vergete industrie gebly. Die landboubeleid moes vanaf 'n toestand van selfvoorsiening tot die van produksie vir bemarking verander word om in die groeiende behoeftes te kon voorsien. Die hoofdoelstelling van die koloniale owerhede en later die uniale Departement

van Landbou was dan ook die aanmoediging en die ontwikkeling van die landbou. Die metodes wat aangewend is, was van uiteenlopende aard - hierop word hier nie volledig ingegaan nie. Enkele voorbeelde is die Natalse Landbou-ontwikkelingswet van 1904; wet no. 43 van 1905 van die Kaapprovinsie, waardeur R300,000 as lenings vir landboukoöperasies beskikbaar gestel is; die 1907-wetgewing waardeur die Landbank vir Transvaal geskep is, en die Landbouraad van die Vrystaatse Republiek wat reeds in 1898 in die lewe geroep is.

5.1.3. Die konjunktuur

Die korttermynskommelinge buite rekening gelaat, kan ons sê dat as gevolg van die toenemende ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse goudvelde en die gevolglike groter aanbod van goud, 'n periode van stygende pryse in 1896 begin het. Hierdie voorspoedtydperk het tot ongeveer die einde van die eerste wêreldoorlog geduur. Die prysstygings was 'n sterk aansporing tot die kommersialisering van die boerdery.

## 5.2. 'n Algemene oorsig van die landbou-ontwikkeling sedert 1910

Nieteenstaande die faktore wat verantwoordelik was vir die heropbou van die landbou na die Engelse oorlog moet ons konstateer dat die landbou in die vier konstituerende provinsies teen 1910 nog maar weinig ontwikkel was. Die uitgestrekte vlaktes van die hoëveld, wat later 'n belangrike landbouproduksiestreek van die Unie sou word, het kaal gelê. Met unifikasie was die land nog 'n netto invoerder van voedsel. Na 1910 het die klem dus veral op produksie geval. Hiervoor is die wetenskap ingespan en kennis is versprei. Navorsing op landbougebied is aangepak en proefstasies en landbouskole is opgerig. Die produksie is verder in 'n groot mate gestimuleer deur die eerste wêreldoorlog. Nuwe moontlikhede is geskep en die produksie is op 'n intensiewer grondslag geplaas. Gedurende 1916 en 1917 was die produksie van so 'n aard dat die binnelandse vraag in baie gevalle oorskry is en heelwat meer uitgevoer kon word.

Van der Post[1)] vergelyk onder andere die pryse van landbouprodukte in 1910 met dié in 1920, waaruit groot stygings opgemerk kan word. Dit toon dat dit 'n voorspoedige tydperk vir die landbou was. Gedurende die tweede helfte van 1920 het die pryse weer skerp gedaal as gevolg van veral twee redes wat

1) Van der Post, op. cit., p. 542.

ons slegs noem, naamlik eerstens die feit dat die lande wat in die oorlog betrokke was, weer hul produksie kon voortsit, en tweedens as gevolg van die doeltreffender boerderymetodes en hulpmiddels. Suid-Afrika se ondervinding in hierdie opsig was nie uniek nie, inteendeel, dit het die wêreldtoestand weerspieël. 'n Sterk selfvoorsieningsdrang wat gedurende die eerste wêreldoorlog ontwikkel het, was destyds ook die oorsaak dat die belange van die landbou op die voorgrond van die ekonomiese beleid geplaas is en invoertariewe deur baie lande ingestel is. In sommige lande is selfs tot kwotastelsels oorgegaan.[1)]

Die 1920-21-22-depressie het skielik gekom, maar dit was kort. Nietemin het dit baie slagoffers geëis. Dit is weer gevolg deur 'n relatiewe stabiele periode (1923-28) wat selfs voorspoedig was, hoewel op 'n laer basis as die 1918-19-20-periode. Coetzee[2)] wys ten opsigte hiervan op die belangrikste rede wat hier ook vermelding verdien, en dit is dat die sekondêre nywerhede sedert 1926 vinnig ontwikkel het sodat die binnelandse vraag na landbouprodukte uitgebrei het. Schumann[3)] gee ook 'n beskrywing van hierdie belangrike ontwikkelingskenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomie en sê tereg dat daar van 'n industriële omwenteling in Suid-Afrika gepraat kan word.

Vervolgens verdien die Bemarkingswet van 1937 ons aandag. Om dit egter te kan begryp, is dit nodig om die aanleidende oorsake vir hierdie wet kortliks te behandel.

Soos reeds gesien, het die tydperk tydens en na die eerste wêreldoorlog 'n belangrike uitbreiding van die landbouproduksie meegebring as gevolg van die hoë pryse. Die gevolg was dat die binnelandse verbruik van verskeie produkte oortref is. Van 'n groot gedeelte van die surplusse kon Suid-Afrika ontslae raak op die buitelandse markte, maar soos ons reeds aangetoon het, het ander lande geleidelik weer hul normale produksie begin lewer of begin uitbrei, en toe goeie oeste in 1928 en 1929 behaal word, het die wêreldpryse in 1929 ineengestort. Hier moet in gedagte gehou word dat die ekonomiese toestand vir die landbou belangriker was omdat die pryse van landbouprodukte

---

1) Van der Post, op. cit., p. 542.

2) Coetzee, op. cit., p. 31.

3) Schumann, C.G.W. Ekonomiese vooruitgang in Suid-Afrika. <u>In</u> Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer, 1954, p. 4.

vinniger en verder gedaal het as die pryse van nie-landbouprodukte. Gedurende die depressie van 1929-32 het die verskil tussen landbou- en nywerheidspryse verder vergroot. Prysdalings ten opsigte van sekere artikels van 1927-29 tot 1939 word in die volgende tabel aangetoon:[1]

| Jaar | Groothandelindekssyfers alle artikels | Groothandelindekssyfers (landbouprodukte) | Kleinhandelindekssyfers vir voedselprodukte |
|---|---|---|---|
| 1927-29 Gem. | 100 | 100 | 100 |
| 1929 | 97 | 92 | 99 |
| 1930 | 85 | 67 | 94 |
| 1931 | 83 | 63 | 90 |
| 1932 | 76 | 51 | 82 |
| 1933 | 77 | 67 | 84 |
| 1934 | 85 | 77 | 89 |
| 1935 | 79 | 66 | 87 |
| 1936 | 82 | 77 | 87 |
| 1937 | 84 | 80 | 88 |
| 1938 | 87 | 76 | 92 |
| 1939 | 85 | 72 | 92 |

Hieruit blyk dat die prys van landbouprodukte baie meer gedaal het as dié van artikels of voedselpryse in die algemeen. So was die groothandelsprys van alle artikels slegs 24 persent en die kleinhandelsprys 18 persent laer in 1932 as dié van die basis-jaar. Hierteenoor het die prys van landbouprodukte met 49 persent gedaal.

Van staatsweë is verskeie maatreëls getref om die verhouding tussen binnelandse- en buitelandse pryse te verbreek. Die invoerregte is verhoog en in die geval van uitvoerprodukte is daar tydelik tot 'n stelsel van uitvoersubsidie oorgegaan. Die oplewing na 1933 was egter gering en die pryse van landbouprodukte het betreklik laag gebly in verhouding met dié van nywerheidsprodukte, sodat verdere hulp nodig was. Invoerregte, selfs in die geval van produkte waarvan onvoldoende hoeveelhede geproduseer is, was nie altyd

1) Derde voorlopige verslag van die kommissie in verband met Industriële- en Landboubenodigdhede, U.G. 40/41, p. 31.

doeltreffend nie en ten opsigte van sekere produkte is beheerrade in die lewe geroep ten einde pryse te stabiliseer deur invoer, uitvoer en toevoer na die markte te reël. [1)]

As 'n verdere voorbeeld van die belangstelling in die landbou gedurende daardie jare kan ons noem dat weens die netelige posisie waarin baie boere as gevolg van die lae pryse verkeer het, die staat onder meer 'n kommissie [2)] aangestel het. In 1934 het die kommissie sy verslag uitgebring. Die kommissie het nie sy weg oopgesien om die bemarking van landbouprodukte deur een kanaal aan te beveel nie, om die volgende redes: [3)]

(a) Die van-die-hand-sit van produkte deur een kanaal het as doelstelling die vasstelling en beheer oor pryse, wat volgens die mening van die kommissie ekonomies ongesond is omdat dit sou lei tot oorproduksie, tot wanverhouding tussen aanbod en aanvraag en tot uiteindelike ineenstorting van pryse.

(b) Prysbeheerskemas het in ander lande bewys dat pryspeile nie deur arbitrêre metodes hoog gehou kan word nie, omdat dit tot verhoogde produksie lei en verhoogde produksie weer tot laer ontvangste vir die boer.

(c) Ondervinding met prysbeheerskemas in die Unie in sy vernaamste landbouprodukte, naamlik tabak en wyn, ondersteun, volgens die kommissie, die sienswyse dat hierdie vorm onwenslik en nie in belang van die boerderybedryf is nie.

Na hierdie verslag het die regering gevoel dat die aangeleentheid nog nader bestudeer moet word. Die sekretaris van landbou is toe oorsee gestuur om ondersoek in te stel hoe die probleem in ander lande die hoof gebied word. Die lande wat die betrokke sekretaris besoek het om te sien watter maatreëls getref is ten einde ordelike bemarking van landbouprodukte te verseker, was Engeland, Nederland, Duitsland en Denemarke. Sy bevindings kan kortliks soos volg weergegee word. [4)]

---

1) Vergelyk: Our First Half-century 1910-1960, p. 242 en 243.

2) Kommissie van ondersoek na koöperasie en landboukrediet in Suid-Afrika.

3) Ibid., p. 19.

4) Viljoen, P.R. Regulering van produksie en bemarking van landbouprodukte in Europa. In Boerdery in Suid-Afrika. Januarie tot Mei 1937.

(a) In al die genoemde lande was daar 'n nasionale beplanning, hetsy om die produksie van surplusprodukte te beperk, hetsy om die produksie van daardie produkte waaraan die land 'n tekort gehad het, aan te moedig.

(b) Regulerende of beheermaatreëls vir bemarking het bestaan, maar die masjinerie wat daarvoor aangewend is, het van staat tot staat verskil.

(c) Soortgelyke maatreëls vir Suid-Afrika was baie noodsaaklik, maar daar moes gekonsentreer word op produksiedoeltreffendheid en distribusie-aanpassing in plaas van werklike beheer oor verkoop en prysvasstelling.

Die maatreëls vir handhawing en verhoging van pryse gedurende hierdie tydperk het slegs ten dele geslaag en is deur produsente en verbruikers skerp veroordeel. Die gewenste stabiliteit of die nodige fundamentele aanpassings kon nie bereik word nie. Bowendien was die seksionele en ongekoördineerde wyse waarop hulp verleen is 'n fundamentele swakheid. Die gedagte dat verkoop deur een kanaal van owerheidsweë ingestel moes word, het steeds sterker aanhang verkry, sodat in 1937 die Bemarkingswet aanvaar is. Die mening dat 'n mate van permanente staatstussenkoms in die bemarking van landbouprodukte noodsaaklik geword het, het dus geseëvier. Dit was egter nie die eerste keer dat die regering die bemarking van produkte beheer het nie.

Die eerste wetgewing wat deurgevoer is ten opsigte van die bemarking van landbouprodukte was die <u>Uitvoer van Vruchten Wet</u>, No. 17 van 1914.[1) Die belangrikste bepaling van dié wet was dat die uitvoer van vrugte verbied is tensy dit deur die staatsinspekteur ondersoek en as geskik vir uitvoer verklaar is. Die uitsluitlike doel hiermee was dus om te voorkom dat minderwaardige vrugte die land uitgaan. In 1925 is die posisie verder verskerp met die totstandkoming van die Vrugte-uitvoerraad. In 1926 is die Raad van Toesig op die Uitvoer van Bederfbare Produkte[2) saamgestel, wat addisionele beperkings ten opsigte van bemarking op die produsent gelê het.

---

1) Uniewette, Deel I, p. 244-248.

2) Wet op Reëling van Uitvoer van Bederfbare Produkte, No. 53 van 1926, Uniewette, Deel I, p. 286-296.

Hierdie beheer het slegs die ordelike bemarking van goeie vrugte geraak en nie die prys nie.

Aandag is ook aan suiwelprodukte geskenk en dit het sy beslag gekry in die uitvoerwet no. 35, van 1917.[1] Die doel hiervan was dieselfde as in die geval van vrugte, naamlik om te verseker dat slegs gekeurde suiwelprodukte uitgevoer word. Hierdie beheermaatreëls is in 1925 verder uitgebrei toe die wet ter bevordering van die landbou, wet no. 16 van 1925 aangeneem is. Hierdeur is 'n heffing op botter gemagtig wat deur die Minister van Landbou bestee kon word ter bevordering van landbou .

As een van die ingrypendste beheermaatreëls moet egter dié wat in 1930 ingestel is, gesien word, toe die raad van beheer oor die suiwelnywerheid in die lewe geroep is.[2] Hierdie raad was by magte om:

(a) kontrole oor die hoeveelhede suiwelprodukte wat 'n ondernemer vervaardig uit te oefen;

(b) voor te skryf hoeveel van 'n bepaalde produk deur 'n bepaalde vervaardiger uitgevoer moes word;

(c) om 'n minimum produsenteprys van melk en room vas te stel;

(d) om 'n heffing op alle geproduseerde botter in te stel en om hiermee uitvoerverliese te vergoed.

Soortgelyke maatreëls is ook aangeneem ten opsigte van vleis, wyn, brandewyn, mielies, tabak, koring en meel.[3]

Opsommenderwys kan ons dus sê dat die beheermaatreëls aanvanklik slegs die uitvoer van goeie-kwaliteit-produkte wou waarborg, maar dat die latere uitbreiding van die maatreëls ook ten opsigte van produsentepryse was. Nietemin, teen die vroeë dertigerjare was beheer van landbouprodukte en vasstelling van pryse nie meer iets vreemds nie en die Bemarkingswet van 1937 moet dus inderdaad as 'n verdere uitbreiding van die beheermaatreëls gesien word.

---

1) Wet op Reëling van Uitvoer van Bederfbare Produkte, No. 53 van 1926, Uniewette, Deel I, p. 286- 296.

2) Wet No. 35 van 1930, Uniewette, Deel I, p. 544-591.

3) Vergelyk: Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Vol. I, 1933, p. 11-13.

## 5.3. Belangrikste faktore wat die landbou in Suid-Afrika beïnvloed het

### 5.3.1. Die Bemarkingswet

Hierdie wet was voorwaar 'n magtigingsmaatreël, want waar voorheen verskillende beheerrade vir afsonderlike produkte deur spesiale wetgewing geskep moes word, kon dit nou per proklamasie geskied. Die wet het al dié bevoegdhede bevat waarmee 'n skema die betrokke beheerrade kon beklee. Volledigheidshalwe moet verder gemeld word dat die wet die toepassing van skemas onderwerp aan die toesig en vetoreg van die Minister (tans die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking) wat van advies bedien word deur die Nasionale Bemarkingsraad, 'n liggaam spesifiek vir dié doel ingestel kragtens die wet.

Die doelstellings van hierdie wet moet egter gesien word in die lig van die voorafgaande toestande, met ander woorde die toestand gedurende die depressie. Vanweë die lae pryse is die boere se selfstandigheidsgevoel bedreig en die duisende individuele produsente kon hulle nie binne hul eie geledere doeltreffend organiseer nie. Gevolglik is die beheerraadstelsel as die enigste middel beskou waardeur produsente hulle onderhandelingsvermoë kon versterk, die prysspeling tussen produsent en verbruiker kon verminder en meer bevredigende en meer stabiele pryse vir hul produkte kon bewerkstellig.

Die wyse waarop dié doelwitte nagestreef kon word, blyk uit die aard van die bevoegdhede wat kragtens artikels 19 en 20 van dié Bemarkingswet aan die beheerrade verleen is. Hierop kan hier nie volledig ingegaan word nie, maar waar artikel 19 hoofsaaklik van organisatoriese aard was, dit wil sê om onder andere die distribusie van produkte te rasionaliseer, het artikel 20 magtigings bevat waardeur die pryse vir die produsent, die middelman en die verbruiker vasgestel kon word en waardeur die beheerraad kon optree as die alleenkoper en verkoper. Dit het beteken dat die Bemarkingswet ook 'n invloed sou hê op landboukoöperasies.

Die doelstellings van die wet kan geriefilikheidshalwe onder twee hoofde saamgevat word, naamlik: dié wat op bemarking en dié wat op produksie betrekking het. Onder eersgenoemde hoof, bemarking, moet die volgende as die belangrikste doelstellings gesien word:

(a) verhoging van die binnelandse prys van die besondere produk;

(b) om die doelstelling in (a) te bereik deur onder andere die verhoging van die kwaliteit van die produk;

(c) verkryging van groter stabiliteit van pryse;

(d) vermindering van die distribusie- en vervaardigingskoste deur die uitskakeling van onekonomiese praktyke, sentralisasie van verkope en rasionalisasie van die vervaardigingsbedrywe.

Onder die hoof produksie kan kortliks gestel word dat dit die doel van die Bemarkingswet is om uiteindelik 'n stabiele, rasionele en doeltreffende boerderybedryf tot stand te bring. In dié verband moet die aandag pertinent daarop gevestig word dat die Bemarkingswet nie enige magtiging bevat waardeur direkte beheer oor die produksie van landbouprodukte uitgeoefen kan word nie, maar die moontlikheid bestaan tog dat 'n beheerraad op indirekte wyse deur die toepassing van sy prysbeleid 'n groter invloed op produksie kan uitoefen. So kan en word verskillende pryse vir verskillende grade van een produk bereken, op so 'n wyse dat die produksie van die beste gehalte aangemoedig word.

Die vernaamste maatstawwe wat by prysbepaling geld, is kortliks die volgende:

(a) die verhouding tussen die vraag en aanbod vir die betrokke produk;

(b) die produksiekoste en die reaksie van die aanbod op die vasgestelde pryse;

(c) die algemene tendense van landbou- en nie-landboupryse en van landboupryse onderling;

(d) die verhouding tussen plaaslike en wêreldpryse;

(e) die algemene ekonomiese beleid van die regering.

Vervolgens wil ons iets meer sê oor die faktore wat aanleiding gegee het tot die aanname van die Bemarkingswet.

Dit is algemeen bekend dat die groothandelspryse van landbouprodukte in die vrye mark vinnig en geweldig skommel. Ons weet ook dat alhoewel landboupryse en -koste gewoonlik daal en styg in ooreenstemming met skommelings in die algemene pryspeil, landboupryse vinniger en hoër styg as industriële pryse en dat wanneer die algemene pryspeil daal, landboupryse weer vinniger en laer as industriële pryse daal.[1] Die vernaamste redes van die

---

1) Vergelyk: Bestbier, N.A.B. 'n Oorsig van die oorsake en implikasie van onstabiliteit in landbou-inkomste. In Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer. 1954, p. 158.

onstabiliteit van landboupryse in vergelyking met industriële produktepryse spruit voort uit die omstandighede betrokke by die produksie en verkoop van landbouprodukte, naamlik: dat die produksie van die meeste landbouprodukte van 'n seisoensaard is, dat die produksie wissel na gelang van weers- en ander veranderings, dat die vraag na landbouprodukte betreklik bestendig is — veral oor die korttermyn, dat die kleinhandelspryse in verhouding baie minder wissel as produsentepryse weens die groot vaste element van vervoer- en distribusiekoste. Deur hierdie gebrek aan redelike prysstabiliteit word die ekonomiese bestaan van die landbouprodusent verder bedreig. Ons illustreer dit aan die hand van die volgende:-

Die Suid-Afrikaanse bevolking en dus ook die landbouers het sedert 1898 reeds drie tydperke van hoë pryse beleef as gevolg van oorloë. Die onderstaande tabel gee die indekssyfers van pryse in Suid-Afrika gedurende die drie oorlogstydperke vir:

(a) akkerbou en veeteeltprodukte,

(b) groothandelspryse vir alle produkte,

(c) kleinhandelspryse van voedsel, brandstof, lig en huishuur.

| Anglo-Boereoorlog (1897/98 = 100) | | | | Wêreldoorlog I 1913/14 = 100) | | | | Wêreldoorlog II (1938/39 = 100) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | Land-bou-indeks | Groot-handels-indeks | Klein-handels-indeks | Jaar | Land-bou-indeks | Groot-handels-indeks | Klein-handels-indeks | Jaar | Land-bou-indeks | Groot-handels-indeks | Klein-handels-indeks |
| 1898 | 105 | - | 101 | 1914 | 100 | 100 | 100 | 1938/39 | 100 | 100 | 100 |
| 1899 | 106 | - | 102 | 1915 | 98 | 110 | 103 | 1940 | 98 | 111 | 100 |
| 1900 | 114 | - | 106 | 1916 | 103 | 127 | 106 | 1941 | 112 | 122 | 102 |
| 1901 | 119 | - | 115 | 1917 | 115 | 145 | 114 | 1942 | 135 | 137 | 106 |
| 1902 | 127 | - | 119 | 1918 | 123 | 158 | 118 | 1943 | 159 | 149 | 115 |
| 1903 | 138 | - | 109 | 1919 | 129 | 170 | 126 | 1944 | 177 | 154 | 121 |
| 1904 | 106 | - | 103 | 1920 | 189 | 230 | 155 | 1945 | 185 | 156 | 129 |
| 1905 | 119 | - | 97 | 1921 | 161 | 166 | 137 | 1946 | 195 | 160 | 131 |
| 1906 | 99 | - | 99 | 1922 | 97 | 133 | 121 | 1947 | 213 | 163 | 134 |

Soos opgemerk kan word, is nie deurgaans een basis gebruik om die relatiewe stygings en dalings in die afsonderlike tydperke te vergelyk nie, maar is die tendense gedurende elke oorlogstydperk met sy eie vooroorlogse basis vergelyk. 'n Paar opvallende feite kan uit die voorgaande tabel afgelei word, naamlik:

(a) elke oorlogstydperk het 'n sterk prysstyging meegebring;

(b) die hoogtepunte in die prysstygings het eers na die beëindiging van die vyandelikhede gekom;

(c) in die geval van die eerste twee oorlogstydperke het die pryse skielik en skerp gedaal;

(d) die hoogtepunt was elke keer hoër as die vorige keer.

Die pryse van die landbouprodukte alleen gee egter nie 'n volledige beeld van die boer se ekonomiese posisie nie, want die pryse wat die boer vir benodigdhede moet betaal, dit wil sê koste vir produksie en bemarking, is ewe belangrik.

Wanneer besigheidstoestande gunstig is, word 'n groter koopkrag geskep deur groter indiensname van werkers, hoër lone en salarisse, ensovoorts, en 'n groter vraag na landbouprodukte word geskep. Uit die aard van die saak kan landbouproduksie egter nie onmiddellik of selfs binne 'n afsienbare tyd aan die groter vraag voldoen nie. Die belangrikste redes hiervoor is kortliks die volgende:

(a) anders as in die industrieë bestaan daar gewoonlik nie veel ledige produksiefaktore in die landbou wat onmiddellik in gebruik geneem kan word nie;

(b) produksie in die landbou is 'n langtermynbelegging;

(c) boere reageer nie onmiddellik op elke prysverandering nie, juis omdat hulle bang is die prysverandering is van 'n tydelike aard;

(d) aangesien landbouproduksie onderhewig is aan onbeheerbare faktore, dit wil sê aan die wisselvallighede van die natuur, word produksieuitbreiding dikwels deur ongunstige oeste geneutraliseer.

As gevolg van die onvermoë van die landbou om aan die veranderde vraag na landbouprodukte, wat tydens 'n algemene prysstyging of prysdaling ontstaan, te voorsien, styg of daal landboupryse vinnig. Hierdie situasie doen hom in die geval van industriële ondernemings nie voor nie. Dus: in

die geval van landbou wissel pryse uitermate, terwyl die produksie van landbouprodukte betreklik konstant bly en in die geval van industrieë wissel produksie uitermate, terwyl pryse betreklik konstant bly.

Bo en behalwe die hierbo vermelde faktore wat bydra tot die moeilik aanpasbaarheid van landbouproduksie, moet die feit in gedagte gehou word dat die persentasie vaste uitgawes in die landbou so hoog is dat nie veel bespaar kan word deur pogings om produksie te verminder nie. Verder word die ongunstige finansiële posisie van die boer gedurende 'n prysdaling ver-erger omdat die bemarkingskoste van landbouprodukte ook betreklik stadig verander wanneer pryse besig is om te daal.[1)]

Soos ons reeds gesien het, was een van die hoofdoelstellings van die Bemarkingswet van 1937 om pryse van landbouprodukte te stabiliseer. Swanepoel[2)] gaan hierop in en toon aan:

(a) dat die styging in pryse toegeskryf moet word aan die oorlogse en na-oorlogse inflasie en dat die beheerstelsel dikwels die middel was om te verhoed dat pryse in 'n wildespiraal beland (hy toon aan dat die pryse van al die betrokke produkte sedert 1938/39 gestyg het; verder het die stelsel van vasgestelde pryse vir 'n hele seisoen alle interseisoenskommelinge uitgeskakel);

(b) dat daar sedert die inwerkingtreding van die Bemarkingswet 'n geleidelike styging sowel in die plaaslike as in die oorsese algemene prysstruktuur plaasgevind het, maar sonder beheer sou pryse groot skommelings ondergaan het in ooreenstemming met die skommelings in die buitelandse pryse. Die gunstige invloed op die prysstabiliteit, veral op die korttermyn, is egter onder stygende konjunktuur behaal en dit was gevolglik nie so moeilik nie.

Ten opsigte van die produksiesy kan gekonstateer word dat die invloed van die Bemarkingswet in sekere gevalle opvallend sigbaar is, en dit in weerwil daarvan dat die boer maar te dikwels geneig is om sy inkomste as gevolg van 'n lae prys op te stoot deur 'n vergrote produksie van die besondere produk. Veral via navorsing en proefneming het enkele beheerrade 'n

---

1) Bestbier, N.A.B., op. cit., p. 161.

2) Swanepoel, J. Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika. p. 437.

heilsame uitwerking gehad deur die produksie per eenheid te verhoog en dus op dié manier die boer se eenheidskoste te verlaag.[1] Om hierdie rede, maar ook onder aansporing van die gunstige mark- en prystoestande na die laaste wêreldoorlog, het die produksie van landbouprodukte vinnig toegeneem. So was die volume van landbouproduksie teen 1945/46 slegs ongeveer 30% hoër as net voor die oorlog, maar teen 1950/51 ongeveer 41% hoër. In 1951 was die produsenteprys vir mielies 263%, gebaseer op die vooroorlogse peil; dié vir koring 239%; grondbone 343%; skape 332%; beeste 228%; kaasmelk 291% en bottervet 275%.[2]

Geen wonder dus dat namate produksie die afsetgeleenthede ingehaal en in sekere gevalle selfs verbygesteek het, die behoefte aan die uitbreiding van die beheerstelsel na meer produkte ontstaan het nie. As gevolg van die verskille wat tussen produkte bestaan wat betref die omvang van die betrokke bedrywe, die relatiewe belangrikheid van die binne- en buitelandse markte, die bemarkingspatroon, en dies meer, het nie alleen die vertoë vir die skemas verskil nie maar ook die skemas onderling.

Verskeie stelsels onder die Bemarkingswet is dus ontwerp om die nuwe fase, wat ongeveer in 1953 begin het en gaandeweg in intensiteit toegeneem het, die hoof te bied. Dit wil sê, die fase waartydens oorskotte teen die heersende binnelandse prysstruktuur nie lonend uitgevoer kon word nie. Hierdie veranderde toestande het die styging in landboupryse wesenlik gedemp, terwyl die produksiekoste nog 'n stygende neiging getoon en die koste/inkomste-verhouding dus ongunstiger geword het. Veral gedurende die afgelope vier/vyf jaar dring produsente sterk aan op 'n gunstiger verhouding. Meesal gaan dit dan ook in hierdie verband oor beheerde produkte omdat daar blykbaar gemeen word dat die masjinerie onder die Bemarkingswet aangewend kan word om pryse op 'n meer lonende peil te plaas. Ons gaan nie nou nader hierop in nie.

Die beheerskemas kom hoofsaaklik neer op die gereguleerde afset van die hele aanbod of so 'n hoeveelheid daarvan as wat voldoende is, deur

---

1) Dink onder andere aan die Raad van beheer oor die Mielienywerheid in samewerking met die Departement van Landbou se skema in verband met die kweek van die bastersaadmielie.

2) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 'n Kortbegrip van Landboustatistiek.

een kanaal, naamlik die beheerraad, om die afset meer ordelik te reël en so die doeltreffendste gebruik van die bestaande vraag na die produk te maak.

Volledigheidshalwe moet ons ook daarop wys dat dit uit artikel 18 van die Bemarkingswet duidelik is dat beheerrade eintlik niks anders is as produsenterade nie. Ons gaan nie hierop in nie.

5.3.2. Die Land- en Landboubank

Kort na die beëindiging van die sogenaamde Engelse oorlog in 1902 was dit reeds duidelik dat daar om verskeie redes 'n sterk behoefte aan landboukrediet bestaan het. Aangesien die inisiatief om hierin te voorsien nie van die landbouprodusente se kant self gekom het nie, is van owerheidskant tussen die jare 1907 en 1909 sogenaamde landbanke in Natal, Transvaal en Oranje-Vrystaat gestig.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is die vandag alombekende Land- en Landboubank van Suid-Afrika gestig, ingevolge Wet 18 van 1912. Hierdie wet is deur die Landbankwet, no. 13 van 1944, gekonsolideer en daarna 'n paar keer gewysig.

Na die totstandkoming van die Landbank in 1912 het die destyds bestaande provinsiale landbanke hul werksaamhede gestaak. Hul bates en laste is oorgedra aan die Landbank wat die vordering van hul uitstaande lenings moes waarneem en hul verpligtings onder kontrakte moes nakom.

Die Landbank is nie onder die beheer van enige staatsdepartement nie en doen verantwoording slegs aan die Parlement deur bemiddeling van die Minister van Finansies.

Die aktiwiteite van die Landbank is hoofsaaklik om geld voor te skiet aan boere, landboukoöperasies en beheerrade wat ingevolge die Bemarkingswet van 1937 ingestel is.

Aan boere kan vier soorte lenings toegestaan word, naamlik: verbandlenings, laslenings, hipoteeklenings en kaskredietlenings. Verbandlenings word toegestaan vir die aankoop van grond en die aanplant van byvoorbeeld wingerde; laslenings word veral toegestaan vir dipbakke, omheinings, watervoorsiening, voerkuile en voorsiening vir die toevoer van elektrisiteit; hipoteeklenings word toegestaan vir die aankoop van lewende hawe, terwyl onder kaskredietlenings produksiekrediet, dit wil sê krediet vir saad, kuns-

mis, ensovoorts, toegestaan word.

Die Landbank se lenings aan koöperasies is van tweërlei aard en word onderskei as paaiement- en kaskredietlenings. Paaiementlenings word toegestaan vir die aanskaffing van vaste bates wat hoofsaaklik bestaan uit skure en ander geriewe vir die opberging en veilige bewaring van graan. Kaskredietlenings word aan koöperasies toegestaan spesifiek vir die hantering van landbouprodukte; verwerking van primêre produkte op koöperatiewe grondslag, voorskotte vir produksie- en verpakkingsdoeleindes, en verskaffing van boerderybenodigdhede aan lede.

Beheerrade wat ingevolge die Bemarkingswet van 1937 ingestel is, kan deur die Landbank gefinansier word vir enige doel waarvoor daardie rade geld kan leen. So kan gebruik gemaak word van die lenings om byvoorbeeld verpakkingsmateriaal aan produsente te verskaf en voorskotte aan produsente te betaal op produkte wat deur die beheerraad namens produsente bemark word.[1)]

5.3.3. Finansiële en ander hulp deur die staat

Aangesien boerdery in Suid-Afrika tot so 'n belangrike mate aan die invloede van onbeheerbare faktore onderhewig is, het die owerheid hoofsaaklik op aandrang van die Landboudepartement(e) periodiek sekere maatreëls getref om die boere in hul nood te help. Hierdie maatreëls het baie bygedra tot die landbou-ontwikkeling wat ons vandag ken, want nie alleen het dit baie boere gereeld finansieel staande gehou nie, maar dit het ook baie ander in staat gestel om hul posisies te konsolideer en hul boerdery op 'n meer doeltreffende grondslag te plaas.

Die vernaamste van sodanige maatreëls wat ingestel en uitgevoer is, is die volgende:

5.3.3.1. Droogte- en Vloednoodleniging

Hierdie skema is in die lewe geroep na die besonder swaar droogte gedurende 1915/16 en die oorvloedige reëns wat weer daarop gevolg het. Dit het sy beslag gekry in die Droogte en Overstromingsnoodlenigingswet 28/1916. Dit was spesifiek bedoel vir boere wat weens

---

1) Vergelyk: Jaarverslag van die Raad van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, 1966.

droogte of oorstroming(s) nie in staat was om sonder hulp hul boerdery voort te sit nie.

5.3.3.2. Spesiale finansiële en nie-finansiële onderskraging aan boere

Baie boere het teen ongeveer 1930 in 'n benarde posisie verkeer as gevolg van die druk deur skuldeisers. Om hierdie mense te help, het die owerheid waaksaamheidskomitees aangestel wat die belange van die boere by hul krediteure moes beskerm. Hierdie komitees kon skuldeisers nader om uitstel vir betaling te probeer verkry en indien nie daarin geslaag kon word nie, kon 'n verdere lening vir die boer aanbeveel word.

Dit het egter gou geblyk dat die probleme van sekere boere hierdeur nie effektief opgelos kon word nie en gevolglik is in 1931 'n Wet op Spesiale Onderstand aan Boere aangeneem.[1] Hierdeur kon lenings ten bedrae van R2,000 op verband van roerende en onroerende goedere toegestaan word vir 'n tydperk van sewe jaar.

Reeds gedurende 1931 het die uitwerking van dié maatreël duidelik geblyk, en veral die tussenkoms van die waaksaamheidskomitees het dit vir baie boere moontlik gemaak om op hul plase te bly, hoewel 'n hele aantal nog 'n ander heenkome moes vind.

5.3.3.3. Uitvoersubsidies

As gevolg van die verlammende uitwerking van die depressie op ander takke van die ekonomiese bedrywighede is gedurende 1931 die Uitvoersubsidiewet, aangeneem waardeur gepoog is om deur subsidies die pryse van primêre produkte sover moontlik aan te moedig. Hierdeur is jaarliks groot bedrae aan uitvoersubsidies uitbetaal en wel ten opsigte van 'n aantal landbouprodukte.

Die uitwerking van hierdie reëling was tweeledig: die prys vir die produsent is hierdeur met die bedrag van die uitvoersubsidie omhoog gestoot, en verder is hierdeur 'n kunsmatige invloed op die pryspeil uitgeoefen deurdat kunsmatige binnelandse tekorte geskep is.

5.3.3.4. Spoorvragrabatte

Hierdie maatreël is in 1933 ingestel in die

---

1) Wet no. 4 van 1931, Uniewette, Deel I, p. 326-346.

vorm van spoorwegrabatte op slagvee. Die uitwerking hiervan blyk uit die feit dat van Mei 1933 tot 30 Junie 1934 'n bedrag van meer as R200,000 volgens dié skema deur die regering aan die spoorwegadministrasie betaal is.[1] Hierdie vermindering op spoorvrag was 'n direkte hulp aan die boer.

Gedurende 1937/38 was die totale bedrag wat aldus aan produsente vergoed is meer as R486,000, en die feit dat weens die lae pryse van wol gedurende 1939 die rabat wat aan wol toegestaan is tydelik tot soveel as negentig persent verhoog is, verdien ook melding. Teen die middel van die veertigerjare is die toegewings op verskeie produkte ingetrek, op andere is slegs wysigings van tyd tot tyd ingestel.

5.3.3.5. Huurskema

Vroeg in die dertigerjare het die owerheid ook maatreëls aangeneem om boere wat nie grond besit het nie, maar wat wel 'n bestaan gemaak het deur grond te huur, te help. Hierdie skema is direk onder die beheer van die Landbank geplaas, wat op sy beurt deur 'n adviserende plaaslike komitee bygestaan is. Hierdeur kon lenings onder sekere voorwaardes toegestaan word. Op 1 Julie 1935 is die administrasie van hierdie skema na die Kantoor van Invorderinge van Staatsvoorskotte verskuif en het nou onder beheer van die Boerebystandsraad geval.

5.3.3.6. Wet op Plaasverbandrente

Die doel van hierdie wet was om alle rente op plaasverbande te verminder en vas te stel. Verder is die boere tegemoetgekom deurdat die regering onderneem het om 'n gedeelte van die rente uit staatsfondse te subsidieer.

5.3.3.7. Doeane-ooreenkoms tussen Suid-Afrika en Rhodesië

Die eerste van hierdie ooreenkomste is in 1930 bekragtig.[2] Die doel hiervan was om sommige landbouprodukte te beskerm teen mededinging van buurstate, maar ook om voorsiening te maak vir die invoer van landbouprodukte wanneer dit nodig sou word, soos in die geval van misoeste en tekorte.

---

1) Departement van Landbou. Boerdery in Suid-Afrika, Desember 1934, p. 503.

2) Wet No. 17 van 1930.

5.3.3.8. Die Ottawa-ooreenkoms

Hierdie ooreenkoms het direk voortgespruit uit die moeilike ekonomiese toestande aan die begin van die dertigerjare en was 'n ooreenkoms wat in 1932 aangegaan is en slegs op statebondslande betrekking gehad het. Suid-Afrika as statebondsland het hierdeur belangrike voorkeurregte vir sy landbouprodukte in Engeland verkry. So is vir 'n termyn van drie jaar eiers, pluimvee, botter en kaas in Engeland vry van invoerregte toegelaat. Benewens hierdie gunstige behandeling van landbouprodukte het Engeland ook onderneem om invoerregte op sekere artikels vanuit ander lande te verhoog. Aangesien hierdie 'n belangrike ooreenkoms is kan ons terloops daarop wys dat Suid-Afrika tans nog feitlik al dié voorkeurregte geniet. In hoeverre Brittanje hierdie voorkeurregte gaan opsê wanneer hy tot die Europese Gemeenskapsmark toetree, is 'n ope vraag.

5.3.4. Die Departemente van Lande en Besproeiing

Eersgenoemde departement was hoofsaaklik belas met die uitdeel van grond vir nedersettingsdoeleindes. Die werksaamhede is bepaal onder die sogenaamde Kroongrond Nederzettingswet van 1912. In die eerste plek het hierdie wet voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Sentrale Landraad wat die Minister moes adviseer. Ook het die wet voorsiening gemaak vir twee maniere waarvolgens besproeiingsboere grond kon verkry. Eerstens is die Minister gemagtig om op aansoek van 'n individu grond vir sodanige persoon aan te koop. Tweedens het die wet voorsiening gemaak vir die uitgifte van staatsgrond aan voornemende nedersetters. Die Departement van Lande het egter nie net die nedersetters van grond voorsien nie, maar ook alles probeer om dié persone te help om 'n sukses van die boerdery te maak. So is talle hoewes vir die nedersetters bewerk, beplant, omhein, 'n huis is opgerig en die nodige verbeterings aangebring. Die Departement van Lande het dus veral bygedra tot die ontwikkeling van die landbou deur die vestiging van persone wat nie oor grond beskik het nie op plase en hoewes waar boerdery beoefen kon word.

Wat besproeiing betref, kan gemeld word dat reeds voor Uniewording aandag hieraan geskenk is, maar die besproeiingswerksaamhede is deur afdelings van die betrokke departemente in die provinsies behartig. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is hierdie werksaamhede saamgevoeg in een afdeling. Die doel was om deur spesiale ondersoeke raad en

hulp ten opsigte van besproeiing aan boere te gee. 'n Ander manier waarop die boere gehelp is, was deur middel van besproeiingslenings. Sodanige lenings is reeds onder die Kaapse Wet van 1906 in die Kaapprovinsie toegestaan, maar die gebruik is bevestig in die Besproeiings- en Waterbewaringswet van 1912. Verder is subsidies ook uitbetaal op waterbewarings. Die departement het dus besonder baie gedoen vir die ontwikkeling van besproeiingsgebiede, en dus vir die landbou in Suid-Afrika.

5.3.5. Die Departement van Landboukrediet en Grondbesit

'n Nuwe departement, naamlik die Departement van Landboukrediet en Grondbesit het sy finale beslag gedurende 1966 gekry en op 1 Oktober in werking getree.

Die hoofkenmerke van die betrokke wetgewing is die volgende:

(1) Dit het in geheel nie minder as veertien wette herroep nie. Die vernaamstes hiervan was die Droogtenoodlenigingswet van 1924, die Wet tot Invordering van Staatsvoorskotte van 1935, die Boerebystandswet van 1935 en die Nedersettingswet van 1956. Daarby is nog agtien wette in mindere of meerdere mate gewysig. In kort, alle wetsbepalings wat betrekking gehad het op staatshulp aan boere, is nou in die een wet saamgevat.

(2) Daar is 'n Landboukredietraad geskep van agt lede van wie een 'n staatsamptenaar is en wat deur die Minister as voorsitter aangewys is. Die ampstermyn van 'n lid word vooraf deur die Minister bepaal, maar is hoogstens vyf jaar. Niemand het die reg gekry om benoemings te maak nie, maar dit het enigiemand vry gestaan om die name van geskikte persone onder die Minister se aandag te bring.

(3) In die wet is ook voorsiening gemaak daarvoor dat die Minister plaaslike landboukredietkomitees kan aanstel vir landdrosdistrikte of gedeeltes daarvan, bestaande uit minstens drie en hoogstens vyf lede onder voorsitterskap van 'n plaaslike landdros, behalwe in Pretoria se landdrosdistrik waar 'n departementele amptenaar aangewys kan word. Die ampstermyn van 'n lid word vooraf deur die Minister bepaal, maar is hoogstens drie jaar. Die plaaslike komitees gee advies oor sake wat deur die Minister of die Landboukredietraad na hulle verwys word, en verrig werksaamhede wat deur die raad aan hulle gedelegeer word.

(4) Die raad kan aan enige blanke boer of voornemende boer wat aansoek doen op voorwaardes wat die raad goed ag, bystand verleen by wyse van 'n lening vir die beskerming of bevordering van sy boerdery, deur die verkoop of verhuur aan die aansoeker van roerende staatseiendom (behalwe spoorwegeiendom) wat vir boerdery geskik is, en deur skikkings met skuldeisers te tref. Die nuwe omskrywing van die hulp wat die raad mag gee, is baie meer rekbaar as dié van die liggame wat vervang word, naamlik die Boerebystandsraad, die Landraad en Staatsvoorskotte.

(5) Daar is 'n hele reeks bepalings oor die uitreik van sertifikate wat regsgedinge opskort en oor die reël van skikkings, wat nie wesenlik verskil van die ou prosedure van die Boerebystandsraad nie.

(6) Verder is daar bepalings oor die verstrekking van sekuriteit ten opsigte van roerende en onroerende eiendom, wat die bekende patroon volg.

5.3.6. <u>Die afdeling Ekonomie en Marke</u>

Reeds gedurende die eerste wêreldoorlog is 'n begin daarmee gemaak om maandelikse onafhanklike en onpartydige inligting in verband met oestoestande in belang van die boer te publiseer. Aan die begin van 1925 is die noodsaaklikheid om meer aandag aan die ekonomiese sy van die boerderyaktiwiteite te gee, deeglik besef en is die destyds bestaande oeste-afdeling deur die afdeling van Landbou-ekonomie, Marke en Koöperasie vervang. Hierdie afdeling het hom die ondersoek na die doeltreffendheid van plaasbestuur en die ekonomiese aspekte van die boerdery tot taak gestel. Ondersoek sou dus ingestel word na vraagstukke oor plaasbestuur, algemene ekonomiese vraagstukke, bemarking en koöperasie.

Een van die omvangrykste take wat die afdeling onderneem het, was die agro-ekonomiese indeling van die land. Dit is gedoen deur die gebiede met dieselfde fisiese, biologiese en ekonomiese eienskappe saam te groepeer om sodoende ook die boer beter te kan voorlig.

Met die verdeling in 1958 van die Departement van Landbou in twee afsonderlike departemente, naamlik Landbou-tegniese Dienste en Landbou-ekonomie en -bemarking, is die afdeling onder laasgenoemde departement ingeskakel. Met die totstandkoming van die nuwe Departement is die afdeling ook van sommige van sy vorige pligte onthef. Die graderings-, inspeksie- en markinligtingsdienste wat vanaf die ontstaan daarvan onder die afdeling

ressorteer het, is in 'n afsonderlike afdeling omskep — Kommoditeitsdienste — terwyl sommige van sy meer tegnies-administratiewe funksies deur die Direktoraat Ekonomiese Dienste oorgeneem is. Hierdeur is die afdeling in staat gestel om met meer doelgerigtheid sy toegewese take, naamlik navorsing op landbou-ekonomiese gebied en die lewering van inligtingsdienste, aan te pak.[1)]

6. Die hoofkenmerke van die landbou vandag

Na aanleiding van die hierbovermelde faktore wat ons kortliks aangestip het, kan die vraag by 'n mens opkom wat die invloed van dié faktore vir ons landbou was. Het al daardie wetgewing wat aanvaar is, al daardie skemas wat ingestel is, al daardie lenings wat toegeken is, en dies meer, 'n gunstige of ongunstige invloed op die landbou-ontwikkeling van ons land gehad? Hoe sien die landbou vandag daaruit? Wat is die opvallendste of belangrikste kenmerke van ons landbou vandag?

6.1. Die geweldige uitbreiding gedurende die afgelope aantal jare

Ten tye van die uitbreek van die tweede wêreldoorlog was die meeste boere uiters swak toegerus vir moderne boerdery, gemeet aan die vereistes van die moderne tyd. Hierby het dit hulle ook aan kapitaal en selfs kennis ontbreek. Namate die oorlogsjare gevorder het, het die landbouprodusente ook die pionierstadium van boerdery begin verlaat en steeds verder op die pad van 'n wetenskaplike en gemeganiseerde boerdery gevorder. Vanselfsprekend is die boer se siening en houding gestimuleer deur die onbeperkte en onversadigbare markte, binne- sowel as buitelands, van daardie jare. Die geleenthede was daar en hulle wat nie hul talente begrawe het nie, het tien ander daarby verdien. Dit was egter eintlik eers nadat die vyandelikhede gestaak is en produksiemiddele geredeliker beskikbaar geword het, dat die snelste tempo van produksietoename plaasgevind het.

Die vooruitgang wat sedert die tweede wêreldoorlog in Suid-Afrika ten opsigte van landbouproduksie gemaak is, is volgens 'n kenner van die landbou, so merkwaardig dat dit met reg as 'n "landbourewolusie bestempel

---

1) Sedertdien is die naam van die afdeling weer verander en het dit as die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing bekend gestaan. Gedurende 1967 is die Afdeling in twee verdeel. Die een hou hom met die produksiesy besig, terwyl die ander op bemarking konsentreer.

kan word."[1] Dit is voorwaar 'n besondere prestasie, veral as die betreklik lae vrugbaarheid van ons gronde en die periodieke droogtes wat ons landbou strem, in aanmerking geneem word. 'n Deel van die toename in produksie, soos duidelik sal blyk uit 'n latere tabel, is verkry deur die grond onder bewerking te vergroot, maar die toename is ook te danke aan verhoogde opbrengs per eenheid van oppervlakte, wat die resultaat is van groter doeltreffendheid ten opsigte van produksie, beter variëteite en saad, asook beter verbouingsmetodes en doeltreffender bemesting, bestryding van onkruide, siektes en plae, en meganisasie.

Die ekonomiese voorspoedgolf wat teen 1961 in die Republiek begin het en nog voortduur, het natuurlik ook sy bydrae gelewer. Dit was die oorsaak dat die ontwikkelingsgang van verskeie sektore buite die landbou selfs besondere hoogtes bereik het. Die afsetgeleenthede vir die meeste landbouprodukte het gevolglik gunstig gebly. Aan die ander kant was die knellende droogtes oor wydverspreide dele van die land daarvoor verantwoordelik dat baie boere nie hierdie gunstiger afsetposisies ten volle kon benut nie.

Die fisiese volume van landbouproduksie het gedurende 1964/65 met 2.3% gestyg, vergeleke met 'n daling van ongeveer 3.4% tussen 1962/63 en 1963/64.[2] Die bruto waarde van die totale landbouproduksie beloop ongeveer R1,000 miljoen. Hieruit kan die rol wat die landbou speel, reeds afgelei word, maar ons wil graag by wyse van enkele voorbeelde die posisie van die landbousektor en die belangrikste kenmerke van ons landbou meer volledig aandui.

## 6.2. Die landbou se bydrae tot die binnelandse produk

Die landbou se bydrae tot die netto binnelandse produk gedurende 1964/65 toon 'n toename van ongeveer 6.2% teenoor stygings van slegs 1% in 1963/64 en 4.5% in 1962/63. 'n Uiteensetting van die bydrae van die landboubedryf tot die bruto en netto binnelandse produk vir 1964/65 teen heersende pryse gereken, asook vir voorafgaande jare, word in die volgende tabel gegee:

---

1) Du Plessis, S.J. op. cit., p. 52.

2) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag van die Sekretaris, 1964/65. p. 1.

Die landbou se bydrae tot die Republiek se binnelandse produk, 1947/48 tot 1964/65 1)

(1962/63 - 1964/65 is voorlopige syfers)

| Jaar | Bruto waarde (Milj.R.) | Bydrae tot bruto binnelandse produk (Milj. R.) | Bydrae tot netto binnelandse produk (Milj. R.) | Netto binnelandse produk van die R.S.A. (Milj. R.) | Persentasie bydrae van landbou (%) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1947/48 | 376.2 | 294.1 | 272.3 | 1,706 | 16.0 |
| 1948/49 | 373.9 | 268.8 | 242.4 | 1,800 | 13.5 |
| 1949/50 | 434.3 | 295.3 | 262.1 | 2,042 | 12.8 |
| 1950/51 | 605.0 | 500.7 | 459.1 | 2,504 | 18.3 |
| 1951/52 | 536.0 | 402.6 | 353.8 | 2,598 | 13.6 |
| 1952/53 | 652.0 | 492.2 | 438.9 | 2,881 | 15.2 |
| 1953/54 | 678.3 | 526.8 | 471.3 | 3,131 | 15.0 |
| 1954/55 | 681.2 | 508.3 | 450.5 | 3,363 | 13.4 |
| 1955/56 | 701.5 | 522.4 | 462.0 | 3,598 | 12.8 |
| 1956/57 | 776.1 | 600.5 | 538.2 | 3,932 | 13.7 |
| 1957/58 | 719.7 | 512.9 | 449.1 | 4,016 | 11.2 |
| 1958/59 | 728.8 | 505.8 | 440.5 | 4,173 | 10.5 |
| 1959/60 | 786.3 | 538.2 | 471.8 | 4,510 | 10.5 |
| 1960/61 | 826.1 | 567.8 | 499.9 | 4,791 | 10.4 |
| 1961/62 | 868.9 | 589.3 | 519.8 | 5,040 | 10.3 |
| 1962/63 | 906.9 | 614.2 | 543.2 | 5,505 | 9.9 |
| 1963/64 | 933.6 | 621.4 | 548.8 | 6,096 | 9.0 |
| 1964/65 | 980.4 | 656.9 | 582.7 | | |

Alhoewel dit uit bostaande mag lyk asof die landbou 'n minder belangrike plek in die volkshuishouding inneem aangesien dit minder as 10% van die bruto binnelandse produk bydra, is landbou ons tweede grootste verdiener van buitelandse valuta.

6.3. Landbou se verhouding tot ander sektore

Die besteding op produksiegoedere en dienste van ander sektore is in 1964/65 beraam op R254 miljoen, wat 'n toename van 3.5% toon, verge-

---

1) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag van die Sekretaris, 1964/65, p. 125.

leke met onderskeidelik 7.2, 6.2 en 9.2% in 1961/62, 1962/63 en 1963/64.[1] In 1947/48 het dit R69 miljoen en 1955/56 R135 miljoen en in 1964/65 R253.5 miljoen beloop.

In hoe 'n mate landbou as basis vir sekondêre nywerhede en andere dien, blyk uit die besonderhede wat verkry word uit die 1961/62-nywerheid-sensusse (Landbou). Daaruit sien ons:

(a) dat nywerheidsinrigtings wat landbou-, bosbou- en vissery-produkte as vernaamste grondstofbronne gebruik, meer as 32% van alle nywerheidsinrigtings uitmaak;

(b) dat eersgenoemde groep bykans 'n kwart-miljoen werknemers in diens het en dat dit ook ongeveer 32% van alle werknemers in nywerhede verteenwoordig;

(c) dat die bruto opbrengs van hierdie nywerhede meer as R1,000 miljoen is, wat ongeveer 37% van die totale bruto opbrengs van alle nywerhede uitmaak; en

(d) dat ongeveer 38% van die netto opbrengs van 'n totaal van meer as R1,300 miljoen vir 1961/62 na hierdie nywerhede - afhanklik van die land-bou, bosbou en visserye - gevloei het.[2]

Indien 'n mens dan nog dink aan die groot- en kleinhandelsondernemings op die platteland, die werkgeleenthede in hierdie ondernemings, en die feit dat baie professionele persone by die landbou betrokke is, behoort dit baie duidelik te wees dat die landbou nie net die verskaffer van voedsel is nie, maar 'n opvallende invloed op die handel en nywerheid van ons land het.

6.4. Landbou as verdiener van buitelandse valuta

Die voorsiening van voedsel vir binnelandse verbruik sal seker altyd die primêre of minstens een van die vernaamste funksies van die land-bousektor van Suid-Afrika bly. Vir die landsekonomie sal die landbousektor egter steeds 'n belangrike element in die betalingsbalans wees. Ons vind

---

1) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag van die Sekretaris, 1964/65, p. 1.

2) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum van Kommissie van ondersoek na die landbou, p. 11.

inderdaad dat landbou naas die goudmynbedryf die grootste netto verdiener van buitelandse valuta is.[1]

Uit die gegewens verstrek in die Statistiese Jaarboek, 1965, het invoere vir die landbousektor 4% per jaar uitgemaak van die gemiddelde invoere vir die periode 1960-1964, terwyl landbou-uitvoere gemiddeld 28% per jaar van die totale uitvoere oor dieselfde periode uitgemaak het.[2] Volgens die besonderhede van die Internasionale Standaardhandelsklassifikasie was die netto bydrae van die landbou tot die goud- en buitelandse valuta-reserwes R237 miljoen.[3] Du Plessis[4] dui aan dat die landbou vanaf 1957 tot 1963 nooit minder as 17.8% netto tot die goud- en buitelandse valuta bygedra het nie en dat dit in een jaar so hoog as 24.6% was.

Gedurende 1964/65 is die aandag pertinent op die rol van die landbou ten opsigte van die betalingsbalans gevestig toe 'n daling in die uitvoer van die belangrikste landbou-uitvoerprodukte, veral mielies, wol en oliesade voorgekom het. Dit het beslis bygedra om die betalingsbalansposisie te bemoeilik.

6.5. Landbou se rol as werkverskaffer

Volgens die 1960-sensus was ongeveer 30% van die ekonomies-bedrywige bevolking van die land in die landbousektor werksaam. Om verder hierop uit te brei kan ons sê dat 10.3% van die aktiewe blanke arbeidsmag in 1960 vir die bydrae van die landbousektor tot die bruto volksproduk, wat in daardie jaar 12.3% van die totaal uitgemaak het, verantwoordelik was. Hierby was meer as 34% van die totale aktiewe nie-blanke arbeidsmag by die landbousektor ingeskakel. Hieruit kan afgelei word dat die produktiwiteit van die nie-blanke in die landbou baie laer is as in ander sektore en/of dat daar 'n groot mate van werkloosheid in die landbou bestaan, dit wil sê in die sin dat daar baie werkers in die landbou is wat nie tot volle kapasiteit benut word nie.

Twee ander aspekte verdien hier ook vermelding. Eerstens die feit dat die verhouding tussen blank en nie-blank in die landbou besig is om radikaal

---

1) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum van Kommissie van ondersoek na die landbou, p. 11.

2) Du Plessis, J.C. Investment and the balance of payments of South Africa. In Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, p. 332.

3) Ibid.

4) Ibid.

te verander. Waar dit in 1946 1 teenoor 8.21 was, het dit vir 1951 tot 1 teenoor 9.37 en in 1960 tot 1 teenoor 13.46 verander. In 1966 was die verhouding ongeveer 1 teenoor 15.7.[1] Tweedens is daar die feit dat die Suid-Afrikaanse boer van 'n tipe arbeider gebruik moet maak wat 'n baie laer ontwikkelingspeil as hyself het en wat die landbou-ontwikkeling strem.

6.6. Die bemarkingspatroon

Die rol wat die staat ten opsigte van prysvasstelling en bemarkingstelsels speel, is opvallend wanneer 'n mens ons landbou van nader bekyk.

Met die uitsondering van wol, wat kragtens 'n spesiale wet van die hand gesit word, word ongeveer twee-derdes van die waarde van die landbouprodukte tans kragtens die Bemarkingswet beheer. Hierdie beheer word uitgeoefen met behulp van 'n groot verskeidenheid skemas en metodes van prysvasstelling, waarop ons hier nie nader sal ingaan nie.[2]

6.7. Die gebondenheid van die landbou aan onbeheerbare faktore

Hoewel die boer 'n hele aantal faktore wat moontlik sy produksie en bemarking kan beïnvloed, kan beheer, is daar ook faktore wat buite sy beheer is. Laasgenoemde faktore is veral daarvoor verantwoordelik dat die opbrengs van 'n boer van jaar tot jaar baie sterk kan wissel. Hierdie onbeheerbare faktore teister veral die Suid-Afrikaanse boer.

Dit is dus geensins verbasend dat daar gedurende 1965 tot 1967 baie aandag geskenk is aan die moontlike instelling van 'n omvattende oesversekeringskema nie.[3] Hierdie skema sal aan die boer wat aan voorafbepaalde vereistes voldoen, 'n sekerheid bied teen die invloede wat onbeheerbare faktore op sy opbrengs kan hê. Ons gaan nie nader op die aangeleentheid in nie.

7. Samevatting

Suid-Afrika is, in verhouding tot sy bevolking, wat oppervlakte betref

---

1) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van Ondersoek na die landbou, p. 14.

2) Vergelyk: Ibid., p. 70 e.v.

3) Die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking het byvoorbeeld 'n komitee aangestel om ondersoek in te stel na die implementering van so 'n skema. Hierdie komitee is nog met sy ondersoek besig.

'n baie groot land, maar dit is nie alleen hierdie feit wat die inrigting van 'n landbou-onderneming in Suid-Afrika beïnvloed nie. Hierby kom nog faktore soos dat Suid-Afrika ver van ander hoogontwikkelde en digbevolkte lande geleë is, dat sy bevolking bestaan uit 'n mosaïek van nasies waarvan die ontwikkelingspeil, kultuur en lewenstandaard wyduiteenlopend is, dat die klimaat van 'n uiters dinamiese aard is, dat die grondsoorte wissel van arm tot baie vrugbaar, dat die land arm is aan water, verder ook die historiese agtergrond van die landbouer, die rol van die nie-blanke, wat koopkrag en arbeid betref, en die rol wat die ontdekking en ontginning van minerale gespeel het.

Die gedagte aan vaste grondbesit het saam met die blanke beskawing na Suid-Afrika gekom en die landbou hier het sy ontstaan te danke aan die bewind van Van Riebeeck aan die Kaap.

Die verspreiding van die boere na die binneland het stelselmatig voortgeduur totdat die Groot Trek die koloniste verder die binneland ingevoer het. Dit was egter eers ná die ontdekking van diamante en goud, wat die oorsaak was van die toestroming van fortuinsoekers wat van die landbou as't ware afhanklik was, dat die landbou op 'n meer kommersiële grondslag beoefen is.

Betreklik kort na die ontdekking van die minerale het die sogenaamde Engelse oorlog uitgebreek, wat veral vir die boer in die twee noordelike provinsies 'n nekslag toegedien het. Met niks moes 'n nuwe begin weer gemaak word en die owerhede was genoodsaak om 'n reddende hand te bied. Dit het egter eers na 1910 met Uniewording op 'n nasionale grondslag geskied.

Die feit dat Suid-Afrika sover van die groot moonthede geleë is, het egter nie beteken dat internasionale gebeurtenisse nie ons land sou bereik nie. Die weerklank van al die oorloë en al die ineenstortings van pryse het ons land ook getref. Gevolglik is telkens verskeie pogings aangewend om die posisie van die boer te verbeter en te beveilig. Een van die direkte pogings het sy beslag gekry in die Bemarkingswet van 1937, wat vandag nog 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse landbou speel. Dit is egter nie alleen die Bemarkingswet waarop die landbouers in Suid-Afrika vandag steun nie. 'n Baie groot aantal boere het hul heil ook in koöperasie gesoek. Vervolgens wil ons spesifiek aandag skenk aan die ontwikkeling wat daar op die gebied van landboukoöperasies plaasgevind het.

# Hoofstuk V

# LANDBOUKOÖPERASIE IN SUID-AFRIKA

## 1. Inleiding

In hoofstuk IV is onder andere daarop gewys dat die boere in Suid-Afrika na die ontdekking van minerale in 'n markekonomie betrokke geraak het.[1] Twee sake het toe vir die boer van primêre betekenis geword, naamlik die prys wat hy vir sy produkte kon kry en die prys wat hy vir sy bedryfsbenodigdhede moes betaal. In beide markverhoudings staan die boer in 'n swak afdingingsverhouding, want prysvorming word in 'n groot mate bepaal deur die markvorm waarin die prys bepaal word, dit wil sê die ekonomiese mag van die partye.[2] Die afdingingsmag van die boer is verder verklein deur die gevolge van die sogenaamde Engelse oorlog van 1899-1902.

Die gedagte het toe ontstaan om die boer in koöperatiewe verband te laat optree om so nie alleen sy eie ekonomiese posisie te versterk nie, maar ook die landbou ten goede te kom. Die koöperatiewe beweging wat aan die begin van die twintigste eeu ontstaan het, het sedertdien groot en sterk gegroei, hoewel dikwels sterk teenkanting ondervind is.

In hierdie hoofstuk word nader ingegaan op die ontwikkeling van die landboukoöperasies in Suid-Afrika. Aangesien die Unie van Suid-Afrika eers in 1910 tot stand gekom het, sal die vier provinsies eers afsonderlik behandel word en daarna sal die ontwikkeling na 1910 nader beskou word. Ten slotte sal die eksterne en interne organisasie van die koöperasie aandag geniet.

## 2. Die ontstaan en ontwikkeling van die landboukoöperasies

### 2.1. Die Kaapprovinsie

Wanneer die jaarverslae van die Landbou-Assistent vir die jare 1896, 1897 en 1898 bestudeer word, sien ons dat die behoefte aan samewer-

---

1) Vergelyk: paragraaf 3 van hoofstuk IV.

2) Vergelyk: Coetzee, op. cit., p. 17.

king toe reeds gevoel is.[1] So wys Pillans[2] in 1897 op die moontlikheid "to bring the consumer in immediate contact with the producer and apply a remedy to the disabilities which handicapped the farmer in the local market." Smal[3] toon aan dat die koöperatiewe gedagte deur tydskrifte en deur die aanmoediging van regeringskant onder die aandag van die boere gebring is.

Vir alle praktiese doeleindes het koöperasie as 'n beweging in die Kaapprovinsie begin met die aankoms van 'n sekere P.J. Hannon op 2 September 1905. Hierdie man was deur die Kaapse regering as superintendent van landboukoöperasies aangestel met die spesifieke opdrag om koöperasies in die lewe te roep. Hannon was 'n Ier met 'n uitgebreide kennis en ondervinding van landboukoöperasies en hy was oortuig daarvan dat die enigste redding in koöperatiewe optrede gelê het. Met besieling het hy ook in Suid-Afrika gewerk, met die gevolg dat verskeie landboukoöperasies opgerig is. Die aanname van Wet 43 van 1905, wat daarvoor voorsiening gemaak het dat R300,000 beskikbaar gestel kon word as lenings vir landboukoöperasies, het ook bygedra tot die sukses wat Hannon behaal het.[4]

Alles het egter nie so voorspoedig verloop soos Hannon verwag het nie, want baie van die opgerigte landboukoöperasies het spoedig op mislukkings afgestuur. Om hierdie rede is 'n gekose komitee in 1907 aangestel om ondersoek in te stel na die landboukoöperasies en die lenings wat tot hulle beskikking gestel is. Die verslag van hierdie komitee is veral van belang ten opsigte van die oorsake van die mislukkings wat gegee word.

As die belangrikste oorsake van die mislukkings sien ons die volgende:

(a) Die feit dat die ontwikkeling nie sy natuurlike gang gegaan het nie. Die boere was oor die algemeen konserwatief. Gevolglik het hulle

---

1) Smal, J.G.C. Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933, p. 11.

2) Pillans, E. Cultivation and Marketing of Fruit. In The agricultural journal, p. 693.

3) Smal, op. cit., p. 13.

4) Wet No. 43 van 1905. Statutes of the Colony of the Cape of Good Hope. Vol. V, 1902-06, p. 4968 en 4969.

skepties gestaan teenoor ekonomiese veranderings. Dit het gelei tot ontrouheid onder lede van koöperasies, veral in die sin van onvoldoende ondersteuning. Hannon het hulle as't ware in die koöperasie ingepraat, maar hulle was nie oortuig daarvan dat hul enigste heil in koöperatiewe optrede gesetel was nie.

Hierdie skeptiese houding is versterk deur die ontbindings, want dit is vanselfsprekend dat die boere eerder bereid sou wees om hul koöperasies daadwerklik te ondersteun as daar alreeds op daardie stadium 'n suksesvolle koöperasie was om na te volg. Hannon[1)] het inderdaad besef dat oorhaastige stigting van koöperasies foutief was en dat daar tydens die beginstadium eerder aandag geskenk moes word aan doeltreffendheid as aan getalle.

(b) Die boere het gevoel dat daar iets geskort het met die erkende bemarkingsmetodes en om hierdie rede is hulle ook maklik oortuig dat koöperasie 'n middel was om hulle uit hul probleme te help. Die boere het egter nie oor die algemene kennis beskik om 'n sukses van die bestuur van hul koöperasie te maak nie. Die afgesonderdheid waarin hul gelewe het, het veral hiertoe bygedra. Voorts het hulle in die ongelukkige posisie verkeer dat hul ook nie persone kon betrek wat wel oor die nodige kennis beskik het nie.

(c) Reeds gedurende daardie jare het dit geblyk dat die bemarking van landbouprodukte by tye baie probleme inhou. Die binnelandse vraag, veral na sekere produkte, was op daardie tydstip uiters beperk en om ander markte in die buiteland te verkry, was uiters moeilik. Dit was byvoorbeeld in 1907 die geval in die wynbedryf.

(d) Daar was 'n gebrek aan behoorlike wetgewing tot reëling van die werksaamhede van koöperasies. Die 1934-Kommissie[2)] wys in hierdie verband tereg daarop dat die koöperasies in die Kaap destyds opgerig en geregistreer is as aandelemaatskappye kragtens die Kaapse Maatskappywet en dat die mislukkings grotendeels te wyte was aan die afwesigheid van sterk beperkende koöperatiewe wetgewing. Die destydse regering het die koöperatiewe

---

1) Hannon, P.J. Report of the Superintendent of Agricultural Co-operation, 1905-1906, p. 54.

2) Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 2.

ondernemingsvorm as 'n baie los en rekbare stelsel beskou en daarom is die noodsaaklikheid van behoorlike toesig nie gevoel nie.

Na die ondersoek van die gekose komitee in 1907 het Hannon[1)] 'n aantal faktore genoem ter voorkoming van verdere mislukkings. Die volgende drie faktore wat Hannon genoem het, is vir ons besonder interessant omdat dit tans nog heelwat bespreking uitlok:

(a) "That every member should realise fully his individual obligations to the scheme of which he is part and learn to bear his share of the burden."

(b) "That a co-operative association is a business concern, and should be uninfluenced by sentiment in any way."

(c) "That a benevolent government should only be appealed to when local effort shall have demonstrated its faith financially in the scheme which is being promoted."

Ons wil ons hier volkome vereenselwig met hierdie punte wat Hannon reeds op daardie stadium besef het, en wel om die volgende redes:

Add. (a) Die gebrek aan honderd persent ondersteuning deur lede kan vandag in 'n baie belangrike mate toegeskryf word aan die feit dat die lid nie sy volle individuele verpligting teenoor sy eie organisasie besef of voortdurend in gedagte hou nie.

Add. (b) Die koöperasie kan nie los gemaak word van die erkende sakebeginsels nie, want dit moet mededingend kan optree. Ons wil verder gaan en sê dat die ekonomiese prestasies van die koöperasie nie slegs vergelykbaar moet wees met dié van konkurrente nie, maar dit moet gunstiger wees. Veral vir die jonger lid is dit vandag van groot belang, want ons leef in 'n materialistiese tyd en sentiment is geen voldoende beweegrede om die lid van die bestaansreg van sy koöperasie te oortuig nie. Na ons mening het die tyd reeds aangebreek dat ons onsself sal moet vergewis van die toekoms van koöperasie en dat ons die redes waarom dit noodsaaklik is om vandag koöperatief op te tree in belang van dié toekoms baie meer moet beklemtoon.

Add. (c) Ons is van mening dat dit ook tyd geword het dat die lede

---

1) Vergelyk: Hannon, P.J. Report of the Superintendent of Agricultural Co-operation, 1907-1908, p. 6 en
Smal, op. cit., p. 97.

van koöperasies baie meer daadwerklik moet bewys lewer dat hulle glo in die saak waarvan hulle lid is. 'n Halfhartige poging kan nooit 'n sukses wees nie en dit dwing ook geen respek af nie. Finansiële ondersteuning is een manier om geloof te toon. Wat bereik kan word, moet die oorwegende faktor wees en nie soseer wat tans bereik word nie.

Ondanks die mislukkings het sommige landboukoöperasies wel die aanvanklike struikelblokke uit die weg geruim en getoon dat landboukoöperasie in die Kaapprovinsie 'n sukses kan wees. Op 30 April 1907 was daar reeds 53 ondernemings wat op koöperatiewe grondslag sake gedoen het, terwyl meer as 80 in wording was.[1)]

2.2. Natal

Die eerste koöperatiewe onderneming wat in Suid-Afrika opgerig is, is waarskynlik die Pietermaritzburgse Verbruikersvereniging wat in 1892 onder die maatskappyewet geregistreer is.[2)] Hierdie voorbeeld is eers in 1900 in Natal op die gebied van die landbou nagevolg toe die Natal Creamery Limited (die huidige National Co-operative Dairies Limited) onder die maatskappywet geregistreer is, aangesien daar geen koöperatiewe wetgewing was nie.

Die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging is in Natal meer aan die mense self oorgelaat, dit wil sê die owerheid het hier nie die amptelike leiding en voorligting, soos in die Kaapprovinsie, op hom geneem nie. Tog is daar veel geskryf oor koöperasie en die behoefte daaraan.[3)] Dit was veral die geval in die jare 1906, 1907 en 1908.[4)] Die koöperatiewe beweging het egter in Natal voor 1922 nie veel gegroei nie.

Die Agricultural Development Act van 1904 verdien in hierdie verband spesiale vermelding, aangesien dit algemeen aanvaar word as die eerste wetgewing in ons land om finansiële hulp aan boere te verleen ter bevordering van die landbou en landboukoöperasies.

---

1) Smal, op. cit., p. 23.

2) Adams, J.J. Historiese oorsig van die ontwikkeling van koöperasie in Suid-Afrika. In Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer, 1952, p. 35.

3) Vergelyk: Co-operation. In Natal Agricultural Journal and Mining Record. Vol. IX No. 2 en Vol. X No. 8 respektiewelik p. 102 en p. 839.

4) Ibid.

2.3. Die Oranje-Vrystaat

In die Vrystaat moes die ondernemings wat volgens koöperatiewe beginsels sake wou doen ook onder die maatskappywet registreer. Verskeie sulke ondernemings het tot stand gekom, maar die ontwikkeling van die suiwelondernemings is veral opvallend.[1] In dié verband moet ook gewys word op die bedrag van R20,000 wat deur die Wetgewende Raad van die Vrystaat in 1906 bewillig is vir die ontwikkeling van die koöperatiewe suiwelondernemings.[2] Verder verdien die feit dat die oprigting van die eerste romery in 1904 onder leiding van die regering geskied het, ons aandag. Nadat dit geblyk het dat hierdie onderneming 'n sukses was, het die boere in 1907 die Tweespruit Romery van die regering oorgeneem. Die resultate wat hierna behaal is, was bevredigend. Uit die jaarverslag van 1907 tot 1908 van die landbou in die Vrystaat, blyk dat die departement ook probeer het om soortgelyke ondernemings op te rig op ander plekke met behulp van leidende sakemanne en vooraanstaande boere.[3]

Kort voor Uniewording, naamlik in 1909, het die owerheid in die Vrystaat die noodsaaklikheid van koöperatiewe wetgewing besef en is die Wet tot Vrijstelling van zeker Vennootschappen opgericht voor Coöperatieve doeleinden van zekere wettelijke bepalingen betreffende Vennootschappen op Aandelen[4] aangeneem. Smal[5] behandel hierdie wet volledig.

Kortliks het hierdie wet daarvoor voorsiening gemaak dat ondernemings wat vir koöperatiewe doeleindes opgerig is, van sekere bepalings van die wet op vennootskappe en aandele vrygestel kon word. Voorts is dit interessant om daarop te let dat hierdie wet egter in geen geval bepaal het dat sulke koöperatiewe ondernemings vrygestel was van "licentie- en andere belasting, door Maatschappijen verschuldigd uit krachte van de Zegel en Licenties

---

1) Macmillan, J. Ewen. Experimental Farms and Live stock Division-Tweespruit Creamery. Annual Report, 1904/5, p. 135.

2) Palmer, W.J. Loans for the Establishment of Creameries, In Third Annual Report, 1906-7, p. 19.

3) Id. Agricultural Industries. In Fourth Annual Report, p.1907-8, p. 17.

4) Wet No. 28 van 1909 In Wetten van de Oranje Rivier Kolonie. (1909), p. 97.

5) Smal, op. cit., p. 65. e.v.

Wetten van de Kolonie" nie.[1)]

Voorts is dit ook interessant om te onthou dat een van die eerste koöperasies — moontlik dié eerste — in die Vrystaat bedoel was om 'n nasionale organisasie te wees, soos duidelik van die naam, naamlik Zuid-Afrikaanse Ko-operatiewe Unie Beperkt, afgelei kan word.[2)]

2.4. Die Transvaal

Soos in die ander provinsies het die boere in Transvaal met baie probleme te kampe gehad aan die begin van hierdie eeu. Dit was veral hierdie boere wat as gevolg van die uitgestrektheid van die land, gedurende daardie jare daaraan gewoond geword het om hul produkte aan opkopers of aan die naaste winkeliers te lewer, en huishoudelike goedere en boerderybenodigdhede uit 'n beperkte verskeidenheid in ruil daarvoor aan te neem. Adams[3)] behandel ook hierdie toestand en maak melding van die feit dat die boere oor die algemeen uitgebuit is. In die Transvaal het dus ook inderdaad 'n behoefte aan konsolidering van krag bestaan, en die Direkteur van Landbou[4)] konstateer in 1904 dat "it is encouraging to note that several projects for the formation of co-operative associations for the purchase and sale of farm requisites and produce, and for the curing and manufacturing of tobacco are being discussed." Gedurende 1905 is die koöperatiewe gedagte orals deur die boere bespreek,[5)] maar die toepassing daarvan sou eers wag as gevolg van die baie struikelblokke. Van laasgenoemde was die Direkteur van Landbou[6)] ook bewus toe hy die volgende in die 1905/06-jaarverslag geskryf het: "This will probably be more difficult, as the farmers - like countrymen the world over - until they were aroused by education and stress of circumstances, have been very lax and unbusiness-like in purchasing their supplies

---

1) Wet No. 28 van 1909. In Wetten van de Oranje Rivier Kolonie. (1909), p. 99.

2) Anon. In Transvaalse Boer, Februarie 1966, p. 21.

3) Adams, J.J. Historiese oorsig van die ontwikkeling van koöperasie in Suid-Afrika, p. 35.

4) Smith, F.P. Co-operation. In Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1903-1904, p. 27.

5) Ibid., p. 51.

6) Ibid.

or disposing of their produce ..." Smal[1] wys ook daarop dat daar gedurende 1905 in die omstreke van Pretoria verskeie vergaderings gehou is om 'n koöperasie in die lewe te roep wat die opberging en van-die-hand-sit van boere se produkte kon waarneem.

Die regering van Transvaal was egter vasbeslote om die koöperatiewe gedagte te propageer. Die Direkteur van Landbou meld in sy jaarverslag van 1906/07[2] dat pogings aangewend word om iemand te vind wat sou kon help met die opleiding en voorligting van boere oor koöperasie. As gevolg van hierdie pogings het J.M.B. Stilling-Andersen, 'n Deen, die pos van Superintendent van koöperasie in Transvaal aangeneem. In November 1907 het hy in Pretoria aangekom en met dieselfde entoesiasme en manier van regstreekse aanraking met die boeregemeenskap as Hannon in die Kaapprovinsie, het hy sy werk begin.

Stilling-Andersen het spoedig die probleme besef wat in die weg van koöperatiewe ontwikkeling gestaan het. Een van die probleme was die gebrek aan koöperatiewe wetgewing hoewel in 1907 'n wet aangeneem is waardeur die Landbank vir Transvaal gestig is met die magtiging om lenings aan koöperasies toe te staan.[3]

Stilling-Andersen was direk verantwoordelik vir die totstandkoming van die eerste koöperatiewe wet in Transvaal, want reeds in sy eerste verslag verklaar hy dat dit vir hom absoluut onmoontlik is om verenigings te stig alvorens dit deur wetgewing beskerm sou word en staatsondersteuning kon kry.[4] In die genoemde verslag behandel hy ook die probleem van aanspreeklikheid en hy doen 'n bewuste keuse as hy skryf: "Knowing to the full extent the value of the limited and unlimited principles, I decided to recommend only the latter."[5] Laasgenoemde beginsel, naamlik onbeperkte aanspreeklikheid kan beskou word as die vernaamste bepaling van die

---

1) Smal, op. cit., p. 32.

2) Smith, F.P. Co-operation. In Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1906-1907, p. 48.

3) Wet No. 26 van 1907.

4) Stilling-Andersen, J.M.B. First Report of the Superintendent of co-operation. In Jaarverslag van die Departement van Landbou, 1907-1909, p. 317.

5) Ibid., p. 318.

eerste wet op koöperatiewe verenigings wat in 1908 aanvaar is.[1] Vir nadere besonderhede word hier verwys na die literatuur.[2]

Voordat Stilling-Andersen die konsep-koöperatiewe wet opgestel het, was daar slegs 'n paar koöperasies in staat om met sake te begin. Die voorstanders van die koöperatiewe gedagte het toe besluit om 'n koöperatiewe kongres te reël wat hoofsaaklik daarop toegespits sou wees om die aanwesiges meer vertroud te maak met koöperasie en ook met die voorgenome wetgewing. So is daar byvoorbeeld gevoel dat die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid aan die verteenwoordigers verduidelik moes word. Die verdere bedoeling van hierdie eerste Transvaalse koöperatiewe kongres, wat op 3 en 4 September 1908 te Pretoria gehou is, was ook dat die verteenwoordigers na die kongres behulpsaam moes wees met die oprigting van koöperasies in hul onderskeie streke.[3] Nadat die kongres verdaag het, is daar ook 'n koöperatiewe komitee aangestel met die opdrag om met die uitbreiding van die koöperatiewe beweging in Transvaal te help.

Kort nadat die eerste koöperatiewe wet op 1 Oktober 1908 in werking getree het, het dit egter geblyk dat hierdie wet en die eerste Landbankwet gewysig sou moes word, aangesien probleme opgeduik het. Die probleem dat twee-derdes van die lede moes besluit oor die wenslikheid van 'n lening van R200 en meer en of 'n voorskot van 50 persent as onredelik beskou moet word, het gelei tot die aanstelling van 'n komitee om ondersoek in te stel en moontlike wysigings van die koöperatiewe wet en Landbankwet aan die hand te doen. Ten einde die menings van die verskillende koöperatiewe ondernemings ten opsigte van die koöperatiewe wet te bepaal, is toe besluit om 'n tweede Transvaalse koöperatiewe kongres te hou op 3 en 4 Junie 1909, te Pretoria. Aan hierdie kongres is die wysigings van die subkomitee voorgelê. Dit het daartoe gelei dat die koöperatiewe wysigingswet[4] op 16 Julie 1909 in werking getree het. Terselfdertyd is Wet No. 26 van 1908 — die

---

1) Art. 10 van Wet No. 17 van 1908. <u>In</u> Parlementswetten van de Transvaal (1908) p. 91.

2) Vergelyk: Smal, op. cit., p. 38-43.

3) Minutes of Proceedings: The First Transvaal Co-operative Congres, p. 7.

4) Wet 21 van 1909. <u>In</u> Parlementswetten van de Transvaal (1909), p. 90.

wet wat voorsiening gemaak het vir die Land- en Landboubank in Transvaal — gewysig deur Wet No. 17 van 1909.

Die koöperatiewe wysigingswet van 1909[1] het onder andere die volgende wysigings bevat:

(a) Die vergunning dat koöperatiewe ondernemings met gelyksoortige doelstellings met mekaar sake kan doen.

(b) Die vrystelling van die verpligting om handelslisensies uit te neem is uitgebrei vir sover dit die besigheidshandelings van sulke ondernemings met ander soortgelyke ondernemings betref.

(c) Dat meer as een stigtingsvergadering op verskeie plekke en tye as een vergadering beskou kon word.

Die tweede Landbankwysigingswet[2] het onder andere bepaal dat 'n koöperasie 'n lening van die bank kon kry vir enige van sy geregistreerde doelstellings teen eerste verband op vaste eiendom en teen sekuriteit van die gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van lede. Die koöperasies is hierdeur in staat gestel om voldoende bedryfskapitaal te bekom en om voorskotte op produkte te maak.

Die leiers op landbougebied in die Transvaal het dus gedurende daardie jare alles in die stryd gewerp om die koöperatiewe gedagte te laat posvat. Alles was ook nie tevergeefs nie, want dat daar belangstelling was, blyk duidelik uit die aantal verenigings wat tussen 1 Oktober 1909 (toe die eerste koöperatiewe wet in werking getree het ) en 31 Mei 1910 (toe die Unie tot stand gekom het) opgerig is.[3] Smal[4] wys egter daarop dat 'n te gunstige indruk van die aantal opgerigte verenigings nie gevorm moet word nie, want talle koöperasies het kort na hul oprigting weer verdwyn.

As gevolg van die behoefte aan 'n Uniale koöperatiewe wet nadat die eerste stigting van die Unie ter sprake gekom het, is besluit om weer 'n

---

1) Wet 21 van 1909. In Parlementswetten van de Transvaal (1909), p. 90.

2) Wet No. 17 van 1909. In Parlementswetten van de Transvaal, (1909), p. 51.

3) Smal, op. cit., p. 48.

4) Ibid., p. 53.

koöperatiewe kongres te hou.

Tydens hierdie kongres is onder andere die volgende besluite geneem:[1]

(a) Dat die kongres dit wenslik ag dat al die verskillende koöperatiewe ondernemings onder een wet betrek moet word.[2]

(b) Dat dit wenslik is dat die eerste koöperatiewe wet, Wet 17 van 1908, so gewysig word dat een-tiende in plaas van een-vyfde van die totale aantal lede van 'n koöperasie 'n kworum vorm.[3]

(c) Dat 'n koöperasie 'n besturende direkteur teen 'n salaris moet kan aanstel.[4]

(d) Dat die sogenaamde Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings, die organisasie wat deur die Transvaalse regering daargestel is om alle koöperasies te verteenwoordig van die staat oorgeneem word.[5]

(e) Dat die raad van direkteure van die sogenaamde Sentrale Agentskap aandag moet skenk aan die moontlikheid om 'n koöperatiewe nuusblad uit te gee.

Enkele van hierdie besluite verdien ons aandag:

Add. (a) Die verlangde Uniale wetgewing het eers in 1922 gekom.

Add. (c) Die amp van besturende direkteur word vandag as onwenslik beskou en slegs enkele koöperasies het 'n persoon met so 'n amp, omdat aanvaar word dat 'n behoorlike skeiding tussen direksie en bestuur, 'n vereiste is.

Add. (e) Verskeie koöperasies gee vandag hul eie nuusblaaie uit, terwyl 'n volwaardige maandblad ook deur die Koöperasiepers van Suid-Afrika Beperk, 'n selfstandige koöperasie, uitgegee word. Hierbenewens gee die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie brosjures uit oor aktuele koöperatiewe onderwerpe. Die behoefte aan leesstof oor koöperasiewese en ander aspekte rakende die lid, bestaan dus nog.

Ten slotte wil ons dus konstateer dat die inisiatief vir die koöperatiewe

---

1) Minutes of Proceedings: Third Transvaal Coöperative Congress, p. 6.

2) Ibid., p. 12.

3) Ibid., p. 21.

4) Ibid., p. 39.

5) Ibid., p. 45.

beweging in Suid-Afrika deur die owerheid geneem is omdat hier geen vader van koöperasie in die sin van 'n Raiffeisen of 'n Schulze, soos in Duitsland, op die voorgrond getree het nie. In al vier die provinsies het die owerhede op een of ander wyse, hetsy as inisiatiefnemer, as wetgewer, as kontroleur of as finansier, hulle met die ontstaan en ontwikkeling van koöperasie bemoei. Hierdie toedrag van sake was in teenstelling met die ontstaan en ontwikkeling van koöperasie in Wes-Europa. Coetzee[1)] het hierdie feit reeds bespreek en as die belangrikste redes vir die belangstelling van die staat noem hy die ligging van Suid-Afrika, die afgesonderdheid waarin die boere hier geleef het, die gebrek aan kommunikasiemiddels, die haglike toestand waarin die boer hom hier bevind het, die reaksie teen die "laissez faire, laissez passer"-leerstellings, en die aanvaarding van die verantwoordelikheid deur die staat op ekonomiese gebied wanneer die private sektor nie die inisiatief neem nie.

Voorts het dit spoedig geblyk dat die ervaring van oorsese lande, waar heeltemal ander toestande geheers het, nie sonder meer in Suid-Afrika toegepas kan word nie. Ons dink byvoorbeeld aan die teenkanting waarmee die propagandiste te kampe gekry het en die geweldige uitbreiding wat na 1922, toe die beperkte aanspreeklikheidsbeginsel ingevoer is, behaal is.

### 2.5. Die ontwikkeling na 1910

#### 2.5.1. Die ontwikkeling tot 1922

Na Uniewording op 31 Mei 1910 is die Vrystaatse koöperasies ook onder die beheer van die Transvaalse Registrateur geplaas, maar die ondernemings in die Kaapprovinsie en Natal, waar spesiale wetgewing nog uitgebly het, is nog aan hulself oorgelaat.[2)] Hierdie toedrag van sake het nie alleen ingehou dat die koöperatiewe organisasies in die Kaapprovinsie en Natal nog kragtens die maatskappywet moes registreer nie, maar ook dat die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings hom in die uitvoering van sy pligte van toesig en leiding beperk het tot die Transvaal en die Vrystaat. Adams[3)] gaan egter verder en beweer dat die dienste van die

---

1) Coetzee, op. cit., p. 35 e.v.

2) Smith, F.B. Division of Co-operation. In Annual Report 1910-1911, p. 27.

3) Adams, J.J. Historiese oorsig ... op. cit., p. 38.

Registrateur oorwegend tot die Transvaal beperk gebly het, as gevolg van die tekort aan personeel.

Om bogenoemde redes sou dit nie heeltemal geregverdig wees om van 'n Uniale koöperatiewe beweging vanaf 1910 te praat nie. Die behoefte aan koöperatiewe wetgewing is nietemin sterk in die Kaapprovinsie aangevoel en die hoop dat so 'n wet op die wetboek geplaas sou word, is ook deur die Sekretaris van Landbou in sy jaarverslag van 1910/11 uitgespreek.[1] In hierdie verband moet ook daarop gewys word dat Stilling-Andersen in 1911, in opdrag van die Minister van Landbou, 'n reis deur die Kaapprovinsie onderneem het. Die doel hiervan was om nog 'n poging aan te wend om die Kaapprovinsie in te skakel onder die koöperatiewe wet, maar soos reeds terloops aangetoon is, sou dit wag tot 1922.

Vervolgens verdien Wet 18 van 1912 ons aandag. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n Land- en Landboubank vir die destydse Unie van Suid-Afrika. Smal[2] behandel hierdie wet uitvoerig. Ons volstaan hier deur daarop te wys dat die funksie van die finansiering van landboukoöperasies hierdeur aan die Landbank oorgedra is. Die bank het as gevolg hiervan magtiging gekry om die finansiële posisie van koöperasies na te gaan en het sedertdien 'n belangrike rol in die algemene ontwikkeling van ons koöperatiewe beweging gespeel.

Die vierde en vyfde koöperatiewe kongresse is respektiewelik op 11 Februarie 1914 en 14 Februarie 1918 te Pretoria gehou. Die hoofdoel van hierdie kongresse was om die voorgenome Uniale koöperatiewe wetgewing te bespreek. Op die kongresse was net afgevaardigdes van koöperasies in Transvaal en die Vrystaat, die Sentrale Agentskap en die Landbank teenwoordig. Gevolglik het die kongresse elke keer verdaag nadat 'n aantal minder belangrike besluite rakende eenvormige statuut-bepalings geneem is.

Wat die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging gedurende die tydperk 1910-1922 betref, wil ons slegs noem dat dié tydperk gekenmerk word deur stadige ontwikkeling.[3] Gedurende hierdie tydperk is verskeie nuwe land-

---

1) Smith, F.B. Division of Co-operation. In Report of the Department of Agriculture, 1910-1922, p. 27.

2) Smal, op. cit., p. 120-125.

3) Vergelyk: Coetzee, op. cit., p. 35 en Smal, op. cit., p. 103-344.

boukoöperasies opgerig, maar verskeie het ook na enkele jare weer van die toneel verdwyn. So het die aantal geregistreerde koöperasies in 1911 op 30 te staan gekom; hierna het dit verminder en in 1915 was die aantal 18; in 1921 was daar 45 koöperasies geregistreer by die Registrateurskantoor.[1] Al hierdie koöperasies was koöperasies met onbeperkte aanspreeklikheid. Die ledetalle vir die onderskeie jare gee 'n betroubare beeld van die koöperatiewe gesindheid. Van 1911 tot 1913 het die totale ledetal geleidelik toegeneem van 9,948 tot 12,159; na 1913 het dit weer geleidelik afgeneem sodat dit in 1917 op 9,490 gestaan het; hierna het dit weer begin toeneem sodat dit in 1919 op 9,805 gestaan het; na 1919 het dit met spronge toegeneem, sodat dit in 1921 op 12,339 te staan gekom het. Verskeie ander ondernemings wat op koöperatiewe grondslag sake gedoen het, het ook bestaan, maar hulle was kragtens die maatskappywet geregistreer. Dit was die geval in die Kaapprovinsie en Natal, waar daar voor 14 Augustus 1922,( die datum toe die wet van 1922 in werking getree het, sulke verenigings sake gedoen het.[2]

Ten slotte wil ons aanstip dat die struktuur van die landboukoöperasies in Suid-Afrika reeds teen 1922 die rigting van veral afsetkoöperasies met meervoudige funksies ingeslaan het. Die verklaring vir hierdie ontwikkeling is daarin geleë dat die prys wat die boer vir sy produkte kry vir hom van die grootste belang is en verder was die bevolking yl versprei sodat elke koöperasie 'n beperkte aantal lede gehad het. Die afsetkoöperasie kon dus die addisionele funksies met die minimum koste waarneem.[3]

### 2.5.2. Die ontwikkeling van 1922 tot 1935

Die verlangde koöperatiewe wetgewing vir al vier die provinsies, wat reeds vanaf 1910 bepleit is, is gedurende Julie 1922 op die wetboek geplaas. Hierdie wet, Wet 28 van 1922, het voorsiening gemaak

---

1) Register van Koöperatiewe Verenigings.

2) Hierdie ondernemings is volgens die bepalings van artikel 57 van die wet van 1922 oorgeneem. Hierdie artikel het daarvoor voorsiening gemaak dat 'n organisasie wat kragtens die maatskappywet geregistreer was, maar wat sake volgens koöperatiewe beginsels gedoen het, aansoek kon doen vir registrasie kragtens die koöperatiewe wet en dat die minister die registrasie kon goedkeur nieteenstaande die feit dat sommige regulasies teenstrydig met die bepalings van laasgenoemde wet was. Daar bestaan vandag nog 'n hele aantal van hierdie sogenaamde artikel 57-koöperasies.

3) Coetzee, op. cit., p. 39.

vir die oprigting, registrasie en bestuur van verskillende soorte koöperatiewe organisasies met die aanspreeklikheid van lede òf beperk òf onbeperk.[1]

Die invloed van hierdie wet was stimulerend. Nie alleen het dit bygedra tot die vinnige toename in die aantal landboukoöperasies nie, maar dit het die boere ook meer koöperatiefbewus gemaak. Vir besonderhede oor die toename in die aantal en die totale ledetal van landboukoöperasies, verwys ons na die literatuur.[2]

Wanneer die invloed van die 1922-wet nagegaan word, moet die omstandighede gedurende daardie jare ook in gedagte gehou word. So was die landbou veral net voor die aanname van die 1922-wet in 'n depressie vasgevang. Die boere het gesukkel om hul produkte van die hand te sit en die behoefte aan koöperasie het dringend noodsaaklik geword. Die meeste boere was op daardie stadium reeds vertroud met die koöperatiewe beginsels en hoewel 'n aantal landboukoöperasies bestaan het, was die koöperatiewe beweging "so klein, onontwikkeld en onsamehangend dat dit nie veel invloed kon uitoefen nie."[3] Die omstandighede was gedurende daardie jare dus besonder gunstig vir die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging en die 1922-wet het gevolglik op die regte stadium gekom. 'n Nuwe gees van koöperasie het oor die land getrek. Orals is koöperasies opgerig. Propaganda van staatsweë was nie nodig nie; inteendeel, die Registrateur moes 'n stremmende hand uitsteek om 'n herhaling te voorkom van die foute wat in die Kaapprovinsie gemaak is.[4] Die visie en drang na groter dinge was duidelik, en sulke hoë verwagtings is gekoester, dat die gedagte ontstaan het om persone wat buite gebly het, te verplig om deur die koöperasie te bemark. Hierdie gedagte was gegrond op die oortuiging dat die koöperasie nog meer aan die verwagtings sou kan voldoen, indien dit die volle beheer oor die hele produksie sou kry. Om laasgenoemde rede, onder andere, is Wet 38 van 1925 aanvaar.

---

1) Vir meer besonderhede, vergelyk: Smal, op. cit., p. 355 e.v.

2) Vergelyk: Coetzee, op. cit., Aanhangsel III, en
Smal, op. cit., p. 401 - 23.

3) Smal, op. cit., p. 353.

4) Adams, J.J. Die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika. <u>In</u> Boerdery in Suid-Afrika. Maart 1952, p. 106.

Adams[1] ondersteun hierdie siening wanneer hy die ontwikkeling van die beweging van 1922 tot 1935 soos volg saamvat: "Die tydperk kan nie as een van skouspelagtige vooruitgang bestempel word nie. Dit was 'n tydperk van voortsetting van die stryd van die eerste periode en die verkryging van 'n begrip van die nuwe patroon, met dié uitsondering dat die drang om te koöpereer nou van alle dele van die land uitgegaan het. Dit was nie soos in die eerste tydperk die geval nie. Die visie en drang na groter dinge was duidelik, maar daar was baie stremmende faktore. Van belang in hierdie verband was die feit dat aangesien die landboukoöperasies nie 'n voldoende persentasie van 'n produk kon beheer om 'n invloed uit te oefen nie, hulle nie daarin geslaag het om die verwagtings wat verwek is, te verwesentlik nie."[2]

Artikel 17 van Wet 38 van 1925 het bepaal dat indien 75% van die produsente van 'n sekere produk binne 'n bepaalde gebied, lede was van landboukoöperasies wat die produk bemark en hulle 75% van die totale produksie lewer, die betrokke minister kan besluit dat al die produsente van die bepaalde produk binne die besondere gebied dit deur die koöperasie moet bemark. Hierdie bepaling is oor die algemeen deur die boere verwelkom,[3] en die voorstanders van koöperasie het in die toepassing daarvan 'n geleentheid gesien om baie van die moeilikhede en ontduikings van verpligtings, wat gepaard gaan met die vrywillige stelsel van 'n koöperasie, uit te skakel. Dit is egter waar dat daar ook stemme opgegaan het téén hierdie beginsel. Hiervan maak die destydse Sekretaris van Landbou melding.[4] Coetzee[5] wys daarop dat hierdie gedagte van verpligting 'n erkenning was dat 'n vrywillige koöperasie nie so 'n persentasie van die produksie kon verkry dat dit 'n gewenste invloed op die prysvorming kon uitoefen nie, en dat dit 'n onkoöperatiewe gedagte was aangesien die vrywillige aard daarvan geweld aangedoen

---

1) Adams, J.J. Vyftig jaar van koöperasie. In Georganiseerde Landbou. Junie 1958, p. 4.

2) In hierdie verband wil ons dit duidelik stel dat die vermelde ontwikkeling na ons mening wel skouspelagtig was, soos sal blyk in die volgende paragrawe.

3) Adams, J.J. Vyftig jaar van Koöperasie, p. 4.

4) Williams, G.N. Vooruitgang van Koöperasie. In Boerdery in Suid-Afrika. Desember 1926, p. 301.

5) Coetzee, op. cit., p. 42.

is. Saam met Coetzee wil ons dit slegs sien as 'n gedagtegang in die rigting van eenkanaalbemarking, wat later aanleiding gegee het tot die Bemarkingswet. Voor ons daarby kom, wil ons kortliks melding maak van die vooruitgang wat in dié tydperk wel op koöperatiewe terrein gemaak is.

Ons het reeds gesê dat die Uniale wet van 1922, wat onder andere voorsiening vir die registrasie van landboukoöperasies met beperkte aanspreeklikheid gemaak het, stimulerend op die ontwikkeling ingewerk het. Landboukoöperasies het byvoorbeeld van 81 in 1922 tot 405 in 1929 toegeneem, terwyl die totale ledetal van 14,282 in 1922 tot 45,756 in 1929 gestyg het. Die koöperatiewe landboubeweging het dus inderdaad groot vooruitgang gemaak. Die oprigting en latere likwidasie van 'n aantal Spesiale Lewende Haweondernemings moet hier ook in gedagte gehou word.[1] Baie boere het egter nog nie saamgewerk nie. Hierdie houding moet tot 'n groot mate toegeskryf word aan die mislukking van sommige koöperasies waar die lede finansieel skade gely het. Baie van hierdie boere het die voordele van koöperasie erken, maar wou nie die verantwoordelikheid aanvaar en lid word nie. Dit was die houding en toestand aan die begin van die depressiejare.

Gedurende die tydperk 1929-1932 het die Suid-Afrikaanse landbou en dus ook die koöperatiewe beweging moeilike tye geken. Die wêrelddepressie was aan die gang en die uitwerking was sterker op die landbou as in enige ander sektor van die ekonomie, want die landboupryse het vinniger en verder gedaal as die van nie-landbouprodukte. Sommige voorrade van landbouprodukte was selfs onverkoopbaar.[2] Die finansiële posisie van die boere het steeds hagliker geword en hulle het hul toevlug tot koöperasie begin neem. Hiervan spreek die toename in die totale ledetal gedurende hierdie jare baie duidelik. So het die ledetal byvoorbeeld van 1931 tot 1932 met byna 13,000 toegeneem.[3] Die feit dat die totale omset van landboukoöperasies egter verminder het en byvoorbeeld in 1932 minder as die helfte van die omset van 1929 was, toon die geweldige prysdaling. Om egter 'n ware beeld te gee,

---

1) Gedurende Junie 1923 het die owerheid 'n beweging geloods wat ten doel gehad het om boere van vee te voorsien. Vir besonderhede sien Smal, op. cit., p. 442.

2) Redaksioneel: Moeilike tye. In Koöperasie, Augustus 1930, p. 3.

3) Register van Koöperatiewe Verenigings.

moet ons ook noem dat verskeie finansieel-swakkere koöperatiewe ondernemings gedurende die depressiejare van die toneel verdwyn het. In laasgenoemde verband toon Smal[1] aan dat teenoor die dertig nuwe registrasies veertig gedurende die boekjaar geëindig 30 Junie 1931 van die register geskrap is. Van die veertig wat geskrap was, was sewe-en-twintig onbeperkte en dertien beperkte koöperasies. Een-en-twintig van die sewe-en-twintig was egter Spesiale Lewende Hawe-ondernemings waarvan die bestaansperiode verstreke was.[2] Verder het 'n paar ondernemings gelikwideer om hul werksaamhede te laat opgaan in ander koöperasies. Dit het aanleiding gegee tot mededinging, oorvleueling, spekulasie en buitensporige uitbreiding, en uiteindelike ontbinding.

Die depressiejare het swaar gedruk, veral op die mielieboere. Gevolglik is alle moontlike pogings deur die leiers op hierdie terrein aangewend om die toestand te verlig. Uit hierdie pogings het die Mieliereëlingswet van 1931 gespruit. Hierdie wet is aanvaar en die bedoeling was dat dit in die plek van verpligte koöperasie moes kom. Smal[3] gaan meer breedvoerig op hierdie wet in.

Die strewe na 'n steeds breër toepassing van die beginsel van verpligte verkoop van produkte deur middel van landboukoöperasies het voortgeduur totdat daar in 1933 'n kommissie benoem is om ondersoek in te stel na koöperasie en landboukrediet. Uit die verslag,[4] wat in 1934 deur die genoemde kommissie uitgebring is, blyk dat die kommissie nie 'n algemene uitbreiding van die beginsel van verpligte verkoop deur koöperatiewe kanale gesteun het nie. Hiervan getuig ook Adams[5] en saam met Adams meen ons dat die kommissie van 1933 beslis "bygedra het tot die sluiting van een hoofstuk en die begin van 'n ander met nuwe verwagtinge en nuwe versekerings."[6]

---

1) Smal, op. cit., p. 658.

2) Ibid., p. 661.

3) Ibid., p. 674 - 677.

4) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, paragraaf 109.

5) Adams, J.J. Vyftig jaar van Koöperasie. In Georganiseerde Landbou. Junie 1958, p. 4.

6) Ibid.

### 2.5.3. Die ontwikkeling na 1935

Die 1933-kommissie van ondersoek het 'n besonder omvattende ondersoek ingestel en hul verslag kan terloops geloof word as die enigste gesaghebbende werk oor koöperasiewese en koöperatiewe ontwikkeling in Suid-Afrika tot kort gelede.

Sekere wysigings van die koöperatiewe wet het na die verskyning van die kommissie se verslag[1)] en na die inwerkingtreding van die Bemarkingswet van 1937 noodsaaklik geblyk te wees, en in 1939 is die vorige wetgewing herroep en gekonsolideer deur Wet 29 van 1939. Coetzee[2)] behandel die vernaamste bepalings van hierdie wet en wys onder andere daarop dat die koöperasies "'n heeltemal nuwe weg van uitbreiding begin volg het. In plaas van die stigting van 'n groot aantal klein koöperasies, het die konsentrasie hom voorgedoen deur die stigting van 'n aantal takke op verskillende plekke." Artikel 15(b) van die genoemde wet was dan ook daarop gemik om die stigting van takke onder administratiewe beheer te plaas omdat oorvleueling en buitensporige uitbreiding voorgekom het.

Twee ander artikels van Wet 29 van 1939 verdien ook hier vermelding en dit is artikels 7 en 39. Eersgenoemde artikel het bepaal dat 'n nuwe soort koöperatiewe maatskappy, die Spesiale Koöperatiewe Boeremaatskappy, opgerig kan word en dat dit sake met nie-lede kan doen tot 50% van die totale omset. Artikel 39(1) het 'n wysiging ten opsigte van die aantal stemme van lede bevat, naamlik dat in die geval van landboukoöperasies met beperkte aanspreeklikheid tot vier addisionele stemme aan lede toegeken kan word op grond van die omvang van hul sake met die koöperasie. Hierdie afwyking van die tradisionele beskouing oor stemreg was 'n gevolg van 'n wysiging wat aangebring is ten opsigte van aandelebesit in verhouding met die omset van die koöperasie.[3)]

Ten slotte wil ons kortliks met behulp van enkele syfers aantoon wat die ooglopende tendense was van die koöperatiewe landboubeweging na 1935 en in besonder na die Bemarkingswet en die Wet op Koöperatiewe Verenigings

---

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet.

2) Coetzee, op. cit., p. 47 en p. 48.

3) Artikel 15(3)(b) van Wet No. 29 van 1939.

van 1939. Ons kan dit saamvat in vier punte. Eerstens word dié tydperk gekenmerk deur 'n snelle toename in die gesamentlike omset van landboukoöperasies, afgesien van die algemene styging in die pryspeil. So het die totale omset van die landboukoöperasies in 1935 op iets meer as R2½ miljoen gestaan, terwyl dit in 1940 byna tweekeer soveel was; in 1945 het dit R100 miljoen vir die eerste keer oorskry, en vir 1964 staan dit aangeteken as R810 miljoen.

Tweedens was daar 'n merkbare tendens in die rigting van groter organisasies met takke. Dit word weerspieël deur die syfers wat aangegee word vir die totale aantal landboukoöperasies en die ledetalle. In 1935 was die aantal 362 en hierna het dit elke jaar verminder, sodat dit in 1941 op 202 te staan gekom het. Hierdie tendens het egter reeds in die depressiejare begin. Na 1941 het dit weer stelselmatig begin styg en die aantal vir 1964 staan op 313. Die totale ledetal het egter vanaf 1935 tot 1961 gestyg.

Derdens noem ons die tendens wat daar te bespeur is in die vermindering van die aantal verenigings met onbeperkte aanspreeklikheid, terwyl die beperkte vorm meer gewild geword het. So het die aantal onbeperkte verenigings byvoorbeeld in 1936 op 102 gestaan, dit is minder as die helfte van die aantal in 1935, en in 1937 was daar slegs 54. Daarna het dit geleidelik verminder, sodat daar in 1964 slegs 5 sulke verenigings nog sake gedoen het.[1) ] Hierteenoor het die aantal beperkte landboukoöperasies geleidelik toegeneem, te wete van 148 in 1935 tot 305 in 1963.

Vierdens het die koöperasies nie alleen op allerlei terreine ontstaan nie, maar het die meeste landboukoöperasies, en veral die afsetkoöperasies, hulle toegespits op meervoudige funksies. In dié verband wil ons veral klem lê op die invloed van die Bemarkingswet en die toenemende mate van meganisasie in die landbou, in die besonder na 1945.

Die beheerskemas het tot gevolg gehad dat die produktespekulant feitlik verdwyn het, en koöperasies het begin om omtrent al hul lede se produkte, asook dié van baie ander produsente te ontvang. Gelyktydig hiermee het die neiging tot meganisasie begin wortel skiet en die verkryging van masjinerie het al hoe belangriker geword. Terloops moet ook gemeld word dat die invoe-

---

1) Baie van die onbeperkte koöperasies het tot die beperkte vorm oorgeskakel.

ging van die bepaling in die Koöperatiewe Wet wat aan die koöperasies die mag verleen het om voertuie en brandstof te verskaf, en ook die bepaling wat aan hulle 'n pandreg oor lede se produkte gegee het ten opsigte van produksiekrediet, die vordering verder aangemoedig het.

Van Rensburg[1)] konstateer in verband met die ontwikkeling van die landboukoöperasies dat gedurende hierdie tydperk (1935 - 1960) die posisie van produsentekoöperasies behoorlik gekonsolideer is en die koöperasie as vaste patroon in die ekonomie van die land erken is. Hy stel dat dit vandag haas onmoontlik is om aan die landbou of die ekonomie van die land te dink sonder dat 'n bepaalde en erkende plek aan hierdie koöperasies gegee word. Dit is ook opvallend dat toe daar in dié tyd finansiële nood onder die produsente geheers het, die getal koöperasies aanmerklik gestyg het. Baie van die koöperasies was egter slegs gestig ten einde aan produsente 'n grondslag vir ontwikkeling te besorg, en vanweë hul onbeperkte aanspreeklikheid het hulle uit betreklik min, maar baie betroubare lede bestaan.[2)]

3. Die ontstaan en ontwikkeling van enkele spesifieke soorte landboukoöperasies

Die koöperasies wat in Suid-Afrika bestaan, kan volgens verskillende kriteria ingedeel word. Die Wet op Koöperatiewe Verenigings maak byvoorbeeld 'n onderskeid tussen landbou- en handelskoöperasies.[3)] Binne die landbou maak die koöperatiewe wet weer voorsiening vir koöperatiewe landbouverenigings met onbeperkte aanspreeklikheid, 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid en 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid.[4)] Verder maak die koöperatiewe wet ook voorsiening vir plaaslike-, sentrale- en federale koöperasies binne elk van die voormelde soorte koöperasies. Die koöperatiewe wet bepaal in Artikels 6 en 7 vir watter doeleindes die verskillende soorte koöperasies

---

1) Van Rensburg, H.C.J. Koöperasie in Suid-Afrika. In Ekonomiese Reeks No. 57, p. 23.

2) Die aard van hierdie verenigings se sake was baie eenvoudig en het bestaan uit die beskikbaarstelling van middele en die daaropvolgende terugbetalings deur die insameling van bedrae van lede volgens 'n gegewe patroon. Uitgebreide aktiwiteite het hulle nie geken nie.

3) Artikel 4 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings.

4) Ibid.

opgerig kan word. Hierdie is egter slegs 'n juridiese onderskeiding, want dit hou nie rekening met die verskeidenheid soorte koöperasies nie.

Daar is bykans geen landbouproduk waarvoor daar nie koöperatiewe bediening van kleiner of groter omvang bestaan nie, en ten opsigte van die belangrikste produkte, soos tabak, wyn, sitrus, koring, mielies, vleis, suiwelprodukte, sagtevrugte en oliesade, is die betrokke plaaslike koöperasies in sentrales georganiseer. Ons kan dus die soorte koöperasies ook indeel volgens hulle hoofdoelstelling en dan wil ons die erkende drieledige indeling volg, naamlik aankoop-, afset- en diensverlenende koöperasies. Die feit dat die meeste koöperasies meervoudige funksies verrig, moet egter in gedagte gehou word.

3.1. <u>Die aankoopkoöperasies</u>

Volgens die indeling van koöperasies deur die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, word koöperasies ook onder die hoof "verskaffing van boerderybenodigdhede" ingedeel. Hieronder val weer plaaslike en sentrale koöperasies. Hierdie koöperasies is by magte om alle benodigdhede wat ingevolge Artikels 6 en 8 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings en die oordeel van die Registrateur as boerderybenodigdhede kwalifiseer, te hanteer. Behalwe gespesialiseerde koöperasies lewer die oorgrote meerderheid van die afsetkoöperasies ook benodigdhede aan hul lede.

Die meeste plaaslike landboukoöperasies is lede van die drie sentrale aankoopkoöperasies, naamlik Boeresake (Kaapprovinsie) Sentraal Koöperatief Beperk, Natal and East Griqualand Wholesale Agricultural Co-operative Ltd. (N.E.G.W.A.C.), en die Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoopkoöperasie Beperk (V.E.T.S.A.K.). Tussen die drie aankoopsentrales bestaan daar geen funksionele skeiding nie. So kan al drie byvoorbeeld dieselfde artikels vir hul lede aankoop in plaas daarvan dat hulle spesialiseer of ook hul bestellings koördineer. Al drie sentrales kan individueel artikels invoer, agentskappe aangaan, verskillende of dieselfde artikels vervaardig, ensovoorts. Die sentrales hou hulle egter in 'n mate by 'n arbitrêre gebiedsafbakening, wat dikwels probleme tot gevolg het.

Verder moet daarop gewys word dat die sentrale koöperasies nog 'n geweldige veld het wat dit kan betree. Dit wil nie sê dat hulle tevrede is met wat hulle reeds vir hul lede-koöperasies verrig nie. As voorbeeld kan genoem

word dat een van die sentrales tans aktief poog om ook 'n beherende aandeel vir die boer in die trekkerhandel en vervaardiging te verkry. Die grootste struikelblok is onses insiens die gebrek aan algehele ondersteuning deur alle koöperasies.

Wat die plaaslike verskaffing van boerderybenodigdhede betref, moet daarop gewys word dat die ondervinding hier geleer het dat produsente in baie gevalle buitensporig hoë pryse vir sekere items en dienste betaal het, voordat die veld koöperatief betree is.[1]

Die basis waarop die voorsiening van benodigdhede aan lede onderneem word, geskied as 'n onafhanklike vertakking van aktiwiteite en die prys verteenwoordig die volgende:

die werklike aankoopprys van die artikel;
die werklike koste van distribusie;
'n marge om die rente op kapitaal belê in geboue, uitrusting en voorrade te dek; en
'n marge om vir gebeurlikhede voorsiening te maak.

Ten slotte wil ons die aandag daarop vestig dat koöperasies nie dieselfde behandeling van verskaffers ontvang as die handelaars nie. So is fabrikante nie geneë om koöperasies as alleenagente aan te stel nie, omdat die koöperasie net aan sy lede mag verkoop. Sommige vervaardigers het in die verlede selfs geweier om die koöperatiewe sentrales as groothandelaars te erken. Die rede vir hierdie optrede van die vervaardigers lê in die feit dat die landboukoöperasies deur die prysbeleid wat hulle volg die ander instansies dwing om hul winsmarges in te kort.[2]

3.2. <u>Die afsetkoöperasies</u>

Hierdie soort koöperasies staan vandag ver uit bo die ander koöperasies in Suid-Afrika. Ons sal vervolgens poog om 'n oorsig van die ontwikkeling van hierdie soort koöperasies te gee. Dit kan maklik aan die hand van die belangrikste landbouprodukte wat hier geproduseer word, gedoen word.

---

1) Vergelyk: Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede, p. 14.

2) Ibid.

### 3.2.1. Koöperatiewe bemarking van mielies en ander grane

#### 3.2.1.1. Die eerste sentrale koöperasie

Die geskiedenis van koöperatiewe bemarking volgens wetlike voorskrifte in Suid-Afrika het eintlik by die mielienywerheid begin. Die eerste koöperasies in die Transvaal en die Vrystaat het hulle in hoofsaak met die afset van lede se mielies bemoei. As gevolg van die gebrek aan 'n behoorlik en goed funksionerende bemarkingstelsel het die owerheid in die Transvaal hom binne die eerste dekade van hierdie eeu aktief met die afset van mielies besig gehou. Dit het daartoe gelei dat daar van owerheidskant in 1908 'n Sentrale Agentskap te Johannesburg gestig is. Hierdie Sentrale Agentskap moes alle koöperasies verteenwoordig en moes verder dien vir die gesamentlike verkoop van produkte en aankoop van boerderybenodigdhede, die uitskakeling van onderlinge mededinging tussen boere, die verlening van bystand aan veral klein mielieboere wat slegs deur samewerking ordelik kon bemark, die verkryging en verspreiding van markberigte en die verskaffing van onderrig in gradering, en die verhoging van kwaliteit in produksie.

Daar is baie van die Sentrale Agentskap verwag. In 1909 is hierdie organisasie deur die koöperasies oorgeneem. Die destydse registrateur het self baie van hierdie organisasie verwag. Hy het selfs sover gegaan om te beweer dat die toekoms van die hele koöperatiewe beweging van die sukses van die Sentrale Agentskap sou afhang.[1)]

Tydens die vierde koöperatiewe kongres in 1914 het die waarnemende registrateur die volgende oproep gedoen: "You cannot succeed without the Central Agency ... and I would strongly urge all those societies which have not yet joined to do so without further delay ... Unity is strength, and this applies not only to individual members of societies but also to combinations of societies."[2)] Een van die probleme waarmee ons vandag in Suid-Afrika te doen het, naamlik die gebrek aan ondersteuning, is dus reeds op daardie stadium ondervind. Waar die eerste twee jaar met verliese afgesluit is,

---

1) Keet, C.H. Co-operative Division.. In Annual Report Department of Agriculture 1912-13, p. 325.

2) Minutes of the Forth Congress of Co-operative Societies, p. 7.

het die sake van die Sentrale Agentskap na 1914 stelselmatig verbeter en het dit 'n waardevolle konsoliderende invloed op die verskillende koöperasies gehad. Laasgenoemde is daaraan te danke dat steeds meer Transvaalse en Vrystaatse mieliekoöperasies met die Sentrale Agentskap geaffilieer het.

Teen 1920 was die aktiwiteite van die Sentrale Agentskap reeds 'n formaliteit en het die koöperateurs, ongeag die gereelde waarskuwings van die kant van die Landbank, daarop aangedring dat die "advance must be approximately the same as the price at which speculators are prepared to buy at the time members are delivering their maize to the societies and that the adoption of the board's proposal, namely that the advance should be based on the cost of production, would impose too great a strain on members' loyalty to their society and that a large number of them would be unable to resist the temptation to sell outside their societies."[1] Dit het tot gevolg gehad dat die voorskot aan mielieprodusente vir 1920-22 op 'n geensins konserwatiewe basis vasgestel is nie. Gevolglik is die waarde van die voorskot wat uitbetaal is in baie gevalle nie deur die waarde van die produk gedek nie. Die posisie is verder verswak toe die uitvoer van mielies eers gestaak is en toe die beperkings op die uitvoerbeheer later opgehef is en dit geblyk het dat die oorsese prys van mielies met 50% gedaal het. Gevolglik moes baie lede 'n gedeelte van die voorskot terugbetaal. Hierdie terugslag het nie alleen die finansiële posisie van die koöperasies as gevolg van groot uitstaande skuld verswak nie, maar dit het ook die koöperatiewe beweging as 'n geheel baie nadelig beïnvloed.

Teen 1925 het dit weer begin beter gaan met die mieliebedryf en tot 1929 is gunstige pryse behaal. Hierna het 'n tydperk van baie lae pryse ingetree, wat ernstige gevolge vir duisende mielieprodusente gehad het. Die oorsese brutopryse kon nie beïnvloed word nie, maar die regering het probeer om die netto-inkomste verkry uit uitvoer, te verbeter deur die verlaging van spoorvrag- en hawetariewe. Stappe is ook gedoen om mielieboere te help deur die verhoging van binnelandse pryse. Wetgewing is vir hierdie doel aangeneem, waardeur die destydse Departement van Landbou gemagtig is om verpligte uitvoerkwotas vas te stel, of liewer, om 'n persentasie van die

---

1) Herold, Thos. B. Co-operative Agricultural Societies. In Report of the Land and Agricultural Bank of South Africa, p. 47.

hoeveelhede deur alle mieliehandelaars ingeneem, te laat uitvoer. Die bedoeling was dus om die beraamde oorskot van die binnelandse mark te weerhou en plaaslike pryse te laat styg ten einde die produsent se gemiddelde inkomste te verhoog. Op sigself was hierdie maatreël nie geslaagd nie en die regering het vervolgens besluit om 'n waarde toe te ken aan die uitgereikte uitvoersertifikate. Op hierdie wyse is die inkomste van die produsente wel verhoog, maar die waarborge het aansienlike bedrae gekos.

Hierdie ongunstige depressiejare het vanselfsprekend ook deurgewerk na die koöperasies. Dit het ook vir die Sentrale Agentskap gegeld - in so 'n mate dat daar in 1934 besluit is om hierdie organisasie in likwidasie te plaas.

Die hele toestand is verder bemoeilik deurdat groot dele van die land in 1933 geteister was deur een van die ergste droogtes. Een van die gevolge hiervan was dat in 1933 alleen een-en-dertig landboukoöperasies ontbind het.[1)]

3.2.1.2. Die invloed van die Bemarkingswet

Mieliepryse was laag toe die eerste mielieskema ingevolge die Bemarkingswet in 1938 onder die Mielieraad ingestel is. Om aan te sluit by die beleid van plaaslike prysstimulering ten einde die inkomste van produsente aan te vul, het hierdie skema voorsiening gemaak vir 'n heffing op plaaslik-verkoopte mielies met die doel om uitvoer te subsidieer en so die netto-produsenteprys te verhoog. Die volgende jaar het die Mielieraad uitvoer volgens die permitstelsel gereël en weer eens is die uitvoerverliese uit die heffingsfondse gedek. Op hierdie stadium het die Mielieraad egter ook begin reëlings tref om self aan te koop, ten einde sy doelprys vir produsente effektief te maak. Hierdie reëlings sou ook 'n styging in verbruikerspryse verhoed.

Hierdie maatreëls het doeltreffende produsenteprysbystand verleen, met die gevolg dat produsente al hoe meer op 'n eenkanaalbemarkingskema vir mielies aangedring het. Hul voorstel was dat die Mielieraad die bemarkbare oes moes oorneem en 'n voorskotprys aan produsente moes betaal. Die raad kon dan die mielies op die voordeligste wyse plaaslik verkoop/uitvoer en aan die einde van die bemarkingseisoen 'n agterskot betaal. In 1939 het die Bemarkingsraad egter so 'n eenkanaalskema, wat deur die

---

1) Smal, op. cit., p. 710.

Mielieraad voorgelê is, teengestaan, omdat hy ernstige besware teen gesentraliseerde beheer oor distribusie voorsien het en betwyfel het dat dit 'n beter realisasie aan produsente sou verseker as die heffing- en buffervoorraadskemas.

Later in die oorlog het dit noodsaaklik geblyk te wees om 'n eenkanaal-bemarkingskema in te stel, ten einde beheer te kon verkry oor beskikbare voorrade en dit te distribueer volgens prioriteite wat deur die regering vasgestel is. Die vraag na mielies het aansienlik toegeneem in vergelyking met voor die oorlog. Die nywerheid kon nie in al die seisoene in die volle vraag voorsien nie en invoer was onmoontlik. Dit het aanleiding gegee tot die toepassing van maksimum prysbeheer in 1941 om die verbruiker te beskerm. In 1943 moes volle beheer deur middel van 'n eenkanaalskema ingestel word.

Vanaf 1944/45 tree die Mielieraad op as die alleenverkoper van mielies in die sogenaamde gebied A. Die mielies wat in hierdie gebied geproduseer word, verteenwoordig ongeveer 95% van die totale hoeveelheid wat in die Republiek geproduseer word. In die res van die Republiek registreer die raad slegs mieliehandelaars wat mielies van produsente koop en vir hulle eie rekening verkoop. Hulle is nie verplig om alle mielies te koop wat produsente aanbied nie. Aangesien hierdie gebied 'n tekortgebied is, het produsente tot dusver nog nie gesukkel om hul produkte verkoop te kry nie.

In gebied A stel die raad landboukoöperasies, meulens en handelaars as agente aan om die produk namens hom van die produsente aan te koop. Agente is dus verplig om die produsent onmiddellik vir die gelewerde produk te vergoed en die agent word eers deur die raad vergoed wanneer hy dit aan kopers lewer. Intussen ontvang die agent 'n hanterings- en 'n opbergingsvergoeding van die raad. Landboukoöperasies is verder verplig om die produkte van produsente wat nie lede van hom is nie, in ontvangs te neem.

Die raad volg 'n beleid om die produsenteprys van mielies vir elke seisoen met die goedkeuring van die Minister op 'n koste-plus-basis vas te stel. Die maksimum meulenaars- en kleinhandelspryse vir mielies en mielieprodukte word ook deur die raad neergelê. Verder bestaan daar graderings- en ander regulasies en die raad beskik oor sy eie inspekteurs wat sorg dat alle agente die voorskrifte nakom.

Die mieliekoöperasies is dus van die prysskeppende funksie onthef en koöperasies was in staat om hulle meer op die lewering van bykomstige dienste aan hul lede toe te spits en om gunstiger kredietfasiliteite te verkry. Aangesien die koöperasies dus nou as agent van die raad ook nie-lede se produkte hanteer en nie net dié van sy lede nie, het daar 'n verskuiwing in die aard van die koöperasie gekom.

Uit die voorgaande oorsig kan die ontwikkeling van die plaaslike mieliekoöperasies afgelei word. Eerstens kan afgelei word dat daar wel 'n behoefte aan koöperatiewe afset van mielies bestaan het, omdat daar geen ordelike bemarkingstelsel bestaan het en die boer ook in individuele optrede oor geen afdingingsmag beskik het nie.

Tweedens was die behoefte slegs by sommige boere in die Transvaal en die Vrystaat aanwesig, daar mielies slegs hier in aansienlike hoeveelhede geproduseer is. Baie van die mielieprodusente het egter ook ander produkte geproduseer. Gevolglik vind ons by die nagaan van die eerste koöperasies dat die doelstellings nie slegs tot die gesamentlike afset van mielies beperk was nie. So blyk uit die lys van die geregistreerde koöperasies in Transvaal op 1 Januarie 1910, dat die hooffunksie van 19 van die 29 koöperasies die afset van algemene produkte, hoofsaaklik mielies, was.[1] Uit die vermelde lys blyk ook dat die werksgebiede van die koöperasies in vergelyking met die toestand vandag, uiters beperk was. As voorbeeld kan ons noem dat die huidige gebied van die Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk gebiede van meer as agt afsonderlike koöperasies soos hulle vroeër bestaan het, omsluit.

Derdens wil ons noem dat die ontwikkeling van die plaaslike mieliekoöperasies ten nouste aangesluit het by die ontwikkeling van die landbou in die algemeen en die ontwikkeling van die Sentrale Agentskap. Met ander woorde, die faktore wat die landbou en die Sentrale Agentskap beïnvloed het, het ook 'n uitwerking op die plaaslike mieliekoöperasies gehad. So het onbeheerbare faktore die sake van die mieliekoöperasies beïnvloed deurdat dit die produksie wat hanteer moes word, geaffekteer het, asook die koopkrag in die hande van die lede.

Wat die ontwikkeling betref, het die totale ledetal van al die mielie-

---

1) Smal, op. cit., p. 50 - 53.

koöperasies op 30 Junie 1925 op 7,888 te staan gekom, wat ongeveer gelykstaan aan 37.9%[1] van die totale aantal boere wat mielies geproduseer het in die distrikte waar daar koöperasies was. Hierteenoor was die omset van die koöperasies gedurende dieselfde jaar egter 9.6%[2] van die totale produksie van die blanke boere in die Transvaal en Vrystaat. Die boere was dus nie almal bereid om 'n deel van hul selfstandigheid op te offer in ruil vir 'n beter diens en 'n groter ekonomiese voordeel nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die mislukking van sommige van die eerste koöperasies en die finansiële skade wat baie van die lede gely het wanneer daar met 'n tekort gelikwideer is of wanneer 'n terugbetaling van 'n te hoë voorskot gemaak moes word.

#### 3.2.1.3. Die "South African Growers' Co-operation Limited"

Gedagtig aan die voorgaande is dit begryplik dat stappe geneem is wat gelei het tot die registrasie van die South African Growers' Co-operative Limited op 27 Junie 1925. Die doel van hierdie maatskappy was om 'n algemene mieliepoel in te stel wat op 'n nasionale grondslag georganiseer moes wees. Die Registrateur gaan selfs so ver en sê dat die doel van die voormelde maatskappy was om produsente wat onwillig was om lede van koöperasies te word, 'n geleentheid te gee om te organiseer en hulle mielies in samewerking met bestaande koöperasies deur middel van een kanaal te verkoop.[3] Alle pogings is dus aangewend om produsente nader aan mekaar te bring en die afset van mielies te koördineer.

#### 3.2.1.4. Die ontwikkeling van mieliekoöperasies sedert 1928

Op 30 Junie 1928 was daar 21 plaaslike mieliekoöperasies in die Transvaal en die Vrystaat. Die ondernemings het hulle in hoofsaak op die hantering van mielies toegespits, maar hulle het ook ander produkte van lede ontvang en hul lede van boerderybenodigdhede voorsien. Die gesamentlike ledetal van hierdie koöperasies was op daardie

---

1) Retief, Johs. Koöperasie. In Jaarverslag van die Departement van Landbou. 1924-25, p. 626.

2) Ibid.

3) Ibid., p. 627.

stadium 6,506.[1] Twee van hierdie een-en-twintig koöperasies het op 'n basis van beperkte aanspreeklikheid en die res op 'n basis van onbeperkte aanspreeklikheid sake gedoen.

Duisende boere het dus, soos terloops aangedui is, nog buite die koöperasies gestaan, hoewel hulle die voordele om lid te wees besef het, soos in 1930 verklaar is.[2] Hierdie eienaardige teenstrydigheid is moeilik te verklaar en ons stem saam met Smal[3] dat die argumente wat deur hierdie persone geopper is, wat die voordele van koöperasie besef het, maar wat nie bereid was om lidmaatskap te aanvaar nie, nie steek gehou het nie. As gevolg van die dalende pryse van mielies gedurende die eerste jare van die 1929-32-depressie het al hoe meer produsente hulle toevlug tot koöperasie geneem. Hier moet ook gemeld word dat die verdwyning van 'n aantal kleiner koöperasies ook 'n invloed uitgeoefen het op die groei van die ander koöperasies. As voorbeeld hiervan kan genoem word dat die meeste van die lojale lede van die ou Hoogeveld Eendracht Boeren Koöperatieve Vereeniging en die ou Standerton Co-operatieve Boeren Vereeniging, wat onderskeidelik op 21 Junie 1929 en 23 Maart 1927 van die register geskrap is, na die likwidasie van die twee koöperasies by die Oostelike Transvaalse Landbou Koöperatiewe Vereniging aangesluit het. Hierdie feit dat die ledetalle van sekere koöperasies wat op daardie stadium finansieel sterker gestaan het, by tye baie vermeerder het, is 'n verdere duidelike bewys van die gees wat in daardie tyd geheers het. Kwynende en groeiende vertroue het mekaar by die produsente afgewissel en baie van die koöperasies moes 'n stryd voer om nie alleen veld te verower nie, maar dikwels ook om te behou wat hul reeds verwerf het.[4]

Die swak posisie waarin die landbou in 1931 verkeer het, het die boere egter heelwat nader aan die koöperasie gebring. Al hoe meer het besef dat die koöperasie in 'n aansienlike mate in hul behoeftes kan voorsien. As

---

1) Verslag oor koöperatiewe bemarking gedurende 1927/28. In Jaarverslag van die Departement van Landbou, 1927-28, p. 10.

2) Redaksioneel. Wees Getrou. In Koöperasie, p. 7.

3) Smal, op. cit., p. 617.

4) Die meningsverskil onder die boere spreek duidelik uit die notule van 'n spesiale direksievergadering van die Oostelike Transvaalse Koöperasie wat op 14 April 1931 gehou is, toe 264 applikante vir lidmaatskap goedgekeur is en 150 bedankings behandel is.

ons weer die ontwikkeling van die Oostelike Transvaalse Koöperasie beskou, sien ons dat sy ledetal op 30 April 1931 op 1,313 te staan gekom het, terwyl op 30 April 1932 3,092 boere lid van hierdie koöperasie was. Daar is dus allerweë in die moeilike jare besef dat die uitkoms in samewerking geleë is. Landswye oproepe is telkens gedoen, soos onder andere die volgende: "Never before has the need for organisation and co-operation among the farmers of South Africa been as urgent as it is now .... It is high time that farmers took charge of their own affairs rather than allow others to do so."[1)]

Hierdie oproepe het nie altyd op dowe ore geval nie, maar dit het in bepaalde gevalle abnormale groei veroorsaak wat heelwat verwarring laat ontstaan het in die administrasie en ontvangs van produkte. Redes vir die skielike koöperasiegees wat ontvlam het, was byvoorbeeld dat die depressiepryse van mielies op die ope mark 34 sent per sak was teenoor die koöperasievoorskot van 75 sent per sak. Kort hierna vind ons weer die teenoorgestelde tendens. Hierdie toedrag van sake moet in die geval van mielieprodusente hoofsaaklik toegeskryf word aan eerstens die tekort op die mieliepoel van die 1933-seisoen wat weer eens deur die lede gedra moes word, en tweedens die droogte wat gedurende daardie jaar geheers het. Die gevolg was 'n stroom van bedankings van lede, wat verdere probleme veroorsaak het. Na die aanname van die Bemarkingswet in 1937 is die landbou op 'n gesonder grondslag geplaas en toe die gekonsolideerde Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939 goedgekeur is, kon die koöperatiewe beweging ook op 'n vaster grondslag voortbeweeg.

Voor ons die ontwikkeling en die toestand soos dit vandag bestaan, nader beskou, wil ons kortliks die invloed van die beperkte en onbeperkte aanspreeklikheidsbeginsel bespreek.

Ons het reeds herhaaldelik daarop gewys dat die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid aanvanklik in Suid-Afrika gepropageer is en dat die 1922-koöperatiewe wetgewing vir die registrasie van koöperasies met beperkte aanspreeklikheid voorsiening gemaak het.

In die geval van die mieliekoöperasies was dit dieselfde. Ons vind dat 2 van die 20 koöperasies op 30 Junie 1928 koöperasies met beperkte aanspreek-

---

1) Redaksioneel: Need for Organisation. In Koöperasie, Januarie 1931, p. 17.

likheid was. Kort na 1933 is 'n begin gemaak met die aanvaarding van beperkte aanspreeklikheid. Die vrees vir die risiko verbonde aan die onbeperkte aanspreeklikheid het dus die oorhand gekry en 'n hele aantal onbeperkte verenigings is omskep in maatskappye met beperkte aanspreeklikheid. Die kwessie van onbeperkte aanspreeklikheid het steeds stremmend op die ontwikkeling van koöperasies ingewerk omdat baie boere, gedagtig aan die mislukking van sulke verenigings in die verlede en die gevolge wat dit vir lede inhou, nie bereid was om te koöpereer nie. 'n Bewys hiervoor is dat die Oostelike Transvaalse Koöperasie gedurende sy eerste bedryfsjaar as beperkte maatskappy 800 nuwe lede bygekry het.[1)]

Wat die verdere ontwikkeling van die mieliekoöperasies betref, sal ons hier nie op besonderhede ingaan nie. Ons noem slegs die volgende by wyse van opsomming:

(a) 'n Tydperk van konstante groei en vooruitgang dateer sedert 1936/37.

(b) Die daarstelling van die beheerrade vir sommige produkte het veroorsaak dat die betrokke koöperasies hul op bykomstige funksies toegelê het.

(c) Die gebiede van die koöperasies het steeds groter geword. Steeds meer takke en depots is geopen, wat daartoe gelei het dat daar op bepaalde plekke twee of meer koöperasies met mekaar begin meeding het.

Die kwessie van uitgestrekte gebiede wat deur die mieliekoöperasies bedien word, het ook tot 'n ander, baie belangrike aspek aanleiding gegee, naamlik die gebrek aan intieme kontak tussen die lid en sy koöperasie wat daar tans bestaan.

(d) Die groot sukses wat die mieliekoöperasies gedurende die afgelope paar jaar ondervind het, het die boere aangespoor om ook hul verbruikersgoedere op koöperatiewe wyse te bekom. Vandag vind ons dat sommige mielie- of algemene koöperasies daadwerklike pogings aanwend om voorsiening te maak dat hul lede ook daardie artikels wat die landboukoöperasie nie by magte is om te hanteer nie, koöperatief kan verkry. Dit

---

1) Van Niekerk, J.A.S. Die Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk, p. 19.

geskied deur die registrasie van 'n afsonderlike koöperasie met die spesifieke bedoeling dat dit aanvullend tot die landboukoöperasie moet optree ten einde in al die lid se behoeftes koöperatief te kan voorsien. Die beheer en bestuur van die twee koöperasies is dan ook feitlik uitsluitend by dieselfde persone wat genoemde posisies in die landboukoöperasie beklee, geleë.

(e) Benewens die mate van onderlinge samewerking wat wel gevind word, bestaan daar 'n ernstige leemte aan 'n behoorlike, sterk georganiseerde struktuur. Uniegraan, die sentrale van die plaaslike mieliekoöperasies, dien in 'n groot mate as sluitsteen, maar dit sou 'n baie meer aktiewe organisasie gewees het as die individuele koöperasies nie sulke groot gebiede bedien het nie en die Bemarkingswet met die beheerraad vir mielies nie daar was nie.

(f) Daar word baie van vreemde middele gebruik gemaak by die finansiering van aktiwiteite van die mieliekoöperasies. Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika is die vernaamste kredietbron vir landboukoöperasies. Die rol wat die Bemarkingswet gespeel het, moet in hierdie verband in gedagte gehou word. Die gebrek aan natuurlike ontwikkeling ten opsigte van kredietkoöperasies was die rede vir die daarstelling van dié Landbank deur die owerheid. Die aandag wat die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie aan hierdie leemte geskenk het, is 'n bewys dat die belangrikheid van 'n eie finansieringsinstelling besef is.[1] In dié verband moet spesifiek gemeld word dat afgesien van reservering die eie fondse daadwerklik versterk is deur middel van die sogenaamde Ledeheffingsfonds- en Uitgestelde Bonusbetalingsfonds-finansieringstelsels.

(g) Die belangrikste posisie wat die mieliekoöperasies tans beklee, is deels te danke aan die besondere struktuur van die landbou soos bepaal deur die natuurlike faktore, en deels aan die welvaart wat die landbousektor tydens die hoogkonjunktuur geniet het en die invloed van die Bemarkingswet.

Vestig ons 'n oomblik die aandag op die ander graanprodukte, sien ons dat die ontwikkeling daar ooreenstem met dié by mielies, trouens, baie koöperasies is opgerig met die doel om algemene produkte te hanteer. Gespesialiseerde produktekoöperasies het eers op 'n betreklik laat stadium

---

1) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Tweejaarlikse verslag van die Koöperatiewe Raad. 1954.

gekom — hiervan getuig die koringkoöperasies.

3.2.1.5. <u>Die bemarking van koring</u>

Koring het nog altyd 'n besondere posisie in die ekonomiese huishouding van Suid-Afrika beklee. Koring word tot 'n groot mate gekweek op grond wat nie by uitstek vir die doel geskik is nie, en die belangrikheid daarvan as 'n voedselgewas is so groot dat dit nog altyd beskerm is teen wêreldpryse.

Tot 1929 was die binnelandse koringpryse feitlik dieselfde as die wêreldpryse. In 1930 het die wêreldpryse skerp gedaal. Gevolglik is invoerbeheer ingestel en 'n minimum prys vasgestel. Hierdie beskermende maatreëls het tot gevolg gehad dat die prys van koring in vergelyking met dié van ander oeste verhoog is en dat koringproduksie aansienlik uitgebrei het. As gevolg hiervan is 'n beheerraad kragtens die Bemarkingswet ingestel en is in koringstreke baie propaganda vir koringkoöperasies gemaak.

In 1930 alleen is ses suiwer koringkoöperasies met inbegrip van 'n sentrale geregistreer. In 1931 het die getal tot twaalf aangegroei. Met uitsondering van een koöperasie wat in die Vrystaat opgerig is, is al hierdie koringkoöperasies in verskillende dele van die Kaapprovinsie opgerig. Die 1933-kommissie[1)] verklaar met betrekking tot die koringkoöperasies dat koöperatiewe organisasies nie op 'n haastige en losse wyse opgerig moet word nie, dat hulle 'n klein begin moet hê, gegrond op 'n duidelike besef van die noodsaaklikheid daarvan, en in sterkte moet toeneem, soos die ondervinding van tyd tot tyd geleer het. Die uitbreiding van koringkoöperasies het nie in ooreenstemming met hierdie beginsels plaasgevind nie. Hierdie stelling word daarop gegrond dat verskeie koringkoöperasies binne 'n betreklik kort tydperk in nuwe streke opgerig is, waar boere weinig kennis gehad het van die koöperatiewe praktyk.

Die sentrale koringkoöperasie, die Suid-Afrikaanse Sentrale Koöperatiewe Graan Maatskappy Beperk (Sasko), is op 7 Oktober 1930 geregistreer, as 'n sentrale koöperatiewe verkoopsorganisasie. Tydens 1931/32 was daar ongeveer 31 koöperatiewe liggame wat koring òf uitsluitlik òf saam met mie-

---

1) Verslag van kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 53.

lies of ander produkte hanteer het en met uitsondering van drie, was al hierdie koöperasies met die sentrale verkoopsagentskap geaffilieer.

Die voorgeskrewe funksies van die sentrale koöperasie was om al die verkope van koring te koördineer, mededinging tussen koringkoöperasies uit te skakel en ordelike bemarking te reël. Die voorgeskiedenis van die koöperasies toon duidelik die onwenslikheid van 'n sentrale verkoopsagentskap wat koring van elke geaffilieerde koöperasie afsonderlik op eie rekening verkoop, en beklemtoon die wenslikheid van 'n sentrale poel en die verdeling van die opbrengs volgens graad en gehalte. Terloops moet daarop gewys word dat die koöperatiewe beweging in verband met koring in sy beginstadium te kampe gehad het met swak administrasie en organisasie. "Die nodige bevoegde leierskap het ontbreek en diegene aan beheer het deur hulle leiding en dade getoon dat hulle nie voldoende opgelei was of genoegsame ondervinding gehad het om 'n besigheid so belangrik en tegnies suksesvol te bestuur nie."[1)]

Al die koöperasies wat koring in ontvangs neem, is vandag geregistreerde agente van die Raad van beheer oor die Koringnywerheid. Hierdie raad tree op as die alleenkoper en -verkoper van koring, gars, hawer en rog wat in die Republiek geproduseer of ingevoer word. Sy vernaamste funksies is die aankoop en distribusie van die graan, die vasstelling van pryse vir die graan en sekere graanprodukte, toesighouding oor die handhawing van pryse en die rasionalisasie van die koringmaal- en bakbedrywe. Die agente koop egter namens die raad en ontvang 'n hanterings- en opbergingsvergoeding van die raad. Een van die funksies van die agente is om die betrokke grane te gradeer ooreenkomstig regulasies kragtens die Bemarkingswet. Inspekteurs van die raad kontroleer die gradering wat deur die agente gedoen is. Hierdie verhouding tussen raad en agent bestaan dus net soos in die geval van mielies.

Indien ons 'n poging aanwend om die produsentekoöperasies te klassifiseer, blyk dit dat daar mielie-, koring- en mielie-en-koringkoöperasies bestaan in die Republiek.[2)] Hierdie indeling is egter misleidend omdat

---

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 55.

2) Volgens die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

dit nie die plek wat die ander produkte inneem, weerspieël nie. So is die Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk onder mielies geklassifiseer, terwyl dit in werklikheid ook koring, wintergraan, soos rog, hawer, gars, grondbone, sonneblomsaad, droë bone, kafferkoring, en ander produkte hanteer.

### 3.2.2. Koöperatiewe bemarking van vleis

Aangesien die land weens die klimatologiese omstandighede geskik is vir veeboerdery, is daar sedert die dae van die setlaars met vee geboer. Wat die skaapboerdery betref, het dit veral in die rigtings van wol en vleis ontwikkel. Ons bepaal ons slegs by vleis op hierdie stadium.

Die vleishandel het in Suid-Afrika met verskeie probleme te kampe gehad. So was die vleishandel, afgesien van die bederfbare aard van die produk self, gebaseer op die grille van die verbruikerspubliek wat bedien word. Hierby was die meeste vee wat bemark is van minderwaardige kwaliteit.

Wanneer ons vandag terugkyk, moet ons aanvaar dat die vernaamste dryfveer tot koöperasie in die vleisbedryf gebaseer was op die veronderstelling dat die winste van die groothandelaars buitensporig hoog was en dat die kleinhandelswinste en afsenderskoste verlaag kon word.

Die stigting van koöperasies op die gebied van vee- en vleisbemarking het stadiger geskied as wat dit byvoorbeeld by suiwel-, vrugte- en graanbemarking plaasgevind het. So was daar in 1928, afgesien van die 174 spesiale veeverenigings, slegs vier vleiskoöperasies, teenoor byvoorbeeld 22 vir die hantering van suiwelprodukte, 47 vir sitrus en sagtevrugte en 21 vir mielies.[1)]

As gevolg van die lae veepryse wat vroeg in die jare twintig behaal is, is 'n konferensie van veeprodusente op 24 Maart 1921 gehou en na rype beraad is besluit om 'n produsente-vleisbeurs te stig. Die doelstelling hiervan was om ordelike bemarking te bewerkstellig. Hierdie onderneming se taak was inderdaad moeilik en dit is begryplik, veral as in gedagte gehou word dat daar monopolistiese neigings in die Suid-Afrikaanse vleishandel ontwikkel het en nie-koöperatiewe organisasies 'n magsposisie beklee het.[2)] Verder het die destyds geldende slagveebemarkingstelsel feitlik van stad tot stad verskil.

---

1) Vergelyk: Smal, op. cit., p. 559 tot p. 581.

2) Du Toit, C.G. Koöperatiewe Vee- en Vleisbemarking in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die finansiering van die koöperasies, p. 22.

Die produsente-vleisbeurs, die Meat Producers' Exchange Limited, het aanvanklik onafhanklik opgetree en vleis van lede se slagvee direk aan Johannesburgse kleinhandelaars verkoop, maar heel gou is die gebreke van hierdie metode besef. Gevolglik is daar gevoel dat die oogmerke baie gouer en doeltreffender bereik kon word indien daar samewerking tussen die beurs en die distribuerende instansie was. Samewerking tussen die vermelde twee was egter van korte duur, wat veral te wyte was aan die feit dat die beurs nie 'n gereelde toevoer kon verseker nie. Spoedig het die produsente-beurs in likwidasie gegaan.

Du Toit[1] wys ook op verskeie verlore kanse om op koöperatiewe grondslag vastrapplek te vind in die vleishandel. Teen 1925 was die veeboere nog nie ryp vir koöperasie nie. Hiervan getuig ook die Suid-Afrikaanse Landbou-unie na sy mislukte poging om beesboere in 1925 koöperatief te organiseer.[2] Mettertyd het die houding en omstandighede verander. Die belangrikste rede hiervoor was die uitwerking van die droogte in Noordwes-Kaapland en die algemene depressie wat die produksie en vleispryse skerp laat daal het. Hierdie toestand waarin sommige produsente in 'n meerdere en ander in 'n mindere mate ondervind het, is vererger deurdat die spekulatiewe element in die slagveebemarking nog 'n belangrike plek ingeneem het. Die drang na groot omsette en kommissie-inkomste het dikwels tot oorvoering van die markte en gevolglik tot prysineenstorting aanleiding gegee.[3] Hiertoe het die veranderlike en onsekere klimaatstoestande van die land bygedra.

Geen wonder dus dat die twee verdere vleisbemarkingskoöperasies, naamlik Gordonia Vleisproduseerders en Karoo Vleis Boere, in 1930 en 1932 onderskeidelik, geregistreer is nie. Hierdie twee koöperasies was regstreeks verantwoordelik vir die totstandkoming van die een nog bestaande Sentrale Vleiskoöperasie, die ou Kaap Sentraal Vleisproduseerders Koöperatiewe Maatskappy Beperk, wat vandag in die spreektaal bekend staan as Vleissentraal. Hierdie koöperasie het baie probleme ondervind waarvan

---

1) Du Toit, op. cit., p. 30 en p. 31.

2) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Kort oorsig van sy ontstaan en groei en wat dit bereik het, p. 81.

3) Verslag van die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerheid vir die tydperk 1934-1939, p. 8.

die grootste seker die afsydigheid van sommige plaaslike- en streekskoöperasies was.

Uiteenlopende omstandighede het aanleiding gegee tot die oprigting van verskeie vee- en vleiskoöperasies. Verder het die koöperasies aanvanklik tot verskillende beleidsrigtings geneig, maar die gedagte aan samesnoering deur middel van 'n sentrale het geleidelik die oorhand gekry. Sedert sy stigting in 1932 het ongeveer vyftig koöperasies met Vleissentraal geaffilieer. Heelwat veranderings het van tyd tot tyd plaasgevind, deurdat sommige affiliasies òf gelikwideer is òf hul direkte verband met Vleissentraal verbreek het. Aanvanklik was die meeste van die ouer plaaslike koöperasies wat Vleissentraal met hul toenemende getalle aanvaar het, suiwer veebemarkingskoöperasies wat vir hulle die versameling van hul lede se slagvee vir bemarking ten doel gestel het.

Die lidmaatskap van hierdie sentrale het in 1966 uit sowat 35 affiliasies bestaan. Hierdie affiliasies was soos volg saamgestel: 3 Wolkoöperasies; 5 streekskoöperasies; 21 vleiskoöperasies; 6 algemene landboukoöperasies. Van hierdie affiliasies word deur die sentrale bestuur. Verder speel een wolkoöperasie en die algemene landboukoöperasies feitlik geen rol wat vleisbemarking betref nie. Die twee wolkoöperasies wat aktief is, tree landswyd op terwyl een van hulle ook nog sy eie agentskappe in beheerde markte na affiliasie behou het.

Wat die bemarking van lewende hawe en vleis betref, verskaf Vleissentraal met sy affiliasies 'n volledige bemarkingsdiens, en sonder om besonderhede te gee, kan dit onder vyf hoofde aangedui word:

(a) Bemarking in beheerde gebiede.

(b) Veilings.

(c) Uit-die-hand verkope.

(d) Voorsiening van buiteslagters.

(e) Ontwikkeling van die uitvoermark.

Volledigheidshalwe wil ons kortliks ook die oorsprong en die werksaamhede van die Vleisskema aanstip.

'n Surplusverwyderingskema of 'n vloerprysskema — kragtens die Bemarkingswet — vir die reëling en bemarking van beeste, kalwers, lam-

mers, skape, bokke en varke wat vir die vleismark bestem is, word deur die Raad van beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede geadministreer. Die skema het ook betrekking op die neweprodukte afkomstig van die slagvee.

Die raad tree in die nege vernaamste stedelike gebiede, die beheerde sentra, op as stabiliserende faktor. Dit geskied deur 'n stelsel van waarborgpryse (vloerpryse) waardeur minimum pryse volgens graad vir slagvee gewaarborg word. Die doel hiervan is om produsente teen abnormale verliese wat as gevolg van 'n skielike ineenstorting van markpryse kan ontstaan, te vrywaar. In die res van die Republiek, dit wil sê in die sogenaamde buitegebiede, is die bemarking van slagvee vry van beheer.

Die handhawing van vloerpryse behels die aankoop, opberging en uitvoer van vleis deur die raad in die beheerde gebiede indien die aanbod die vraag in 'n sekere mate oortref. Om buitensporige ophoping van slagvee te voorkom, word die toevoer deur die raad beheer, wanneer nodig, deur middel van 'n kwotastelsel. Dit geskied by wyse van 'n toekenning deur die raad aan elke agent dit wil sê van hoeveel slagvee die agent in 'n bepaalde week mag ontvang.

Die raad het ook beheer oor die bemarking van huide en velle. Veilings vir huide en velle word by alle hawens ingestel, asook op die Witwatersrand. Afval word teen vasgestelde pryse verkoop.

3.2.3. <u>Koöperatiewe bemarking van wol</u>

Reeds voor die Wet op Koöperatiewe Verenigingen, 1922, was daar drie koöperasies wat hul beywer het om wol koöperatief van die hand te sit. Hierdie drie koöperasies is later ingevolge artikel 57 van die vermelde wet ingelyf. Hierdeur is alle vroeëre regte en voorregte, byvoorbeeld die reg om produkte van nie-lede te hanteer, behou. Sedertdien het een van die oorspronklike wolkoöperasies van die toneel verdwyn, terwyl 'n nuwe een weer bygekom het. Die drie koöperasies, soos algemeen bekend vandag, is Farmers Co-operative Wool and Produce Union, Ltd. (F.C.U.), Boere Saamwerk, Beperk (B.S.B.), en die Koöperatiewe Wolmaatskappy, Beperk (K.W.B.). Daar laasgenoemde opgerig en geregistreer is kragtens die Wet van 1922, is sy aktiwiteite beperk tot lede-besigheid.

Wat die geskiedenis van wolbemarking betref, kan gekonstateer word dat gedurende die twintigerjare toe die koöperasies in alle erns ontwikkel

het, die boere op landbougebied en in besonder op die gebied van wol ongeorganiseerd was.

Die boere het geen seggenskap in die bemarking van hul wol gehad nie, aangesien hulle om verskeie redes van die welwillenheid van opkopers, privaat-handelaars en makelaars afhanklik was. Dat daar 'n behoefte aan wolkoöperasies was getuig die feit dat die totale aantal aandeelhouers van koöperatiewe wolmaatskappye van 5213 in 1922/23 tot 13,976 in 1931/32 gestyg het.

Die eerste taak van die koöperasies was om die boere te oortuig van die noodsaaklikheid om die skeersels te klassifiseer ter wille van die oorsese kopers, en om die kuddes te verbeter. Om dit te bereik het die koöperasies met skaap- en woldienste begin, wat die grondslag gelê het waarop gebou en uitgebrei is. Mettertyd het die dienste volgens die behoefte van die lede uitgebrei, soos die voorsiening van veemiddels en tegniese advies vir die versorging van die kuddes, en toe die arbeid skaars word, ook deur skeerdienste te organiseer.

Weens die aard van die produk is die wolhandel miskien meer as enige ander handel vatbaar vir individuele optrede en ongesonde praktyke. In dié verband verklaar die 1933-kommissie[1]: "Hoewel dit in alle regverdigheid teenoor private makelaars verklaar kan word dat hierdie twyfelagtige gebruike geensins so algemeen was as deur produsente genoem is nie, is die feit dat sodanige gebruike wel voorgekom het, miskien een van die vernaamste dryfvere gewees om produsente aan te spoor om te koöpereer. Die wolprodusent wat sy wol versend na die hawens vir verkoping, is nou die geleentheid gegun om sy produk deur sy eie organisasie van wie hy verseker is om onpartydige bediening te ontvang, te verkoop." Verder was die kommissie[2] oortuig daarvan dat dit noodsaaklik was dat een of ander liggaam verteenwoordigend van die produsente en van die handel ingestel word om advies te verskaf oor sake in verband met bemarking, veral oor die kwessie van die beperking van

---

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 109.

2) Ibid., p. 111.

die aanbiedings gedurende abnormale tydperke. Die kommissie[1] meen "dat daar vir hierdie doel, behalwe die bestaande Wolraad, 'n adviserende Wolbemarkingskomitee ingestel behoort te word, wat saamgestel moet wees uit lede van die Wolraad saam met verteenwoordigers van die Vereniging van Wolmakelaars van Suid-Afrika."

'n Ander faktor wat bygedra het om die koöperatiewe bemarking van wol in Suid-Afrika op 'n gesonder grondslag te plaas, was die aanname van die Wolwet, Wet No. 19 van 1946, na die ooreenkoms wat die Britse regering met die regerings van Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië tydens die tweede wêreldoorlog aangegaan het om hulle lande se wol vir die duur van die oorlog en een jaar daarna teen vasgestelde pryse aan te koop en geleidelik daarna te herverkoop.

Bovermelde wet het ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Suid-Afrikaanse Wolraad en die plasing van 'n heffing op wol.

In 1952 is die Wolwet van 1946 gewysig, waarvolgens die bepaling met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie herroep is en die funksies van die Suid-Afrikaanse Wolraad verder uitgebrei is.

Die vernaamste doelstelling van die Wolraad is die bevordering van die wolproduksie, wolnavorsing en wolverbruik in Suid-Afrika. Hieruit blyk dat die Wolraad nie 'n bemarkingsraad in die engere sin van die woord is nie. Tog het die raad veral in die jongste tyd 'n aandeel gehad in die bemarking van wol en wel deur gebruikmaking van die wolstabilisasiefonds wat met die goedkeuring van die Minister aangewend kan word vir enige doel wat stabiliteit in die wolbedryf sal bevorder.[2] So het die Wolraad, toe die wolpryse gedurende 1958 begin daal het, met die goedkeuring van die Minister op die mark begin wol inkoop wat nie 'n sekere minimum prys kon behaal nie.

Sekere magte in verband met bemarking van wol wat voorheen aan die Wolraad opgedra was, is nou volgens Wet No. 19 van 1960, aan die Wolkommissie oorgedra. Die Wolkommissie se belangrikste opdrag, is om die wolmark te stabiliseer deur middel van 'n reserweprysskema. (Die Wolraad beywer

---

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 111.

2) Artikel 7 van die Wolwysigingswet van 1955.

hom in hoofsaak vir die bevordering van die wolbedryf.)

Tans sien die toestand soos volg daaruit: die werklike bemarkingsfunksie, naamlik die ontvangs van die wol, die uitstalling daarvan en die inspeksie daarvan, word deur die makelaars onderneem. Die makelaars tree op as agente van die individuele boer en nie van die raad nie. Daar is drie koöperatiewe makelaars, asook 'n paar ander makelaarsmaatskappye. Nadat die wol uitgestal is, word die wol op 'n openbare veiling geplaas en aan die hoogste bieder verkoop. Elke makelaar ontvang 'n sekere kwota wat hy op elke veiling aanbied. Hierdie kwota word deur die makelaarsvereniging bepaal.

Wol word dus by wyse van spesiale wetgewing bemark en die prysskeppende of -handhawingsfunksie van die wolkoöperasies het om hierdie rede maar ook omdat wol 'n uitvoerproduk is, weggeval. Dit was een van die redes waarom die koöperasies hul steeds meer en meer toegespits het op die verskaffing van dienste, soos die verskaffing van huishoudelike benodigdhede, toetrede tot die lewende hawe-veilings, ensovoorts.

'n Belangrike saak wat genoem moet word, is die feit dat op die gebied van die wolkoöperasies gebieds- en funksionele oorvleueling op 'n groot skaal voorkom. Al drie koöperasies is by magte om op enige plek in die land takke te open en daar word gedurig pogings aangewend om lede af te rokkel. Hierdie toestand moet toegeskryf word aan die feit dat die koöperasies selfstandig ontwikkel het by gebrek aan 'n sterk gemeenskaplike vyand. Vir hierdie onderlinge naywer en verdeeldheid, onderlinge kompetisie en oorvleueling van dienste moet die boer betaal.[1)]

### 3.2.4. Koöperatiewe bemarking van sitrus- en sagtevrugte, uitgesonderd druiwe

#### 3.2.4.1. Sitrusvrugte

Die sitrusnywerheid was een van die weinige landbouvertakkings in Suid-Afrika wat gedurende die depressie van die dertigerjare bevredigende pryse vir produsente kon behaal. Hierdie prestasie is behaal ondanks vermeerderde produksie en skerp mededinging op die uitvoermark. Dit is te danke aan die moontlikhede in 'n uitvoermark wat ontgin is en

---

1) In hoofstuk VII paragraaf 3.2.4. wy ons meer aandag hieraan en verder moet daarop gewys word dat in Suid-Afrika ook 'n geregistreerde Skeerdienskoöperasie bestaan.

die rol wat samewerking in die besondere verband gespeel het.

Die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Sitrusbeurs Beperk is die sentrale maatskappy waarmee die plaaslike sitruskoöperasies geaffilieer is. Hierdie sentrale is in 1926 opgerig en behartig al die sekretariële en administratiewe werk van die Sitrusraad, wat in 1939 in die lewe geroep is.

In die praktyk is die hoofwerksaamhede van die sentrale tans die volgende:

(a) om die verpakkingsmateriaal gesamentlik in te koop;

(b) om die verskeping en die distribusie van vrugte namens die raad te reël;

(c) om buitelandse afset te bevorder;

(d) om die Minister via die Sitrusraad van advies insake die sitrusbedryf te bedien;

(e) om beheer oor binnelandse bemarking uit te oefen.

Verskeie plaaslike sitruskoöperasies is opgerig met die doel om met die sentrale te affilieer, ten einde hulle lede in staat te stel om verteenwoordiging op daardie liggaam te verkry en van sy dienste, veral die inkoop van boerderybenodigdhede, gebruik te maak. Hoewel hulle dus eintlik net koöperatiewe liggame in naam is, dien hulle affiliasie tog 'n nuttige doel deurdat hulle aan die sentrale groter beheer oor vrugte verleen.

Die plaaslike sitruskoöperasies onderneem en lewer belangrike dienste ten behoewe van hulle lede, soos bespuiting, gradering, verpakking en gedeeltelike bemarking, afgesien van die verskaffing van boerderybenodigdhede. Groter eenvormigheid ten opsigte van gehalte word hierdeur verseker, aangesien die gradering deur opgeleide beamptes geskied en daar van spesiale sorteer- en gradeermasjiene gebruik gemaak word.

Die huidige Sitrusraad is by wyse van proklamasie in 1947 ingestel. Die skema maak voorsiening vir die bemarking van sitrusvrugte waaronder nartjies, soetlemoene, pomelos en suurlemoene. Tot aan die begin van 1966 was die sitrusskema 'n eenkanaalpoelskema, uitsluitlik vir sitrusvrugte wat uitgevoer word - met ander woorde, die regulering en die koördinering van die bemarking van uitvoer-sitrusvrugte en die verpoeling van opbrengste van hierdie vrugte.

Die Sitrusraad het in die verlede nie aanhoudende pogings aangewend tot die ordelike bemarking van sitrusvrugte in die binneland nie, maar het sy werksaamhede beperk tot die bemarking van uitvoervrugte. Gedurende 1965 en 1966 is metodes uitgewerk om ordelike bemarking op die binnelandse markte te bewerkstellig, veral met die oog op die plaaslike kwaliteitsbeheer.

So het die Sitrusraad met goedkeuring van die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking besluit op die herinstelling van volle beheer oor die binnelandse bemarking van sitrusvrugte, met die ingang van die 1966-seisoen. Dit het geskied vanweë die swaar bemarkingsdruk met die gevolglike daling van markpryse tot onekonomiese peile, veral gedurende die afgelope aantal jare. Kragtens die beheermaatreëls het die Sitrusraad 'n eenkanaalpoelskema vir die binnelandse mark begin administreer - met ander woorde alle produsente, met uitsondering van klein produsente aan wie vrystelling verleen is, was verplig om hulle sitrusvrugte deur die raad te bemark en in die opbrengste volgens poele te deel. Wes-Kaapland is van die toepassing van beheer uitgesluit.

Met die herinstelling van volle beheer beoog die Sitrusraad ordelike bemarking en rasionele verspreiding tussen verskillende markte. Ter bereiking hiervan het die raad sekere magte - onder andere die verpligte registrasie van sitrusprodusente, verstrekking van opgawes deur hulle en oplegging van heffings. Met die Minister se goedkeuring kan die raad ook die bemarking van ongewilde grade en groottes in sekere tye verbied. Geen verkoopspryse word vasgestel nie. Die werksaamhede en dienste van die sentrale en die raad word uit 'n heffing gefinansier.

Ten slotte wil ons daarop wys dat daar die nouste samewerking tussen die Sitrusraad en die Sitrusbeurs bestaan, aangesien dieselfde persone aan die leiding van albei staan. Dit kan van min ander rade/koöperasies gesê word.[1]

### 3.2.4.2. Sagtevrugte

Die eerste stap tot gesamentlike optrede wat sagtevrugte betref, het uiting gevind in die Suid-Afrikaanse koöperatiewe

---

1) Daar bestaan ook een plaaslike sitruskoöperasie, naamlik die Magaliesbergse Sitruskoöperasie wat sekere sitrusvrugte van sy lede in sap verwerk en self bemark.

Sagtevrugte-beurs. Hierdie koöperasie is opgerig met die hoofdoel om die verskaffing van benodigdhede aan sy lede, die reëling van die verkoop en distribusie van lede se sagtevrugte, en die verteenwoordiging en ontwikkeling van die belange van sagtevrugte-produsente te behartig.

Gedurende 1939 is die eerste beheer van sagtevrugte onder die Bemarkingswet ingestel. In 1951 is die raad hersaamgestel. Die raad besit sekere bevoegdhede met betrekking tot beperkings wat hy op produsente kan plaas. Verder tree dit op as die alleenverkoper van onder andere appelkose, perskes, pruime, druiwe, pere en appels in die buiteland. Wat die verkope indie binneland betref, is die magte van die raad tot sekere produkte beperk in sekere gebiede. Verder voorsien die raad ook verpakkingsmateriaal aan produsente. Die raad verkry sy fondse uit heffings.

Verkope van sagtevrugte vir uitvoer en vir plaaslike bemarking vind hoofsaaklik op besending plaas. Opbrengste van die vrugte word verpoel. Die raad betaal voorskotte, tussentydse betalings en finale uitbetalings, sodra die betrokke poel afgesluit is.

Die meeste van die sagtevrugtekoöperasies tree slegs op as agente van die raad, maar heelwat onderneem ook die verpakkingsfunksie.

### 3.2.4.3. Verwerking van varsprodukte

Die eerste koöperasie wat bedoel was vir die droogmaak van vrugte, was die Suid-Afrikaanse Maatskappy vir Gedroogde Vrugte. Hierdie koöperasie was suksesvol, terwyl ander spoedig gelikwideer het. Die bemarking van droë vrugte geskied tans ook kragtens die Bemarkingswet se droëvrugteskema deur middel van die Droëvrugteraad. Die skema maak onder andere voorsiening vir 'n poelskema, vir verkope slegs aan die raad en verpligte registrasie van handelaars. Koöperasies hanteer ook onbeheerde droëvrugte op 'n poelbasis. In die Republiek bestaan daar een droëvrugtekoöperasie.

Aangesien vrugte egter 'n seisoensproduk is en omdat voldoende surplusvrugte geproduseer is, is daar ook begin om vrugte in te maak. Verskeie vrugte-inmaakfabrieke is sedertdien opgerig. Tans bestaan daar twee inmaak-koöperasies, naamlik Langeberg en Villiersdorp Moskonfyt en Vrugtekoöperasie..

### 3.2.5. Koöperatiewe bemarking van tabak

Die ontwikkeling van die tabaknywerheid was in baie nou verband met die koöperatiewe pogings, want sedert die eerste dae van sy geskiedenis het hierdie nywerheid die voordele van koöperatiewe optrede besef.

Gedurende die eerste dekade van hierdie eeu is tabak feitlik uitsluitlik in sowat drie distrikte geproduseer. Geen ordelike bemarkingstelsel het bestaan nie en die produsente het hul produkte regstreeks aan kopers verkoop. Hulle was meesal winkeliers en spekulante.

In 1908 het die Transvaalse regering 'n aansienlike bedrag (R20,000) bewillig om die tabaknywerheid te stimuleer. Die totstandkoming van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplanters Vereniging is 'n regstreekse gevolg van dié toekenning. Hierdie onderneming is in 1909 geregistreer en die koöperasie moes nie alleen as 'n verkoopagentskap vir sy lede se tabak optree nie, maar moes ook die kwaliteit van die produksie verhoog. Ten spyte van hierdie vroeë ontstaan van die eerste tabakkoöperasie, is die volgende twee eers in 1921 en 1922 geregistreer. Die huidige organisasie van die koöperatiewe tabakbemarking dateer terug tot 1925 toe verpligte koöperatiewe bemarking in hierdie verband ingevoer is. Dit is gedoen omdat die fabrikante alles in hul vermoë gedoen het om produsente aan hulle te bind en verskillende praktyke aangewend het om hul oogmerk van ontmoediging van koöperasie en die aanmoediging van ontrouheid van lede, te bereik. Fabrikante het sover gegaan dat hulle produsente by wyse van gunstige kontrakte, kontant voorskotte en verskaffing van saad en bemestingstowwe gesubsidieer het. Onder hierdie omstandighede het die destydse tabakkoöperasies dit uiters moeilik gevind om die gewenste doeltreffende beheer oor die tabakpryse te verkry.

Na die aanname van die wysigingswet van 1925 het die tabakkwekers 'n ywerige veldtog op tou gesit vir die oprigting van koöperatiewe liggame in die verskillende streke, en later probeer om die vereiste getal produsente te beweeg om by die koöperasie aan te sluit, ten einde die verpligtingsklousule toegepas te kry.. Die gevolg was dat binne 'n jaar na die aanname van die magtigingsmaatreël drie nuwe tabakkoöperasies opgerig is.

Eenkanaal-koöperatiewe-bemarking vorm tans nog die basis van beheer oor die tabaknywerheid.

Die Raad van beheer oor die Tabaknywerheid het in 1935 tot stand gekom kragtens die Tabakreëlingswysigingswet. In 1939 is die tabakreëlingskema ook onder Bemarkingswet afgekondig wat bepaal het dat tabak slegs aan die tabakkoöperasies wat optree as agente, gelewer moet word. Die raad is by magte om sekere fondse van produsente te verhaal.

Koöperasies as agente is verplig om op eie koste geskikte pakhuise en die nodige toerusting vir die ontvangs en voorbereiding van bladtabak vir die handel te voorsien. Aan die ander kant moet die kopers van bladtabak hulle vir die doel van aankope van die produk by die raad registreer. Die stelsel van toekenning van tabak aan plaaslike fabrikante en groothandelaars word deur die sentrale koöperasie behartig. Mededinging sowel as selektiewe aankope volgens graad en kwaliteit, word deur allokasie uitgeskakel.[1] Die belangrikste kenmerk van die beheer oor die tabaknywerheid is die belangrike plek wat deur die sentrale koöperasie in die bemarkingsaangeleenthede ingeneem word.[2]

3.2.6. Koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte

Die bemarking van melk, vir sover die produsente die produk op 'n kollektiewe wyse bemark, geskied vir die grootste gedeelte via die sogenaamde verwerkingskoöperasies, hoewel daar ook koöperasies bestaan wat uitsluitlik die distribusie van varsmelk van hulle lede onderneem. Verder bestaan daar ook koöperasies vir die vervaardiging van botter en kaas.

Hierdie koöperasies het baie bygedra tot die ordelike bemarking van suiwelprodukte wat ons vandag ken.

Die aanvanklike probleme wat in die suiwelbedryf uit die weg geruim moes word, alvorens die bedryf op 'n gesonder grondslag geplaas kon word, word deur Hannon[3] soos volg weergegee:

"1. The farmer must be brought to understand that in many districts dairying is not merely an incidental but an essential part of his farming.

---

1) Vergelyk: Steenekamp, F.J.L., Landboukoöperasies in Suid-Afrika. 1900-1960, p. 206.
2) Vergelyk: Kolver, W.R. Beheerde bemarking van tabak in Suid-Afrika.
3) Hannon, P.J. Report of the Superintendent of Agricultural Co-operation, 1905-1906, p. 11.

2. The much greater care necessary in the selection, breeding and general treatment of milk cows;

3. Raising sufficient foodstuffs for the use of milk cows during the scarce period of South African seasons;

4. More systematic delivery of cream to creameries and collecting centres;

5. The recognition of the fact that abnormally high prices for colonial butter can no longer be maintained, and that the producer today, in this colony (Cape) has his limits of prices necessarily determined by the landed value of imported butter."

Dit is insiggewend om in hierdie verband te let op die sienswyse van die gekose komitee, wat deur die owerheid in die Kaapprovinsie gedurende Julie 1907 aangestel is en wat met betrekking tot die suiwelkoöperasies die volgende verklaar het:[1] "In the case of creameries the mistakes made have been considerable and largely indefensible. The history of the creameries appears to be, shortly, this: - Prior to the authorization of Government advances, there had been in existence several creameries conducted as limited liability companies, and being co-operative in the sense that the shareholders were farmers who contributed their produce to be manufactured by the companies, the companies, however, also receiving from non-shareholders .... Owing to the drought in the Eastern Province there resulted a period of dearth and scarcity of milk supplies, and this circumstances in addition to bad management, resulted in these companies falling into severe financial straits.

"At this stage when Government advances were authorized these companies were in financial difficulties. Instead of then, under such circumstances, reconstructing them on sound lines, large advances were unfortunately made, and these advances instead of being available as working capital went largely towards paying the debts of the companies ....

"In the Western Province creameries were established at Wellington and Klipheuvel with Government advances. Both were started with excessive capital, and with machinery and plant disproportioned to the productive capability of the areas in which they are situated. They have not now, and are

1) Report of the Select Committee on Agricultural Co-operation, p. iii.

not likely to have in the near future, sufficient cream to handle to make their ventures payable."

Die fisiese en ekonomiese toestande wat met die verwerking van melk gepaard gegaan het, was dus buitengewoon gunstig vir koöperasie. In baie afgeleë streke kon die surplusmelk en room van die boere alleen gebruik word as fabrieke vir die verwerking daarvan opgerig word. Waar die fabrieke egter wel opgerig is, het ander probleme weer op die voorgrond getree. So is die posisie van die ondernemings in 1928 soos volg weergegee: "Byna al die verenigings staan voor die moeilikheid om voldoende en permanente voorrade melk te kry. Omdat die produksie van seisoen tot seisoen en van jaar tot jaar varieer, het die fabrieke dikwels nie genoeg melk om altyd in volle werking te bly nie. In sommige streke is die vraagstuk van voorrade nog moeiliker omdat koöperatiewe en eiendomsbesighede vir die ondersteuning van produsente wedywer. Daar is nie gebrek aan voorbeelde om aan te toon dat lede nie aarsel om ontrou te wees nie as hulle hulself tydelik kan bevoordeel deur die opposisie te ondersteun." [1)]

Verder het baie van die kleiner suiwelfabrieke in die afgeleë gebiede dit ook moeilik gevind om bekwame bestuurders te kry. Die meeste van die bestuurders het 'n algehele gebrek aan administratiewe ondervinding gehad. Periodieke prysdalings as gevolg van oorproduksie en gebrek aan 'n goeie uitvoermark is ook dikwels ondervind. Gevolglik is alle pogings aangewend om die suiwelbedryf op 'n gesonder grondslag te plaas.

Totdat die Raad van Toesig oor die Suiwelnywerheid in 1930 ingestel is, het elke koöperatiewe liggaam sy eie mark gevind, òf regstreeks, òf deur verskillende agente, òf deur munisipale markte. Geen sentrale koöperatiewe organisasie wat met die produkte van suiwelkoöperasies kon handel het bestaan nie. Hierdie ongeorganiseerde bemarking het 'n nadelige uitwerking op suiwelproduksie gehad. So het verkoopsagente sonder inagneming van die belange van vervaardigers en primêre produsente meegeding. Baie vervaardigers was weens geldelike probleme en ander faktore dikwels verplig om teen onlonende pryse te verkoop, ten einde die melk- en roomleweransiers te vergoed. In dié verband moet ook genoem word dat die Raad van Toesig aanvanklik ook van mening was dat die maatskappy, Sacca Beperk, Johannes-

1) Rapport oor Koöperatiewe Bemarking, 1927 tot 1928, p. 35.

burg, as nuttige distribusie-agent van botter sou kan optree op 'n min of meer koöperatiewe grondslag. Die koöperatiewe liggame was egter nie sterk genoeg om 'n suksesvolle sentrale koöperatiewe verkoopsorganisasie te stig nie, en op daardie stadium het die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1922, nie vir 'n sentrale koöperatiewe organisasie wat ook die produkte van ander instansies kon hanteer, voorsiening gemaak nie. Gevolglik is die sogenaamde Dairy Produce Selling Agency, Limited, gestig, waardeur koöperatiewe en ander fabrieke saamgewerk het. Nadat die 1939-wet egter deurgevoer is, is die maatskappy Sacca Beperk omskep in 'n sentrale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy, wat op 1 Maart 1940 geregistreer is.

Uit bostaande kom die probleme wat ondervind is om die suiwelprodukte in Suid-Afrika , hetsy individueel of koöperatief van die hand te sit, duidelik na vore. Die belangrikste stremmende faktor is seker die uitgestrektheid van die land, die bederfbaarheid van die primêre produk en die afstand tussen die produsent en die verbruiker. In die geval van die suiwelfabrieke was en is dit selfs vandag nog 'n voortdurende stryd om 'n konstante toevoer van die grondstof te verkry. Hierdie feit was die vernaamste oorsaak vir die verdwyning van verskeie suiwelfabrieke.

Hoewel ons hierbo gemeld het dat 'n hele aantal suiwelkoöperasies gedurende die beginjare van die koöperatiewe beweging opgerig is, moet die aandag ook gevestig word op die feit dat sommige van die bestaande suiwelkoöperasies betreklik jonk is. Ons dink hier onder andere aan Reivilo Suiwelkoöperasie Beperk, wat eers in 1937 gestig is. Die reeds vermelde probleme en die feit dat die melkpotensiaal van die betrokke gebied toe eers ontwikkel is, moet as die belangrikste redes hiervoor gesien word.

Die gebiedsoppervlakte van die bestaande suiwelkoöperasies, loop sterk uiteen. So byvoorbeeld word die omgewing van Clocolan (Vrystaat) hoofsaaklik bedien deur een koöperatiewe kaasfabriek, terwyl die gebied van National Co-operative Dairies feitlik oor die hele Natal, 'n groot deel van die Vrystaat en Transvaal strek.

Baie van die suiwelkoöperasies oorvleuel ook onderling of met ander landboukoöperasies ten opsigte van hul gebiede en die verskaffing van benodigdhede.

Ons wil ook melding maak van die koöperasies wat hulle beywer vir die

verskaffing van veeartseny-, inseminasie- en melkaantekeningsdienste. Hierdie koöperasies moet as absoluut noodsaaklik beskou word vir wetenskaplike en rasionele boerdery-ondernemings. Daar bestaan tans vier kunsmatige inseminasiekoöperasies, een elk in Natal en Transvaal en twee in Kaapland, en een veeartsenykoöperasie en 'n hele aantal melkaantekeningskoöperasies.

Die Raad van Toesig oor die Suiwelnywerheid is kragtens die suiwelproduktebemarkingskema - 'n eenkanaalvaste-prysskema - gemagtig om:

(a) vir alle suiwelprodukte onder sy beheer die pryse vas te stel vanaf die primêre produsent tot by die verbruiker;

(b) die bemarking te reguleer van alle fabrieksbotter en alle cheddar- en goudasoorte kaas, die vernaamste twee kaassoorte wat plaaslik vervaardig word;

(c) die toetrede van fabrikante tot die bedryf te beheer; en

(d) oor die algemeen die welvaart van die bedryf te bevorder deur sover moontlik die primêre produksie, vervaardiging en bemarking van suiwelprodukte te koördineer.

Die Suiwelraad is die enigste liggaam vir die bemarking van botter en die twee gemelde soorte kaas op die plaaslike sowel as op die oorsese markte, maar hy onderneem nie die werklike fisiese groothandelsdistribusie nie. Hiervoor stel die raad verkoopsagente aan en reël slegs die vloei vanaf fabrieke na die agente. Die raad het egter sy eie bemarkingsorganisasie.

Die bemarking van alle ander nywerheidsmelkprodukte word deur die handel self waargeneem.

Aangesien die raad verantwoordelik is vir die bemarking van die fabrieksbotter en -kaas wat geproduseer word, moet die opbrengs daarvan noodwendig verpoel word, dog afsonderlike poele word vir elke graad botter en kaas gehou. Die Suiwelraad het egter geen mag met betrekking tot varsmelk en room nie.

'n Melkskema - 'n eenkanaalpoelskema kragtens die Bemarkingswet - is op 26 Januarie 1962 afgekondig, en is van toepassing op die Kaapse Skiereiland, die Witwatersrand, Pretoria en Bloemfontein. Die skema beheer die bemarking van melk en room bestem vir menslike verbruik in

die vorm van melk en room vir die vervaardiging van roomys.

In elk van die vier beheerde gebiede bestaan daar 'n gebiedskomitee om die Melkraad te adviseer, in alle sake rakende die toepassing van die skema in die betrokke gebied.

Produsente, produsent-distribueerders en distribueerders van melk en/of room in die beheerde gebiede moet by die raad geregistreer wees. Die rol wat die koöperasies speel ten opsigte van die finale prys is dus minimaal.

3.2.7. Koöperatiewe bemarking van wyn

Suid-Afrika het vir die eerste keer as wyn-uitvoerland sterk op die voorgrond getree na die tweede Britse besetting van die Kaap. Die bloeiende uitvoer wat aan die begin van die negentiende eeu ontstaan het, is egter grootliks toe te skryf aan die feit dat Brittanje in 'n oorlog betrokke was met Frankryk en dat die Britse invoerders gevolglik nie Franse wyn kon en wou bekom nie. Ten einde dié probleem die hoof te bied, het die invoerders hulle vervolgens na die Kaap gewend. Die uitvoer van Kaapse wyne is ook beïnvloed deur beskermingstariewe wat die Britse regering ingestel het. Van daardie tyd af was die voorspoed van die wynboere van die uitvoermark afhanklik. Was daar 'n goeie afset oorsee, het die wynboere gefloreer; was die mark oorsee dood, het hulle ook maar 'n sukkelbestaan gevoer. Maar soos dit in die verlede dikwels die geval was met ander produkte en ook met sekere produkte in ander lande[1)], is daar in die voorspoedige tye nie voldoende ag geslaan op gehalte nie. Gevolglik is daar dikwels klagtes ontvang oor die gehalte van Suid-Afrikaanse wyne. Die gevolg was dat, toe die vernaamste voorkeure afgeskaf is en die hoë belastings op Franse en ander wyne in 1861 teruggetrek is, die uitvoermark meteens in duie gestort het. ('n Tweede terugslag het die bedryf in die tagtigerjare getref toe 'n ernstige siekte in die wingerde uitgebreek het.) Ons kry hier dus feitlik dieselfde toestand as dié waarin die Nederlandse suiwelindustrie hom in die laaste deel van die 19e eeu bevind het.

In 1888 is 'n poging aangewend om die wynboere deur middel van

---

1) Ons dink onder andere aan die botterafset van Nederland gedurende die laaste twee dekades van die vorige eeu op die Londense mark en die verdringing daarvan deur die Deense botter.

koöperasie by te staan. Hierdie poging het egter misluk en is laat vaar. 'n Nuwe mark vir die opgehoopte wynvoorrade moes egter gevind word. Die toestand het onveranderd gebly totdat die Kaapse regering in 1905 'n kommissie aangewys het om in dié verband ondersoek in te stel. Op aanbeveling van hierdie kommissie is besluit om die stigting van koöperatiewe wynkelders aan te moedig deur lenings beskikbaar te stel. Sodoende is daar gedurende die jare 1905-1909 nege koöperatiewe wynmakerye opgerig. Spoedig het die meeste van hierdie koöperasies in finansiële moeilikhede beland en andermaal het die regering 'n helpende hand gereik om enkeles van hulle van ondergang te red. In 1913 het die regering 'n bedrag van R40,000 van 'n oorspronklike lening van R100,000 afgeskryf. Gedurende 1913 het die gunstige ontwikkeling van die volstruisveermark, wat die uitbreiding van die aanplanting van druiwestokke gestrem het, geëindig. Daarna het die wingerdaanplanting ononderbroke voortgegaan, wat die wynproduksie die hoogte ingestoot het.

Aan die einde van 1916 het die gedagte ontstaan dat instede van klein afsonderlike koöperasies daar een omvattende koöperasie opgerig moet word, wat alle wynboere in een organisasie sou verenig. Die vernaamste doelstelling sou wees om die verkoop van die produkte van sy lede, vir sover dit die produkte van die wynstok betref, so te bestuur, te beheer en te reguleer dat dit aan hulle 'n aaneenlopende en billike opbrengs sou verseker of daartoe sou bydra. So het die Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt (die huidige K.W.V.) tot stand gekom en koöperatiewe optrede is dus aangegryp om ordelike bemarking daar te stel.

Oor die vyf-en-negentig persent van die wynboere het lede van die K.W.V. geword. Gedurende 1918 en 1919 het die K.W.V. 'n sekere mate van stabiliteit bewerkstellig. Hierna het die toestand egter feitlik hand uitgeruk, veral toe 'n prysoorlog tussen handelaars in 1920 ontstaan het en die pryse van wyn abnormale hoogtes bereik het. Hierdie hoë pryse, hoewel besonder voordelig vir wynprodusente gedurende daardie jaar, het tot 'n byna volkome ineenstorting gelei. Gedurende die volgende jare het die K.W.V. met steeds toenemende surplusse gesukkel, waarvan 'n deel vernietig moes word ten einde die beperkte plaaslike mark te beskerm en 'n algehele ineenstorting te vermy.

Om dié probleme, veral wat oorproduksie betref, te probeer uitskakel, is die Wet op de Kontrole over Wijn en Spiritualiën van 1924 aangeneem, waardeur die bevoegdheid om die prys van stookwyn vas te stel aan die K.W.V. gegee is. Nou was die koöperasie in volle beheer oor die wyn.

Wyn en spiritualieë is vandag een van die min produkte waarvan die bemarking kragtens spesiale wetgewing gereël word, en dit verskil van die ander deurdat dit die enigste produk is waarvan die bemarking gereël word deur 'n koöperasie - die K.W.V. - waaraan daar sekere wetlike magte verleen is. Die wetgewing magtig selfs die koöperasie om ten opsigte van 'n wynboer wat nie 'n lid van die K.W.V. is nie, toestemming te weier om enige transaksies ten opsigte van wyn aan te gaan. Dit hou nie in dat die lewering, ensovoorts, slegs aan die koöperasie moet geskied nie, maar die lewering, ensovoorts, kan alleen geskied nadat die nodige toestemming van die K.W.V. verkry is.

Aanvanklik was dit die algemene gebruik dat boere hul eie wyn berei het. Vir baie het dit egter al moeiliker geword, met die gevolg dat die koöperatiewe wynkelders gestig is, waar die bereiding onder toesig van 'n wyndeskundige kon geskied. Tans bestaan daar meer as sestig plaaslike koöperatiewe wynkelders.

Vir nadere besonderhede oor die magte en organisasie van die K.W.V. verwys ons na die literatuur.[1] Kortliks kan ons slegs meld dat die K.W.V. met dieselfde magte as 'n beheerraad beklee is.

Wat die plaaslike koöperatiewe wynkelders betref, kan die volgende kortliks genoem word:

(a) Die werksgebiede is relatief klein.

(b) Baie van die wynkelders het slegs 'n paar lede.

(c) Gebiedsoorvleueling tussen twee of meer koöperasies is 'n algemene verskynsel.

(d) Die kontak tussen die lid en sy koöperasie is op 'n gesonder grondslag as by baie ander koöperasies.

(e) Die belegging in die vorm van aandelekapitaal in die koöperasie is in die geval van sommige lede geweldig groot.

---

1) Vergelyk: Steenekamp, op. cit., p. 246 - 250.

(f) Die koöperasies vervul geen prysskeppende funksie nie.

3.2.8. Koöperatiewe bemarking van suiker

Die ontwikkeling van die suikernywerheid in Natal is nou verbonde aan die groot nie-koöperatiewe meule wat aanvanklik daar in werking was. Spesiale omstandighede het egter aanleiding gegee tot die oprigting van die koöperatiewe organisasies in hierdie bedryf, naamlik die Uloa-, Eshowe- en Umfolozi suikerkoöperasies. Aangesien elk van die vermelde drie koöperasies bepaalde onderskeidende funksies het, sal elkeen afsonderlik behandel word.

Die Uloa Koöperatiewe Landbouvereniging was in werklikheid 'n koöperatiewe boerdery op 'n onbeperkte aanspreeklikheidsgrondslag. Die lede was nedersetters aan wie die Departement van Lande plase toegeken het. Die afsonderlike boere was nie in staat om hul persele op 'n lonende basis te bewerk nie en so het die gedagte toe ontstaan om 'n vereniging op te rig sodat lede deur middel daarvan hul persele gesamentlik kon bewerk. Gevolglik is die Uloa-koöperasie met 'n ledetal van 36 in 1928 opgerig. Die grondslag van hierdie vereniging was onbeperkte aanspreeklikheid wat tot baie probleme aanleiding gegee het. Gevolglik is dit omskep in 'n koöperasie met beperkte aanspreeklikheid.

Die Eshowe-koöperasie is in 1924 geregistreer met 'n ledetal van 25. Die hoofdoel van hierdie koöperasie was om die produksie van suikerriet in die Eshowestreek te bevorder, maar die 1933-kommissie[1] verklaar dat dit "in die praktyk skyn. . asof sy vernaamste werksaamheid die aanleg en die instandhouding van 'n private spoorlyn was ten einde lede in staat te stel om moeilikhede in verband met vervoer te oorkom." Benewens die instandhouding van hierdie spoorlyn, verkoop die maatskappy ook lede se suikerriet, wattelbas en hout, afsonderlik op rekening van elke lid, sonder om dit te verpoel. Hierdie maatskappy is gefinansier deur die sogenaamde Gledhow-Sugar Estates Limited, en wel aanvanklik op die voorwaarde dat die suikerriet van lede aan die Gledhow-meule gelewer sou word.

Die Umfolozi-koöperasie is in 1933 deur boere op die kroongrondnedersettings te Umfolozi opgerig. Voor hierdie datum is die suikerriet van die nedersetters gemaal en verwerk deur 'n gewone maatskappy wat 'n kontrak met

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 130.

die regering gehad het. Die gewone maatskappy is egter later gedwing om werksaamhede te staak. Ten einde 'n afsetgebied te behou, het die produsente toe 'n koöperasie gestig om die meule oor te neem. Die eiendom is aangekoop en gemoderniseer met behulp van lenings van die Landbank en deur die destydse Departement van Lande gewaarborg. Aanvanklik was die resultate van die onderneming gunstig, maar in Maart 1925 het 'n baie groot oorstroming soveel skade aangerig, dat werksaamhede tydelik gestaak moes word.

Hierdie maatskappy is ook gereeld verlof verleen om die suikerriet van produsente wat ongeneë was om lid te word, te verwerk, ten einde volle kapasiteit van die meule te handhaaf.

Die Suikerwet (Wet No. 28 van 1936) maak voorsiening vir die beheer van die suiker deur middel van ooreenkomste aangegaan tussen suikerrietplanters, meulenaars en raffineerders. Verder is daar bepalings deur die Minister van Ekonomiese sake neergelê vir die beheer van die pryse waarteen sekere suikeroorskotte van die hand gesit mag word, en vir sake wat daarmee in verband staan. Die wet bepaal ook dat 'n ooreenkoms afgedwing kan word na publikasie in die Staatskoerant as dit goedgekeur word deur negentig persent van suikerplanters wat nie minder nie as negentig persent van die totale gewig van suikerriet die vorige jaar geproduseer het, en ook deur die meulenaars wat tesame minstens negentig persent van die totale gewig van die suiker die vorige jaar geproduseer het. Ooreenkomste wat so aangegaan word, moet voorsiening maak vir die instelling van 'n raad, wat moet toesien dat die bepalings van die ooreenkoms nagekom word.

In 1936 is so 'n ooreenkoms aangegaan en het voortbestaan tot 1943 toe dit vervang is deur 'n ander ooreenkoms, wat weer herhaaldelik daarna gewysig is. Dié ooreenkoms maak voorsiening vir 'n Sentrale Raad van die suikerbedryf. Een van die belangrikste funksies van die Sentrale Raad is die uitoefening van beheer oor die produksie van suiker. Dit word gedoen deur middel van die toekenning van kwotas aan produsente, gebaseer op grondoppervlakte. Geen produsent mag aan 'n meulenaar suikerriet lewer wat afkomstig is van grond wat nie geregistreer is nie. Verder word daar 'n basiese prys van sukrose of plantsuiker by wyse van 'n formule wat in die ooreenkoms neergelê is, bepaal. Die maksimum pryse waarteen suiker verkoop mag word, word deur die Minister bepaal, ingevolge artikel 6 van

die Suikerwet. Die afset van die totale jaarlikse suikerproduksie en jaarlikse uitvoer word beheer en aan elke meulenaar word 'n kwota toegeken. Die fondse om alle uitgawes van die Sentrale Raad te dek word verkry deur 'n heffing te lê op alle suikerraffineerders en meulenaars in verhouding met hul opbrengs. Die produsente is kragtens die ooreenkoms verplig om hulle hele oes by die fabriek af te lewer, en vergoeding volgens basiese prys geskied op 'n negentig-persent-voorskot-basis.

Die bemarking van suiker geskied dus volgens spesiale wetgewing, dit wil sê anders as deur die Bemarkingswet, en die koöperasies het feitlik geen funksie ten opsigte van die prys nie.

3.2.9. <u>Koöperatiewe bemarking van eiers</u>

Tot ongeveer 1914 was die hoeveelheid eiers wat in Suid-Afrika geproduseer is onvoldoende om in die plaaslike vraag te voorsien. Tot op daardie stadium was daar ook geen georganiseerde distribusiestelsel van voorrade nie. Produsente het gewoonlik regstreeks aan die plaaslike winkeliers verkoop of verruil vir huishoudelike benodigdhede, òf hulle het die eiers na die munisipale markte òf na private agente gestuur vir verkoop. Veral die plattelandse koper het hom selde aan kwaliteit gesteur en gevolglik was daar weinig aanmoediging vir boere om 'n beter produk te lewer.

Uiteindelik is besef dat indien beter distribusie en bemarkingsfasiliteite beskikbaar was, dit moontlik kon wees om die pluimveebedryf op 'n gesonde en betalende grondslag te plaas. Met hierdie doel voor oë is die eerste koöperatiewe eierkring in 1917 in Kaapstad gestig. Vyf jaar later is die tweede koöperasie opgerig en teen 1925 was daar nege koöperatiewe eierkringe, met 'n gesamentlike ledetal van byna 1,000.[1] Hierdie aantal het verminder tot sewe kringe met 'n totale ledetal van 4,786 in 1932.[2]

Die koöperatiewe eierkringe het belangrike en nuttige werk in die eierbedryf gedoen deurdat dit die gebruik en produksie van goeie en getoetste eiers aangemoedig het. Die koöperasies het egter 'n voortdurende stryd om die goeie gesindheid van hul lede gevoer ten einde 'n redelike omset te hand-

---

1) Smal, op. cit., p. 478.

2) Ibid., p. 691.

haaf. Die 1933-kommissie[1] verklaar in dié verband onomwonde dat die vernaamste tekortkominge van die destydse stelsel van koöperatiewe bemarking van eiers 'n afwesigheid was van 'n definitiewe kwaliteitstandaard van eiers, kompetisie tussen handelaars, ontrouheid van lede, die feit dat klein produsente dit nie betalend gevind hèt om lede te word nie, en gebrek aan onderlinge samewerking. Op hierdie punte word hier nie nader ingegaan nie.[2]

Ons kan die latere ontwikkeling min of meer soos volg saamvat: Voor 1942 was daar feitlik geen beheer oor die bemarking van eiers nie — slegs 'n enkele koöperatiewe eierkring het 'n redelike rol gespeel in die prysbepaling. In 1942 is 'n eieraankoopskema ten opsigte van oorskoteiers ingestel. Hiervolgens is eiers wat behoorlik gegradeer, gemerk en verpak is, teen vasgestelde pryse aangekoop.

Kragtens die Bemarkingswet is die huidige Eierbeheerraad deur Proklamasie No. 8 van 1953 ingestel. Die belangrikste doelstelling van die beheerskema, 'n vloerprysskema of -surplusverwyderingskema kragtens die Bemarkingswet, is die uitskakeling van buitengewone skommeling in produsente- en verbruikerspryse. Die bepalings van die skema is van toepassing op persone in die Republiek wat betrokke is by die produksie of wat met eiers as 'n besigheid handel dryf. Om stabilisasie te bewerkstellig, koop die raad surpluseiers teen vasgestelde pryse aan. Vir die doel van hierdie skema het die raad eierverpakkers in die vernaamste produksiegebiede aangestel. Die verpakkers is nie agente vir die raad nie. Hulle is byvoorbeeld nie verplig om eiers aan die raad te verkoop nie. Produsente op hul beurt is vry om eiers teen enige prys aan enige persoon te verkoop, maar hulle is verseker van minstens die vloerpryse wat deur die raad gewaarborg word.

Die raad bekom sy fondse by wyse van heffing, naamlik 'n gewone en 'n spesiale heffing per dosyn. Die heffings is betaalbaar op alle eiers verkoop in 'n beheerde gebied. Op die magte en bevoegdhede van die raad word nie nader ingegaan nie.

---

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 121.

2) Vergelyk: Ibid.

Daar bestaan tans in Suid-Afrika drie eierafsetkoöperasies met 'n totale ledetal van ongeveer 2,800. Die rol wat hulle speel wanneer dit kom by pryse is minimaal.

### 3.2.10. Koöperatiewe bemarking van lusern

Voor 1928 was daar slegs twee koöperatiewe maatskappye wat lusern as vernaamste produk bemark het. Die ongeorganiseerde en onbevredigende toestande by die bemarking van lusern het die Suid-Afrikaanse Landbou-unie daartoe gedwing om 'n konferensie byeen te roep, waar verteenwoordigers van verskeie produksiegebiede teenwoordig was. As gevolg van hierdie konferensie is vyf koöperasies gestig. Die meeste van hierdie lusernkoöperasies was bedoel om die besproeiingsnedersettings te bedien, en die vernaamste probleem van die koöperasies was die wisselende aanbod. Verder het die koöperasies ook voortdurend te doen gehad met strawwe mededinging van nie-koöperateurs. Tans is die posisie heelwat anders.

Vir die bemarking van lusernhooi is verpligte eenkanaal-koöperatiewe bemarking ten opsigte van die belangrikste produksiegebiede van krag. In feite hou dit in dat elf koöperasies se gebiede kragtens Artikel 102 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, soos gewysig, geproklameer is. Hierdie koöperasies is georganiseer in 'n nasionale lusernbedryfskomitee wat jaarliks ontmoet by 'n konferensie gereël deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, om sake in verband met pryse, uitvoer, gradering, en dies meer te bespreek. Die koöperasies speel dus hier 'n leidende rol ten opsigte van pryse, maar die pryse van lusernhooi en -meel is onderworpe aan beheer, dit wil sê maksimumpryse word deur die Pryskontroleur afgekondig.

Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika stel jaarliks aan verskeie van die lusernkoöperasies bedrae beskikbaar wat hulle in staat stel om voorskotte aan die lusernprodusente te betaal, by lewering van hul lusern.

Die uitvoer van lusern is onderhewig aan permitreëling en word deur die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking uitgereik in oorleg met die lusernbedryfskomitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Wat die saad betref, is na die voorbeeld van ander produkte 'n Lusernsaadbeheerraad ingestel, wat 'n eenkanaalpoelskema administreer. Die beheer deur die raad geskied deur 'n verbod te plaas op die verkoop van lusernsaad, behalwe aan die raad self of goedgekeurde agente. Vir die doel

van hantering en opberging, maak die raad van agente gebruik. Aan die ander kant mag die agente ook die saad slegs op instruksies van die raad aan kopers lewer. Die agente sluit ook drie koöperasies in.

### 3.2.11. Koöperatiewe bemarking van katoen

Die ontwikkeling van die katoenbedryf kan nie los van die ander koöperatiewe ondernemings gesien word nie. Hierdie koöperasies het gehelp om, veral gedurende die aanvangsjare van die verbouing van katoen, te stimuleer. Gedurende 1909 het die Transvaalse regering eksperimentele werk met katoen onderneem en boere aangemoedig om katoen te verbou. Die vooruitgang was egter so stadig dat daar geen aansporing vir individuele ondernemings was om die veld as pluisers of kopers te betree nie. Produsente was verplig om die werksaamhede van pluis en bemarking self te reël. Gevolglik is dit op 'n koöperatiewe wyse gedoen. So is die eerste klein koöperatiewe pluismeule, die Rustenburg Boeren Koöperatiewe Vereniging, opgerig. Teen omstreeks 1920 was hierdie vereniging goed gevestig, maar gedurende 1920-21 het moeilikhede van ongekende aard verskyn toe die wêreldwye na-oorlogse depressie ook in die katoenmark 'n ernstige daling teweeggebring het. Daarby het die agent wat die belange van die Rustenburgse koöperasie in Nederland moes behartig, bankrot gespeel. Die gevolg was dat die uiteindelike opbrengs onvoldoende was om die voorskotte te dek en lede moes die oorbetalings wat aan hulle gemaak was, terugbetaal.

Gedurende daardie jare is ook ander katoenkoöperasies opgerig, soos die Sentrale Koöperatiewe Katoenbeurs Beperk, waarby al die katoenkoöperasies geaffilieer was en wat na 1926 die enigste verkoopsliggaam van al die katoen van sy geaffilieerde lede geword het. Hierdie sentrale katoenkoöperasie het dit aanvanklik voorspoedig getref deurdat die katoenpryse na die 1921-laagtepunt weer begin styg het tot 1928/29. Kort hierna het die koöperasie as gevolg van 'n reeks droë jare en die algemene daling in wêreldpryse die wind erg van voor gekry en het dit van die toneel verdwyn.

Die eerste spin- en weeffabriek in die Republiek is eers in 1947 opgerig. Aanmoediging, hoofsaaklik as gevolg van fabrieksaanvraag en die feit dat met produsente oor die prys ooreengekom is, meestal voordat die oes beskikbaar was, het die produksie met spronge laat toeneem.

Katoen word tans hoofsaaklik langs die Oranjerivier (Upington), te Vaalhartz en Pongola onder besproeiing geproduseer, terwyl produksie onder droëlandtoestande plaasvind binne 'n gebied wat strek vanaf Zoeloeland in die suide, noordwaarts deur Natal, tot Swasiland en Oos-Transvaal en 'n deel van Noord-Transvaal. Dit is dus 'n baie groot produksiegebied met 'n geweldige potensiaal.

Tans bestaan daar vier katoenkoöperasies, terwyl ander landboukoöperasies ook katoen van lede hanteer. Behalwe via die Suid-Afrikaanse Landbou-unie se katoenkomitee bestaan daar egter geen permanente vorm van samewerking tussen die koöperasies nie.

Deur middel van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking vind daar van tyd tot tyd samesprekings plaas tussen die verteenwoordigers van die produsente, die pluisenaars, fabrikante, verteenwoordigers van die Departement van Handel en die Departement self. In die verlede is daar tot 'n prys ooreengekom tydens hierdie vergaderings. Aangesien daar geen sentrale koöperasie of bemarkingskema bestaan nie, is produsente tans nog in 'n swak afdingingsposisie.

3.2.12. Koöperatiewe bemarking van grondbone

Grondbone word hoofsaaklik in Transvaal en die Vrystaat gekweek. Vir markdoeleindes word grondboontjies in twee soorte geklassifiseer, naamlik eetbare boontjies en boontjies bestem vir oliebereiding.

Die hantering en bemarking van grondbone is oorspronklik onderneem deur een koöperasie en twee handelaars. Hewige konkurrensie het konsolidasie en koördinasie tussen produsente-organisasies en handelaars noodsaaklik gemaak. Gevolglik is in 1934 ooreengekom om die grondboneprodusente-adviserende komitee in te stel. Hierdie komitee het jaarliks vergader en in oorlegpleging met die Departemente van Handel en Nywerheid en Landbou die prys bepaal wat oliepersers vir die plaaslike surplusgrondbone moet betaal. Deur beperkende invoerbeheer op plantolie te plaas, het die staat bygedra tot die vinnige uitbreiding van hierdie bedryf.

As gevolg van die voedseltekort gedurende die tweede wêreldoorlog is die grondbone deur middel van oorlogsmaatreëls onder beheer geplaas. Gedurende 1946 is die Direkteur van Voedselvoorrade aangesê om die distribusie van grondbone oor te neem.

Na die oorlog het die produksie as gevolg van gunstige pryse vinnig toegeneem, sodat dit noodsaaklik geag is om beheer in te stel kragtens die Bemarkingswet. Dit is egter goed gedink om 'n Oliesaadbeheerraad daar te stel, wat geskied het deur Proklamasie 24 van 1952. Die beheerskema, 'n eenkanaalpoelskema, maak voorsiening vir die reëling van die bemarking van grondbone en sonneblomsaad. Die hooffunksie van die raad is om redelike prysstabiliteit aan produsente te verseker; om 'n billike distribusie van oliesade aan persers te bewerkstellig, en om surplusoliesade van die hand te sit teen lonende pryse.

Net soos in die ander gevalle is die bevoegdheid aan die raad verleen om as die enigste koper van die grondbone op te tree, en vir die fisiese hantering daarvan word agente aangestel. Wat die verkope van eetbare grondbone oorsee betref, maak die raad van die dienste van 'n alleenagent gebruik.

Drie koöperasies, waarvan een 'n sentrale is, word tans onder "grondbone" geklassifiseer, terwyl verskeie ander koöperasies ook die grondbone van hul lede hanteer, maar onder die beheerskema is die aktiwiteite van hierdie koöperasies beperk tot die ontvangs, opberging, versending en die betaling van 'n voor- en agterskot aan sy grondboneprodusente.

3.2.13. Koöperatiewe bemarking van aartappels

Die aartappelkoöperasies wat tans in Suid-Afrika bestaan, moet in twee hoofgroepe geklassifiseer word, naamlik eerstens dié waardeur lede hul beywer om hul saadaartappels van die hand te sit, en tweedens dié waardeur lede poog om hul tafelaartappels te bemark.

Tans bestaan daar drie aartappelkoöperasies waarvan een, wat die hele Oos-Transvaal en Noord-Transvaal bedien, tafelaartappels bemark.

Die primêre redes vir die stigting van die saadaartappelkoöperasies, was die volgende:

(a) om te organiseer vir en kontrole uit te oefen oor die produksie van saadaartappels van 'n hoë gehalte;

(b) om die produksie en bemarking van saadaartappels te standardiseer en te sentraliseer;

(c) om moedersaad van die beste gehalte vir die lede te verkry teen die laags-moontlike prys;

(d) om sakke en houers aan die lede te verskaf om sodoende eenvormige verpakking te bewerkstellig.

Aartappels word feitlik uitsluitlik as voedselgewas in Suid-Afrika verbou en in die aartappelproduserende gebiede is dit 'n belangrike akkerbougewas. Veral gedurende die jongste jare was aartappelproduksie op 'n hoë peil, hoewel skommelings in produksie van jaar tot jaar deur verskeie faktore veroorsaak is. As die belangrikste van hierdie faktore moet die skommelende pryse, die klimaatstoestande en plae gemeld word.

Die stede vorm die vernaamste afsetgebiede vir aartappels in Suid-Afrika. Weens die bederfbaarheid van tafelaartappels is opberging oor lang periodes nie moontlik nie, en aangesien die toevoer na die verskillende markte nie ordelik plaasgevind het nie, was die inkomste van die produsente wisselvallig.

Toename in die aanvraag na aartappels het veral gedurende die tweede wêreldoorlog voorgekom. Afgesien van die daaglikse behoefte van die algemene publiek, was aartappels toe ook in groot aanvraag in die verdedigingsmag en verbygaande skeepskonvooie. Die produksie kon moeilik aan die vergrote vraag voldoen en ten einde beter distribusie te bewerkstellig, is die Direktoraat van Voedselvoorrade opdrag gegee om voorrade op te koop en dit dan eweredig onder die verbruikerseksies te versprei. Toe die Direktoraat aan die einde van die oorlog nie meer aankope gemaak het nie, het die mark egter geleidelik verswak. In 1946/47 het die aartappelproduksie geweldig toegeneem en aan die begin van 1947 het produsente na maatreëls gesoek om te verhoed dat die mark in duie stort. Gevolglik is 'n tydelike aartappelskema kragtens 'n noodregulasie ingestel, hoofsaaklik met die doel om surplusaartappels van die markte te verwyder. Hierdie tydelike raad het magte gehad om aartappels op te koop, te verkoop en om die prys vas te stel. Die huidige Aartappelraad is hierna kragtens die Bemarkingswet ingestel en het vanaf 1 Julie 1951 begin funksioneer. Die vernaamste funksies van hierdie raad is om deur aankope en verkope prysskommelings te verminder en 'n meer egalige verspreiding van voorrade te bewerkstellig om sodoende 'n ineenstorting van die mark of 'n ernstige tekort te verhinder. Die raad is by magte om 'n heffing te vorder. Verder het die raad geen fisiese beheer oor die bemarking nie en kan ook nie pryse vasstel nie.

Aartappelpryse is, soos reeds terloops aangetoon, betreklik gevoelig vir veranderings in die aanbod. Die seisoensaard van produksie bring verder mee dat die hoeveelhede wat oor die jaar op die verskillende stedelike markte bemark word, aansienlik wissel. Die steeds veranderende aanbod bring mee dat die pryse wat deur produsente behaal word, ook 'n groot skommeling gedurende die jaar toon. Verder kom aansienlike skommelings in die gemiddelde seisoenspryse ook van jaar tot jaar voor.

Juis om die genoemde redes was die stigting van die twee aartappelkoöperasies 'n belangrike voorwaartse stap om die aartappelbemarking te rasionaliseer. Daar het inderdaad 'n behoefte aan gekoördineerde optrede in dié verband bestaan. Die twee koöperasies het sedertdien geamalgameer om een sterk organisasie te vorm. Tot dusver het koöperatiewe bemarking egter nog nie daarin geslaag om die bemarkingsprobleme uit die weg te ruim en wanaanpassing tussen vraag en aanbod uit te skakel nie.

### 3.2.14. Koöperatiewe bemarking van groente en sekere bederfbare vrugte

Die eerste poging tot koöperatiewe bemarking in hierdie verband was die registrasie van die South African Producers and Distributors Limited as 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met sy hoofbesigheidsplek in Johannesburg. Hoewel die onderneming 'n voortsetting en uitbreiding verteenwoordig van die oorspronklike saak, was die koöperatiewe vorm die derde statutêre vorm wat die organisasie gedurende sy bestaan aangeneem het.

Die besigheid het vroeër aan Farrell Brothers (Proprietary) Limited behoort. Hierdie privaatmaatskappy is op 22 Mei 1939 in 'n openbare maatskappy omskep en onder die naam South African Producers and Distributors Limited geregistreer. Die doel van die omskepping was om 'n boere-organisasie tot stand te bring deur middel waarvan die boere hul produkte direk aan die kleinhandel kon verkoop om sodoende onnodige middelmanne uit te skakel. Ten einde hierdie doel te bereik, is dit raadsaam geag om handelaars ook as lede toe te laat. Die ondervinding het egter geleer dat die handelaars geen aanmerklike voordeel meegebring het nie, aangesien hulle van verskillende bronne, waar die beste kwaliteit te vinde was, gekoop het. Spoedig het die behoefte by die lede ontstaan om die koöperatiewe vorm te aanvaar en by die omskepping in 'n koöperasie in 1944 is die lidmaatskap

van die handelaars ook beëindig.

Twee jaar na die registrasie van die koöperasie het dit 'n krisis deurgemaak toe die toenemende bedryfskoste en finansiële druk so erg was dat die bestuur dit uiters moeilik gevind het om voort te gaan. Met die tussenkoms en optrede van die Sagtevrugteraad en as gevolg van hoër uitgawes het die koöperasie se weë nog moeiliker geword. Gevolglik is daar op daardie stadium ernstig daaraan gedink om in likwidasie te gaan. Dit sou egter eers later gebeur.

Op 31 Augustus 1945 en 9 Augustus 1946 is respektiewelik die Eastern Province Producers Co-operative Limited, met hoofbesigheidsplek te Port Elizabeth, en die Border Producers Co-operative Limited, met hoofbesigheidsplek te Oos-Londen, geregistreer, omdat daar aansienlike hoeveelhede groente geproduseer word en die noodsaaklikheid vir die koöperatiewe bemarking van vars groente steeds daar bestaan het.

Kort na die stigting van die bovermelde drie koöperasies was dit duidelik dat plaaslike koöperasies wat 'n beperkte produksiegebied gehad het, nie in staat was om die verspreiding van varsprodukte na gebiede waar dit skaars was, met sukses te onderneem nie. So 'n verspreiding op 'n uniale basis moet as 'n absolute vereiste vir 'n doeltreffende bemarkingstelsel beskou word, aangesien groente (en vrugte) waarvan voorrade van gebied tot gebied verskil, as gevolg van die verskillende produksieseisoene en wisselende plaaslike klimaatstoestande op die voordeligste wyse bemark moet word. As verdere faktor moet die verspreiding van die groot verbruikersentra in gedagte gehou word. Verspreiding van varsprodukte het toe geblyk alleen moontlik te wees indien 'n studie van voorrade, aanvraag en heersende pryse in die verskillende gebiede gemaak word en ten alle tye beskikbaar is.

In Augustus 1947 is op 'n konferensie van belanghebbendes, wat deur die destydse Koöperatiewe Komitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie belê is, eenparig besluit dat die distribusie en bemarking van varsprodukte op 'n uniale basis aan een koöperatiewe organisasie toevertrou moet word. Die South African Producers and Distributors (Co-operative) Limited (S.A.P. en D.) is as die aangewese onderneming vir hierdie doel beskou, aangesien hierdie organisasie, betreklik gesproke, heelwat sukses in verge-

lyking met ander plaaslike koöperasies wat varsprodukte hanteer het, behaal het. Die gedagte was dat die S.A.P. en D. die vernaamste produksiestreke en afset deur middel van takke sou bedien en sodoende die eweredige verspreiding van die produkte sou bewerkstellig.

Die sukses van dié aangeleentheid was egter nie 'n uitgemaakte saak nie. Die vernaamste struikelblokke wat ondervind sou word, was:

(a) 'n gebrek aan fondse;

(b) ontrouheid van lede;

(c) swak bestuur;

(d) onbevredigende reëlings in verband met die toevoer van voorrade.

Verder was die koöperasie verplig om sy afset op die onderskeie munisipale markte te onderneem, en was die koöperasie dus in alle opsigte aan munisipale voorskrifte onderhewig; die koöperasie het dus as 'n markagent opgetree en het te kampe gehad met die mededinging van ander markagente wat alles in hul vermoë gedoen het om die lede van die S.A.P. en D. afvallig te maak.

Klaarblyklik aangewakker deur die swak vertoning van S.A.P. en D. gedurende die laat vyftigerjare en die onvermoë om aan alle verwagtings van 'n doeltreffende en ordelike bemarkingstelsel te voldoen, het die Transvaalse Landbou-unie ook aandag aan hierdie aktuele vraagstuk geskenk.

Die Landbou-unie het onder andere daaraan gedink om 'n hele aantal klein plaaslike varsprodukte-koöperasies te stig wat op hul beurt almal in een sentrale sou affilieer. Die sentrale koöperasie moes dan planmatig die distribusie van produkte na die verskillende markte reël, terwyl die opbrengs verpoel sou word. Die funksie van die plaaslike koöperasie sou dan wees om die inligting omtrent die versendings wat sy produsente beskikbaar het, te versamel en in sy geheel aan die sentrale deur te gee, om die versendingsinstruksies vanaf die sentrale te ontvang en tussen sy lede te verdeel en sorg te dra vir die uitvoering daarvan. Terwyl hierdie skema nog oorweeg is, het S.A.P. en D. in Mei 1963 in finale likwidasie gegaan en het dit dus van die toneel verdwyn, maar nie sonder om skade te gedoen het aan die koöperatiewe beweging en in die besonder aan die lojaliteit van baie groenteprodusente nie.

Tans bestaan daar 'n drietal plaaslike koöperatiewe landboumaatskappye

wat die varsprodukte van lede bemark. Die aktiwiteite van hierdie koöperasies is egter beperk.

Die grootste knelpunt in die bemarking van vars groente en vrugte is die feit dat daar geen stabiliserende beheerstelsel bestaan nie. Die meeste van hierdie produkte word per veiling op die munisipale markte verkoop.

Die gebrek aan 'n beheerstelsel moet in 'n groot mate toegeskryf word aan die volgende besondere bemarkingsprobleme van die bedryf:

(a) Die bederfbaarheid van die produkte bemoeilik die aanpassing van die aanbod by die vraag op die korttermyn, want wanneer die verskillende produkte ryp en markklaar is, kan dit nie in 'n goeie toestand op die plase gehou word nie. As gevolg hiervan kom onder- of oorvoering van markte feitlik daagliks voor. Gevolglik skommel pryse geweldig en dit bring onstabiliteit mee.

(b) Die toelating van swak-gehalte produkte saam met goeie-gehalte produkte druk die goeie-graad produkte se pryse omlaag.[1)]

(c) Die verskeidenheid verpakkingsmetodes het 'n neerdrukkende effek op pryse. Afwesigheid van standaard-verpakking gee kopers die geleentheid om pryse laag te hou.

(d) Die groot aantal produsente lewer produkte op die verskillende munisipale markte, en die huidige gebrek aan 'n behoorlike inligtingsdiens ten opsigte van die omvang van die produksie en bemarking, veroorsaak ook 'n wanbalans tussen aanbod en vraag.

Juis om hierdie redes is ons van mening dat koöperatiewe optrede 'n groot bydrae kan lewer om groter bestendigheid in die bemarking van vars groente en vrugte te bewerkstellig.

Die basiese vereiste vir suksesvolle koöperatiewe optrede is egter dat daar 'n wesenlike behoefte moet bestaan. In die bemarking van bederfbare produkte, groente en sagtevrugte bestaan daar inderdaad 'n behoefte aan koöperatiewe optrede, maar word die behoefte intens genoeg ervaar? Ons antwoord is nee, en wel om die volgende redes:

---

1) Hierdie probleem kan inderdaad deur 'n beheerstelsel reggestel word, maar omdat dit so 'n belangrike bydrae lewer tot die onstabiele pryse noem ons dit hier.

(a) Die Suid-Afrikaanse boer is van nature individualisties; hy wil vry wees in die ware sin van die woord.

(b) Die oorgrote meerderheid boere is van nature dislojaal, hulle moet eers gedwing word om alles in die stryd te werp en hulle volle ondersteuning aan 'n saak te skenk, behalwe in gevalle waar hul absolute veiligheid bedreig word en/of hulle geen ander keuse het nie. Te maklik word gekyk na die sent per pond wat vandag deur middel van die koöperasie minder gekry is, terwyl die drie sent wat gister meer gekry is, vergeet word.

(c) Die meeste boere berus daarin dat hulle 'n redelike prys vir hul produkte kry. Soms word die agente teen mekaar afgespeel. Die lae pryse wat soms ontvang word, word aanvaar met die gedagte van volgende keer gaan dit beter. Die groente- en vrugteboer se houding was nog altyd om te spekuleer.

(d) Die kleinboer is nie altyd bereid om met die groot boer saam te werk en andersom nie.

(e) Gedagtig aan die mislukkings in die verlede is boere bang om hulle in 'n soortgelyke verband te begewe.

(f) Die gebrek aan kennis insake koöperatiewe optrede, is ook 'n rede wat koöperatiewe optrede bemoeilik.

Om genoemde redes is ons van mening dat tensy daar met betrekking tot die bestaande private markagente 'n drastiese verandering ten koste van produsente intree, die ideale bemarkingstelsel nog lank nie bereik sal word nie.

3.2.15. Diverse afsetkoöperasies

Verskeie ander bemarkingskoöperasies bestaan nog in Suid-Afrika. 'n Bespreking hiervan word hier agterweë gelaat; ons noem slegs die produkte waarin die koöperasies aangetref word, naamlik hout, wattelbas, tee, hawer, vesel en saad.

## 3.3. Die diensverlenende koöperasies

Daar bestaan in Suid-Afrika 'n hele aantal koöperatiewe organisasies wat nie die produkte van lede verwerk of bemark nie en wat nie die verskaffing van boerderybenodigdhede ten doel het nie, maar wat een of ander diens aan lede bied.

3.3.1. Die Sentrale Landboukredietkoöperasie Beperk

Boereleenbanke het nie in Suid-Afrika ontwikkel nie, en mettertyd het die lede van koöperasies en koöperasies self so gewoond geraak aan die Landbankfasiliteite dat in baie gevalle nie eers gepoog is om finansieringsfasiliteite koöperatief te verkry nie.

Die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het hierdie leemte so sterk aangevoel dat die oprigting van die Sentrale Landboukredietkoöperasie in 1954 'n regstreekse uitvloeisel was van sy poging. Hierdie koöperasie is gestig met die doel om as finansieringskoöperasie ten behoewe van sy ledekoöperasies op te tree, om sodoende surplusfondse in die hande van boere of hul koöperasies te mobiliseer vir herbelegging in die landbou. Die Landbank self het hierdie gesonde rigting aangewakker deur daarop te wys dat koöperasies tot 'n groter mate hulself moet finansier.

Ongeveer 'n derde van die totale aantal landboukoöperasies is tans lid van die Sentrale Landboukredietkoöperasie Beperk, terwyl die eie fondse van hierdie maatskappy tans baie beperk is. Moontlikhede om verder uit te brei, is dus feitlik onbeperk, indien dit die koöperasies erns is om hierdie koöperasie uit te bou.

3.3.2. Die Versekeringskoöperasies

Hoewel die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1922 voorsiening gemaak het vir die stigting van koöperatiewe landbou- en handelsversekeringsmaatskappye, is daar tot 1934 slegs een sodanige koöperasie geregistreer. Die aanvanklike hoofdoelstelling van hierdie maatskappy was om verliese deur brand tussen die oes en die dorstyd te verseker.

Baie jare lank was daar in die Vrystaat ook 'n haelversekeringsmaatskappy op min of meer koöperatiewe grondslag werksaam. Die pogings om hierdie maatskappy onder die Koöperatiewe Wet geregistreer te kry het in 1934 geslaag.

'n Belangrike kenmerk van hierdie koöperasies was die feit dat hulle onderneem het om eise uit te betaal slegs tot die bedrag van die fondse beskikbaar, en om hierdie rede kon geen polis vir 'n definitiewe verpligting uitgereik word nie.

In dié verband het die 1933-kommissie[1] aanbeveel dat die Wet op Koöperatiewe Verenigings so gewysig moes word dat spesiale reserwes wat byeengebring is, gebruik kon word vir betalings ter vereffening van eise of om betalings aan te vul.

In 1946 en 1948 het die koöperatiewe kongres, soos belê deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, sterk aangedring op maatreëls om koöperasies in staat te stel om meer te doen aan die versekeringsproses, en in 1949 is op gewaarborgde haeldekking na 'n besondere swaar haeljaar aangedring.

As gevolg hiervan is die Sentrale Raad vir Koöperatiewe Assuransie Beperk (Sentrakas) in 1950 gestig, wat onmiddellik gewaarborgde haeldekking aangebied het. As gevolg van 'n reeks groot eise het hierdie sentrale koöperasie soms moeilike jare beleef, maar met die hulp van herversekeraars is alle skokke oorleef en is die maatskappy geleidelik uitgebou. Dit was veral die geval nadat die koöperasie ook onder die Versekeringswet geregistreer het en die Koöperatiewe Wet in 1960 gewysig is. Sentrakas se veld is uitgebrei en, waar nodig, is ministeriële goedkeuring verleen, sodat dit al die nodige korttermyn-versekering vir alle koöperasies kon doen, asook die korttermyn-assuransiedekking van landbou-unies.

Tans bestaan daar een sentrale en twee plaaslike versekeringskoöperasies.

#### 3.3.3. Diverse koöperasies

Daar bestaan nog verskeie ander koöperatiewe organisasies wat koöperatiewe dienste op verskillende maniere verrig. So is daar koöperasies wat die verskaffing van koelkamerfasiliteite, bespuiting en beroking van vrugtebome, onderneem, asook verskaffing van vervoer-, veeartseny-, inseminasie-, melkaantekening- en skeerdienste, en beskikbaarstelling van arbeiders en veevoere.

## 4. Die eksterne organisasie van die landboukoöperasies

### 4.1. Inleiding

In hierdie afdeling wil ons eerstens nader ingaan op die posisie van die boer en sy landboukoöperasies in die georganiseerde landbou in Suid-

---

1) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 142.

Afrika. Uit die beskrywing sal duidelik blyk dat Suid-Afrika op hierdie terrein in 'n besondere posisie verkeer, want "Suid-Afrika is een van die baie min lande in die wêreld wat in die gelukkige posisie verkeer om net een enkele landbou-organisasie te hê wat alle boere, landboukoöperasies en ander spesiale boere-organisasies en streeksverenigings insluit."[1] Hierdie struktuur hou die belangrike voordeel in dat daar uit een mond gepraat kan word in belang van die hele boeregemeenskap. Tweedens wil ons kortliks aandag skenk aan die eksterne struktuur van die landboukoöperasies, en derdens wil ons die soeklig vir 'n oomblik op die sentrale beheer van die koöperasies laat val.

4.2. Die struktuur van die landbou-organisasie

Gedurende Julie 1904 is in Pretoria die Interkoloniale Landbou-unie gestig. Die hoofdoelstelling van dié unie was om samewerking tussen landbouliggame in die Suid-Afrikaanse kolonies en in ander plekke te bewerkstellig, met die oog op die bevordering van algemene landboubelange binne sulke plekke.[2]

In 1921 is daar begin dink aan die inskakeling van koöperasies by die landbou-organisasie. Cilliers[3] is van mening dat die belangstelling van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie in die organisasie van die koöperasies drie motiewe gehad het: "Eerstens die woeling onder die koöperasies self wat moontlik op 'n aparte organisasie buite die landbou-unies kon uitloop, tweedens die Minister se wens dat spesifieke produkte op die sogenaamde adviserende raad verteenwoordig moes word, en derdens die nypende gebrek aan fondse wat tot 'n groot mate deur die inskakeling van die koöperasies verlig kon word."

Die gedagte om die koöperasies by die landbou-organisasie in te lyf het aanleiding tot 'n vergadering van koöperasies op 21 April 1922 gegee. Op hierdie vergadering is daar besluit dat die koöperasies so gou moontlik 'n sentrale federale raad moes vorm, en verder dat die landbou-unie sy

---

1) Cilliers, C.J.P. Koöperasie, 'n hoeksteen van georganiseerde landbou. In Die O.T. Kaner, Augustus 1962, p. 5.

2) Notule van die Konferensie gehou van 25-29 Julie 1904.

3) Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Kort oorsig van sy ontstaan en groei en wat dit bereik het, p. 47.

konstitusie moes wysig sodat so 'n raad deel kon vorm van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Die feit dat die eerste uniale koöperatiewe wet ook in 1922 deur die parlement geloods is, en dat dit vereis het dat koöperasies daarby moes inval, het egter die inskakelingsproses van koöperasies by die Suid-Afrikaanse Landbou-unie vertraag.

Op die 1925-jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie is weer opdrag gegee om 'n konferensie van koöperasies te reël. Op hierdie stadium het die Sekretaris van Landbou ook probeer om die plan vir inlywing van koöperasies, soos in 1922 opgestel, deur te voer, maar die sogenaamde adviserende raad van die unie het gevoel dat die koöperasies almal met die provinsiale unies moes affilieer, eerder as om as een liggaam met die sentrale unie te vorm.

Uiteindelik is op die 1926-kongres besluit om die konstitusie van die unie so te wysig dat 'n federale organisasie van landboukoöperasies met die unie op dieselfde grondslag as 'n provinsiale landbou-unie kon affilieer. In die volgende jaar is geen vordering gemaak met inskakeling van die koöperasies nie. Die rede hiervoor is blykbaar dat die destydse president van die unie nie ten gunste van 'n aanvaarbare hoofliggaam van die koöperatiewe beweging, was nie.

Terloops wil ons ook daarvan melding maak dat daar in 1927 deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie konferensies van vark-, bees- en mielieboere gehou is. Op hierdie konferensies het die voorlopers van die huidige sogenaamde bedryfskomitees ontstaan. As gevolg van hierdie pogings het die landbou-unie 'n skenking van R2,000 van die Landbank verkry as 'n bydrae om mielieboere koöperatief te organiseer.

Gedurende 1928 is daar veral sterk gevoel dat die unie nie die ware mondstuk van die boere was nie en met die kongres dieselfde jaar, is 'n nuwe konstitusie oorweeg met die oog op 'n meer verteenwoordigende liggaam. Hierdeur sou die konstitusie voorsiening maak vir die affiliasie van provinsiale unies, spesiale organisasies wat hul aanspraak dat hulle ten volle verteenwoordigend is van 'n tak van die landbou kon bewys, en 'n federale koöperasie of sentrale koöperasie of koöperasies wat die funksie van 'n sentrale vervul.

Onder hierdie konstitusie het verskeie landboukoöperasies mettertyd

geaffilieer, onder andere die Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings, Sentabak en Fedfarms.

Later is daar egter 'n koöperatiewe komitee daargestel wat hom in 1940 ten gunste van 'n permanente koöperatiewe komitee uitgespreek het.

In 1943 het die unie 'n nuwe president gekies in die persoon van G.J. Rossouw, en onder sy voorsitterskap is die derde konferensie van landbou-koöperasies, wat deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie gereël is, in Februarie 1945, gehou. (Die ander twee is in 1922 en 1927 gehou.) Op hierdie konferensie was slegs 'n paar koöperasies verteenwoordig. Daar is toe besluit dat die koöperasies binne die Suid-Afrikaanse Landbou-unie georganiseer moes word, dat 'n Koöperatiewe Komitee in die lewe geroep moes word en dat die konstitusie van die unie, indien nodig, aangevul moes word om voorsiening te maak vir die affiliasie van koöperasies. Hierna het die sogenaamde nasionale paneel van landboukoöperasies verdwyn en in plaas hiervan het die sogenaamde Koöperatiewe Komitee (vroeëre Koöperatiewe Raad) gekom. Laasgenoemde liggaam het vervolgens weer eens 'n koöperatiewe konferensie belê, waarop onder meer besluit is dat die koöperatiewe beweging gekonsolideer moes word en wel op die volgende basis:

(a) dat die konferensie die Suid-Afrikaanse Landbou-unie aanvaar en erken as die nasionale organisasie waardeur die hele landboubevolking uiting sal kan gee aan die behoeftes van die bedryf as geheel; en

(b) dat die ontwikkeling van die koöperatiewe stelsel as 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie moet geskied.

Hiermee was die grondslag gelê vir wat so algemeen bekend geraak het, naamlik die sogenaamde verenigde landboufront.

Weens 'n gebrek aan behoorlike koördinasie tussen koöperasies en die produsente-organisasies, is vinnige en doeltreffende optrede deur die sentrale unie in sake wat een of meer vertakkings van die bedryf geraak het, egter bemoeilik. Gevolglik is in 1952 pogings aangewend om die struktuur van die georganiseerde landbou te verbeter.

Met betrekking tot die koöperasies is die volgende in die reorganisasieplan, wat vandag nog gehandhaaf word, ingelyf:

(a) Elke sentrale wat die koöperatiewe hoofverteenwoordiger van 'n

bepaalde produk in Suid-Afrika is, kan regstreeks met die unie affilieer. Hierdeur kry so 'n sentrale dan ook regstreekse verteenwoordiging op die Algemene Raad van die unie.

(b) Alle landboukoöperasies, dit wil sê insluitende sentrales, federales, verskaffings- en ander dienskoöperasies, kan direk met die hoofliggaan via die Koöperatiewe Raad van die unie assosieer.

(c) 'n Voorwaarde vir assosiasie is dat elke koöperasie ook met die provinsiale unie of streekunie waarin sy hoofkantoor geleë is, moet affilieer. Dit hou dus in dat aan die koöperasie seggenskap in provinsiale- en streeksake gegee word, asook verteenwoordiging op die provinsiale- of streekbedryfskomitees waarin hulle belang het.

(d) 'n Koöperatiewe Raad bestaande uit negentien lede moet gekies word. Die president en vise-president van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie is ex officio lede en dus word botsings in die beleidsrigtings van die Koöperatiewe Raad en die Algemene Raad uitgeskakel. Verder word tien lede vryelik op die tweejaarlikse koöperatiewe kongres gekies, en sewe lede word deur die Algemene Raad benoem, waarvan vier uit 'n paneel van twee, verskaf deur elke provinsiale landbou-unie, benoem word as provinsiale skakelverteenwoordigers, op so 'n wyse dat enige leemte wat ten gevolge van die vrye verkiesing mag ontstaan, aangevul word. (In 1952 is besluit op 15 lede.)

(e) Terwyl die koöperatiewe kongres nie in sitting is nie, het die Koöperatiewe Raad volle outonomie in koöperatiewe sake, maar sake wat die algemene beleid raak, moet na die Algemene Raad of die Uitvoerende Komitee verwys word.

Uit bostaande is dit duidelik dat die tweejaarlikse kongres van geassosieerde landboukoöperasies dus in wese die hoogste gesag is. Verder moet gemeld word dat die wedersydse goeie verhouding tussen die landbou-unie en die koöperasies van groot belang is, want een van die belangrikste doelstellings van die unie is om koöperasie te propageer en te bevorder, en aan die ander kant beteken die finansiële steun van koöperasies baie vir die landbou-unie.

Let ons vervolgens kortliks op die doelstellings en pligte van die

Koöperatiewe Raad, merk ons op dat dit in breë trekke ooreenkom met soortgelyke liggame in ander lande. Kortliks kom dié doelstellings en pligte op die volgende neer:

(a) om die landboukoöperatiewe beweging te koördineer, te beskerm en te bevorder;

(b) om die koöperatiewe gedagte doelgerig te propageer;

(c) om 'n goeie verhouding tussen beheerrade en die koöperasies te probeer handhaaf;

(d) om spesifiek koöperatiewe opvoeding te bevorder.

Samevattend kan ons sê dat dieselfde boer dus op twee verskillende maniere georganiseer is, maar dat die twee organisasies op 'n bepaalde vlak 'n eenheid vorm. 'n Besonder noue verhouding bestaan dus tussen die algemene landbou-organisasies en landboukoöperasies. Vir 'n skematiese voorstelling van hierdie verhouding, word na aanhangsel IV verwys.

4.3. Die struktuur van die landboukoöperasies

Die plaaslike landboukoöperasies kan in die volgende funksionele groepe ingedeel word:

(a) Afsetkoöperasies, dit wil sê koöperasies wat die afset van lede se produkte as hooffunksie het. Hieronder klassifiseer ons ook die be- en verwerkingskoöperasies.

(b) Verskaffings- of aankoopkoöperasies, dit wil sê koöperasies wat boerderybenodigdhede tot die beskikking van lede stel.

(c) Dienskoöperasies, dit wil sê koöperasies wat die een of ander diens aan lede lewer, byvoorbeeld assuransie, kredietfasiliteite, skeerdienste, ensovoorts.

Uit die bespreking tot dusver het dit reeds geblyk dat die stelsel van meervoudige funksies die meeste aanhang geniet het. Dit is veral aangegryp na die inwerkingtreding van die Bemarkingswet. Gevolglik verrig die meeste landboukoöperasies vandag meer as een van bogenoemde funksies. Coetzee[1)] stel hierdie feit ook duidelik wanneer hy sê dat die koöperasies wat 'n enkele

---

1) Coetzee, op. cit., p. 53 en p. 54.

funksie verrig, besonder min is en dat die bemarkingskoöperasies meestal twee funksies verrig, naamlik afset van produkte en verskaffing van benodigdhede.

Baie van die afsetkoöperasies in Suid-Afrika besit egter 'n verdere kenmerk en dit is dat benewens die hoofproduk ook verskillende ander produkte hanteer word wat in die bepaalde gebied geproduseer word. In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat die uitgestrektheid van die land en die dun bevolking hiertoe bygedra het. Hierdie faktore het ook bygedra tot 'n volgende kenmerk van baie van die afsetkoöperasies, naamlik die ontwikkeling van die takstelsel. In plaas van 'n aantal klein koöperasies vind 'n mens dus een koöperasie met 'n hele aantal takke. Dit is veral die posisie in die geval van die graankoöperasies. Coetzee[1)] beskou hierdie neiging van takstigting ook as een van die belangrikste redes waarom die sentrale koöperasies nie tot groot hoogtes ontwikkel het nie. Ons is dit met hom eens.

Ten slotte wil ons die aandag daarop vestig dat hoewel die plaaslike koöperasies en in die besonder die afsetkoöperasies die belangrikste plek inneem in die koöperatiewe struktuur, daar wel 'n aantal sentrale koöperasies bestaan. In Suid-Afrika bestaan selfs enkele federale koöperasies.[2)]

4.4. <u>Die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings</u>

Volgens die eerste koöperatiewe wet[3)] is die pos van Stilling-Andersen, naamlik Registrateur van landboukoöperasies, soos volg gedefinieer: "The Minister may from time to time assign to any officer in his department powers and duties in relation to the registration in accordance with this Act or any amendment thereof of co-operative agricultural societies, and such officer shall keep, in the form from time to time prescribed by the Minister, a register of co-operative agricultural societies and carry out such powers and duties as the Minister may, subject to this Act or any amendment thereof, confer or impose upon him." Hierdie bepaling is oorgeneem in die wetgewings daarna en is ook vervat in die huidige wet.[4)]

---

1) Coetzee, op. cit., p. 53 en p. 54.

2) Ibid., p. 50 tot p. 60.

3) Wet No. 17 van 1908, artikel 2.

4) Wet No. 29 van 1939, soos gewysig.

Die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings is dus belas met die administrasie van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, wat onder andere voorsiening maak vir die oprigting, registrasie, bestuur en likwidasie van alle soorte koöperasies. Dit is egter nie al nie. Dié kantoor moet ook toesien dat reg geskied aan die koöperatiewe beginsels. Verder moet gemeld word dat die Registrateur, soos hierbo vermeld, deur die Minister aangestel word en dat die Minister hom dus sekere magte voorbehou. Inderdaad verleen die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939 ingrypende magte aan die Minister en die Registrateur. So sal die Registrateur byvoorbeeld nie bereid wees om 'n koöperasie vir goedkeuring om te registreer by die Minister aan te beveel as daar nie genoegsame behoefte vir so 'n onderneming bestaan nie. Alleen as daardie onderneming 'n redelike kans het om sy doelstellings suksesvol uit te voer, sal hy die aanbeveling doen. In die geval van 'n wysiging van die statuut is dit die personeel van die Registrateurskantoor se verantwoordelikheid om eers vas te stel of sodanige wysiging strook met die sogenaamde koöperatiewe beginsels en die koöperatiewe wet, alvorens die wysiging vir goedkeuring om te registreer aan die Minister voorgelê word. 'n Verdere voorbeeld is dat die Koöperatiewe Wysigingswet No. 44 van 1960, aan die Minister die mag verleen om onder sekere omstandighede die aktiwiteite van 'n koöperasie op 'n sekere plek in te kort. Hierdeur word beoog om oorvleueling tussen koöperasies uit te skakel.

Seker die belangrikste mag wat die Wet op Koöperatiewe Verenigings aan die Registrateur verleen, is dat hy 'n inspeksie van 'n koöperasie na willekeur kan gelas. In dié verband bepaal artikel 47(2) van vermelde Wet dat die persoon wat die inspeksie uitvoer, vrye toegang tot alle boeke en dokumente van die koöperasie besit, en dat dit die plig van elke direkteur en beampte van die koöperasie is om alle inligting aangaande die koöperasie waaroor beskik word, aan die inspekteur te verstrek. Dit is die uitdruklike taak van die inspekteur om vas te stel of die koöperasie binne die raamwerk van sy statuut, die wet en die sogenaamde koöperatiewe beginsels optree. Blyk dit nie die geval te wees nie, moet die Registrateur na goeddunke stappe doen om te verseker dat die koöperasie voortaan wel dienooreenkomstig sal optree.

Verder is dit die taak van die Registrateur om jaarliks die aanstelling

van die ouditeur vir elke koöperasie goed te keur. Hierdeur word die Registrateur in die posisie geplaas om te verseker dat die aangestelde ouditeur na behore in staat is en objektief sal poog om die belange van die lede te beskerm. So sal die aanstelling van 'n direkteur, amptenaar of lid van die koöperasie as ouditeur byvoorbeeld nie goedgekeur word nie. Hierdie beperking is vervat in Artikel 43 van die Wet.

Dit is ook die uitdruklike taak van die Registrateur om geslote sertifikate uit te reik, want Artikel 97 van die Wet bepaal dat slegs geslote koöperasies lisensie- en belastingvrystelling geniet, dit wil sê slegs koöperasies wat volgens die Registrateur se mening die koöperatiewe beginsels uitvoer. As 'n geslote koöperasie kwalifiseer 'n landboukoöperasie, 'n spesiale boerekoöperasie of 'n handelskoöperasie, waarvan die Registrateur oortuig is dat dit nie in 'n groter mate met persone wat nie-lede is nie, sake gedoen het as wat na die Registrateur se oordeel onder die besondere omstandighede noodsaaklik was vir die behoorlike uitvoering van sy doelstellings nie.

Ten slotte kan nog gemeld word dat die Registrateur die persoon is wat in alle opsigte tevrede gestel moet word wanneer 'n koöperasie in likwidasie is, dit wil sê die likwidateur word onder sy leiding deur die Minister aangestel. Die likwidateur moet verder borgstelling tot sy bevrediging indien. Die rekenings is onderworpe aan sy goedkeuring en eers nadat die sake tot sy bevrediging afgehandel is, word die likwidateur deur die Minister van sy pligte onthef.

Die Registrateurskantoor is dus die skakel tussen die koöperasies en die owerheid met betrekking tot alle registrasies, voorleggings en vertoë in koöperatiewe verband. Die Registrateurskantoor dien ook as 'n inligtingskantoor vir die algemene publiek, teen die voorgeskrewe fooi. Die stukke waarin die publiek insae het, is egter beperk tot die inkomste- en uitgawerekening en balansstaat, die lys van direkteure, die ledelys en die geregistreerde statute van 'n koöperasie. Die Registrateur en sy personeel het ook amptelik insae in ander stukke, direksieverslae, vertroulike verslae, handels- en poelrekenings en kennisgewings aan lede.

Benewens bostaande moet verder gemeld word dat die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking en van Landboukrediet en Grondbesit op die oomblik die dienste van 'n koöperatiewe advieskomitee tot sy beskikking het.

Hierdie komitee moet die Minister adviseer oor beginselprobleme in verband met koöperasies in die algemeen. Die komitee, wat saamgestel is uit direkteure en bestuurders van beide landbou- en handelskoöperasies en verteenwoordigers van die Minister, bestaan uit nege lede onder voorsitterskap van die Registrateur.

Verder skakel die Registrateurskantoor baie nou met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en provinsiale landbou-unies in soverre dit die bywoning van vergaderings van die Koöperatiewe Raad, kongresse en samesprekings betref. In aanhangsel V gee ons 'n skematiese voorstelling van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe struktuur.[1)]

5. Die interne organisasie van landboukoöperasies

5.1. Inleiding

Tot dusver het ons die ontstaan, ontwikkeling en eksterne organisasie van die landboukoöperasies behandel. Ons het dus gesien wat die posisie is waarin die boer wat lid is van 'n plaaslike landboukoöperasie, en ook die landboukoöperasies hul bevind in die koöperatiewe struktuur. Vervolgens wil ons kortliks 'n beskrywing gee van die verhouding tussen die lid en sy koöperasie, met ander woorde die sogenaamde afhanklike gedeelte van die koöperasie of die struktuur binne die koöperasie self. Volle besonderhede of 'n kritiese bespreking daarvan en van die wetlike bepalings in dié verband sal nie gegee word nie.

5.2. Die statute

Die statuut vorm die grondwet vir die koöperasie. Dit vorm die basis van die hele samewerking en die raamwerk van die koöperatiewe handeling. Dit is die ooreenkoms wat die lede met mekaar aangaan. Dit kom na vore met die stigting van die koöperasie en die stigterslede is dus daaraan gebind, maar ook die latere lede.

Die statuut moet dus so duidelik moontlik opgestel wees en moet alles omvat, soos byvoorbeeld:

(a) die bepalings rakende die organisasie van die koöperatiewe onderneming;

(b) die bepalings rakende die verhouding van die onderneming teenoor

---

1) Vergelyk: paragraaf 4.2. van hoofstuk VII.

sy lede;

(c) die bepalings rakende die verhouding van die onderneming teenoor derdes.

Die bepalings betreffende die organisasie van die onderneming is byvoorbeeld die daarstelling van die bestuur, direksie en algemene vergadering.

As voorbeelde van die onder (b) vermelde bepalings, noem ons die stemreg, die verpligting om nie in stryd met die statuut te handel nie, reglementering en besluite van die maatskappy, die aanspreeklikheid van die lede, die basis waarop 'n surplus of 'n verlies verdeel sal word.

Voorbeelde van die bepalings rakende die verhouding van die onderneming met derde persone is onder andere die statutêre bepalings oor die setel en werkgebied van die onderneming, bepalings oor die verteenwoordiging en die kredietwaardigheid van die onderneming.

Artikel 15 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, soos gewysig, handel oor die inhoud van die regulasies of die statuut. Ons gaan nie nader hierop in nie, maar wil vervolgens slegs enkele van die mees belangrike aspekte kortliks noem.

5.3. Toe- en uittrede

Artikel 5 van die koöperatiewe wet[1] handel oor die bevoegdhede tot lidmaatskap. Kortliks bepaal dit dat alleen bona fide boere bevoeg is om lid te word van 'n landboukoöperasie. Daar word dus wel sekere kwalifikasies deur die wet gestel ten opsigte van lidmaatskap. Artikel 15(1)(h) van die wet lê ook neer dat die regulasies van die koöperasie "die wyse en voorwaardes van toelating tot lidmaatskap van die vereniging en maatskappy ..." moet bevat. Albei artikels bepaal dus dat nie enige persoon lid van 'n koöperasie kan word nie. Gesien van die kant van die stigterslede is dit begryplik. Wanneer 'n persoon egter wel oor die nodige kwalifikasies beskik, is die kenmerkende eienskap van vryheid om lid te word ook in Suid-Afrika van toepassing. 'n Boer sou dus die voor- en die nadele verbonde aan lidmaatskap teenoor mekaar kan opweeg. So hou die lidmaatskap byvoorbeeld in dat die boer 'n deel van sy vryheid opoffer om daardeur 'n groter mate van bestaan-

---

1) Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, soos gewysig.

sekerheid te verkry. Hier moet egter ook gemeld word dat in die statuut gewoonlik bepaal word dat die raad van direkteure 'n aansoek om lidmaatskap van die hand kan wys sonder die opgaaf van redes.

Die posisie waarin die lid verkeer wanneer hy wil uittree, is ietwat anders. Die statuut van 'n koöperasie moet volgens wet[1)] die wyse en die voorwaardes van uittreding en skorsing bevat. Gewoonlik bevat die statuut dus enkele voorwaardes in hierdie verband in belang van die oorblywende lede. In die praktyk kom dit kortliks daarop neer dat 'n lid vry is om te bedank wanneer hy wil, maar dat sy regte en verpligtinge van toepassing bly tot aan die einde van die betrokke boekjaar. Die belange van die individuele lid word egter ook in 'n sekere mate beskerm deur die wet, aangesien Artikel 15(1)(h) bepaal dat die uitsetting of skorsing goedgekeur moet word deur minstens twee-derdes van die lede.

5.4. Verkeer met nie-lede

In die bespreking tot dusver is reeds daarop gewys dat een van die gevolge van die Bemarkingswet was dat graankoöperasies ook die produkte van nie-lede moet hanteer. Nie-lede, wat nie ook verantwoordelikhede wil aanvaar deur lid te word nie, geniet dus sekere voordele wat eintlik net aan lede toekom.

Artikel 6(2) van die wet bepaal egter dat behoudens sekere bepalings (waarop ons nie nader ingaan nie) geen koöperatiewe landbouvereniging of maatskappy met die produkte van iemand wat nie lid van daardie vereniging of maatskappy is nie, mag handel nie, of aan so iemand boerderybenodigdhede mag verskaf of ander dienste verrig nie of behalwe vir lewering aan sy lede, koop nie, tensy die Minister skriftelik toestemming daartoe verleen het.

5.5. Die finansiering, die aanspreeklikheid en die stemreg

5.5.1. Die finansiering

Die rol wat die owerheid gespeel het in die koöperatiewe ontwikkeling, is nêrens so duidelik as in die finansiering van landboukoöperasies nie. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat die provinsiale owerhede

---

1) Artikel 15(1)(h) van Wet No. 29 van 1939 soos gewysig.

reeds op 'n vroeë stadium besluit het om fondse tot die beskikking van koöperasies te stel. Ons het hier veral in gedagte die Natalse Landbou-ontwikkelingswet van 1904, die Wet in die Kaapprovinsie, te wete Wet No. 43 van 1905, en die wet van 1907 waardeur die Landbank vir Transvaal geskep is. Hierdie wetgewing was die oorsaak dat die ontwikkeling van kredietkoöperasies of boereleenbanke agterweë gebly het.

Die propaganda van regeringsweë, maar veral ook die feit dat lenings soms te maklik verkry kon word, het die verkeerde houding by lede laat ontstaan. Die lede het hul verpligtings in baie gevalle nie nagekom nie. Gedurende die afgelope jare is daar van verskillende kante die een beroep na die ander op lede gedoen om hul deel by te dra. [1)]

Vandag is die Land- en Landboubank van Suid-Afrika nog steeds die vernaamste eksterne bron van krediet vir landboukoöperasies. Vir 'n volledige bespreking van die finansieringsvraagstuk van landboukoöperasies verwys ons na die literatuur. [2)]

5.2.5. Die aanspreeklikheid

Die koöperatiewe wet skryf een van twee vorme van aanspreeklikheid voor, naamlik onbeperkte of beperkte aanspreeklikheid. Volgens artikel 20(1) van die wet, bestaan onbeperkte aanspreeklikheid daarin "dat al sy lede gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die betaling van die skulde en verpligtinge van die vereniging." Lede wat in gebreke bly, se aandeel kan proporsioneel van die ander lede verhaal word. Sekere beperkings geld egter volgens artikel 77(1) van die wet, naamlik eerstens: skulde aangegaan nadat lidmaatskap beëindig is; tweedens: enige skulde sodra 'n geouditeerde finale rekening 'n batige saldo toon, en derdens: lenings vir voorskotte aangegaan voordat 'n persoon lid geword het.

Artikel 20(2) van die wet handel oor beperkte aanspreeklikheid en hiervolgens is die aanspreeklikheid van 'n bestaande of gewese lid beperk tot:

(a) die betaling van die nominale waarde van die aandeel(e) in sy besit;

---

1) Ons dink aan die ernstige beroepe en dreigemente van die Landbank, byvoorbeeld in 1952.

2) Vergelyk: Coetzee, op. cit., Hoofstukke 5, 6, 7 en 8.

(b) enige voorwaardelike aanspreeklikheid aan sy aandele verbonde ingevolge die statuut;

(c) bedrae deur die lid ontvang as voorskot.

In verband met die opbetaalde gedeelte van die aandele by landboukoöperasies met beperkte aanspreeklikheid, moet daarop gewys word dat gewoonlik slegs 'n tiende deel van die aandelekapitaal opbetaal word. Die orige gedeelte, tesame met die voorwaardelike aanspreeklikheid, dien dan as sekuriteit vir eksterne lenings.

Hoewel die onbeperkte stelsel aanvanklik beskou en gepropageer is as die aangewese stelsel, het die beperkte soveel veld gewen dat slegs 'n paar landboukoöperasies vandag as onbeperkte koöperasies sake doen.

5.5.3. <u>Die stemreg</u>

Artikel 38 van die wet bepaal dat die lede van 'n koöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid hul stemme in eie persoon moet uitbring en dat geen lid meer as een stem het nie.

Artikel 39 van die wet bepaal dat die lede van 'n koöperasie met beperkte aanspreeklikheid elk een stem besit, maar dat indien die statuut van die koöperasie dit toelaat, "elke lid ingeval van 'n hoofdelike stemming geregtig is op 'n addisionele stem of stemme". Die genoemde artikel bepaal verder dat die aantal sodanige addisionele stemme hoogstens vier vir elke lid mag wees. Verder kan lede hul stemme in eie persoon of, indien die statuut dit toelaat, deur middel van 'n gevolmagtigde, uitbring.

5.6. <u>Beheer en toesig</u>

Die aandag word hier bepaal by die rol van die lede, direksie en die owerheid in die beheer en bestuur van die landboukoöperasies.[1)]

In die geheel gesien, kom dit daarop neer dat die lede die finale seggenskap besit. Prakties is dit egter onmoontlik dat 'n groot aantal individuele lede die beleid in besonderhede kan bepaal. Gevolglik word sekere magte van beheer gedelegeer aan die direksie. Die direksie op hul beurt word bygestaan deur die bestuur, wat hulle besig hou met die daaglikse beheer en bestuur. Die administrasie van die wet val weer, soos ons reeds gesien het,

---

1) Vergelyk: Coetzee, op. cit., Hoofstuk 4.

onder die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking en van Landbou-krediet en Grondbesit. Laasgenoemde handel hoofsaaklik op advies van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings. Sekere magte en pligte van lede en direkteure word deur die wet neergelê. Die rol wat die Landbank en die beheerrade kan speel in die beheer en toesig, word hier buite rekening gelaat.[1]

5.7. Koöperasies met enkel- of meervoudige funksies

Dit het reeds telkens uit die bespreking geblyk dat die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika plaasgevind het in die rigting van koöperasies met meervoudige funksies. Wanneer die geskiedenis van sekere plaaslike landboukoöperasies bestudeer word, word opgemerk dat stigterslede oorspronklik twee doeleindes voor oë gehad het, naamlik die afset van lede se produkte en die verskaffing van bedryfsbenodigdhede. Namate die koöperasie finansieel sterker geword het, het dit egter ook toegetree tot diverse terreine van diensverlening. Weer eens vestig ons die aandag op die invloed van die Bemarkingswet in dié verband.

5.8. Leweringsplig van lede

Die koöperatiewe wet maak voorsiening daarvoor dat in die statuut die regte en verpligtings van lede neergelê kan word.[2] Kragtens hierdie bepaling skryf die statute van die meeste landboukoöperasies voor dat die lede verplig is om hul produkte aan die koöperasie te lewer. Gerugsteun deur die wet[3], kan die statute selfs voorskryf dat lede wat nie hul verpligtings nakom nìe, boetes opgelê kan word. Dikwels gebeur dit egter dat lede nie hul verpligtings nakom nie as gevolg van die mededinging van die kant van die gewone handel — 'n mededinging wat dikwels 'n middel tot 'n doel is. Die geskille wat dan om hierdie rede tussen die lid en sy koöperasie ontstaan, word meesal ook nie na wense opgelos nie. Ons gaan nie nader hierop in nie.

6. Samevatting

Voor die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, was daar maar min

---

1) Die Landbank het onder andere die reg om in bepaalde gevalle inspeksies uit te voer en so ook die beheerrade waar die koöperasie as agent daarvan optree.

2) Artikel 16(1)(h) van Wet No. 29 van 1939, soos gewysig.

3) Artikel 103 van Wet No. 29 van 1939, soos gewysig.

sprake van landboukoöperasies op 'n behoorlike georganiseerde skaal. Weliswaar is voor 1910 verskeie pogings aangewend om koöperasie op landbougebied inslag te laat vind. So is daar byvoorbeeld verskeie wetgewings deur die onderskeie owerhede aanvaar om koöperasies finansieel te steun. Verder is ook van die dienste van oorsese outoriteite gebruik gemaak.

Na 1910 is probeer om die landboukoöperasies onder 'n Uniale wet saam te snoer. Dit sou egter moes wag tot 1922. Tot 1922 is talle landboukoöperasies opgerig, maar talle is ook spoedig na oprigting gelikwideer, en sommige lede het finansieel swaar gely as gevolg van die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid. Geen wonder dat die 1922-wet dus ook vir die beginsel van beperkte aanspreeklikheid voorsiening gemaak het nie.

Die ontwikkeling na 1922 is deur drie belangrike gebeurtenisse beïnvloed. Eerstens was daar die gedagte van verpligte koöperasie, naamlik Wet 38 van 1925. Tweedens was daar die wêrelddepressie van 1929-32. Derdens noem ons die verslag wat in 1934 deur die 1933-kommissie uitgebring is. Dit alles het aanleiding gegee tot die Bemarkingswet van 1937 en die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939. Eersgenoemde wet het voorsiening gemaak vir 'n nasionale bemarkingsraad en die beheer van landbouprodukte, wat per proklamasie kon geskied — dus die gedagte van verkoop deur een kanaal. Op die landboukoöperasies het hierdie stelsel van bemarking groot invloed gehad, en nie alleen op die aard van hul funksies nie, maar ook op die finansiering en ontwikkeling daarvan.

Dit is egter veral in die na-oorlogse tydperk dat koöperasies die fenomenale vordering gemaak het wat dit tot so 'n belangrike posisie in die ekonomie van Suid-Afrika verhef het. Sonder die daadwerklik finansiële hulp van die Land- en Landboubank, sou landboukoöperasies nie kon verrig wat hulle tot stand gebring het nie. Die landboukoöperasies hanteer tans ongeveer twee-derdes van die totale landbouprodukte, terwyl dit met die aanname van die Bemarkingswet slegs 25 persent was. Wat die voorsiening van landboubenodigdhede betref, beloop die aandeel van die koöperasies ongeveer 38 persent.[1)]

---

1) Herbst, W. Landboukoöperasies staan hul plek vol. In Georganiseerde Landbou. Mei 1962, p. 31.

Wanneer 'n onderverdeling van die aantal geregistreerde landboukoöperasies gedoen word volgens die hooffunksies, toon dit 'n verskeidenheid aktiwiteite. Die afsetkoöperasies neem vandag nog steeds die belangrikste plek in. Ons meen dat die ontwikkeling in verskeie nuwe en bestaande rigtings verder uitgebrei kan word.

Wat die landbou- en koöperatiewe organisasie betref, het ons daarop gewys dat landbou-organisasie in Suid-Afrika reeds taamlik oud is. Maar eers in 1946 is die eerste koöperatiewe konferensie gehou wat ten doel gehad het om die boere wat in verskillende organisasies saamgesnoer was, te verenig in een hegte organisasie.

Ten slotte kan ons volstaan deur te sê dat die interne organisasie van landboukoöperasies deur die statute omskryf word en dat die Wet op Koöperatiewe Verenigings deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings geadministreer word.

## Afdeling C

'N VERGELYKING VAN DIE LANDBOU

'N VERGELYKING VAN LANDBOUKOÖPERASIES

## Hoofstuk VI

## 'N VERGELYKING VAN DIE LANDBOU IN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA

### 1. Inleiding

"Groei of ontwikkeling het vandag in wêreldsale feitlik al towerwoorde geword - woorde waarmee dit beklemtoon moet word dat lewenskragtigheid vir die voortbestaan en oorlewing van volkere net so noodsaaklik as by plante en diere is. Daarom het dit al gebruiklik geword om die lande van die wêreld te kenmerk as ontwikkeld of as ontwikkelend, dit wil sê eintlik onderontwikkeld. Dis 'n indeling wat hoofsaaklik berus op die mate waartoe lewensmiddels, en veral voedsels, wat die betrokke lande self lewer, voldoen aan die behoeftes van die inwoners. Dit is ook aanduidend van die vooruitsigte dat die voortgesette lewerings in daardie lande tred sal kan hou met hulle stygende behoeftes.

Hierdie vermoëns van nasies word in so 'n mate benadruk deur die voedingsnood van die hede, en die verwagte veel groter nood van die toekoms, dat dit al die grondslag van die onderhandelings geword het, ook die maatstaf om status van nasies, sosiaal en ekonomies, aan te dui."[1)]

In hoofstukke II en IV is die bepalende faktore by die inrigting van 'n landboubedryf en die ontwikkeling van die landbou in Nederland en Suid-Afrika, onderskeidelik, in breë trekke beskryf. In hierdie hoofstuk wil ons die faktore wat 'n beslissende rol gespeel het, nader vergelyk en ten slotte ook aandag skenk aan die taak van die landbou in Suid-Afrika.

Aangesien die betrokke twee lande so geheel en al verskil is 'n vergelyking baie moeilik. Daar bestaan inderdaad meer verskille as ooreenkomste, maar albei sal aangestip word, asook die belangrikste aanleidende oorsake daarvoor. Spesifieke besonderhede soos byvoorbeeld wat die melkproduksie per koei is, het ons nie in die bovermelde twee hoofstukke gegee nie. In hierdie hoofstuk sal ons dus ook nie probeer aantoon hoe die melkproduksie per koei vergelyk en waaraan dit toegeskryf moet word, ensovoorts, nie.

---

1) Du Plessis, S.J. Vooruitgang in die R.S.A. op die gebied van die landbou, bosbou en visserye. In Groei, p. 47.

## 2. Faktore wat die inrigting van die landboubedrywe beïnvloed het

### 2.1. Ligging

Nederland is fisies-geografies en ekonomies gunstig geleë, maar ook mededingend met die landbou van omliggende gebiede en die res van die wêreld. Suid-Afrika daarenteen, is nadelig geleë, veral wat uitvoerprodukte betref, weens die groot afstande van die mark, maar voordelig insoverre dit binnelandse produksie beskerm teen invoere.

Die feit dat Nederland fisies-geografies gunstig geleë is, het die Nederlandse landbou ten goede gestimuleer, want as gevolg van sy ligging aan die Noordsee en aan die monding van Europa se belangrikste vragverkeersroete is nie alleen die vervoer van Nederlandse landbouprodukte, vanaf produksiegebiede na die markte en vanaf die markte na die verbruiksentra, baie maklik nie, maar staan die land ook in vinnige verbinding met ander lande. Laasgenoemde speel veral 'n belangrike rol wanneer die landbou bederfbare produkte voortbring. Sulke produkte word in Nederland op redelike skaal geproduseer en die afset daarvan is dus veral om sy fisies-geografiese ligging makliker gemaak. Hierbenewens is Nederland tussen ekonomies-hoogontwikkelde lande geleë.

As gevolg van sy ligging moet die Nederlandse landbou egter met die produkte van omliggende en ander lande meeding. So het die Nederlandse suiwelprodukte sterk mededinging van die Deense produkte op die Londense mark ondervind.[1] Hierdeur is die Nederlandse landbou voortdurend op sy tone gehou, want om die produkte van die hand te kon sit moes dit kompeterend ten opsigte van kwaliteit en prys wees.

Suid-Afrika aan die ander kant, is ver van die ekonomies hoogontwikkelde digbevolkte lande geleë. Dié feit speel, soos ons reeds gesien het, nie net ten opsigte van in- en uitvoerprodukte 'n rol nie, maar ook ten opsigte van binnelandse produkte. Nywerheidsontwikkeling was in sommige nabygeleë lande baie stadig. Vervoer, verpakking, ensovoorts, om bederfbare produkte op die Europese markte te kry, het die koste opgestoot en hoë eise aan bemarking gestel. Ons dink byvoorbeeld aan die produksie en bemarking van uitvoerdruiwe.

---

1) Vergelyk: Paragraaf 4 van hoofstuk II.

Die afgesonderheid van Suid-Afrika het egter ook tot gevolg gehad dat die binnelandse afset in 'n aansienlike mate 'n ongevraagde beskerming geniet het. Mededinging van ander lande se produkte is selde ondervind. Dit het op sy beurt veroorsaak dat die Suid-Afrikaanse landbouprodusent nie so op kompetisie ingestel was nie en gevolglik nie so doelmatig geproduseer het nie.

Die feit dat Suid-Afrika in die suidelike halfrond lê, het aan ons land voordele gebied ten opsigte van produkte wat sterk aan seisoenswisseling gebonde is. Gevolglik was daar in Europa nog altyd 'n goeie mark vir Suid-Afrikaanse vrugte, veral sitrus en sagtevrugte.

Internasionale ooreenkomste het natuurlik ook ten opsigte van die bemarking van die landbouprodukte van die twee betrokke lande 'n rol gespeel. So het die Europese Gemeenskapsmark- en die Ottowa-ooreenkomste die ekonomiese liggings van die lande beïnvloed. Nederland, as lid van die Gemeenskapsmark, se produkte geniet nie alleen voorkeur op die markte van die ander lede van die Gemeenskapsmark nie, maar Nederland gee ook sekere voorkeure aan die produkte van die ander ledelande. Suid-Afrika aan die ander kant, was betrek by die Ottowa-ooreenkoms en geniet op sy beurt sekere voorkeure in Brittanje. Ten slotte wil ons noem dat indien Engeland tot die Gemeenskapsmark sou toegelaat word, dit noodwendig sal gebeur dat Suid-Afrika sekere voorkeure sal verloor en die Suid-Afrikaanse landbou, altans dat sekere landbouprodukte, daardeur nadelig getref sal word. [1)]

2.2. <u>Oppervlakte en bevolking</u>

Die gevolge van geen ander faktor is so opvallend soos juis van hierdie faktore nie, want die landbou het inderdaad ontwikkel ooreenkomstig die oppervlakte en bevolking van elke land.

As gevolg van die grondskaarste en die digte bevolking is die landbou in Nederland in die rigting van intensiewe boerdery op klein eenhede gedwing. Hierteenoor is Suid-Afrika 'n groot land met 'n klein bevolking, wat in 'n belangrike mate tot die ekstensiewe boerdery op groot eenhede, wat hier gevind word, bygedra het. Hiermee word die invloed van die klimatologiese faktore nie onderskat nie. Opvallend is egter dat in albei lande onekonomiese eenhede gevind word en wel in so 'n mate dat dit die ernstige aandag van owerheidsweë vereis het.

Die grondskaarste word in Nederland deur elke individu aangevoel en

---

1) Vergelyk: paragraaf 4 van hierdie hoofstuk.

die pogings om die beskikbare grond aan te vul is algemeen bekend, soos ook die koste wat daaraan verbonde is om grond te bekom deur die drooglegging van moerasse, mere en die see, en die vrugbaarmaking daarvan. In Suid-Afrika is die reserwes ook byna uitgeput, terwyl die bevolking steeds groei. Dit is dus baie noodsaaklik dat ons in ons land met die oog op die skaarste aan bewerkbare grond, sal sorg dra dat die hoeveelheid bewerkbare grond wat in beslag geneem moet word deur stede, paaie, spoorlyne, lughawens, nywerhede, ensovoorts, tot die minimum beperk word. Alle bewerkbare grond moet vir landbouproduksie gereserveer word, al is dit ook vir produksie oor etlike jare.

In albei lande is die ontvolking van die platteland ervaar. Die groot verskil lê egter in die sosiale, politieke en ekonomiese opset van die twee lande. Ons s'n is baie meer ingewikkeld. Die gevolg is dat die plattelandse ontvolking in Nederland baie makliker aanvaar kan word, terwyl die blanke ontvolking van die platteland in Suid-Afrika velerlei sosiale en politieke probleme meebring. Inderdaad beteken dit dat die rassesamestelling in die landbousektor in Suid-Afrika steeds besig is om te verander, en wel in so 'n mate dat die blanke groep, na raming, tans besig is om te daal teen 'n tempo van 2.2% per jaar saamgesteld, terwyl die nie-blanke groep teen 'n tempo van 1.5% per jaar saamgesteld groei.[1] So 'n verloop van sake sal noodwendig tot 'n verswarting van die platteland lei indien dit ongestoord voortgaan. Oorweging sal dus geskenk moet word aan die verskillende teenmaatreëls, naamlik: deur die algemene ekonomiese posisie in die landbousektor te verbeter om sodoende blanke ontvolking teen te gaan; deur die toetrede van blankes tot die landbou te vergemaklik en die nie-blanke aanwas in die landbousektor tot 'n minimum te beperk deur 'n verhoging van die nie-blanke produktiwiteit.

Hierbenewens moet ons die aandag, volledigheidshalwe, ook vestig op die feit dat die kultuurpatroon van die betrokke twee lande so baie verskil as gevolg van die verskil in die bevolking van elke land. Net so uiteenlopend as wat Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne is, net so uiteenlopend is ons mensemateriaal.

---

1) Bereken uit gegewens verkry uit die Statistiese Jaarboek 1966, opgestel deur die Buro van Statistiek, Pretoria.

Ons vind in ons landbou vandag die Bantoe wat nog nie die bestaans-ekonomie ontgroei het nie en wie se boerdery, waar hy die ondernemer is, nog op 'n betreklik lae peil is, maar ons vind hier ook blanke boere wat onder die bestes in die wêreld gereken kan word, en dit ten spyte daarvan dat hulle gebruik moet maak van natuurlike hulpbronne wat swak vergelyk met dié van ander lande en van 'n arbeidsmag waarvan die produktiwiteit soms uiters laag is.

2.3. Klimaat

Hierdie baie belangrike bepalende faktor is daarvoor verantwoordelik dat in albei lande 'n verskeidenheid produkte geproduseer kan word. Die samestelling van die verskeidenheid verskil egter baie omdat die klimatologiese faktore so baie verskil. So produseer Suid-Afrika, byvoorbeeld danksy die klimaat, sub-tropiese vrugte, wingerdprodukte, ensovoorts, wat in Nederland nie moontlik is nie.

In die Nederland word klimaatsfaktore in 'n mate teengegaan, byvoorbeeld deur die oprigting en gebruikmaking van glashuise. Die oorvloed van water is daar 'n probleem, terwyl ons hier probleme ondervind met 'n tekort aan beskikbare water. Miljoene rand is in Nederland in die ontwatering en ontsouting van seegronde belê, terwyl in Suid-Afrika miljoene rand bestee word aan waterbewaring en besproeiingskemas. Ons gaan nie verder hierop in nie.

Water is dus sonder twyfel een van Suid-Afrika se kosbaarste natuurlike hulpbronne, die beskikbaarheid en distribusie waarvan 'n beslissende rol speel in alle vorms van ons landsbedrywighede. Sorg moet dus gedra word dat dit nie verkwis word nie maar dat die allerbeste gebruik daarvan gemaak word. Doelgerigte navorsing om die voordeligste aanwending van besproeiingswater in landbouproduksie te bevorder, om waterverliese deur onoordeelkundige toevoer en toediening te verminder, en om grondverliese deur versouting of verspoeling te verhoed, is dringend nodig.

Ten slotte wil ons in hierdie verband slegs aanstip dat wat klimaat betref, Suid-Afrika ook 'n land van uiterstes is, want as gevolg van sy ligging, topografie, ensovoorts, verskil die klimaat van streek tot streek. Ons dink byvoorbeeld aan die verskil in klimaat tussen die hoëveld, laeveld, die Karoo en die Westelike Provinsie. Wat die reënval in die besonder betref, het ons

reeds gesien dat dit nie net laag is oor die grootste deel van Suid-Afrika nie, maar dat dit ook uiters swak oor die groeiseisoen versprei is en dat dit meestal in donderbuie voorkom. Nederland verskil geweldig baie in hierdie opsig, deurdat dit sagte en goedverspreide reën oor die jaar ontvang. Meer navorsing oor die verbouing van sekere landbouprodukte of variëteite om aan te pas by die wisselende klimaat in Suid-Afrika is gewens.

2.4. <u>Grond</u>

Die grootste deel van beide lande word deur sandgrond ingeneem. As gevolg van sy beleid van drooglegging vind mens in Nederland ook die sogenaamde kleigronde wat in ons land feitlik onbekend is. Suid-Afrika het op sy beurt ook min diep grondsoorte met 'n hoë vrugbaarheid. 'n Hele reeks verskillende grondsoorte in elke land is egter vir 'n hele reeks gewasse geskik. Dit wil verder voorkom asof die verband tussen die tipe grond en die gewasse wat daarop geproduseer word, in Nederland baie nouer is as in Suid-Afrika terwyl die verband tussen die klimaat en die gewasse of tipe boerdery in Suid-Afrika weer nouer is as in Nederland.

Sonder om volledig daarop in te gaan wil ons ook kortliks wys op die feit dat die probleme in verband met grondagteruitgang of grondbewaring in Suid-Afrika geheel-en-al van Nederland verskil. 'n Groot deel van ons land is heuwel- en bergagtig en bewerking van sulke grond gaan dikwels met gronderosie gepaard. Aangesien ontbloting van die grond in ons klimaat so gevaarlik is, moet die owerheid maatreëls tref om sorg te dra dat bewerking reg geskied en om te verseker dat die natuurlike plantegroei nie in die kwesbare gebiede deur bewerking van die grond gestroop word nie. So is oorbeweiding en uittrapping van die veld deur diere probleme wat in Suid-Afrika algemeen bekend is, maar wat in die Nederlandse landbou nie ondervind word nie. Dit wil voorkom asof die verskil in die benadering van die deursnee-Nederlandse boer en sy Suid-Afrikaanse kollega daarin lê dat die Nederlandse boer van jongsaf bewus is van die groot skaarste aan grond, terwyl die Suid-Afrikaanse boer in baie gevalle onder die indruk verkeer dat grond volop is en hom dus nie bekommer oor daardie gedeelte van sy grond wat om een of ander rede verlore raak nie.

2.5. <u>Ander kenmerke</u>

Hieronder wil ons slegs 'n paar ander belangrike kenmerke kortliks aanstip.

2.5.1. Individualisme

Die Nederlandse sowel as die Suid-Afrikaanse boer is sterk individualisties van aard, maar ons wil tog beweer dat die Nederlandse boer meer tradisiebewus is as sy kollega in ons land, terwyl laasgenoemde meer individualisties is as eersgenoemde. Gevolglik is die Nederlandse boer meer bereid om saam te werk, want hy is deur omstandighede soos byvoorbeeld 'n tekort aan werkers, gedwing om dit te doen. Verskeie faktore het bygedra tot die individualistiese karaktertrek van ons boere, die belangrikste waarvan seker die afstand tussen die boer en sy medeboer is, asook die feit dat goedkoop arbeid altyd maklik bekom kon word.

2.5.2. Plaasgroottes

Uit wat ons tot dusver gekonstateer het, is dit duidelik dat die plaasgroottes in die twee betrokke lande grootliks verskil. Vir hierdie toedrag was die ander bepalende faktore verantwoordelik.

Volledigheidshalwe moet ons ook daarop wys dat daar verskil in plaasgroottes binne elke betrokke land gevind word. So wissel die boerdery-eenhede in Nederland, wat grondoppervlakte betref, van slegs 'n morg tot enkeles van groter as vyftig morg, terwyl plase in Suid-Afrika van 'n paar morg tot etlike duisende morg groot kan wees.

2.5.3. Intensiteit van die boerdery en produktiwiteit

Die intensiteit van die boerdery verskil nie alleen tussen die twee lande nie, maar binne elke land verskil die intensiteit van die boerderye ook sterk. Die oorsaak hiervoor moet ook gesoek word in die bepalende faktore — die reënval bepaal byvoorbeeld in 'n baie groot mate waarmee daar geboer word op 'n bepaalde plek in Suid-Afrika.

Wat die produktiwiteit betref, wil ons hier slegs beklemtoon dat die mensemateriaal ook in die landbou van die grootste belang is, want dit is die mens wat ook hierdie ander hulpbronne reg moet inspan, ontwikkel en benut. Ons mensmateriaal is, soos ons reeds gesê het, net so uiteenlopend as wat ons natuurlike hulpbronne is. Ons dink hier byvoorbeeld aan die benadering van die Bantoe en die blanke as ondernemer. (In albei lande vind jy natuurlik boere wat met die bestes ter wêreld kan meeding.)

Die verskil in die produktiwiteit van die arbeiders wat in die twee lande gebruik word, verdien besondere vermelding. Omdat die arbeid en die benut-

ting daarvan die landbou in Suid-Afrika strem, is die effektiwiteit ook gestrem. 'n Beter benutting van die arbeidspotensiaal in Suid-Afrika sal vanselfsprekend die produksiekoste verlaag, maar dit sal ook tot 'n hoër algemene lewensstandaard in die landbousektor kan lei.

2.5.4. Vervoerfasiliteite

In Suid-Afrika word daar van lug-, spoor- en padvervoer gebruik gemaak. As gevolg van die koste verbonde aan lugvervoer en die uitgestrektheid van die land, speel spoorvervoer die belangrikste rol. Van watervervoer is hier geen sprake nie, aangesien die riviere in hul natuurlike vorm hulle nie daarvoor leen nie. In Nederland word in 'n belangrike mate van waterweë gebruik gemaak, want dit is maklik en goedkoop. Die grootte van laasgenoemde land en die feit dat die produksiegebiede betreklik naby die verbruiksentra geleë is, stel natuurlik ook nie daardie hoë vereistes aan vervoerfasiliteite nie.

2.5.5. Beskikbare hulpbronne

Die doelmatigheid van produksie in die landbou word eerstens beïnvloed deur die feit dat natuurlike omstandighede daarvoor verantwoordelik is dat produkte in sekere fisiese verhoudinge op die plaas aangetref word. Die mikpunt van die individuele boer is om hierdie produk-tot-produkverhoudinge so te beïnvloed dat hy oor die langtermyn die maksimum netto inkomste kan verkry. In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat sommige produkte saam geproduseer moet word; ander is weer mededingend met mekaar, veral ten opsigte van die benutting van gegewe produksiemiddele. Tweedens word produksiebeslissing deur die verhouding tussen die inset van produksiefaktore en die opbrengs van die produkte wat daarmee gerealiseer word, beïnvloed. Derdens is daar keuses moontlik in verband met die benutting van die verskillende produksiefaktore, byvoorbeeld meganisasie in die plek van arbeid. Hieruit is dit reeds duidelik dat die boer baie ingewikkelde beslissings moet neem, en wanneer die talle wisselvallighede van die natuur ook nog in aanmerking geneem word, dan is dit opvallend watter eise aan die bestuursvermoë van die boer gestel word. Hierdie kenmerke en vereistes is op die Nederlandse sowel as op die Suid-Afrikaanse landbou van toepassing. Ons is nietemin van mening dat die eise wat aan die Suid-Afrikaanse boer gestel word, meer is en groter oorleg vereis as wat dit die geval is by sy Nederlandse kollega. In hierdie verband wil ons verder slegs

op twee hulpbronne wys.

In die eerste plek wys ons op die kredietfasiliteite vir die landbou. Die staat het in Suid-Afrika heelwat meer as die Nederlandse owerheid ten opsigte van landboufinansiering gedoen. Soos ons reeds aangetoon het,[1] bestaan hierdie finansiering uit die aandeel van die staat in die Landbank en verder uit die finansiële hulp aan nie-kredietwaardige boere via die huidige Departement Landboukrediet en Grondbesit.

In die tweede plek wil ons aanstip dat die staat in Suid-Afrika, net soos die Nederlandse owerheid, 'n vername rol in navorsing en opvoeding speel. Sonder om dit hier volledig te behandel wil ons egter konstateer dat Suid-Afrika in hierdie opsig nog by Nederland agterstaan. Ons dink byvoorbeeld aan die gebrek aan 'n volwaardige landbounavorsingsadviesraad wat groter koördinasie van navorsingsaktiwiteite teweeg kan bring, en tegnologiese en ekonomiese navorsing beter kan koördineer. Verder wil ons beweer dat navorsingsresultate nie op die spoedigste wyse by die boere kom nie en daarom voel ons dat 'n hersiening van ons voorligtingsdiens nodig is.[2]

Ten slotte wil ons konstateer dat die boer in Suid-Afrika slegs van sy boerdery 'n sukses kan maak indien hy oor die nodige aanleg, opleiding en ervaring beskik. In die toekoms sal daar steeds groter eise aan die boer as ondernemer en bestuurder gestel word. Die opleidingspeil sal aansienlik verhoog moet word. In dié verband kan georganiseerde landbou 'n belangrike rol speel, terwyl die staat ook van sy kant regstreeks en onregstreeks in die rigting moet werk.

3. <u>Die ontwikkeling van die landbou</u>

Ons het terloops melding gemaak van die feit dat Nederland sedert die grondlegging van die blanke beskawing in Suid-Afrika op handel ingestel was, en dat dit so vroeg as die helfte van die agtiende eeu was dat die belangrikheid van die landbou, as bydraend tot die rykdom van die land, in Nederland besef is. Dit was ook gedurende daardie jare dat daar op agrariese gebied verskeie wetenskaplikes met teorieë en ander bydraes vorendag gekom het.

---

1) Vergelyk: paragraaf 5.3. van hoofstuk IV.

2) Vergelyk: Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die kommissie van ondersoek na die landbou, p. 89.

Hierdie persone was merendeels uit Wes-Europa en byname Frankryk, Engeland en Duitsland afkomstig. Nederland het van alles kennis geneem en dat die sogenaamde landbourewolusie daar, in teenstelling met Suid-Afrika, ook 'n regstreekse invloed gehad het, is gewis en seker. Dit is begryplik wanneer die ligging van Nederland en Suid-Afrika in gedagte gehou word. Gevolglik was die Nederlandse landbou gedurende 1850 tot 1870 in 'n gunstige internasionale posisie, terwyl in die vermelde periode die pastorale produksie in Suid-Afrika nog voorrang geniet het. Die akkerbouproduksie in ons land was dus relatief onbelangrik, behalwe natuurlik in die omstreke van Kaapstad waar die boerdery toe al goed gevestig was.

Hierdie toestande in die onderskeie lande het voortgeduur, totdat dit in elke land onderbreek is en verander het deur geheel-en-al verskillende oorsake.

Opvallend is dat die ommekeer in die produksiehouding van die onderskeie landbouprodusente feitlik in albei lande op dieselfde stadium plaasgevind het. Dit is so ver as wat die ooreenkoms gaan.

Die Nederlandse landbou het in 1878 'n krisisperiode ingegaan wat voortgeduur het tot ongeveer die vroeë negentigerjare. Die oorsake van hierdie landboukrisis is soos ons gesien het, moeilik te bepaal, maar algemeen kan aanvaar word dat die toevoer van Amerikaanse en Russiese landbouvoorrade op Europese markte, onder andere in Amsterdam, een van die hoofoorsake was. Gedurende daardie krisisjare het dit geblyk dat die Nederlandse landbouprodusent nie met sy kollega in die buiteland op elke gebied kon meeding nie. Gevolglik het menige boer ten gronde gegaan, maar die ander wat die toets deurstaan het, het gedurende die negentigerjare by die veranderde omstandighede begin aanpas. Dit wil sê, daar is besef dat die Nederlandse boer nie met die Amerikaners en Russe kon meeding wat graanproduksie betref nie en dat hy hom eerder op veeteelt, tuinbou en die produksie van sade, ensovoorts, moes toelê. Gedurende daardie jare het die owerheid ook besluit om in 'n beperkte mate die landbou behulpsaam te wees — die boer is slegs in staat gestel om kwaliteitsprodukte voort te bring.

In Suid-Afrika was die struktuurverandering wat die landbou van om en by 1870 tot ongeveer 1895 ondergaan het, op 'n ander lees geskoei. Hier was die ontdekking en ontginning van die ondergrondse rykdomme die oorsaak

van die Suid-Afrikaanse boer se betrekking in 'n mark-ekonomie. Dit wil sê, waar die landbouprodusent hier toe eers in die kommersialisasieproses ingedwing is, was die Nederlandse boer al besig om vir die mark te produseer toe die landboukrisis van die tagtigerjare begin het. Ons kan dit ook anders stel en sê dat die Nederlandse boer as gevolg van buitelandse mededinging van die heerskappy op die mark gedwing is en hy gevolglik noodgedwonge sy produksie moes wysig om aan te pas by die produksie van die buiteland. Hieromtrent was die Nederlandse boer onkundig. Die Suid-Afrikaanse boer daarenteen, het gedurende daardie jare eers toegetree tot die mark. Hiervan het hy nog geen kennis gedra nie. Die Suid-Afrikaanse boer se taak is verder bemoeilik deur die uitgestrektheid van die land, gebrek aan vervoerfasiliteite, die natuurlike omstandighede en die fortuinsoekers, hetsy delwers of smouse, wat daarop uit was om die boer uit te buit.

Die Nederlandse én die Suid-Afrikaanse boer moes dus aanpas by veranderde omstandighede en by elk van hulle was dit 'n geval dat hulle nie toegerus was vir die taak nie.

In Nederland het baie boere van die landbouterrein verdwyn. In Suid-Afrika was dit ook die geval, maar dit was nie as gevolg van die ineenstorting van landboupryse nie. Veel eerder was dit 'n geval dat sommige boere hul rykdom in die delwersbedryf en ander rigtings gesien het. Verder het die koopkragtige bevolking van Suid-Afrika met spronge toegeneem en gevolglik het die vraag na voedingstowwe toegeneem. Die Suid-Afrikaanse boer het hom dus inderdaad aan die vooraand van 'n welvaartsperiode bevind, maar sy situasie is, soos ons reeds gesien het, aansienlik bemoeilik deur omstandighede buite sy beheer. Die landbou in Suid-Afrika het geweldig vooruitgegaan, maar die voorspoed-tydperk was van korte duur, want spoedig het die sogenaamde Engelse oorlog uitgebreek en is die landbou in Suid-Afrika totaal ontwrig.

Die ontwikkeling van die landbou in Nederland en Suid-Afrika is na 1900 deur dieselfde faktore beïnvloed, naamlik die twee wêreldoorloë en die ekonomiese laagte- en hoogtepunte. Soms is die Nederlandse landbou swaarder deur die faktore getref as die Suid-Afrikaanse landbou en soms was dit weer andersom. Ons gaan nie nader hierop in nie, maar wil slegs daarop wys dat die metodes om die sogenaamde krisisse die hoof te bied in die twee onderskeie lande verskil het. Ons dink byvoorbeeld aan die beleid ten opsigte

van bemarking, soos vervat in die Bemarkingswet, wat in Suid-Afrika, aanvaar is.

Daar was egter ook ander faktore wat die landbou-ontwikkeling, landboubeleid, ensovoorts in die twee lande, beïnvloed het, wat vervolgens aandag sal geniet.

4. Landboubeleid

4.1. Die Europese Gemeenskapsmark

Die ses ledelande van die sogenaamde Europese Gemeenskapsmark, waaronder Nederland, het op 14 Februarie 1962 tot 'n ooreenkoms gekom oor 'n gemeenskaplike landboubeleid. Dit is beskou as een van die belangrikste mylpale in die ontwikkeling van die Gemeenskapsmark, want in een sessie is daar op bemarkingstelsels vir 'n reeks landbouprodukte besluit om die plek in te neem van 'n groot verskeidenheid stelsels wat voorheen in die ses lande afsonderlik gegeld het. Die landboubeleid waarop besluit is, skep die masjinerie wat gebruik kan word om òf 'n gematigde prysbeleid te volg, òf 'n hoë beskermende muur om die Gemeenskapsmark te bou. Soos 'n lid van die Gemeenskapsmarkkommissie[1)] self verklaar het: "It will be one of the most important tasks in European agricultural policy to manage prices so that the production of unsaleable surpluses is prevented ..." Hoe hoog die pryspeil gaan wees, is baie belangrik en sal landbou-uitvoerlande regstreeks raak.

Die doelstellings van die gemeenskaplike landboubeleid kan kortliks soos volg saamgevat word:[2)]

(a) Om deur middel van tegniese ontwikkeling die produktiwiteit in die landbou te verhoog, asook om te verseker dat landbouproduksie rasioneel ontwikkel en om sorg te dra dat produksiefaktore optimaal benut word.

(b) Om te verseker dat 'n redelike lewenstandaard deur die landboubevolking gehandhaaf word, deur verhoging van die inkome van individuele persone wat in die landbou werksaam is.

(c) Om pryse te stabiliseer.

---

1) Dr. Mansholt voor die "American Farm Bureau Convention." Denver, Colorado, op 13 Desember 1960.

2) Artikel 39 van die Rome-verdrag.

Om hierdie doelstellings te bereik het die Gemeenskapslande besluit om verskillende gemeenskaplike regulasies ten opsigte van die individuele produkte toe te pas. Die breë beginsels waarop die verskillende regulasies berus, kan soos volg saamgevat word:

(a) Om aanbod en aanvraag in balans te bring binne die sogenaamde Gemeenskap, met inagneming van die uitvoerhandel, deur die aanbod te beïnvloed - deur 'n groter mate van streekspesialisasie, opberging van voorrade, en deur die aanvraag te beïnvloed deur verbetering van gehalte, ensovoorts.

(b) Om produsente van 'n redelike inkome te verseker deur middel van strukturele en streekverbeterings, die samevoeging van eenhede, kragvoorsiening, beter metodes van vervoer, wetenskaplike boerderypraktyke, landbouvoorligtingsdienste, ensovoorts.

(c) Om landboumarkte te stabiliseer deur die voorkoming van spekulatiewe prysfluktuasies, en om redelike voorrade aan verbruikers te verseker deur die verwerkingsbedrywe en die handel in staat te stel om uitvoergeleenthede teen redelike pryse te benut en deur te voorkom dat pryse op die basis van sogenaamde grensprodukte tot stand kom.

Hierdie beginsels is vervat in 'n reeks regulasies waarvolgens die bemarking van landbouprodukte gereël word, en wat die bemarkingstelsels in die betrokke lande vervang. Gedurende die oorgangstydperk word die handelsbeperkings tussen die lede geleidelik afgetakel. Die laaste van sodanige beperkings moet teen 1970 verdwyn.

Ons wil nie hier volledig ingaan op die vernaamste aspekte van die hoofregulasies nie en verwys dus na die literatuur vir 'n beskrywing van die belangrikste aspekte.[1)]

Twee sake wat vir ons in hierdie verhandeling veral van belang is, wil ons hier kortliks duidelik stel. Eerstens, die feit dat Nederland ingeskakel is by die sogenaamde Gemeenskapsmark. Uit die bovermelde beskrywing kan reeds afgelei word dat die Nederlandse bemarkingsbeleid deur die betrokke verdrag aansienlik gewysig is. Tot hoe 'n mate dit geskied het, wil ons nie

---

1) Vergelyk: Smit, S.J.P. Die Landboubeleid van die E.E.G. In Agrekon. Oktober 1962, p. 4.

probeer aantoon nie.[1] Ons volstaan met die opmerking dat waar Nederland in die verlede gepoog het om die gunstigste voorwaardes vir sy landbou daar te stel, die land nou gebonde is aan die verdrag wat hy onderteken het en derhalwe nie slegs gunstiger behandeling van die ander vyf lande ontvang nie, maar ook voorkeur aan die produkte van die vyf lande moet verleen.

Tweedens, raak die Gemeenskapsooreenkoms ook Suid-Afrika en wel in die opsig dat Suid-Afrika een van die lande is wat ongeveer 30% van sy landbouproduksie uitvoer. Die Wes-Europese lande was nog altyd die tradisionele invoerders van landbouprodukte, maar die gemeenskaplike landbou-beleid wat beoog dat die pryse van landbouprodukte binne die sogenaamde gemeenskap gestut moet word en die wisselende invoerregte teen mededingers van buite, het meegebring dat Suid-Afrika se aandeel in hierdie markte in sekere gevalle reeds afgeneem het en in die toekoms steeds sal afneem. In dié verband moet ook daarop gewys word dat sub-tropiese produkte uit die sogenaamde geassosieerde Afrikastate, wat die Gemeenskapslande onder tariefvoorkeurbehandeling mag binnegaan, die posisie van Suid-Afrika verder bemoeilik.

Ons wil nie op hierdie stadium probeer aantoon in watter mate elke produk deur die uitwissing van doeaneregte tussen die Gemeenskapslande en die vrye toelating van produkte uit ander lande geraak sal word nie. In die algemeen is dit egter duidelik dat slegs die produkte wat nie in die Gemeenskapslande self geproduseer word nie, asook dié waarop die Gemeenskapslande se gemeenskaplike buitedoeaneregte nul of betreklik laag is, nie wesenlik geraak sal word nie. Daardie produkte wat wel in die betrokke ses lande of hul assosiasies geproduseer word, word egter reeds benadeel.

Die moontlike aansluiting van die Verenigde Koninkryk en ander lande by die Gemeenskapsmark sal Suid-Afrika se huidige landbou-afset in Europa verder raak. 'n Groot gedeelte van die uitvoere na Brittanje word onder tariefvoorkeurbehandeling in die Verenigde Koninkryk toegelaat. Dit is moontlik dat Brittanje alleen as lid van die Gemeenskapsmark toegelaat sal word, mits die ryksvoorkeurstelsel progressief afgetakel word. Dit mag beteken dat die tariefvoordeel wat Suid-Afrika tans in daardie mark geniet gaandeweg omskep mag word in 'n nadeel. Dit wil ook voorkom asof

1) Vergelyk: Anon. In Ons Platteland. (Orgaan van de Nederlandse Christelijke Boeren- en Tuindersbond.) No. 2, 13 Januarie 1967.

sommige uitvoerders in die algemeen hoop dat indien Brittanje lid sou word van die Gemeenskapsmark, hy sy invloed sal gebruik om 'n meer liberale beleid af te dwing. Ons kan nie hierdie optimisme deel nie, want wanneer Brittanje se landboubeleid van die verlede bestudeer word, daar gelet word op die lae lewenstandaard wat nog in sommige van die Gemeenskapslande ondervind word, en die doelstellings wat hierbo uiteengesit is in gedagte gehou word, lyk dit vir ons of dit nie sal gebeur nie.

Die beweging tot Wes-Europese ekonomiese integrasie op sigself beteken natuurlik nie dat Suid-Afrika sy hele uitvoermark in Europa gaan verloor of hoef te verloor nie. Die netto resultaat uit die produkte wat wel deur die beweging geraak word, mag egter neig om minder te wees. Waar daar reeds op baie van hierdie produkte "verliese" (vergeleke met binnelandse pryse) in die Europese markte gely word, is dit duidelik dat daar voortaan onvermydelik meer op die ontwikkeling van die binnelandse mark of aangrensende markte gekonsentreer behoort te word. Die verhoging van die lewenstandaard van die Bantoe maak hierdie vooruitsig moontlik. In hierdie verband moet daarop gewys word dat die surplusse dan gaandeweg in die normale uitbreiding van die vraag opgeneem sal kan word, mits die produksie nie te vinnig uitbrei nie.[1)]

Die gedagte aan 'n stelsel van samewerking tussen die verskillende nasionale gemeenskappe van Suider-Afrika is gedurende die afgelope maande reeds deur verskeie persone geopper. Sonder om die implikasies van so 'n moontlikheid hier nader te bekyk wil ons konstateer dat dit vir Suid-Afrika baie voordele kan inhou en dat die tyd ryp is om samesprekings in dié verband te begin. Die groot probleem in dié verband is dat die omringende lande wel industriële produkte van ons kan afneem, maar dat hulle in hoofsaak uitvoerders is van primêre produkte wat ons self produseer.

4.2. <u>Die Kennedy-rondte</u>

'n Ander aspek wat hier vermelding verdien, is die sogenaamde Kennedy-rondte waarby Nederland sowel as Suid-Afrika betrek is — trouens, die landboupolitiek in al die welvarende lande kom hierin aan die orde. So het daar in 1966 'n veertigtal lande in Genève onderhandel oor 'n moontlike verdere vrymaking van die internasionale handelsverkeer in die bestek van

---

1) Vergelyk: Suid-Afrikaanse Landbou-unie. 1962-Jaarverslag, p. 11.

die sogenaamde Algemene Ooreenkoms insake Handel en Tariewe (A.O.T.H.). Hierdie ooreenkoms is vir die eerste keer tydens die tweede wêreldoorlog, op inisiatief van die Verenigde State, aangegaan en die landbou is ook hierby betrokke. Dit spruit voort uit 'n wet van die Amerikaanse kongres wat die Amerikaanse president gemagtig het om 'n verlaging van tariewe toe te pas mits die ander lande ook verlagings toepas. Die onderhandelings oor die wedersydse verlagings is natuurlik 'n moeilike saak, maar indien daar wel 'n ooreenkoms bereik word, geld die ooreenkoms van elke land vir alle lede van A.O.T.H.

Op 1 Julie 1962 het president Kennedy egter 'n nuwe magtiging tot onderhandeling oor tariefverlagings gekry. Hierdie magtiging het onder meer bepaal dat die president die bevoegdheid kry om wanneer daar onvoldoende nuwe afsetmoontlikhede vir die Amerikaanse landbou-uitvoerprodukte ontstaan, af te sien van tariefverlagings in ander sektore, byvoorbeeld van die industrie. Dit was 'n nuwe element omdat daar sedert die begin van A.O.T.H. byna geen sukses in die landbousfeer in hierdie verband behaal is nie. Dit het op daardie stadium geblyk dat invoerbeperkings vir landbouprodukte nie afgeskaf kan word nie. Onderhandelings het ten spyte van die dooie punte voortgeduur.

Die belangrikste implikasie hiervan vir Nederland het betrekking op veral die Nederlandse uitvoer van graan en suiwelprodukte na die V.S.A. en op die feit dat Nederland ook 'n lid is van die Europese Gemeenskapsmark.

Die V.S.A. het nog altyd gepoog om 'n groter deel van die Gemeenskapsmark te verkry. Op hierdie manier sou daar 'n ruil tot stand kom tussen Wes-Europese geïndustrialiseerde belange in Amerika en die Amerikaanse landboubelange in Wes-Europa. Dit bots egter met die beleid binne die Gemeenskapsmark. Derhalwe word daar tydens die onderhandelings van die Kennedy-rondte baie klagtes geopper oor die landboupolitiek van die Gemeenskapsmark wat te veel beskermend sou wees.

Vir Suid-Afrika is die belangrikste implikasie ten opsigte van die Kennedy-onderhandelings die vermindering van die tariefvoorkeure op die Britse mark. Dit kan egter ook moontlike voordele vir ons uitvoerhandel inhou vanweë die tariefverlagings in lande soos Brittanje en Nederland.

'n Oplossing vir alle probleme is natuurlik nie so maklik bereikbaar

nie, maar dit is goed dat die Nederlandse boer sowel as sy Suid-Afrikaanse kollega besef dat hulle direk by die wêreldprobleem betrokke is.

Ten slotte moet ook gemeld word dat 'n belangrike struikelblok vir 'n egte vryhandelsverkeer die kwessie van nasionale subsidies is, wat die mededingingsverhoudings sterk beïnvloed. Daar moet dus rigting gegee word aan die landboubeleid van elk van die twee betrokke lande. Dit geld vir die struktuur, maar ook vir die mark- en prysbeleid. Laasgenoemde hou weer verband met die handelspolitiek wat gevolg moet word. Verder moet die landbou as 'n onderdeel van die hele ekonomie beskou word.

5. Landbou-organisasie

Die Nederlandse landbou-organisasie is net soos baie ander vertakkings van die ekonomie en die kulturele lewe, op geestelike oortuigings gebaseer. So bestaan daar, soos ons aangedui het, die Katolieke, Protestantse en die nie-kerklike organisasies. Elk van hierdie organisasies het sy eie idees omtrent opvoeding, onderwys, ensovoorts. Gevolglik het hierdie organisasies hul eie skole, ook landbouskole. In Suid-Afrika, daarenteen, vind ons een organisasie wat ongeveer twee-derdes van alle blanke boere verteenwoordig. Meer as 80% van alle boere in Nederland is lede van een van die drie hooforganisasies, waarvan elk al die takke van landbou verteenwoordig.

Daar is ook drie vergelykbare plaasarbeiderverenigings in Nederland waaraan meer as 50% van alle plaaswerkers behoort. In Suid-Afrika bestaan daar geen soortgelyke organisasie nie.

Na die laaste wêreldoorlog het die Nederlandse regering pogings aangewend om nywerheidsorganisasies meer stroombelynd te maak, met die doel om die nywerheid 'n taak te gee om ekonomiese beleid te formuleer en om magte te delegeer om die beleid uit te voer. As gevolg hiervan is sogenaamde bedrijfschappen en produktschappen opgerig. Die regering kan sekere uitvoerende magte delegeer aan hierdie sogenaamde produktschappen (kommoditeitsrade). Die taak van hierdie kommoditeitsrade in Nederland is om die pryse van landbouprodukte te stabiliseer — dus in breë trekke dieselfde as die van ons beheerrade.

In Nederland is daar ook onafhanklike organisasies wat met die boereunies geaffilieer is, naamlik dié vir plattelandse vroue en vir die plattelandse jeug. In Suid-Afrika is geen jeugorganisasie met die Suid-Afrikaanse Landbou-

unie geaffilieer nie, maar die Suid-Afrikaanse Vroue-Landbou-unie is wel lid van die unie.

Behalwe die voormelde organisasies vind ons in albei lande ook nog ander organisasies wat hoogsgespesialiseerd is, byvoorbeeld stamboekverenigings vir diere en koöperasies.

Soos in enige kragtige organisasie is daar (gelukkig) ook in die landbou-organisasies van Nederland en Suid-Afrika steeds die drang aanwesig om groter doelmatigheid te bereik. Dit was inderdaad die geval sedert die begin van 1966. Gedagtig aan die verskillende magskonsentrasies het die idee om groepsbelange meer op die voorgrond te stoot, heelwat veld gewen. As gevolg van die magsvorming buite die landbou is ons egter oortuig dat die landbou as groep gesien, homself hegter moet koördineer.

Gedurende 1965 en 1966 is daar in Nederland baie geskryf en gepraat oor nouer samewerking tussen die drie sentrale landbou-organisasies en ook die koöperasies. Hierdie gedagtes is gekristaliseer in die sogenaamde Stichting Nederlandse Raad voor Land- en Tuinbouw. Die doel van hierdie liggaam is om die belange van die land- en tuinbou te dien deur:

(a) mee te werk aan die daarstelling van 'n algemene landboubeleid, en

(b) te poog om die beleid effektief te verwesenlik.

Hiermee is 'n soortgelyke organisasiestruktuur in die lewe geroep as wat ons in Suid-Afrika ken, naamlik dat daar een koördinerende liggaam is wat die boere verteenwoordig.

As ons ten slotte kortliks die onderskeie departemente van landbou vergelyk, merk ons op dat daar in Nederland slegs 'n Departement van Landbou en Visserye is, terwyl ons in Suid-Afrika meer gespesialiseerd is. Tans het ons 'n Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking en van Landboukrediet en Grondbesit en 'n Departement van Landbou-tegniese Dienste en Waterwese.

Wat die organisasiestruktuur in die algemeen betref wil ons op hierdie stadium daarop wys dat daar 'n behoorlike taak- en terreinafbakening moet bestaan, sodat elke liggaam/organisasie presies weet wat sy funksies is. Word hierin nie geslaag nie, ontstaan 'n situasie waarin die boer nie

meer weet wat al die organisasies doen nie, wat dit vir hom beteken nie en hoe die onderlinge samewerking daar uitsien nie. Die gevolg is dat die boer sy vertroue in al die organisasies verloor. Die oorsigtelikheid van die patroon moet steeds bevorder word.

6. <u>Die invloed van die landbou op die ontwikkeling van landboukoöperasies</u>

Die ontwikkeling op die gebied van die landbou en landboukoöperasies in beide lande het plaasgevind in ooreenstemming met die voortdurende ontwikkeling van die maatskappy waarin ons lewe. Uitvindings, onder andere van nuwe produksietegnieke, die praktiese toepassings van die tegnieke, en die ontsluiting van onontwikkelde gebiede, het veral in die landbou tot die veranderings bygedra, of anders gestel: het bygedra tot die verhoging van die algemene welvaartspeil. Saam met die ontwikkeling het die neiging tot groter eenhede hom voorgedoen. Ons dink hier veral aan die onderskeie ondernemingsvorme waardeur die individuele kragte saamgevoeg is om sodoende die nodige kapitaal te vind om bepaalde aktiwiteite te onderneem. In die landbou is veral die koöperatiewe ondernemingsvorm aanvaar en 'n mens kan jou kwalik die toestand voorstel waarin die landbou sonder koöperasies sou verkeer. Die ontwikkeling van die koöperasies was egter nie orals dieselfde nie. Ons moet dus tot die gevolgtrekking kom dat die faktore wat die ontwikkeling van koöperasies beïnvloed het, onder andere in Nederland en Suid-Afrika, van mekaar verskil het - een van hierdie faktore is die landbou self.

Ons het reeds gedeeltelik daarop gewys dat die tipe landbou wat beoefen word tot 'n groot mate die bepalende faktor is vir watter soort koöperasie opgerig word. So het ons gesien dat in Nederland hoofsaaklik aankoopkoöperasies en koöperasies vir die afset van bederfbare produkte, soos vleis, groente, ensovoorts, en ook vir die verwerking van suikerbeet, strooi en aartappels, opgerig is. In Suid-Afrika het die behoefte aan koöperasie weer hoofsaaklik bestaan in die verwerking van melk in room en kaas, druiwe in wyn en die afset van graan, tabak en ander produkte. Ooreenkomstig hiermee het die ontwikkeling van koöperasies plaasgevind, want namate die produksie en afset van die bovermelde produkte uitgebrei is, is die koöperasies ook in 'n sterker posisie geplaas, wat weer meegehelp het tot die verdere ontwikkeling van die landbou.

Alle faktore wat die landbou beïnvloed het, het ook die koöperasies beïnvloed. Die belangrikste van hierdie faktore in Nederland was die uitwerking van die eerste wêreldoorlog, die aanpassings- en krisistydperk gedurende 1920 en daarna, die depressieperiode 1929-1932, die maatreëls en ander aspekte wat uit die depressieperiode voortgevloei het, die tweede wêreldoorlog en die ontwikkeling sedert 1945. In Suid-Afrika was dit weer die uitwerking van die eerste wêreldoorlog; die krisis gedurende die vroeëre twintigerjare; die depressieperiode van 1929-1932; die 1933-kommissie van ondersoek, in die besonder die Bemarkingswet van 1937, die tweede wêreldoorlog en die ontwikkeling daarna, onder andere ook die Koreaanse oorlog. Hierby moet egter ook definitief melding gemaak word van die rol wat die Land- en Landboubank van Suid-Afrika in die ontwikkeling van die landbou gespeel het.

Vervolgens is dit nodig om weer eens die aandag te vestig op twee belangrike en ingrypende sake wat koöperatiewe ontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed het, maar wat hul oorsprong in die landbou alhier gehad het.

Dit is dan eerstens, die ontwikkeling wat in 1925 plaasgevind het, toe die koöperatiewe wet gewysig is om voorsiening vir die sogenaamde stelsel van verpligte eenkanaal-koöperatiewe-bemarking te maak. Die landbouproduk wat eintlik vir hierdie wysiging verantwoordelik was, was tabak, aangesien die ordelike bemarking daarvan gedurende die vroeë twintigerjare veel te wense oorgelaat het. Ons volstaan met die stelling dat verpligte eenkanaal-koöperatiewe-bemarking sonder enige twyfel die tabakprodusent in die algemeen, en dus ook die landbou ten goede gekom het en die bedryf op 'n gesonder voet geplaas het as wat voorheen die geval was.

Tweedens is daar die invloed van die Bemarkingswet, wat as 'n regstreekse uitvloeisel van die depressieperiode van die dertigerjare beskou kan word. Bemarkingskemas is sedertdien vir alle produkte van 'n genoegsame omvang afgekondig, wat dus in baie gevalle die koöperasies hulle hooffunksies ontneem het en daarvoor verantwoordelik was dat koöperasies begin het om bykomstige funksies te onderneem om lidmaatskap aantrekliker te maak. Die ontwikkeling van die onderskeie beheerskemas en koöperasies is egter aanvullend en dit is vandag haas ondenkbaar om die een sonder die ander in die afset van bepaalde produkte te sien. Besliste koöperatiewe vordering en die sukses van die beheerstelsel het baie tot die ontplooiing van

die boerderypatroon bygedra. Die sukses moet ook gesien word in die lig van die ander invloede op die landbou in die algemeen. Ons dink veral aan die kunsmatige toestande gedurende die tweede wêreldoorlog en die groot oplewing sedertdien tot die periode van rasionalisasie en konsolidasie wat vandag ondervind word. 'n Enkele voorbeeld van die voormelde is die stimulerende invloed wat meganisasie gedurende die afgelope twintig jaar in die landbou gespeel het. Dit alles het bygedra tot die uitbreiding van die aktiwiteite van bestaande koöperasies en die oprigting en registrasie van gespesialiseerde koöperasies, wat tot 'n verdere styging in die omset van individuele koöperasies, maar ook in die totale omset gelei het.

Ten slotte vestig ons pertinent die aandag op die buitengewoon groot uitwerking wat die onbeheerbare faktore deur die jare op die landbou in Suid-Afrika gehad het, in teenstelling met die relatiewe geringe invloed daarvan op die Nederlandse landbou. Hierdie invloed het regstreeks tot die landboukoöperasies deurgedring. As voorbeeld van die invloed van die onbeheerbare faktore op die ontwikkeling van landbouproduksie en landboukoöperasie kan genoem word dat die eerste daling in die totale omset van landboukoöperasies in Suid-Afrika in 1959 ondervind is, wat grotendeels aan die droogtetoestande gedurende daardie jaar toegeskryf moet word.

7. <u>Die taak van die landbou in Suid-Afrika</u>

Dit bring ons nou op die stadium waar ons kortliks aandag moet wy aan die taak van die Suid-Afrikaanse landbou,[1] naamlik om ekonomies in plaaslike behoeftes te voorsien en om die maksimum buitelandse valuta doeltreffend te verdien.

Uit wat ons tot dusver bespreek het, is dit duidelik dat ons landbou met interne en eksterne vraagstukke te kampe het. As voorbeelde hiervan het ons die faktore wat ons landbou beïnvloed, die prysreëlings en invoerheffings van die sogenaamde Gemeenskapsmark genoem. Ons landbou verkeer egter in skerp internasionale mededinging want normaalweg word ongeveer 'n derde van ons totale landbouproduksie uitgevoer.

Ons voedseluitvoere was tot op hierdie stadium veral op Brittanje, Wes-Europa en Noord-Amerika toegespits. Tans sien ons egter dat die

---

1) Vergelyk: Van Biljon, F.J. Die ekonomiese aard van die uitdaging aan die Suid-Afrikaanse Landbou: <u>In</u> Agrekon, Januarie 1966, p. 16.

beskermingsbeleid vir landbou, die beperkte bevolkingsaanwas en die lae vraagelastisiteit vir voedsel in hierdie lande besliste gevare vir ons landbou-uitvoere daarheen inhou. Bowendien word vanweë tegniese vordering in die landbousektor groter selfvoorsiening in hierdie lande verwag.

Daar is egter ander lande waar die bevolking teen 'n geweldige tempo toeneem en wat 'n redelik hoë vraagelastisiteit vir voedsel het. Dié lande is onder andere die Ooste, Italië, Spanje en Brasilië. Hierdi e lande kan dus nog belangrike afsetgebiede vir ons voedselbedrywe word.

Wat die uitvoer van landboukundige grondstowwe betref, volstaan ons deur te sê dat die wêreldaanvraag daarna steeds sal bestaan maar dat die mededinging van sintetiese plaasvervangers voortdurend verskerp.

Die Suid-Afrikaanse totale landbou het sedert die jongste wêreldoorlog baie toegeneem. Die gemiddelde prestasies van ons blanke boere is nietemin nog ver benede die van die leidende verteenwoordigers van die moderne, gekommersialiseerde boerderystelsels.[1] Volgens Van Biljon[2] bestaan daar waarskynlik vier "hoofgroepe" oorsake vir die agterstand wat voorkom, naamlik klimaat, erfregte, wetlike gesag en opvoeding. Hy behandel hierdie faktore en kom dan tot die gevolgtrekking dat ons landbou wel sy taak met welslae kan verrig, hoofsaaklik deur:
"Behalwe om ons tradisionele uitvoermarke met voedsel te voorsien, ook aandag toe te spits op ontwikkelende lande. Die koste van ons belangrike landboukundige grondstowwe so laag moontlik te hou deur doelgerigte navorsing. Die toetrede van opgeleide jong boere deur kapitale hulpverlening te vergemaklik asook die uittrede uit die boerdery van afgeleefde produsente aan te moedig. Té starre prys- en bemarkingsreëlings te vermy. Die doeltreffendheid van bestaande plaasarbeiders deur paslike korttermynonderrigmetodes te probeer verhoog en algemene elementêre onderwys vir die komende geslag nie-blanke plaaswerkers na te streef." Ons ondersteun hierdie gevolgtrekking, en ingrypende voorstelle.

In dié verband kan die kommissie van ondersoek na die landbou wat

---

1) Van Biljon, op. cit.

2) Ibid., p. 18.

gedurende Mei 1966 aangestel is, 'n belangrike bydrae lewer, veral ten opsigte van die landboubeleid. Dit sou egter onrealisties wees om te verwag dat hierdie kommissie, alle moeilikhede in die Suid-Afrikaanse landbou sal oplos. Dit sal egter nie ongegrond wees om wel te verwag dat hierdie kommissie 'n belangrike bydrae sal kan lewer tot die versterking van die ekonomiese posisie van ons boerebevolking nie.

Ten slotte wil ons daarop wys dat ons nie kan sien hoe die landbou in die algemeen en die individuele landbouprodusente se ekonomiese posisie kan verbeter sonder dat die bestaande koöperasies verder doelmatig uitgebrei word nie.

# Hoofstuk VII

## 'N VERGELYKING VAN DIE LANDBOUKOÖPERASIES IN NEDERLAND EN SUID—AFRIKA

### 1. Inleiding

Wanneer die koöperateur, hetsy 'n lid van een of ander koöperasie of slegs iemand wat meegehelp het aan die ontwikkeling van koöperasies in Nederland en Suid-Afrika, vandag terugkyk, word hy met trots vervul want op koöperatiewe gebied is daar baie bereik. Die prestasies van die koöperasies is nog indrukwekkender as die volgende in ag geneem word:

(a) dat die koöperatiewe ondernemings deur mense opgerig is wat geen handelsondervinding gehad het nie;

(b) dat die koöperasies voortdurend blootgestel was aan 'n felle mededinging van gespesialiseerde en ervare ondernemers;

(c) dat daar van 'n simpatieke reaksie by die publiek en by leidinggewende persone in die gewone bedryfslewe geen sprake was nie;

(d) dat die demokratiese struktuur daarvan, wat die inskakeling van die groot getalle mense tot gevolg gehad het, 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die ondernemings gehad het, en

(e) dat die vertroue in die koöperasie grootliks benadeel is deur die koöperatiewe ondernemings wat misluk het.

Ons wil vervolgens die belangrikste aspekte van ooreenkoms en verskil van die koöperatiewe beweging in Nederland en in Suid-Afrika nader beskou, want is dit nie opvallend dat die koöperatiewe ondernemingsvorm soveel sukses behaal het in altwee lande onder omstandighede wat so wesentlik van mekaar verskil nie?

Op die gebied van die landbou in Nederland en Suid-Afrika word koöperasies op feitlik alle terreine aangetref. Soms is die verskynsel sosiaal en maatskappyhervormend, maar soms het dit sy ontstaan te danke aan suiwer ekonomiese motiewe. Dit wil sê, in die landbou het dit in die praktyk daarop neergekom dat ten einde die krisisjare te kon deurstaan, die land- en tuinbouer getrag het om deur middel van die koöperatiewe organisasievorm die individuele welvaartsvlak te verhoog. Hierdie ondernemings-

vorm is veral aangegryp omdat hierdeur die grootste moontlike selfstandigheid behou kon word.

Vervolgens wil ons aandag skenk aan die faktore wat die grondslag vorm van die ooreenkomste en verskille ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika.

## 2. Die ontstaan van landboukoöperasies

Die oorsake vir die herstel van die Nederlandse landbou na die landboukrisis van die tagtigerjare en van die Suid-Afrikaanse landbou na die oorlog van 1899-1902, blyk, soos ons reeds in hoofstukke III en V gesien het, van drieërlei aard te wees, naamlik: die rol wat die owerheid gespeel het, die inisiatief aan die kant van die landbouers, en die algemene ekonomiese oplewing.

### 2.1. Die rol van die owerheid

In albei lande is daar gedurende die krisistye baie geargumenteer vir en teen owerheidsteun. Die gevolg was dat die onderskeie owerhede tot die besef gekom het dat owerheidsteun wel in 'n beperkte mate aan die landbou verleen moet word en dat die aangewese oplossing geleë was in koöperatiewe optrede. So het die staatskommissie[1)] wat in 1886 in Nederland aangestel is, die gebrek aan samewerking en organisasie as een van die oorsake van die haglike toestand in die landbou op daardie stadium gesien. Wat Suid-Afrika betref, dink ons in hierdie opsig veral aan die pogings wat deur die owerheid aangewend is om koöperasies op te rig en te bevorder. Voorbeelde hiervan is talryk. Ons dink byvoorbeeld aan die verslag van die Landbou-assistent van 1897 in die Kaapprovinsie[2)] waarin verklaar is dat die bemarkingstelsel veel te wense oorgelaat het; aan die propaganda wat aan die koöperatiewe gedagte in tydskrifte verleen is; aan die invoering van mnre. Hannon en Stilling-Andersen, en aan die aanname van verskeie wetgewings, waarin voorsiening gemaak is vir die beskikbaarstelling van fondse aan koöperasies.

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie in Nederland, op. cit., p. 2.

2) Pillans, E. Cultivation and Marketing of Fruit. In The Agricultural Journal, June 10, 1897, p. 693.

Samevattend wil ons konstateer dat die rol wat die koloniale owerhede in Suid-Afrika gespeel het in die bevordering van die ontwikkeling van koöperasies, in vergelyking met die rol van die Nederlandse owerheid, in hierdie verband baie meer aktief was. Dit is begryplik as in gedagte gehou word dat die toestand in Suid-Afrika wat gesien moet word as gunstig vir die ontstaan van koöperasies, hom byna twintig jaar ná die soortgelyke periode in Nederland voorgedoen het. Verder is Suid-Afrika ver van Europa geleë en daar is besef dat die gedagte van koöperasie hier gevolglik moeilik inslag sou vind. Ook het geblyk dat in Suid-Afrika nie 'n leidinggewende persoonlikheid op die voorgrond getree het nie. Tog moet daarop gewys word dat ten spyte van die voorbeeld met betrekking tot koöperatiewe kredietorganisasies in die aangrensende Duitsland, die eerste soortgelyke koöperasies in Nederland in 1896 opgerig is — byna twintig jaar na die eerste aankoopkoöperasie aldaar.

2.2. Eie ondernemingsgees aan die kant van die landbouers

Hoewel die eerste koöperasie, 'n aankoopkoöperasie, in 1877 in Nederland opgerig is, dit wil sê kort voor die landboukrisis, stem ons saam met Minderhoud[1] dat ook in Nederland die eerste koöperasies hul ontstaan uitsluitend aan die nood van die boere te danke het. Die koöperasie is eintlik beskou as die enigste verweer teen die magte waarteen die individu nie opgewasse was nie. Die krisis van die tagtigerjare moes as't ware die boere wakker skud sodat die individuele boer eers gedwing is om sy eie nietigheid te besef en die behoefte gevoel het om saam te staan en so hul kragte te koördineer.

Die eerste Nederlandse aankoopkoöperasie en ook die wat onmiddellik daarna gevolg het, se werksaamhede was uiters beperk.[2] Die aanvanklik geringe omvang van die eerste koöperasies in Nederland blyk ook duidelik op die gebied van die eerste afsetkoöperasies.[3] Ons wil ook daarop wys dat die onderskeie eerste koöperasies wat omvang betref, klein gebly het totdat die algemene ekonomiese opbloei en aanpassing 'n aanvang geneem het.

---

1) Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... p. 2.

2) Vergelyk: paragraaf 3.1. van hoofstuk III.

3) Vergelyk: paragraaf 3.2.8. van hoofstuk III.

Wanneer ons die ooreenkomstige ontwikkeling in Suid-Afrika nader beskou, merk ons dat die Suid-Afrikaanse boer teen die einde van die vorige eeu en na die sogenaamde Engelse oorlog van 1899-1902, in 'n besondere posisie verkeer het. Die mark vir sy produkte was daar, maar die afstand tussen hom en die verbruiker was baie groot en die gebrek aan kapitaal en kennis het sy posisie op die aankoop- en verkoopsmark verder verswak. 'n Gunstige toestand vir die oprigting van koöperasies op verskeie terreine het dus gedurende die twee dekades rondom die eeuwisseling geheers. Die kennis van die koöperatiewe organisasievorm was beperk, maar die onderliggende beginsel was nie geheel-en-al onbekend nie.[1] Nogtans het daar toe van die kant van die produsente geen noemenswaardige stappe gekom nie.[2]

2.3. Die algemene ekonomiese oplewing

In Nederland het die aktiwiteite van die koöperasies tot 1895 beperk gebly alhoewel die waarde van koöperatiewe optrede besef is. Die ontwikkeling op die gebied van koöperasies na 1895 moet toegeskryf word aan die algemene ekonomiese oplewing, waarby die landbou ook gebaat het. Die algemene vooruitsigte was nou beter en steeds meer koöperasies is opgerig ooreenkomstig die patroon van die landbou-ontwikkeling. (Met laasgenoemde bedoel ons dat die Nederlandse landbouers hulle nou begin toelê het op daardie produksievertakkinge waarmee daar op die nabygeleë markte op 'n ekonomiese grondslag meegeding kon word.) Gevolglik het die landbouers al hoe meer hul kragte begin saamsnoer in aankoopkoöperasies en koöperasies vir die afset van veral bederfbare produkte soos vleis-, suiwel- en tuinbouprodukte. Die behoefte aan behoorlike kredietverlening en onderlinge samewerking tussen koöperasies het rondom 1900 ook al hoe sterker geword.

Die invloed van die periode van stygende pryse en vooruitgang wat teen 1896 in Suid-Afrika begin het op die ontstaan en aanvanklike ontwikkeling

---

1) Ons dink onder andere aan die Pietermaritzburgse verbruikerskoöperasie wat in 1892 en die Natal Creamery wat in 1900 opgerig is.

2) Dit mag nie verwar word met die aktiwiteite en leiding wat wel geneem is na die propagering en ander steunmaatreëls deur die onderskeie owerhede gedurende 1904 en 1910 nie.

van die koöperasies is nie so opvallend nie. Hier was dit eintlik 'n sameloop van 'n aantal faktore wat gelei het tot die ontstaan van koöperatiewe optrede. Ons dink onder andere aan die toename in die bevolking en dus die verbruiksmassa, die abnormale produksie gedurende die oorlogsjare 1899 tot 1902, en die gebrek aan oorsese afset vir ons wyne op daardie stadium. Die plase was egter groot en die boere het gevolglik afgesonderd gelewe, waardeur koöperatiewe optrede gestrem is. Laasgenoemde was die aanleidende oorsaak dat die onderskeie owerhede, wat die belangrikheid van die landbou en die waarde van die koöperatiewe ondernemings besef het, begin het om aktief deel te neem aan die daarstelling van koöperasies.

2.4. Gevolgtrekking

In beide lande is koöperatiewe organisasies opgerig as gevolg van die nood wat geheers het. Die lyding en ontbering wat die landbouers deurgemaak het, was dus in 'n baie groot mate die regstreekse oorsaak vir die stigting en ontwikkeling van koöperasies. Met hierdie koöperasies is nie bedoel om die maatskappy te hervorm of te verander nie, maar primêr 'n baie beperkte ekonomiese doel nagestreef het. Hiermee wil ons nie ontken dat die koöperatiewe samewerkingsvorm ook ander betekenisse gehad het nie. Aansluitend hierby wil ons verder konstateer dat dit dikwels kragte van buite was wat die eerste stoot tot die oprigting van landbou-organisasies en -koöperasies en die ontwikkeling daarvan, gegee het.

Die promotors van die eerste landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika het dus nie beoog wat die veelbesproke agt-en-twintig tekstielarbeiders voor oë gehad het toe hulle die eerste koöperasie in die wêreld opgerig het nie.

Die lede van die sogenaamde Rochdale Society of Equitable Pioneers het gepoog om minder afhanklik van hul werkgewers en van hul winkeliers te wees, en hulle het gevolglik gestreef na 'n verbetering van hul maatskaplike posisie deur minder te betaal vir hul benodigdhede. Verder was hul doelwit om deur koöperasie 'n fundamentele hervorming van die samelewing te bewerkstellig, wat tot uiting sou moes kom in 'n meer regverdige verdeling van die maatskaplike inkome en in 'n produksie en distribusie wat nie op 'n winsbasis sou berus nie. Met ander woorde, die Rochdale Pioneers het ook gestreef na 'n vervanging van die kapitalistiese stelsel deur wat

'n koöperatiewe sosialisme genoem sou kan word.

Die motiewe van die persone wat die inisiatief tot die oprigting van die eerste landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika geneem het, was geheel-en-al anders. Hulle was, trouens, self ondernemers en het dus die grondslae van die maatskaplike organisasie aanvaar, maar die strewe was om hul maatskaplike posisie, wat totaal onbevredigend was, te verbeter. Dit beteken dat hulle tot die oprigting van koöperasies oorgegaan het omdat hulle hul in 'n onbevredigende situasie bevind het. Die landboukoöperasies moet dus as 'n korreksiemiddel op bepaalde swak toestande gesien word, waarby in die besonder aan 'n onbevredigende prysvorming gedink moet word, deurdat op verskeie markte nie 'n goeie ewewig tussen die produsente en die handel bestaan het nie.

Aan die hand van enkele voorbeelde kan die voorgaande geïllustreer word. In Nederland was die behoefte aan 'n goeie voorsiening van krediet op kort- en medium-termyn groter as die behoefte aan langtermyn-krediet. Dit verklaar waarom die boereleenbanke opgerig is met die doel om krediet op kort- en medium-termyn te verskaf. Tot die oprigting van koöperasies met die doel om langtermyn-krediet te verskaf, is aanvanklik nie oorgegaan nie; hierdie vorm van koöperatiewe kredietverlening besit tans nog beperkte betekenis.

'n Ander voorbeeld in Nederland is die verskil in behoefte aan afset-koöperasies vir graan en saad. Aan koöperasies vir die afset van graan was daar, as gevolg van die mindere bederfbaarheid van die produk en die onderlinge konkurrensie op die betrokke markte, vir 'n lang tyd weinig behoefte. Wat die saad betref, was die toestand anders. Die kopers van die saaisade was dikwels teleurgesteld in die kwaliteit, maar ook die produsente was ontevrede, sodat vir hierdie doeleindes spoedig koöperasies opgerig is. Laastens maak ons melding van die feit dat die produsente gedurende daardie tyd genoeë moes neem met die prys wat hulle vir hul produkte ontvang het omdat hulle geen seggenskap in die bemarking daarvan gehad het nie. Hulle was òf aangewys op plaaslike opkopers wat grotendeels spekulante was, òf moes andersins hul produkte aan makelaars stuur wat feitlik sonder uitsondering swak toegerus was om dit te hanteer en te verkoop. Die boer was dus sonder enige seggenskap wat betref die versekering van 'n billike prys vir sy produk. 'n Belangeteenstelling tussen die boer en die spekulant het

dus dikwels wrywing laat ontstaan en die houding van die boer was dat hy na 'n jaar se arbeid en opoffering sy produk moes oorhandig aan iemand wat geen meegevoel met hom gehad het nie en alleen gepoog het om sy eie belange te beskerm en te bevorder. Bowendien het die boer, afgesien van die lae pryse wat hy ontvang het, ook nog ongehoorde pryse betaal vir 'n baie twyfelagtige makelaarsdiens wat aan hom gelewer is. Gevolglik was die enigste uitweg om self die inisiatief te neem, en dit het gelei tot die stigting van koöperasies, byvoorbeeld die wolkoöperasies, in ons land.

Hierdie voorbeelde toon duidelik in watter toestand die produsente van baie produkte verkeer het. Daar het geen beheerde bemarkingstelsel bestaan nie; die boer was van die spekulant afhanklik vir die afset van sy produk en het nie sy regmatige vergoeding ontvang nie. Hierdie toestand het egter nie op élke produksieterrein rondom 1900 geheers nie; daar was ook daardie produkte waarvoor daar op daardie stadium géén winsgewende afset gevind kon word nie. Ons verwys hier na wyn as voorbeeld.[1)]

Uit bovermelde moet dit aanvaar word dat daar 'n besondere behoefte aan koöperatiewe optrede op verskillende terreine bestaan het.

Verskeie koöperasies, in beide lande, het mettertyd hul ontstaan te danke gehad aan positiewe optrede deur promotors en sekere instansies. Verskeie koöperasies het egter ook op mislukkings uitgeloop, wat begryplik is, veral as in gedagte gehou word dat die boerebevolking nie vertroud was met sakebeginsels nie, en dat die meeste boere baie individualisties, konserwatief en agterdogtig was. Hierdie karaktereienskappe het nie alleen 'n belangrike rol gespeel vóórdat 'n koöperasie gestig is nie, maar dit het ook invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van koöperasies. So kan die wantroue van die meeste boere onder drie hoofde ingedeel word, naamlik eerstens die wantroue waarmee die leiers op koöperatiewe gebied bejeën is; tweedens die feit dat hulle mekaar gewantrou het, en derdens die gebrek aan vertroue in hulself. Sulke persone was bang om nuwe planne en rigtings te volg en gevolglik het hulle nie geweet hoe ander en hoe hulleself met die tyd tred kon hou nie. Daar was ook nog ander aanleidende oorsake vir die mislukking van koöperasies waarby ons wil stilstaan.

---

1) Vergelyk: paragraaf 3.2.7. van hoofstuk V.

Na ons mening het die volgende faktore dikwels die deurslag gegee tot die ontbinding van die eerste koöperasies in sowel Suid-Afrika as Nederland.

(a) Die gebrek aan 'n doeltreffende beheer en bestuur

Verskeie persone was besiel met die idee van koöperatiewe optrede en het baie sukses behaal in die oprigting daarvan. Ons wil egter die aandag daarop vestig dat die behoefte aan koöperasie gedurende daardie jare as die deurslaggewende faktor gesien moet word. Die omstandighede waarin die boer hom bevind, was die bepalende faktor of hy hom in die koöperatiewe verband sou inskakel al dan nie. Hiermee wil ons nie die rol wat die betrokke persone wel gespeel het in die propagering van die idee ontken nie; inteendeel, met wat onderneem is, kan nie fout gevind word nie en dit verdien alle lof. Gevolglik is baie koöperasies opgerig wat spoedig van die toneel verdwyn het omdat daardie persone wat aan die leiding daarvan gestaan het, nie 'n goeie kennis van die beheer en bestuur van 'n onderneming gehad het nie. Miskien moes die onderskeie persone en instansies hulle nog meer daadwerklik op hierdie belangrike aspekte toegespits het om sodoende te probeer verhoed het dat 'n koöperasie met 'n groot potensiaal likwideer, want net soos dit tans nog die geval is, doen een mislukking baie meer skade aan die beweging as die betekenis van tien nuwe koöperasies wat op die lys mag bykom.

Wat Suid-Afrika betref, het Hannon die gevaar verbonde aan oorhaastige uitbreiding wel terdeë besef en hy waarsku dan ook in sy eerste verslag[1] as hy sê: "The greatest care is being taken that every advance made is only sanctioned when the farmers themselves have taken the fullest measure of responsibility for the success of the society in which they are interested, and it is considered advisable to proceed rather slowly at first with the establishment of a small number of perfectly sound undertakings rather than encourage a large number, the success of which might not be warrented by the agricultural conditions of particular localities."

Stilling-Andersen het ook die belangrikheid van 'n doeltreffende administrasie erken, maar sy daadwerklike optrede het feitlik beperk gebly tot die beywering vir die aanname en daarstelling van 'n koöperatiewe wet, waarmee

---

1) Hannon, P.J. First Report of the Superintendent of Agricultural Cooperation, 1905-1906, p. 7.

hy eintlik probeer het om die nodige staatsondersteuning te kry.[1]

Die 1933-kommissie van ondersoek na koöperasie en landboukrediet maak ook in sy verslag melding dat Stilling-Andersen dwarsdeur Transvaal koöperatiewe verenigings gestig het sonder om voorsiening te maak vir sorgvuldige toesig oor hul werksaamhede.[2]

Die daarstelling van 'n doeltreffende beheer en bestuur was ook 'n absolute noodsaaklikheid as die groot bedrae wat gedurende die beginjare aan koöperasie geleen is, in gedagte gehou word.

In Nederland was die posisie ietwat anders en om redes wat ons hieronder sal aanstip, het die Nederlandse boer 'n voorsprong bo sy Suid-Afrikaanse kollega geniet in soverre dit die oprigting en die bestuur van die betrokke koöperasies betref.

(b) <u>Die houding van die produsente</u>

Stilling-Andersen[3] het reeds tydens die tweede koöperatiewe kongres daarop gewys dat die sukses van 'n koöperasie grotendeels van goeie bestuur en van getroue en lojale ondersteuning van lede afhang.

Ons het al die gebrek aan goeie bestuur genoem as een van die faktore wat meegehelp het tot mislukkings, maar ook die ondersteuning ván lede het veel te wense oorgelaat. Verskillende faktore het tot hierdie houding van die lede bygedra.

Eerstens noem ons die oormaat ywer en entoesiasme by sommige lede. Die 1933-kommissie[4] vat die situasie in Suid-Afrika redelik goed saam wanneer hulle konstateer dat die oormaat ywer en entoesiasme aan die kant van die bevorderaars nie altyd deur al die lede gedeel is nie. So is aan die begin van die koöperatiewe beweging veral in die Kaapprovinsie koöpera-

---

1) Stilling-Andersen, J.M.B. Report of the Superintendent of Co-operation. In Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1907-1908, p. 312 - 318.

2) Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 2.

3) Minutes of proceeding: The second Transvaal co-operative congress. <u>In</u> Farmers' Bulletin, No. 94. p. 13.

4) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 5.

sies oorhaastig gestig as gevolg van die propagering deur die staat. Die groot geldelike steun was veral hiervoor verantwoordelik, en baie van die ondernemings het tot niet gegaan hoofsaaklik omdat die fondse van die staat verkry, foutief aangewend is. Baie ondernemings is oorgekapitaliseer en kon as gevolg van die las van groot vaste koste en 'n gebrek aan voldoende bedryfskapitaal nie op 'n lonende basis sake doen nie. Hierdie finansiële hulp en aanmoediging het 'n verkeerde houding by lede laat ontstaan, naamlik dat produsente dit as die plig van die owerheid beskou het om hulle te help in plaas om hulleself te probeer help. Dit is duidelik dat die produsente koöperasie nie in sy wese begryp het nie, en dit op sy beurt het bygedra tot onvoldoende ondersteuning deur lede. Baie van die lede het slegs hulle benodigdhede op skuld van die koöperasie bekom. Dieselfde persone se produkte het hul weg na die gewone handel gevind. Die mededingende handelaars was maar te gretig om die koöperasielid in sy afvalligheid aan te moedig en sodoende te probeer om koöperatiewe kompetisie tot 'n minimum te beperk. Tot hierdie verkeerde houding onder lede het die onbekwame en onopgeleide bestuurders en die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid ook bygedra.

Wat die voormelde betref, is ons van mening dat die verskil tussen Nederland en Suid-Afrika eerstens daarin lê dat Nederland waar koöperasie sukses behaal het, op daardie stadium reeds digbevolk was in vergelyking met Suid-Afrika. Die lede kon maklik vergaderings en byeenkomste bywoon en hulle was toe ook reeds bevoorreg met baie meer doeltreffende vervoerfasiliteite. Tweedens het die Nederlandse koöperasielid die tyd gehad om gewoond te raak aan sy aanspreeklikheid deurdat hy in 'n klein gemeenskap saamgewerk het waar hy almal geken het en deurdat die aktiwiteite dikwels op baie klein skaal aangedurf is. Die Suid-Afrikaanse koöperasielid, daarenteen, het eintlik geen voorbereidingsfase ervaar nie; hy is feitlik gedwing om met persone wat hy hoegenaamd nie geken het nie saam te werk, en hierby was hy, gedagtig aan die verlede, wantrouig teenoor sy medemens. Verder het die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid nie die nodige aktiewe belangstelling van die lede gewek nie. Dit was reeds duidelik tydens die eerste koöperatiewe kongres in 1908 toe die destydse Eerste Minister in

Suid-Afrika[1] sy sienswyse in dié verband soos volg uitgespreek het:
"But what is desired is that a farmer who gives his name as a member of these societies must not give in his name and then merely sit still after that. When a man has become a member of a co-operative society he must give all his attention to it, and look after it as well as he does after his sheep and his other property. The difficulty which we have experienced in this matter up to now is that a man takes a share in these societies, in this society or that society, and after he has taken his share it is impossible even with a hot iron to get him to attend the meetings of the company. He does not take an interest in it and look after it. The directors do the business as they like."

As bewys van die besef deur die leidinggewende persone dat die toestande tydens die begin van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika nie goed was nie, dien onder andere die feit dat die sogenaamde gekose komitee gedurende Julie 1907 aangewys is om ondersoek in te stel na die werking van landboukoöperasies in die Kaapprovinsie. Hierdie komitee het tot 'n reeks gevolgtrekkings gekom waarop ons hier nie nader ingaan nie. In hoofsaak dek hul verslag[2] die kwessie van staatshulp in die vorm van lenings aan koöperasies en die verlening van voorskotte op onverkoopte produkte deur koöperasies. As verdere faktore wat bygedra het tot die mislukking van die eerste koöperasies in die Kaapprovinsie, noem die komitee die volgende:[3]

(a) die leemte dat die boeke van koöperasies nie geouditeer hoef te word nie;

(b) dat die werksgebiede van koöperasies dikwels te klein was;

(c) die behoefte aan bekwame bestuurders.[4]

Die 1933-kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet vat die bovermelde faktore en probleme ook saam in hul verslag.[5]

---

1) Minutes of Proceeding: The first Transvaal co-operative congress. In Farmers' Bulletin No. 19, p. 6.

2) Report of the Select Committee on Agriculture Co-operation, p. 11.

3) Ibid.

4) Vergelyk: Dempsey, W.L. Waarom misluk koöperasies? In Eerste Vakansiekursis in Koöperasieleer. 1952, p. 137.

5) Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, p. 6.

In albei lande het die eerste koöperasies dus 'n moeilike stryd gevoer tydens die aanvangsjare en gevolglik het verskeie pogings op mislukkings uitgeloop. As voorbeelde hiervan in Nederland kan die heel eerste twee koöperatiewe strooiverwerkingsfabrieke van 1870 en 1873 genoem word - hulle het kort na hul stigting gelikwideer en die lede het groot bedrae geld verloor. Hierna was die boere baie huiwerig vir soortgelyke ondernemings. Die vraag waarom daar, ten spyte van die voormelde, nogtans besluit is tot 'n koöperatiewe onderneming en waarom die onderneming suksesvol was, bring ons vervolgens by die voorsprong wat die Nederlandse boer geniet het bo sy Suid-Afrikaanse kollega ten opsigte van die oprigting van koöperasies, naamlik:

(a) Die Nederlandse boer kon homself oor 'n relatief langer tydperk vertroud maak met die gedagte van koöperasie. Ons dink onder andere daaraan dat die eerste koöperasie, hoewel 'n handelskoöperasie, in 1860 in Nederland opgerig is, terwyl die eerste landboukoöperasie wat die produkte van sy lede moes van die hand sit, eers in 1886 opgerig is. Die uitbreiding van koöperasies dateer eintlik eers vanaf 1896. Hierteenoor is die eerste koöperasie in Suid-Afrika, ook 'n verbruikerskoöperasie, in 1892 opgerig, terwyl die eerste landboukoöperasie in 1900 gestig is. Die Nederlandse boer het dus oor 'n hele aantal jare ryp geword vir die koöperasiegedagte of anders gestel, die Nederlandse boere het mettertyd besef dat hul heil in koöperatiewe optrede gelê het. Daarenteen is die gedagte van koöperatiewe optrede feitlik van bo-af op die Suid-Afrikaanse boer afgedwing. Baie van die boere hier was dus nog nie oortuig van die behoefte en die voordele verbonde aan koöperatiewe optrede nie. Dit moet ook in 'n groot mate as die vernaamste rede gesien word vir die gebrek aan aktiewe belangstelling van lede en aan lojale ondersteuning, wat bygedra het tot die likwidasie van verskeie koöperasies.

(b) Die Nederlandse boer het verder in 'n gunstiger posisie verkeer omdat die gedagte van koöperasie ook in die nabygeleë lande gelyktydig 'n aanvang geneem het en geblyk het 'n sukses te wees. Hier wil ons veral die invloed van Duitsland en Engeland noem. Dit was dus vir die Nederlandse boer makliker om in die voetspore van ander te volg as vir die Suid-Afrikaanse boer om iets nuuts aan te pak. Verder kon die Nederlandse koöperasies in 'n baie belangrike mate die voorbeelde van die nie-koöperatiewe ondernemings navolg. Hier dink ons veral aan die koöperatiewe aartappelmeel- en kartonfabrieke.

(c) Die beperkte omvang van die eerste koöperasies het die Nederlandse boere in staat gestel om hulself geleidelik in die beheer en bestuur van sulke ondernemings te bekwaam. Ons dink aan die eerste aankoopkoöperasie wat ten doel gehad het om sy agt lede in staat te stel om gesamentlik misstowwe, saad en veevoer te koop. Ook die verdere ontwikkeling in Nederland het geskied in die ingeslane rigting, naamlik klein aankoopkoöperasies langs mekaar, soos duidelik blyk uit die volgende gegewens:

| Jaartal | Aantal Aankoopkooperasies | Aantal lede |
|---|---|---|
| 1903 | 648 | 50,367 |
| 1920 | 1,014 | 119,768 |
| 1948 | 1,161 | 134,118[1)] |
| 1964 | 720 | 125,000[2)] |

Goeie samewerking en behoorlik gekoördineerde optrede het tussen hierdie koöperasies bestaan, wat te danke is aan die oprigting van die bekende sogenaamde Central Bureau in 1899. Uit die besonderhede van ander landboukoöperasies blyk die beperkte omvang van individuele koöperasies ook. So het daar tien jaar na die oprigting van die heel eerste botterfabriek, reeds 407 koöperatiewe suiwelfabrieke bestaan; in 1896 is die eerste koöperatiewe boereleenbank opgerig en in 1899 het daar reeds 46 van hulle bestaan, terwyl die aantal in 1900 op 67 te staan gekom het.[3)] Tans bestaan in Nederland meer as 1,300 plaaslike boereleenbanke, wat stewig gesentraliseer is in slegs twee sentrale boereleenbanke.[4)] Die aktiwiteite waarmee begin is, was beperk, en omdat die werkgebiede baie klein was, was die onderlinge kontak of verstandhouding tussen lede, lede en direksie, lede, direksie en bestuur, op 'n goeie grondslag.

(d) In dié verband moet ook gewys word op enkele eienskappe van die plattelandse bevolking in Nederland gedurende die laaste jare van die vorige eeu. Die betreklik klein verskille ten opsigte van die finansiële posi-

---

1) Borkhuis, op. cit., p. 28.

2) Nationale Coöperatieve Raad, Co-operatie in Nederland, p. 2.

3) Borkhuis, op. cit., p. 72.

4) Nationale Coöperatieve Raad, Co-operatie in Nederland, p. 2.

sie van die boere in dieselfde gemeenskap, en die sterk gevoel van solidariteit is byvoorbeeld kenmerkend. Bowendien moet gewys word op die invloed van enkele leidinggewende persone in verskeie dorpe en distrikte, waar drie kategorië onderskei kan word, naamlik die vooraanstaande boere, die opvoedkundige en die geestelike leiers in die dorp. In Suid-Afrika het hierdie eng gemeenskapsgevoel nie bestaan nie, wat veral toe te skrywe is aan die yl bevolking en die groot land. Die solidariteit in Nederland staan eintlik in 'n skrille kontras met die omstandighede wat mens in Suid-Afrika gevind het. En juis hierdie verskil, wat vir die ontwikkeling van koöperasie so belangrik is, word onses insiens alte dikwels onderskat. Soms kry ons die indruk dat te veel uitgegaan word van die gedagte dat die toestand in Suid-Afrika en die toestand in Nederland tydens die jare toe koöperasie in beide lande sy ontstaan gehad het, identies was. Hierdie uitgangspunt lei te maklik tot 'n onderskatting van die voorwaardes waaraan voldoen moet word as 'n koöperasie suksesvol wil funksioneer.

(e) 'n Verdere belangrike faktor is die ekonomiese klimaat. Die konjunktuursomstandighede in Wes-Europa was gedurende die eerste kwart van hierdie eeu, in die algemeen gesproke, gunstig vir die ontwikkeling van verskeie soorte koöperasies, 'n ontwikkeling wat uiteraard met 'n toestand van val en opstaan gepaard gegaan het. So beweer Frietema[1] ten opsigte van die ontstaan van koöperasie in Nederland: "Zou onze coöperatieve beweging zijn ontstaan in de jaren 20 dan zou de kans op een hevige reactie in de crisisjaren '30/'34 groter zijn geweest; voor de coöperatieve beweging zou dan een onherstelbare schade zijn geleden." Ons wil verder aanhaal en saam met hom[2] konstateer: "Ook kan in dit verband worden opgemerkt dat de coöperaties geleidelijk moeten groeien. De leden moeten bereid zijn tijdelijke teleurstellingen die een gevolg zijn van de kinderziekten te accepteren. Wanneer de leden van coöperaties voor het lidmaatschap bedanken zodra zij constateren dat de resultaten van de coöperaties niet aan de gestelde verwachtingen beantwoorden, dan is de kans op succes gering. De concurrentie immers heeft er alle belang bij juist in die ontwikkelingsfase

---

1) Frietema, H.J. Landbouwcoöperaties in meer en onder ontwikkelende lande. Lesing tydens Landbouwcursus van 9 Julie tot 5 Augustus 1962 te Wageningen.

2) Ibid.

aantrekkelijke prijzen aan niet-leden te bieden, zelfs als zulk een prijspolitiek gepaard zou gaan met verliezen voor de betreffende ondernemers ..... En tenslotte dient voor alles in aanmerking te worden genomen dat het succes van elke onderneming en dit geldt ook voor de coöperatie, afhankelijk is van de bekwaamheid van hen die met de leiding daarvan zijn belast. Wij zijn trots te kunnen constateren dat zij die onze coöperaties hebben geleid vaak een zesde zintuig hadden voor het doen van zaken en op grond van hun karaktereigenschappen het vertrouwen van de leden genoten. Deze bekwame en zelfs begaafde mensen zochten - en dit is bepalend - niet zichzelf. Integendeel, zij wensten vóór alles de beweging te dienen en zij waren bereid daartoe persoonlijke offers te brengen. Terloops vestig ik uw aandacht erop dat de coöperatieve beweging in Nederland niet van owerheidswege is gesteund."

In Suid-Afrika was die ekonomiese klimaat slegs in 'n mate gunstig vir die ontwikkeling van koöperasies; sommige koöperasies was ook nie bereid om geleidelik te groei nie; lede was nie altyd bereid om tydelike teleurstellings te aanvaar nie en gevolglik het sommige koöperasies verdwyn kort nadat hulle gestig is; 'n vernietigingsdrang het ook hier by die konkurrente van koöperasie posgevat, en ten slotte het die persone wat hier met die leiding belas was nie altyd oor 'n sesde sintuig beskik nie. Daar was egter ook koöperasies wat suksesvol ontwikkel het.

3. <u>'n Vergelykende oorsig van enkele landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika</u>

Die landbou is uit verskillende vertakkings saamgestel, wat almal in 'n mindere of meerdere mate onderling verwant is. Landbou verskil egter van land tot land, en ons het reeds gesien dat daar ook aansienlike verskil tussen die landbou in Nederland en Suid-Afrika is.[1] Landboukoöperasies het dan ook nie net ooreenkomstig die landbou in 'n land ontwikkel nie, maar die samestellende dele van die landbou in die betrokke land was verantwoordelik vir die soorte landboukoöperasies wat ontstaan het.

'n Vergelyking van die landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika kan onder die volgende hoofde bespreek word: die aankoopkoöpera-

---

1) Vergelyk: hoofstukke II en IV.

sies; die afsetkoöperasies[1]; die diensverlenende koöperasies; die eksterne en interne struktuur van die landboukoöperasies, en sekere belangrike knelpunte in die landboukoöperatiewe beweging van Suid-Afrika.

3.1. Die aankoopkoöperasies

Uit die beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die aankoopkoöperasies in Nederland[2] en Suid-Afrika[3], blyk reeds dat die ontwikkeling in die meeste opsigte van mekaar verskil.

Die feit dat die grootste deel van die Nederlandse landbouproduksie nog altyd op klein plasies geproduseer is en die boere dus klein hoeveelhede van die verskillende produksiemiddele aangekoop het, tesame met die struktuurverandering van die tagtigerjare, was vir 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat die koöperatiewe beweging in Nederland met aankoopkoöperasies begin is. Volgens sommige skrywers[4] moet die ontstaan van die eerste aankoopkoöperasies egter aan die knoeiery met die kwaliteit van die kunsmis om en by 1876/77 toegeskryf word.

In Suid-Afrika, aan die anderkant, is daar eers heelwat later begin om vir die mark te produseer, en omdat die meeste boere gedurende daardie jare nie produksiemiddele soos kunsmis aangekoop het nie, is die behoefte aan gesamentlike aankope nie intens genoeg aangevoel nie. Later was die optrede van ons boere ten opsigte van aankope 'n duidelike aanduiding van die spekulatiewe aard wat eie is aan hulle, naamlik dat hy self beter kan doen as sy koöperasie. Hierdie houding vind 'n mens vandag nog onder die boere. Ons sien dit ook as die oorsaak vir die rondtasting en gevolglike losse struktuur wat ons vandag in dié verband in Suid-Afrika vind.

Wanneer ons terugkyk, wil dit voorkom asof ons produsente se sienswyse van gebied tot gebied verskil het, in die sin dat sommige suiwer aankoopkoöperasies gestig het; ander hul beywer het vir 'n sentrale aankoopkoöperasie, terwyl sommige verkies het dat die afsetkoöperasie die beno-

---

1) Ons volg die indeling van hoofstuk V, behalwe dat daardie produkte wat slegs in een van die lande geproduseer word buite rekening gelaat word.

2) Vergelyk: paragraaf 3.1. van hoofstuk III.

3) Vergelyk: paragraaf 3.1. van hoofstuk V.

4) Vergelyk: Borkhuis Ir. J., op. cit., p. 27.

digdhede tot sy lede se beskikking moet stel. So kry ons vandag heelwat graan- en ander koöperasies wat boerderybenodigdhede hanteer, in sekere streke 'n suiwer verskaffingskoöperasie, in ander streke geen koöperasie wat 'n volle reeks boerderybenodigdhede hanteer nie, en plaaslike koöperasies wat niks met die aankoopkoöperasies te doen wil hê nie.

Aan die anderkant het die aankoopkoöperasies in Nederland klein begin en daar is ook koöperasies opgerig wat die verskaffing van sowel benodigdhede asook krediet onderneem het. Hierdie koöperasies het stelselmatig uitgebrei en aangesien hul nie van groot omvang was nie en die leiers ook besef het dat hul afdingingsmag versterk sou kan word indien die koöperasies onderling bymekaar sou kom, is daar besluit om saam te werk. Hierdie ontwikkeling is aangehelp deur die feit dat die onderskeie geestelike groepe hulle eie koöperasies opgerig het. Die gevolg hiervan was dat daar op die gebied van die koöperatiewe aankoop van landbou- en tuinboubenodigdhede twee sentrale koöperasies werksaam is. Die grootste hiervan, die huidige sogenaamde Cebeco of die ou sogenaamde Centraal Bureau, is soos ons gesien het,[1] nie slegs 'n aankoopsentrale nie. Ongeveer 350 plaaslike en streekkoöperasies is by hierdie sentrale aangesluit. Hoewel die ander sentrale ook 'n in- en verkoopsorganisasie het, het dit slegs vier streekkoöperasies as lede. Ongeveer 550 plaaslike koöperasies is lede van hierdie vier streekkoöperasies.[2]

Die behoefte in Nederland aan 'n band tussen die aankoopkoöperasies is veral gevoel na 'n konflik tussen verskeie aankoopkoöperasies en die verenigde invoerders. Vandag het die koöperasies in hul sentrales 'n sterk vesting teenoor die georganiseerde handel.[3] Hierteenoor het ons in Suid-Afrika drie sentrale aankoopkoöperasies wat elk op sy eie stoom voortgaan. Ons meen dat die tyd aangebreek het dat ons sentrales hul kragte moet saamsnoer en dat 'n funksionele verdeling tussen die drie daartoe kan lei dat ons koöperatiewe beweging heelwat van die veld wat nog braak lê, kan verower.

---

1) Vergelyk: paragraaf 3.1. van hoofstuk III.

2) Nationale Coöperatieve Raad, Co-operatie in Nederland, p. 7.

3) Vergelyk: Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie ... p. 49 en Van Stuijvenberg, H. Het Centraal Bureau, een coöperatief krachtveld in de Nederlandse Landbouw, 1899-1949, p. 186.

Ernstige pogings moet byvoorbeeld aangewend word om 'n vastrapplek vir ons boere te verkry in die vernaamste produksiemiddele, naamlik sakke, brandstof, smeerolie, kunsmis, insekte-, vee- en bestrydingsmiddels en landbougereedskap.[1)] Dit sal moeilik wees om hierin te slaag en ons wil nie nou nader op dié aspekte ingaan nie, omdat dit 'n omvattende ondersoek verg, maar met die heelhartige ondersteuning deur die koöperasies wat benodigdhede hanteer, is ons oortuig dat dit tog kan slaag.[2)]

As een van die redes waarom die plaaslike koöperasies nie die sentrale koöperasies ten volle ondersteun nie, moet die invloed van die Bemarkingswet met sy beheerstelsel gesien word. Hierdie wet het grootliks bygedra tot die huidige struktuur van die plaaslike koöperasies, naamlik groot gebiedsoppervlaktes en 'n toespitsing op die bykomstige funksies, ten einde bestaansregverdiging te kan geniet. As ons in Suid-Afrika meer landboukoöperasies gehad het waarvan die oppervlakte wat dit bedien het klein was, sou die plaaslike koöperasies heelwaarskynlik baie makliker bymekaargestaan en mekaar ondersteun het. Dat daar egter 'n behoefte aan koöperatiewe verskaffing van boerderybenodigdhede bestaan het en nog bestaan, is seker, want ondervinding het geleer dat produsente in baie gevalle buitensporige hoë pryse vir boerderybenodigdhede en dienste moes betaal voordat landboukoöperasies dit tot hulle beskikking gestel het.

Toe Sentraal-wes Koöperasie in samewerking met sekere ander koöperasies enkele jare gelede sakke ingevoer het, kon hulle aan hul lede sakke 50 persent goedkoper lewer as die gewone winshandel. Toe die Oostelike Transvaalse Koöperasie in 1948 die maalbedryf betree het, het hulle die pryse van meel vir verskaffing aan hul lede met 30-35 sent per sak laat daal teenoor die destyds heersende kleinhandelspryse. Sedert Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoopkoöperasie in 1962 begin het om self hekke te maak, het hulle nie net beter hekke gemaak nie, maar die pryse waarteen hulle hekke aan koöperasies kon voorsien met 25 persent verlaag teenoor die normale gangbare groothandelspryse waarteen koöperasies hekke kon

---

1) Ons is bewus daarvan dat een van die sentrales reeds in die vervaardigingsnywerheid staan.

2) Vergelyk: Pretorius, A.M. V.E.T.S.A.K. as sentrale aankoopkoöperasie, p. 81.

bekom vir verskaffing aan hulle lede. In die geval van plastiese pype het laasgenoemde koöperasie die afslag van 22 persent tot $32\frac{1}{2}$ persent verhoog en ten spyte van die styging in produksiekoste, is die prys van ploegskottels oor die laaste klompie jare aansienlik verlaag.[1)]

'n Aangeleentheid wat in hierdie vergelyking duidelik op die voorgrond kom, is die invloed van die onderskeie wetgewings. Die beperkte interpretasie wat aan die begrip boerderybenodigdhede, soos dit in artikels 6, 7 en 8 van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet vervat is, gegee word, strem koöperasies geweldig in die uitvoering van daardie funksies wat lede redelikerwys van hulle kan verwag. Hierdie brandpunt in ons koöperatiewe ontwikkeling kan nouliks deur die blote toevoeging van die sogenaamde dubbeldoel-artikels, byvoorbeeld oorpakke, waterskoene en ander, reggestel word. Eerder behoort die wet sodanig gewysig te word dat landboukoöperasies hulle lede sal kan voorsien van al daardie benodigdhede wat hulle nodig mag hê om hul boerdery behoorlik te beoefen. Ons is van mening dat geen beperkings hoegenaamd, van owerheidsweë of andersins, geplaas moet word op die terreine wat landboukoöperasies moet kan betree in belang van sy lid as produsent nie.[2)]

Die basis waarop die voorsiening van boerderybenodigdhede deur landboukoöperasies onderneem word, is na ons mening geen vorm van onbillike mededinging met die winshandel nie, omdat hierdie diens deur die landboukoöperasies as 'n onafhanklike vertakking van sy aktiwiteite in stand gehou word. Verder hoor 'n mens soms die opmerking dat die koöperasie presies dieselfde prys vir sekere artikels vra as dié waarteen die betrokke artikel van ander instansies gekoop kan word. Die vraag waarom dit egter hier gaan, is wie die prysbepaler is, die koöperasie of die ander handelaar. Hierin is daar 'n baie belangrike waarborg vir die boer geleë, naamlik dat sy koöperasie hom daardie versekering gee dat die prys van sy benodigdhede nie na willekeur en buitensporig sal styg nie. Laasgenoemde is ook in landsbelang aangesien die boer die land van goedkoop voedsel moet voorsien.

'n Ander probleem waarteen landboukoöperasies stuit, is dat hulle in

---

1) Vergelyk: Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede, p. 14.

2) Vergelyk: paragraaf 6.4. van hierdie hoofstuk.

hul aktiwiteite tot lede beperk word en dat fabrikante dus nie geneë is om hulle as sogenaamde alleenagente aan te stel nie. Sekere vervaardigers gaan selfs sover om te weier om koöperatiewe aankoopsentrales as groothandelaars te erken. Hierdie toedrag van sake strem die ontwikkeling van ons koöperasies in 'n belangrike mate.

'n Aangeleentheid wat die afgelope paar jaar ook aktiewe aandag geniet het, was die aktiwiteite van sekere van die sogenaamde artikel 57-koöperasies. Die kernprobleem hier was die hantering van huishoudelike benodigdhede deur sommige van hulle, aangesien hulle dit sedert hul stigting as gewone maatskappye gedoen het en hulle met hul omskepping in 1922/23 toegelaat is om daarmee voort te gaan. Die Registrateur het hierdie netelige kwessie aangepak deur te bepaal dat die betrokke afdelings in selfstandige handelskoöperasies omskep moet word. Hierdie sogenaamde artikel 57-koöperasies het verder die statutêre magtiging om vrylik sake met nie-lede te doen. Hulle kan dus enige artikel aan enigiemand verkoop. Ons is van mening dat hierdie koöperasies op die kruispad gekom het en hoe gouer hoe beter moet kies op watter pad hulle wil voortgaan, dit wil sê moet kies om 'n ware koöperatiewe statuut te aanvaar en saam met die koöperatiewe beweging voort te gaan, of om die koöperatiewe ondernemingsvorm geheel-en-al te laat vaar. Persoonlik sal ons nie graag wil sien dat laasgenoemde weg gekies word nie.

Die gevolge van die voormelde wetsbepalings is vandag duidelik in ons koöperatiewe beweging te bespeur. So bestaan daar vandag tientalle handelskoöperasies wat in wese niks anders as landbouverskaffingskoöperasies is nie. Hierdie koöperasies behoort nie alleen aan dieselfde lede as die plaaslike landboukoöperasies nie, maar staan meestal onder dieselfde bestuur, is dikwels in dieselfde gebou as die landboukoöperasie gehuisves, en die landboukoöperasie het aansienlike bedrae in die vorm van aandele daarin belê. Die motief vir die stigting van hierdie koöperasies is uit-en-uit om binne die perke van die koöperatiewe wet daardie benodigdhede wat die landboukoöperasie nie mag hanteer nie, aan die lede te verskaf. Verder bestaan daar in die praktyk vandag heelwat wrywing tussen die sogenaamde artikel 57-koöperasies en die ander koöperasies.

Die wetlike situasie druk dus sy stempel op die koöperatiewe beweging; dit dwing koöperasies in die twee hoofvorme, naamlik landbou- en handels-

koöperasies en dit is ook verantwoordelik vir die geweldige stryd tussen die georganiseerde handel en die koöperatiewe beweging. Die Nederlandse koöperatiewe wet daarenteen, is nie so breedvoerig opgestel nie. So bepaal die Nederlandse wet byvoorbeeld nie watter artikels die koöperasie mag hanteer nie. Gevolglik bestaan daar geen meningsverskil nie. Die opstellers van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet het dus in hul strewe na volledigheid die koöperatiewe ontwikkeling in 'n bepaalde rigting gestuur en die ontwikkeling in 'n belangrike mate gestrem. Verder was hulle daarvoor verantwoordelik dat in Suid-Afrika probleme bestaan wat in baie oorsese lande net nie begryp kan word nie.

### 3.2. Die afsetkoöperasies

#### 3.2.1. Koöperatiewe bemarking van graan

Soos reeds aangedui,[1] was die aanvanklike vraag na graankoöperasies in Nederland beperk. Een van die vernaamste redes wat hiervoor aangevoer word, is dat die graan nie so maklik bederf nie en die produsent dus in staat is om die produkte self te berg totdat die mark in die guns van die produsent verander het. 'n Meer aanneemlike rede is volgens ons mening die feit dat daar in daardie distrikte waar hierdie produkte van lank gelede af bestem was vir die mark, goed georganiseerde markte bestaan het en dat die aanvraag die aanbod oortref het, sodat die prysbepaling kwalik verbeter kon word. Dit was eers toe die produkte al hoe meer met die oog op veevoer geproduseer is en daar nie sulke georganiseerde markte in die betrokke distrikte bestaan het nie, dat die behoefte aan koöperatiewe bemarking ondervind is.

Die betekenis van hierdie koöperasies is, in vergelyking met die koöperatiewe bemarking van graan in Suid-Afrika, baie beperk. Die belangrikste rede hiervoor is die feit dat die produksie van graan, hetsy bestem vir menslike verbruik of vir veevoer slegs 'n minimale persentasie van die totale landbouproduksie in Nederland uitmaak terwyl die bydrae van akkerbou tot die totale landbouproduksie in Suid-Afrika meer as 'n derde is.

In die geval van Suid-Afrika word tussen 80 en 90 persent van alle

---

1) Vergelyk: paragraaf 3.2.9. van hoofstuk III.

graan koöperatief bemark.[1] Die persentasie van die koöperasies in die bemarking van binnelandse graan in Nederland is 55 persent.[2]

'n Aspek wat hier vermelding verdien, maar wat ons later bespreek,[3] is die groot gebiede van ons graankoöperasies en die gevolglike gebrek aan kontak tussen die lid en die koöperasie.

3.2.2. Koöperatiewe bemarking van vleis

Uit die beskrywing van die koöperatiewe bemarking van vleis in die twee lande[4] blyk dat daar tydens die vroeë twintigerjare, toe die pryse van landbouprodukte 'n laagtepunt bereik het, ook by die vleisboere 'n gedagte ontstaan het om koöperatief op te tree. Die lae pryse en die feit dat daar reeds suksesvolle afsetkoöperasies ten opsigte van ander kommoditeite bestaan het, was die bepalende faktore wat aanleiding gegee het tot dié gedagte. Hiermee wil ons nie die invloed van die eerste wêreldoorlog en die gebrek aan beheerde bemarking ontken nie.

Koöperatiewe vleisbemarking het in albei lande heelwat later ontstaan as ander afsetkoöperasies. Verder het die eerste vleiskoöperasie in Suid-Afrika, ná die eerste een in Nederland tot stand gekom. Die redes hiervoor moet gesoek word in die bederfbaarheid van die produk, die feit dat daar reeds ander afsetorganisasies was wat redelik suksesvol opereer het, Suid-Afrika se ligging en bevolking en die aard van die vleisboer se onderneming. Die eerste twee faktore het dit vir die produsente baie moeilik gemaak om self iets aan te pak en sodoende 'n besparing of 'n groter inkome vir hulself te bewerkstellig, want as gevolg van die bederfbaarheid van vleis vereis slagpalefasiliteite groot bedrae kapitaal, en deur beter pryse aan te bied het die nie-koöperatiewe instansies enige koöperatiewe pogings laat kwyn.

Suid-Afrika se geografiese ligging, oppervlakte en bevolking het koöperatiewe vleisbemarking verder gestrem, aangesien die verbruiksentra ver van die produksiegebiede geleë was.

---

1) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag 1963/64, p. 112.

2) Nationale Coöperatieve Raad, Co-operatie in Nederland, p. 2.

3) Vergelyk: paragraaf 6.1. van hierdie hoofstuk.

4) Vergelyk: paragraaf 3.2.1. van hoofstuk III en paragraaf 3.2.2. van hoofstuk V.

Die vleisboer was en is vandag nog spekulatief ingestel, want anders as die graanboer, kan hy sy produk (diere) verkoop wanneer hy wil. Die vleisboer is dus by magte om sy aanbod oor die hele jaar te versprei, wat die graanboer nie so maklik kan doen nie. Gevolglik verkeer die vleisboer in 'n sterker afdingingsposisie as sommige van sy medeboere, want so lank sy dier nog lewe, kan hy besluit of hy die prys van die spekulant aanvaar of liewers wil wag vir 'n latere aanbod.

Gevolglik kan dit begryp word waarom daar in albei lande, maar veral in Suid-Afrika, aanvanklik beter vordering gemaak is met koöperatiewe veeveilings. Hierdie tipe onderneming het relatief baie minder kapitaal geverg en die risiko was gevolglik baie kleiner.

As gevolg van die geweldige stryd om selfbehoud het die vleisbemarkingskoöperasies in albei lande gepoog om ooreenkomste met hul mededingers te sluit. Die doelstellings was egter so verskillend dat die ooreenkomste van korte duur was. As gevolg van die stryd het die indiwiduele koöperasies besef dat hulle ook moet saamstaan, wat 'n stap in die regte rigting was.

'n Ander gevolg van die feit dat daar sterk nie-koöperatiewe bemarkingsorganisasies bestaan het, was dat die algemene landbou-organisasies koöperatiewe bemarking van vleis daadwerklik gepropageer het.

Wat die struktuur van die vleisbemarkingskoöperasies in die twee lande betref, is dit opvallend dat dit baie van mekaar verskil. So vind ons in Nederland verskeie sentrale vleiskoöperasies, terwyl ons in Suid-Afrika slegs een sentrale ken. Verder verrig sekere wolkoöperasies hier ook sekere vleisbemarkingsfunksies. Dit moet toegeskryf word aan die rol wat geloofsoortuiging in die Nederlandse landbou gespeel het en die ontwikkeling van koöperasies met meervoudige funksies in Suid-Afrika.

Om vergelykende persentasies van die koöperasies se aandeel in die vee- en vleisbedryf in die twee lande te noem is moeilik, aangesien alle syfers nie bekend is nie. Tog weet ons dat koöperasies in Nederland tussen 40 en 50% van alle spek, 23% van die totale slagvarke, 18% van die totale slagkoeie en 6% van die totale slagkalwers hanteer,[1] terwyl die aan-

1) Nationale Coöperatieve Raad, The Co-operative Movement in the Netherlands, p. 48 en Co-operatie in Nederland, p. 2.

deel van die sentrale vleiskoöperasie in Suid-Afrika in die beheerde gebiede op ongeveer 34% te staan kom.[1]

Ten slotte wil ons, sonder om volledig daarop in te gaan, wys op die koöperasies se rol in die bemarking van pluimvee in Nederland.[2] Die aandeel van die twee koöperasies met die 3 fabrieke beloop 15% van die totale slaghoenders en -kuikens.[3] In Suid-Afrika staan ons in dié opsig baie ver agter en sonder om hierop in te gaan, wil ons beweer dat koöperatiewe bemarking van pluimvee in Suid-Afrika moeilik vordering sal maak, as gevolg van die bestaan van groot en gevestigde pluimveeprodusente.

### 3.2.3. Koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte

In albei lande is melk nog altyd as een van die belangrikste voedingsmiddele beskou as gevolg van die vette en eiwitte wat daarin aanwesig is. As gevolg van die bederfbaarheid daarvan en weens die feit dat die kwaliteit daarvan geweldig kan wissel, was die bemarking daarvan, veral teen die einde van die vorige eeu en aan die begin van hierdie eeu, besonder moeilik.[4] Die bederfbaarheid van melk was dan ook die aanleidende oorsaak vir die ontstaan van die eerste suiwelfabrieke. Dit geld vir albei lande, en as gevolg van konflikte of teenstellende belange tussen melkprodusente en fabrikante het die eerste koöperatiewe suiwelfabrieke ontstaan. Sedertdien is die bemarking van suiwelprodukte met behulp van ooreenkomste en ander maatreëls op 'n hegte grondslag geplaas.

Die belangrike plek wat die koöperasies in Nederland beklee ten opsigte van suiwelbemarking is opvallend. In 1964 was daar in Nederland 301 suiwelkoöperasies met 324 fabrieke. Die aandeel van hierdie koöperasies in die totale Nederlandse suiwelproduksie was in 1963 soos volg:[5]

84 persent van die melk wat deur fabrieke ontvang word;

43 persent van die melk wat bestem was vir gewone verbruik;

---

1) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag, 1963/64, p. 112.

2) Vergelyk: Nationale Coöperatieve Raad. The Coöperative Movement, p. 48.

3) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 2.

4) Vergelyk: paragraaf 3.2.3. in hoofstuk III en paragraaf 3.2.6. in hoofstuk V.

5) Nationale Coöperatieve Raad, Co-operatie in Nederland, p. 2.

87 persent van die botterproduksie;

90 persent van die kaasproduksie;

60 persent van die produksie van gekondenseerde melk;

81 persent van alle melkpoeier;

100 persent van kaseïnproduksie;

88 persent van weipoeier en -pasta.

Hieruit blyk duidelik watter sterk posisie die koöperatiewe suiwelfabrieke in Nederland inneem.[1]

Vergelyk ons vervolgens die ontwikkeling van die koöperatiewe afset van melk en melkprodukte in Suid-Afrika en Nederland, kan die volgende punte kortliks aangestip word:

(a) Die ontwikkeling in Nederland dateer uit 'n vroeër datum as dié in Suid-Afrika en die aanvanklike ontwikkeling het in Nederland teen 'n verbysterende tempo plaasgevind. So was daar in 1901 in Nederland reeds 407 suiwelfabrieke - byna 'n honderd meer as vandag.

(b) Die werksgebiede van die koöperatiewe suiwelfabrieke in Nederland is baie beperk in vergelyking met dié in Suid-Afrika. Hiervan getuig die voormelde gegewens.

(c) Die ontstaan en ontwikkeling van 'n groot aantal kleiner koöperasies het in Nederland aanleiding gegee tot 'n behoorlike koöperatiewe struktuur, terwyl dit nie in Suid-Afrika so sterk ontwikkel het nie, wat gedeeltelik toegeskryf kan word aan die bemarkingstelsel wat hier daargestel is, aanvanklik kragtens die Wet op die beheer van die Suiwelnywerheid in 1930, en later onder die Bemarkingswet.

(d) Die belangrike invloed van die Koninklijk Nederlandse Zuivelbond, die federale suiwelkoöperasie in Nederland, waarvan die funksies van administratiewe, organisatoriese, ekonomiese, juridiese en fiskale aard is, is opvallend. So beywer hierdie federale hom vir die gemeenskaplike aankope van benodigdhede vir sy sentrale en plaaslike koöperasies en die daarstelling van kursusse en die afneming van eksamens ten einde die bekwaamheid van

---

1) Die aandeel van die koöperasies in die suiwelbedryf in Suid-Afrika is onbekend en moeilik berekenbaar; tog wil ons konstateer dat die suiwelkoöperasies 'n geweldige stryd teen nie-koöperatiewe organisasies voer. Ons dink byvoorbeeld aan die stryd om bonusse te kan betaal wat daar in 1966/67 ontstaan het.

die personeel van suiwelkoöperasies te verhoog.[1)]

(e) Uit die koöperatiewe struktuur in Nederland blyk verder dat geloofsoortuiging ook op die gebied van die suiwelkoöperasies 'n rol gespeel het, maar dat hierdie faktor nie afbreuk gedoen het aan onderlinge samewerking tussen die koöperasies nie.

(f) Aangesien die Nederlandse boer en dus ook die suiwelkoöperasies sedert die tagtigerjare van die vorige eeu voortdurend met uiters sterk buitelandse mededinging te doen gehad het, terwyl dit in Suid-Afrika feitlik nie die geval was nie, is Nederland wat betref koöperatiewe bemarking van suiwelprodukte, Suid-Afrika voor. In die verband kan 'n deeglike studie van die kostesyfers van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe suiwelfabrieke aantoon waar die fabrieke meer doelmatig bestuur kan word.

(g) Aangesien die werksgebiede van die suiwelkoöperasies in Nederland betreklik klein is, het dit tot gevolg dat die kontak tussen die lede en hul koöperasies bewaar word, 'n toestand wat nie by elke suiwelkoöperasie in Suid-Afrika gevind word nie.

(h) Aangesien melk maklik bederf en dit gevolglik wenslik is dat die afstand tussen die produsent en die verbruiker en dié tussen die produsent en die koöperasie so klein moontlik moet wees, was die werking van die Nederlandse suiwelkoöperasies makliker as dié in Suid-Afrika. Dit moet aan die geografiese ligging van die land, sy grootte en bevolking toegeskryf word.

3.2.4. <u>Koöperatiewe bemarking van wol</u>

Wanneer die bemarking van wol, die ontstaan en die ontwikkeling van die wolkoöperasies in die twee lande nader bekyk word, word ooreenkomste sowel as verskille opgemerk. Die verskille is egter meer opsigtelik.

In albei lande is die wol aanvanklik deur individuele kopers by die produsente opgekoop en die boere is nie op 'n kwaliteitsbasis vergoed vir

---

1) In hierdie verband moet ons daarop wys dat daar gedurende 1967, behalwe die reeds bestaande sentrale, Sacca, 'n sentrale suiwelkoöperasie in Suid-Afrika gestig is om suiwelkoöperasies ten opsigte van gemelde funksies behulpsaam te wees.

hul produk nie. Die eerste wêreldoorlog was egter daarvoor verantwoordelik dat die produsente in Nederland bewus geword het van die belangrikheid van die grondstof wat hulle geproduseer het. So het die Nederlandse wolboere se oë veral oopgegaan toe hulle gedurende die oorlogsjare bewus geword het van die winste wat opkopers gemaak het. Dit was voldoende rede vir hulle om pogings aan te wend om self verdere bemarkingsfunksies te onderneem. Hierdie eerste koöperatiewe pogings is deur ander produsente gevolg, en wel in so 'n mate dat in elke streek waar wol geproduseer is, 'n koöperasie opgerig is met 'n oorkoepelende koöperatiewe wolbemarkingsorganisasie. In Suid-Afrika daarenteen, vind ons drie koöperatiewe wolmakelaars, wat in 'n belangrike mate met mekaar oorvleuel ten opsigte van gebiede en funksies, en mekaar beveg.

As die belangrikste redes vir die voormelde verskil sien ons die volgende: Wol het in die verlede, maar selfs vandag nog, in Suid-Afrika 'n belangriker plek in die landbou beklee as in Nederland. So vorm merinoskape, uitgedruk in grootvee-eenhede, ongeveer 25% van die totale veestapel in die Republiek. Die wolopbrengs van Suid-Afrika beloop ongeveer 300 miljoen pond per jaar wat in geldwaarde sowat 'n tiende van die totale waarde van landbouproduksie uitmaak. Wol is in elk geval, naas goud, die grootste enkele uitvoerproduk van die Republiek. Op grond hiervan en van die feit dat Suid-Afrika dus op internasionale mark met Australië en Nieu-Seeland meeding, is die Wolwet en die Suid-Afrikaanse Wolkommissie daargestel. Laasgenoemde met die funksie om die wolmark te stabiliseer en die Minister te adviseer. Hierdie faktore en ontwikkeling het daartoe gelei dat die wolkoöperasie se bemarkingsfunksie in 'n aansienlike mate ingekort is.

Verder is die streke waar wol in Suid-Afrika geproduseer word so uitgestrek dat dit reeds 'n verbetering sou wees indien die drie bestaande wolkoöperasies gebiedsoorvleueling sou uitskakel. Ons is daarvan oortuig dat indien 'n rasionalisasieskema deur die drie koöperasies aanvaar sou word, dit groot besparings, veral vir die produsent wat tog uiteindelik vir die kostes betaal, kan bewerkstellig. Ons wil hier egter nie breedvoerig op die saak ingaan nie, want dit verg 'n grondige ondersoek, wat hier nie moontlik is nie.

Uit die voormelde is dit reeds duidelik dat ons van mening is dat die

struktuur van ons wolkoöperasies daar baie swak uitsien, en ons sou graag wil sien dat 'n sentrale koöperasie in die lewe geroep word. So 'n sentrale sou, mits dit die volle vertroue van sy lede wegdra en samewerking ontvang, die hele wolbedryf kan rasionaliseer.

Die hele aangeleentheid word natuurlik verder bemoeilik as gevolg van die feit dat twee van die wolkoöperasies se aktiwiteite nie bloot tot wol beperk is nie, maar dat hulle inderdaad, ook kragtens hul statute, met nie-lede en in huishoudelike artikels sake mag doen. Verder het twee van die drie wolkoöperasies ook tot die funksie van vleisbemarking toegetree. Na ons mening het die tyd aangebreek dat hierdie koöperasies moet besef dat hulle hul liewers moet beperk tot hul aanvanklike funksie en probeer om wolbemarking te rasionaliseer.

Die gebied van die een koöperatiewe wolafsetorganisasie in Nederland strek oor die hele land en het 57,000 lede. Dit hanteer 85% van alle wol wat in die land geproduseer word.[1] Die aandeel van die drie wolkoöperasies in Suid-Afrika beloop sowat 70% van alle plaaslike wol.[2]

### 3.2.5. Koöperatiewe bemarking van suiker

Uit die beskrywing van die bemarking van suiker in die twee lande kan afgelei word dat suiker 'n belangrike landbouproduk in albei lande is. In sy primêre vorm is suikerbeet wat in Nederland, en suikerriet wat in Suid-Afrika geproduseer word, nie veel werd nie. Dit moet eers gemaal en in suiker verwerk word. Die ekonomiese produksie van suikerbeet en -riet is dus heeltemal afhanklik van die beskikbaarheid van 'n suikermeule. Die suikermeule op sy beurt is weer afhanklik van 'n deurlopende en konstante voorsiening van die grondstof vir suksesvolle werking. Hieruit is die onderlinge afhanklikheid tussen produsent en fabrikant in die suikerbedryf baie duidelik. Hierdie afhanklikheid kan op sy beurt lei tot 'n teenstelling van belange, tussen die produsent en die fabrikant.[3] As gevolg van die onderlinge afhanklikheid het daar in albei lande gevalle voorgekom waar fabrikante onder sekere voorwaardes bereid was om produsente finansieel te

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 3.

2) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag, 1963/64, p. 112.

3) Vergelyk: paragraaf 3.2.4. van hoofstuk III.

ondersteun. Die doel hiervan was uitsluitlik om te verseker dat die grondstof aan die betrokke fabriek gelewer word. Verpligte lewering deur produsente was gevolglik glad nie vreemd in die suikerbedryf nie.

Vir die verwerking van die grondstof bestaan daar in elk van die lande verskeie koöperatiewe asook nie-koöperatiewe fabrieke. In Nederland is daar ongeveer ses van elk, terwyl daar in Suid-Afrika in 1966 19 suikermeulens was, waarvan 16 publieke maatskappye, 2 koöperasies en 1 'n familiesaak was.

Uit hierdie syfers is dit opvallend hoe swak die suikerkoöperasies in Suid-Afrika staan in vergelyking met die suikerkoöperasies in Nederland. Die aandeel van die vier suikerkoöperasies, met hul ses fabrieke, in Nederland beloop sowat 63%[1] teenoor die skaars meer as 10%[2] van die koöperasies in Suid-Afrika. Hierdie toedrag van sake is moeilik te verklaar, maar ons wil beweer dat hoofsaaklik die gebrek aan kapitaal by die Suid-Afrikaanse suikerprodusente in vergelyking met die kapitaalkragtigheid van ander instansies wat bereid was om hul geld in hierdie rigting te waag, die ontstaan en ontwikkeling van suikerkoöperasies in ons land ontmoedig of gestrem het. Hierdie rede moet ook as die basiese oorsaak vir die swak strukturele ontwikkeling in Suid-Afrika gesien word in teenstelling met die goeie koöperatiewe struktuur van die suikerbedryf in Nederland.

In albei lande vind ons dat daar goeie samewerking tussen die koöperasies en nie-koöperatiewe suikerfabrieke bestaan. So bestaan daar in Nederland noue samewerking in die Instituut vir die rasionalisasie van die suikerproduksie en in Suid-Afrika vind ons goeie samewerking in die Suid-Afrikaanse suikervereniging, die Suid-Afrikaanse suikerrietkwekersvereniging, die Suid-Afrikaanse suikermeulenaarsvereniging en die Navorsingstasie van die Suid-Afrikaanse suikervereniging.

Wat die bemarking betref, moet ons ten slotte daarop wys dat ons anders as wat in Nederland die geval is, 'n suikerwet het en gevolglik verrig die koöperasies nie die bemarkingsfunksie nie.

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 2.

2) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag, 1963/64, p. 112.

### 3.2.6. Koöperatiewe bemarking van eiers

Uit die beskrywing van die eierkoöperasies in die betrokke twee lande,[1] kan enkele ooreenkomste en heelwat verskille opgemerk word. Dit is inderdaad slegs die toestande wat in die twee lande geheers het voordat daar besluit is om gesamentlik op te tree wat dieselfde was. Hiermee bedoel ons dat die produsente in albei lande aanvanklik hul produkte aan die plaaslike winkelier of smous verkoop het. Hierdie toestand word in 'n mate vandag nog aangetref. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat daar in albei lande nog altyd 'n groot aantal boere was wat nie in die produksie van eiers vir bemarking gespesialiseer het nie. Hierdie boere het slegs 'n beperkte aantal henne aangehou met die uitsluitlike doel om selfvoorsienend te wees. Hierdie produsente het nooit die behoefte intens genoeg aangevoel om koöperatief op te tree nie. Hierdie feit was ook daarvoor verantwoordelik dat daar in Suid-Afrika op 'n betreklike laat stadium eers begin is om afsetkoöperasies vir eiers te stig.

Wat die verskille betref, wil ons hier kortliks wys op 'n paar. Die eierkoöperasies in Suid-Afrika tree eintlik aanvullend tot die eierbeheerraad op, wat oor statutêre magte beskik en wat die koöperasies in staat stel om op 'n gesonde grondslag sake te doen. Hieruit is dit duidelik dat die eierkoöperasies in Suid-Afrika nie by magte was om ordelike bemarking te reël en die eierbedryf te stabiliseer nie. Ons wil nie nader hierop ingaan nie. Eerder wil ons die aandag daarop vestig dat die instelling van 'n beheerraad een van die oorsake is waarom ons nie in Suid-Afrika die hegte struktuur verkry het wat in Nederland ontstaan en ontwikkel het nie. 'n Ander rede vir die hegte struktuur in Nederland is dat, soos by ander kommoditeite, die onderskeie godsdienstige groepe elk hul eie koöperasies gestig het. Hierdie koöperasies het nadat hulle op die uitvoermark onderling meegeding het, tot die besef gekom dat hul een organisasie moet stig in hulle eie belang.

Koöperatiewe optrede in hierdie bedryf staan in Suid-Afrika ver agter by die koöperatiewe beweging in Nederland. Gedagtig aan wat die eierkoöperasies in Nederland gedoen het om die produsent se posisie op die mark

---

1) Vergelyk: paragraaf 3.2.5. van hoofstuk III en paragraaf 3.2.9. van hoofstuk V.

te verbeter, meen ons dat koöperatiewe optrede in Suid-Afrika besliste voordele aan lede kan bied. In dié verband dien dit vermeld te word dat die pluimveebedryf hom in die besonder tot kontrakboerdery of vertikale integrasie leen. Die samesnoering van kleiner produsente in koöperasies bied die beste verskansing hierteen asook teen die mededinging van die besonder groot produksie-eenhede wat in hierdie bedryf aangetref word.

Wat geslagte pluimvee betref, bestaan daar in Suid-Afrika geen koöperatiewe organisasie nie, behalwe die vir volstruisprodukte.[1]

Verder is dit interessant om daarop te let dat daar in Suid-Afrika selfs sogenaamde graankoöperasies is wat aansienlike hoeveelhede eiers hanteer.[2] Dit is iets wat 'n mens net nie in Nederland vind nie.

Die 18 eierkoöperasies (waarvan 4 koöperasies 83% van die omset vir eie rekening neem) in Nederland hanteer ongeveer 23% van die totale aantal verhandelbare eiers.[3]

3.2.7. Koöperatiewe bemarking van aartappels

Opvallend uit die beskrywing van die koöperatiewe bemarking van aartappels in Suid-Afrika en Nederland, is eerstens die feit dat Nederland in dié verband verder gevorderd is as Suid-Afrika. Hierdie feit is selfs duidelik wanneer die huisvrou aartappels by die handelaar aankoop; wanneer die rol van die aartappelverwerkingskoöperasies in gedagte gehou word en wanneer die struktuur van hierdie koöperasies nagegaan word. Dit moet veral aan die mededinging van die aangrensende lande en die ander aartappelfabrieke toegeskryf word. Tweedens bestaan daar in Suid-Afrika nog feitlik onbeperkte moontlikhede vir koöperatiewe bemarking van aartappels. Die doeltreffende werking van die koöperasies sal egter voortdurend belemmer en gestrem word deur die onbeheerbare faktore wat 'n belangrike rol in die produksie en gevolglike aanbod en die verbruikstendens speel. Juis om hierdie rede is aartappelpryse betreklik gevoelig vir veranderings in die aanbod.

---

1) Vergelyk: paragraaf 3.2.2. van hierdie hoofstuk.

2) Drakensberg Koöperasie Beperk te Bethlehem.

3) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 3. Die aandeel van die eierkoöperasies in Suid-Afrika is onbekend.

Die aandeel van die 15 Nederlandse koöperasies, met hul 13 fabrieke, in die verwerkte aartappels is 89%, terwyl die 13 koöperasies wat tafelaartappels verkoop 15% van die totaal en 37% van die moere hanteer het.[1]

### 3.2.8. Koöperatiewe bemarking van groente, sagtevrugte en blomme

Samevattend kan gesê word dat die veilingswese op die gebied van tuinbouprodukte in Nederland sterk en goed georganiseerd is en dat dit aan die tuinbouprodusente 'n belangrike beskerming bied by die prysvorming van hul produkte en dus van deurslaggewende betekenis is vir die tuiniersbestaan. Die aandeel van die koöperatiewe veilings in die verhandelbare varsprodukte beloop vir groente 99 persent, vir blomme 73 persent en vir vrugte 95 persent.[2]

Dit is duidelik dat 'n markpolitiek soos hierdie slegs effektief is wanneer alle tuinbouprodukte op 'n mark aangevoer word deur 'n enkele organisasie. Gedurende die ekonomiese depressie, toe die fondse benodig vir die handhawing van die minimum prysbeleid deur die owerheid verskaf is, het die owerheid hierdie politiek ondersteun deur tuinbouprodusente te verplig om hul produkte via 'n veiling te verkoop, afgesien of hulle lede was of nie. Hierdie verpligting is egter sedertdien verlig deur die feit dat produsente toegelaat is om ook buite die veiling te verkoop, hoewel dié transaksie aan die veilings gerapporteer moet word.

Hierteenoor laat die koöperatiewe bemarking van groente en sagtevrugte nog veel veld vir ontwikkeling in Suid-Afrika. Almal is bewus van die noodsaaklikheid om 'n eweredige distribusie van groente en vrugte vanaf die produsente na die verskillende markte te bewerkstellig, maar tot dusver kon nog nie besluit word hoe dit die beste gedoen kan word, watter organisasievorm daardie funksie behoort te onderneem, en hoe hierdie organisasie bestuur en beheer moet word nie. Die mislukkings in die verlede het die moontlike oplossing verder bemoeilik.

In die eerste plek kan ons aanvoer dat 'n sentrale kantoor wat by voorkeur op die markte verteenwoordig is, wat daagliks ingelig staan oor die be-

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland, p. 3.

2) Ibid.

hoeftes van die onderskeie markte, en wat op grondslag van hierdie inligting die produsente kan meedeel in watter verhoudings die markte gevoer moet word, noodsaaklik is.

Dit is klaarblyklik onprakties vir so 'n sentrale kantoor om daagliks of selfs weekliks met die duisende produsente in bogenoemde verband te skakel en daarby kom die verdere probleem dat die individuele produsente onder geen verpligting verkeer om aan die versendinginstruksies gehoor te gee nie. Dit is gevolglik noodsaaklik dat die produsente hulself in plaaslike eenhede organiseer en verbind. Die funksie van die plaaslike kantoor sal wees om die inligting omtrent die versendings wat sy produsente beskikbaar sal hê, te versamel en in totaal aan die sentrale kantoor te verskaf, en om die versendinginstruksies vanaf die sentrale kantoor te ontvang en tussen sy lede te verdeel en toe te sien dat dit uitgevoer word. In dié verband is die produsente onvoldoende georganiseerd. Op die oomblik tree hulle individualisties op. Elkeen stuur aan die mark en/of die agent waar hy reken die beste pryse behaal sal word. Tot tyd en wyl die produsente tot die besef wil kom dat die enkele of uitsonderlike gevalle waar 'n agent aan hom 'n beter prys besorg as 'n ander, gewoonlik "bewerkstellig" word en derhalwe van 'n tydelike of kunsmatige aard is, en tot tyd en wyl die produsente daartoe opgevoed is om die bemarking van hul produkte aan een kanaal of organisasie toe te vertrou, sal die huidige onbevredigende toestande op markte voortduur.

Die kernvereiste is egter die vertroue in die organisasie wat gekies word, 'n vertroue dat die beste pryse vir die besondere besending onder die omstandighede verkry sal word.

Aangesien die koöperatiewe bemarking van groente, sagtevrugte en blomme in Nederland suksesvol uitgevoer word, terwyl dit hier in Suid-Afrika nog nie in staat was om voet aan wal te kry nie, moet bepaalde faktore bestaan wat enersyds verantwoordelik was vir die sukses en andersyds stremmende invloed uitoefen wat betref die daarstelling en uitbreiding van sulke koöperasies in Suid-Afrika.

Nederland wat geleë is tussen ekonomies hoogontwikkelde en koopkragtige lande, is wat oppervlakte betref baie klein en dit beskik oor 'n relatiewe groot bevolking, wat ook self oor voldoende koopkrag beskik. Hierteenoor is die geweldige groot en dunbevolkte Suid-Afrika ver van die groot konsumpsie-

gebiede geleë. Verskeie sake wat hieruit voortvloei en wat deeglik invloed op die ontwikkeling van varsproduktekoöperasies uitoefen, moet dus gemeld word. As die kern van die aangeleentheid moet die verskil in die toestande waarin die onderskeie produsente verkeer, gesien word.

Aangesien Nederland so 'n klein landjie is wat oppervlakte betref en Suid-Afrika aan die ander kant in dié verband weer so groot is, en wanneer die onderskeie bevolkings in gedagte gehou word, is dit maklik om te verstaan dat daar 'n verskil in die produksie- en bemarkingsomstandighede moet bestaan.

Eerstens vestig ons die aandag op die grootte van die bedryfseenhede. In Nederland vind ons nie alleen dat die tuinboubedrywe slegs ongeveer vyf akker beslaan nie, maar ook dat die omstandighede waaronder geproduseer word, soos byvoorbeeld klimaatsfaktore, op almal feitlik dieselfde uitwerking het. In Suid-Afrika loop die groottes van die bedryfseenhede sterk uiteen en omdat die geografiese liggings van hierdie bedrywe baie ver uitmekaar is en in verskillende klimaatstreke geleë is, verkeer al die produsente dus nie in dieselfde situasie nie. Ons dink byvoorbeeld aan die groot groenteprodusente, in die Oos-Transvaalse Laeveld en die klein produsente in die onmiddellike omgewings van die dorpe of selfs binne stede. Hierdie groot produsente se behoefte om saam te werk met kleiner produsente is gering omdat dit by hulle meer 'n kwessie van prestige is wat ten alle koste behou moet word. Hierdie feit het nie in Nederland so pertinent in die weg van samewerking gestaan nie.

Tweedens wil ons die verskil in die afstand waaroor die produkte vervoer moet word voordat dit op die mark geplaas kan word, noem. Hoewel in die omstreke van die groot verbruikersentra aansienlike hoeveelhede varsprodukte geproduseer word, moet die grootste gedeelte van hierdie produkte oor groot afstande vervoer word nieteenstaande daling van die kwaliteit daarvan. Die kern van hierdie probleem, wat in Nederland in 'n mindere mate ondervind word, is egter geleë in die beperkte vraag wat in Suid-Afrika ondervind word. Dit is op sy beurt te wyte aan: eerstens die relatiewe klein verbruikersbevolking van die land, en tweedens die beperkte vraag na hierdie goedere waarvan die verbruikselastisiteit hoog is, wat veroorsaak word deurdat die grootste deel van die bevolking se koopkrag relatief laag is en hulle

smaak en voorkeur beperk is. Gevolglik is die meeste produsente ver van die markte en moet hulle hul produkte laat bemark deur agente of versend na markte waarvan die toevoer onbekend is.

Derdens moet in gedagte gehou word dat die bemarkingsprobleme van die eintlike produsente in Suid-Afrika aansienlik bemoeilik word deurdat baie van die kleinhandelaars en algemene verbruikerspubliek vir groot gedeeltes van die jaar as't ware selfonderhoudend is.

Vierdens is navorsingswerk in Suid-Afrika in verband met die minder bekende markte en ander afsetmoontlikhede vandag van groot belang. Daar word byvoorbeeld gedink aan die reëling van bestellings van handelaars, groente- en vrugteklubs en ander plaaslike groot verbruikers, soos hospitale en ander instansies in dorpe waar markte wel bestaan of nie bestaan nie. Dit is byvoorbeeld algemeen bekend dat baie produkte op die groot markte deur groothandelaars gekoop word om gereelde bestellings op die platteland uit te voer.

Vyfdens, die ernstige leemte wat vandag nog bestaan, naamlik die gebrek aan doeltreffende markfasiliteite op die meeste munisipale markte in Suid-Afrika, aan standaard-gradering en aan verpakking. Hierdie leemte staan regstreeks in die pad van verpoeling en dus koöperasie. Daar is egter produsente wat vir hulself naam gemaak het en wie se name en etikette feitlik 'n handelsmerk geword het, en hulle produkte is gevolglik in groot aanvraag en behaal relatiewe hoë en bestendige pryse. Die probleem ontstaan dan dat hierdie produsente nie daarmee gediend sou wees om hul identiteit prys te gee, selfs nie in die geval van 'n behoorlike graderingstempel nie.

Om veral die voormelde redes en die redes reeds genoem,[1] kan ons nie sien dat die ideale bemarkingstelsel vir vars produkte in Suid-Afrika bereik sal word nie.

Ten slotte wil ons ook noem dat daar as gevolg van die aard van die bedryf in Suid-Afrika ook 'n behoefte bestaan aan koöperatiewe verwerking van surplusprodukte. Produsente ondervind in hierdie bedryf verder heelwat finansieringsprobleme as gevolg van die ongeorganiseerde aard en onbe-

---

1) Vergelyk: paragraaf 3.2.14. van hoofstuk V.

stendigheid in die pryse van die bedryf. Indien daar koöperasies bestaan het, sou die verskaffing van produksiekrediet deur die Landbank aan kredietwaardige boere geen probleme opgelewer het nie.

3.2.9. Samevatting

(a) Wat die afsetkoöperasies oor die algemeen betref, kan ons sê dat koöperasies ontwikkel het ooreenkomstig die verskillende landboubedrywe in elke land. So speel die graankoöperasies in Suid-Afrika 'n belangriker rol in vergelyking met die graankoöperasies in Nederland.

(b) Wat die koöperatiewe bemarking van vleis betref, het ons gesien dat hierdie koöperasies heelwat later as die ander ontstaan het; dat hulle 'n voortdurende stryd om selfbehoud gevoer het; dat die verwerking van vleis baie kapitaal vereis; dat Suid-Afrika se geografiese ligging, oppervlakte en bevolking koöperatiewe vleisbemarking gestrem het, en dat die vleisboer nog altyd spekulatief ingestel was. Die struktuur van die vleiskoöperasies in die twee lande verskil in die sin dat ons in Suid-Afrika een sentrale koöperasie het, wat landswyd optree, terwyl daar in Nederland verskeie sentrales bestaan.

(c) Die aanvanklike ontwikkeling van die suiwelkoöperasies in Nederland het teen 'n verbysterende tempo plaasgevind. Daar bestaan vandag nog oor die 300 van hierdie koöperasies in Nederland en hulle gebiede is klein, in vergelyking met die beperkte aantal susterkoöperasies in Suid-Afrika. Anders as in Suid-Afrika het geloofsoortuiging ook in die verband 'n rol gespeel.

(d) Wol is in albei lande eers deur opkopers van die boere gekoop, en die redes vir die oprigting van die koöperasies was dieselfde. Die ontwikkeling van koöperatiewe bemarking van wol het in Nederland nie in ooreenstemming met die ontwikkeling van koöperasies in ander bedrywe geskied nie, want daar bestaan vandag slegs een wolkoöperasie met ongeveer 57,000 lede. In Suid-Afrika het ons drie wolkoöperasies, waarvan twee landswyd optree en by magte is om enigiets aan enigiemand te verkoop, wat 'n ongewenste toestand is.

(e) In Nederland bestaan daar eweveel koöperatiewe en nie-koöperatiewe suikerfabrieke, terwyl slegs twee van die negentien suikermeulens in Suid-Afrika koöperatief is.

(f) In Nederland bestaan daar hegte samewerking tussen die agtien eierkoöperasies, terwyl die enkele eierkoöperasies in Suid-Afrika slegs saamwerk in sover hulle aanvullend tot die eierbeheerraad optree.

(g) In Suid-Afrika bestaan daar nie koöperatiewe aartappelfabrieke nie, terwyl 89% van die aartappels wat in Nederland verwerk word deur die 13 koöperatiewe fabrieke gedoen word.

(h) Koöperatiewe groente-, sagtevrugte- en blommeveilings is in Nederland goed georganiseerd. Hierteenoor laat die bemarking van varsprodukte in Suid-Afrika veel te wense oor.

(i) In die algemeen kan ons daarop wys dat die werksgebiede van al die koöperasies, behalwe die wolkoöperasie in Nederland klein is in vergelyking met die koöperasies in Suid-Afrika. Dit moet toegeskryf word aan die intensiewe boerdery in die klein en digbevolkte land. Geloofsoortuiging het verder in Nederland 'n baie belangrike rol gespeel. Aan die ander kant moet die invloed van die Bemarkingswet by die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika in gedagte gehou word.

Volledigheidshalwe moet ook na die Federale Landboukoöperasie van Suid-Afrika Beperk verwys word. Hierdie koöperasie tesame met koöperasies in Nieu-Seeland, Australië en Rhodesië, is die aandeelhouers in die Overseas Farmers' Co-operative Federation Limited in Brittanje. Hierdie koöperasie het die behartiging van sy lede se belange met betrekking tot die bemarking en die aankoop van landboubenodigdhede ten doel.

Die Federale Landboukoöperasie vervul op die oomblik feitlik geen funksie nie. Al voordeel wat hy aan sy lede bied, is in die vorm van 'n bonusverdeling wat hy op sy beurt van die oorsese koöperasie ontvang. Ons is van mening dat die Federale Landboukoöperasie hom nie met die sentrale aankoop of vervaardiging van benodigdhede moet bemoei nie, maar 'n belangrike funksie in die distribusie van landbouprodukte moet vervul. Die presiese aard van die funksie kan bepaal word deur nadere ondersoek. Op die oog af wil dit voorkom asof die Federale Landboukoöperasie 'n funksie te vervul het as 'n Federale Distribusie-organisasie in die binneland en/of as Bemarkingsnavorsingsorganisasie in die buiteland.

## 3.3. Diensverlenende koöperasies

### 3.3.1. Kredietkoöperasies

Die opkoms van landboukoöperasies in Nederland val saam met die struktuurverandering in die landbou na die landboukrisis in die laaste kwart van die negentiende eeu. Voor die oorskakeling na veeboerdery, veredelingsproduksie en arbeidintensiewe landbou, is die behoefte aan vaste en lopende bedryfskapitaal aangepas aan die eie struktuur van die land- en tuinbou.

Die omstandighede was dus teen die eeuwisseling baie gunstig vir die ontwikkeling van die landboukredietwese. Die landbou is gedurende daardie jare selfs al hoe meer in die ruilverkeer ingeskakel; die konjunktuur was aan die styg; die behoefte aan bedryfskapitaal het steeds groter geword; daar was geen ander gunstige kredietmoontlikhede nie en die gees van samewerking was uitstekend.

Die koöperatiewe banke was in 'n baie sterk posisie, danksy die getroue ondersteuning van sy lede en doeltreffende beheer en bestuur daarvan. Die betekenis van hierdie koöperasies blyk uit die volgende aanhaling:[1) ]
"There can be no doubt that the farmers' credit banks have made a considerable contribution towards improving the position of the farmer. They have made the farmers independent of loans from traders and industralists, thereby freeing them from the onerous-conditions previously attached to borrowing." Nederland is voorwaar baie ver gevorderd op dié terrein van koöperatiewe kredietinstellings. In Suid-Afrika het die toestand ten opsigte van krediet heeltemal anders ontwikkel. Die kernoorsaak hiervoor is die feit dat die grondslag om in die kredietbehoeftes van boere te voorsien, heeltemal anders gelê is. Hier het die owerheid by wyse van 'n spesifieke wet die inisiatief geneem en die Landbank daargestel. Eers in 1954 is daar 'n sentrale landboukredietkoöperasie gestig en die rol wat dit speel is minimaal - omdat die inisiatief van "bo" (die Suid-Afrikaanse Landbou-unie) en nie van "onder" (die lede) uitgegaan het.

Een van die funksies van die Landbank is om gelde aan landboukoöperasies voor te skiet. Die Landbank se lenings aan die koöperasies is tweërlei

---

1) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 21.

van aard en word onderskei as (a) paaiementslenings en (b) kaskredietlenings.[1]

Eersgenoemde lenings word vir die daarstelling van vaste bates, wat hoofsaaklik bestaan uit skure en opbergingsfasiliteite vir graan, ensovoorts, toegestaan. Kaskredietlenings word aan koöperasies toegestaan om korttermynkrediet te verskaf vir finansiering van die hantering en/of bemarking van produkte, verwerking van primêre produkte, lewering van dienste aan lede en verskaffing van boerderybenodigdhede. Dit sluit dus die maak van voorskotte teen gelewerde produkte in en die finansiering van beheerde produkte wat ten behoewe van beheerrade hanteer word. Die Landbank se voorskot kom te staan op die produsenteprys of 'n sekere persentasie daarvan. Waar die Landbank koöperasies finansier vir die hantering van onbeheerde produkte, maak hy 'n voorskot wat deur hom as redelik beskou word. Dit is 'n voorwaarde van sulke voorskotte dat die produkte by wyse van 'n poel bemark word. Koöperatiewe diens soos die veiling van vee, haelassuransie en grondbewaringswerke, word in 'n mate deur die Landbank gefinansier. Die Landbank gee ook lenings aan koöperasies om aan landbouprodusente korttermynkrediet te verskaf vir die aankoop van saad, kunsmis, graansakke, verpakkingsmateriaal en ander benodigdhede. Geen lening word egter toegestaan vir kredietverskaffing aan lede ten opsigte van gereedskap, onderdele en ander dergelike boerderybenodigdhede nie. Voorrade van al hierdie goedere wat die koöperasies dra, word egter deur die Landbank gefinansier, gebaseer op 'n redelike persentasie van die normale gemiddelde voorrade wat gehou word. Die Landbank handhaaf 'n inspeksiediens by die koöperasies wat deur hom gefinansier word. Dit stel die Landbank in staat om beheer uit te oefen en hierdie diens word oor die algemeen deur koöperasies verwelkom. In hierdie verband is daar noue samewerking tussen die Landbank en die Registrateurskantoor.

In Nederland speel die boereleenbanke (beide plaaslike en sentrale koöperasies) 'n besonder belangrike rol by die verskaffing van krediet, nie alleen aan individuele boere nie, maar ook aan die plaaslike en die sentrale koöperasies, vir die inname van produkte en die verskaffing van

---

1) Vergelyk: Engelbrecht, J.F. Die rol van die Landbank by die finansiering van landboukoöperasies.

benodigdhede en dienste.[1] Hierdie metode sal steeds die aangewese toestand bewaar, aangesien dit voortdurend die mees simpatieke houding teenoor koöperasies inneem en dit die beste insig het in die aard van hul probleme en behoeftes. Gedurende die moeilike tye sal die koöperatiewe kredietbank besondere aandag skenk en finansiële advies gee, wat vir die plaaslike koöperasie van groot waarde is en die belange van die hele koöperatiewe beweging beskerm. Waar krediet ook binne die koöperatiewe sfeer betrek word, is dit ook 'n gesonder ontwikkeling as die gebruik van staats- of semi-staats-instellingsfasiliteite. Die verwyt van begunstiging deur die staat wat finansiering betref, kan dan ook nie teenoor die koöperasies gemaak word nie. Verder is die kapitaalbehoeftes van die koöperasies ook minder deurdat boereleenbanke die produksiekrediet van individuele boere finansier.

As die belangrikste faktor wat tot die stadige uitbreiding van die Sentrale Landboukredietkoöperasie in Suid-Afrika aanleiding gegee het of wat verantwoordelik was vir die feit dat die boere hulle nie self vanaf die ontstaan van koöperasie begewe het in 'n eie krediet- of bankorganisasie nie, sien ons die gebrek aan 'n behoefte aan 'n eie organisasie. Hiermee bedoel ons dat die Landbank maar altyd daar was om na te hardloop in tye van nood en dat die Landbank altyd gretig is was om te help. Die boer en sy koöperasie het hulle mettertyd daarop verlaat dat die Landbank hul eie organisasie is wat hulle altyd en te eniger tyd moet help finansier, maar wat hulle nie altyd en te eniger tyd bereid was om sover moontlik te ondersteun nie. Van die geleentheid vir die landboukoöperasies om self die voorbeeld te stel van wat hulle van hul lede verwag is dus nie gebruik gemaak nie.

Dikwels hoor 'n mens die argument dat daar vir die landbou "nog altyd voldoende kredietfasiliteite in Suid-Afrika beskikbaar was." Ons kan nie hiermee saamstem nie. Indien daarby bedoel word dat daar voldoende krediet aangebied is as die boer maar net wou rondval, is dit gedeeltelik waar. Die vorm en geskiktheid van die fasiliteite was egter vanaf die vroegste tye 'n bron van ergenis. Die behoefte aan spesiale kredietinstellings

---

1) Vergelyk: Van Campen, Ph. C.M. De financiering van landbouwcoöperaties. In Co-operatie, Aug. 1953, p. 103: "Voor zover niet over eigen financiële middelen wordt beschikt, worden de aanvullende leningen praktisch geheel verstrekt door het georganiceerde coöperatieve landbouwkrediet", en Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie .... op. cit., p. 36 en 37.

is ook hier gevoel en dit het onder andere tot die benoeming van die 1933-kommissie[1) gelei. Hierdie kommissie het onder andere bevind dat koöperasies reeds op daardie stadium 'n belangrike rol gespeel het in die voorsiening aan hul lede van bemarkings- en produksiekrediet en die koöperasies is toe reeds die pandreg verleen.[2) Hierdie pandreg moet in verband gebring word met die koöperasie-lede-verhouding en die verpligting van die lid om sy produk aan die koöperasie te lewer. Die pandreg van koöperasies is beperk tot slegs basiese en direkte produksiemiddele, soos omskryf in die koöperatiewe wet.[3) Volgens ons mening gaan dit hier oor noodsaaklike produksiemiddels, en dit is niks minder as reg nie dat daarvoor eerste betaal word uit die opbrengs van die betrokke oes. Dit het die belangrike voordeel vir die lid dat hy by vereffening van sy oesskuld verseker is van produksiekrediet vir sy volgende oes en vir die koöperasie lei dit tot omsetverhoging.

Die feit dat ons in Suid-Afrika slegs een gespesialiseerde landboufinansieringsinstelling naamlik die Landbank het, is daarvoor verantwoordelik dat (a) die spesiale omstandighede wat in die landbou geld, byvoorbeeld die aard van die risiko, die lengte van die termyn, die aard van die sekuriteite, die dringendheid en selflikwiderende vermoë van lenings, nie op 'n gespesialiseerde wyse in aanmerking geneem kan word nie, en (b) dat geen diskriminasie in die algemene ekonomiese beleid ten gunste van of teen hierdie besondere sektor met sy besondere omstandighede moontlik is nie.

Die stelling wat hierbo gemaak word, kan goed verduidelik word aan die hand van die verloop van sake gedurende die afgelope twee jaar. Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding het gedurende hierdie periode in 'n ernstige inflasionistiese situasie ontwikkel waarin dit dringend noodsaaklik was om die omvang van kredietverlening in die volkshuishouding te verminder. Terselfdertyd het die landbou gebuk gegaan onder een van die grootste droogtes

---

1) Kommissie om ondersoek in te stel na koöperasie en landboukrediet.

2) Ingevolge Wet 23 van 1933.

3) Artikel 96 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings.

van hierdie eeu en was 'n uitbreiding in kredietverlening in hierdie sektor dringend noodsaaklik.

Diskriminasie ten gunste van die landbou sou ongetwyfeld veel makliker gewees het indien gespesialiseerde instellings vir landboukrediet onder hierdie omstandighede bestaan het.[1)]

Belangrike beslissings waartoe landbouleiers in Suid-Afrika sal moet kom, is:

(a) Is dit noodsaaklik vir die gesonde funksionering van die Suid-Afrikaanse landbousektor om gespesialiseerde kort- en mediumtermynkredietinstellings in die lewe te roep?

(b) Indien die antwoord hierop positief is, moet vervolgens besluit word of sodanige instellings semi-staatsinstellings moet wees, byvoorbeeld die uitbouing van die Suid-Afrikaanse Landbank; of dit bestaande instellings moet wees - byvoorbeeld die uitbouing van ons bestaande handelsbanke; en of dit 'n nuwe koöperatiewe instellings moet wees (min of meer op die basis van die toestand in Nederland en/of die V.S.A.).

Ons wil die gevolgtrekking maak dat dit wenslik is om te beweeg in die rigting van die daarstelling van gespesialiseerde landboukredietinstellings, want daar bestaan inderdaad 'n leemte aan middel- en korttermynkrediet aan die koöperasies en deur laasgenoemde aan die boer.[2)]

Sonder om breedvoerig daarop in te gaan wil ons net daarop wys dat die huidige bankwet nie die stigting van 'n koöperatiewe kredietinstelling moontlik maak nie.

Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie se Koöperatiewe Raad ondersteun die gedagte en skenk reeds aandag aan 'n moontlike koöperatiewe kredietinstelling; daarom bespreek ons die aangeleentheid hier nie verder nie.

---

1) In 1966/67 moes die Suid-Afrikaanse Landbou-unie byvoorbeeld verantwoordelikheid aanvaar vir 'n lening wat deur die Vleisraad beskikbaar gestel is vir voervervaardiging en -verspreiding.

2) Die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede wat in 1967 sy verslag uitgebring het, sien die hoofleemte van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe beweging as "die afwesigheid van 'n koöperatiewe bankwese" - paragraaf 528 van die kommissie se verslag.

3.3.2. <u>Versekeringskoöperasies</u>

Indien die ontwikkeling van die koöperatiewe versekeringswese in die twee betrokke lande vergelyk word, moet daar ook in hierdie geval tot die gevolgtrekking gekom word dat die ontwikkeling in Nederland baie meer gevorderd is as dié in Suid-Afrika. Verder blyk dat die risikos bepaal word deur die tipe boerdery wat beoefen word en dat die ontwikkeling op die terrein van koöperatiewe versekering op dieselfde grondslag in elke land geskied het as wat die ontwikkeling op die ander terreine waar die koöperatiewe ondernemingsvorm inslag gevind het, geskied het. Vergelyk byvoorbeeld die 250 brandkoöperasies en die meer as 1,000 veefondse in Nederland met die een sentrale- en vier plaaslike versekeringskoöperasies in Suid-Afrika. Die feit bly egter staan dat hierdie koöperasies soveel voordele inhou vir hul lede dat daar steeds met die verdere uitbouing daarvan voortgegaan word, hoewel die versekeringskoöperasies in Suid-Afrika in die verlede en tans nog telkens teen praktiese probleme stuit. Een hiervan was die kwessie van herversekering.

In 1966 het daar op die terrein van versekering twee sake opgeduik. Eerstens is Sentrakas, ons sentrale versekeringskoöperasie, op vertoë van verskeie instansies toegelaat om deel te word van die elf konsortium-maatskappye wat verpligte derdeparty versekering behartig. Hierdie feit hou twee belangrike implikasies in, naamlik dat hierdie koöperasie hierdeur verplig is om nie-lede te bedien, en verder dat hy nie alleen moontlike eise dra nie, aangesien die betrokke elf maatskappye gelyk in die poel van winste en verliese deel. Tweedens is daar die afgelope twee jaar aansienlike vordering gemaak met die daarstelling van 'n omvattende oesversekeringskema. Ten tye van die skryf hiervan is die skema nog nie gefinaliseer nie en dit is moeilik om te sê op watter wyse so 'n skema geloods gaan word. Een of ander van die bestaande versekeringskoöperasies moet 'n aktiewe rol daarin speel.

Verder moet daarop gewys word dat daar geen goeie samewerking tussen die versekeringskoöperasies in Suid-Afrika bestaan nie. Wanneer daar begin sou word met 'n omvattende oesversekeringskema sal 'n funksionele skeiding gemaak moet word en koöperatiewe versekering moet dan op 'n hegte grondslag geplaas word.

Een terrein van versekering wat in Nederland wel koöperatief onderneem word en wat in Suid-Afrika nog heeltemal braak lê is die daarstelling van 'n

gesamentlike koöperatiewe skema vir ouderdoms- en pensioenfondse vir koöperatiewe amptenare.

Hierdie aangeleentheid is in die jongste tyd te berde gebring en na 'n voorlopige ondersoek het dit geblyk dat die groter koöperasies nie belangstel in 'n groepspensioenskema nie, maar dat koöperasies met slegs 'n paar amptenare wel in so 'n skema belangstel. Die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Amptenare Vereniging Beperk het vervolgens op versoek van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie op die moontlikheid van so 'n skema ingegaan en 'n skema word tans in samewerking met een van die groot versekeringsmaatskappye aangebied. Ons is nietemin van mening dat 'n verdere poging aangewend behoort te word om 'n eie koöperatiewe skema daar te stel in belang van die duisende amptenare in diens van die koöperatiewe beweging. Ook dit verg 'n deeglike ondersoek en ons kan nie nou hier verder daarop ingaan nie.

## 4. Die eksterne struktuur van die landboukoöperasies

### 4.1. Inleiding

In hoofstukke III en V het ons gesien dat die landboukoöperasies nie as sodanig in die landbou los staan nie. In Nederland en Suid-Afrika bestaan daar 'n skakeling tussen koöperasies onderling, maar ook tussen die koöperasies en sekere ander instansies, soos byvoorbeeld ten opsigte van die landbou-unies en die owerheid, deur middel van beheer- of koördinerende liggame.

### 4.2. Kritiese beskouing en gevolgtrekkings

Die koöperatiewe struktuur in Nederland kom basies ooreen met dié in Suid-Afrika insover 'n mens ook plaaslike, sentrale en federale koöperasies daar aantref.

In die eksterne organisasie van die landboukoöperasies in Nederland bestaan daar egter weinig uniformiteit, veral wat betref die skakeling tussen landboukoöperasies onderling en die onderskeie landbou-organisasies. Hierdie feit maak die eksterne organisasie moeilik oorsigtelik. Die spontane ontwikkeling van die koöperasies in Nederland het hoofsaaklik bygedra tot hierdie ietwat ingewikkelde beeld van vandag, maar aan die ander kant was die spontane ontwikkeling ook verantwoordelik vir die mate van samewerking veral in soverre dit die sentrale en federale koöperasies betref. Die boere

is verder immers deel van die volk en besit dus ook die eienskappe van die volk, ook wat die geloofsoortuiging betref. Die koöperatiewe ontwikkeling in Nederland moet gevolglik ook teen dié agtergrond gesien word. Soos reeds telkens daarop gewys, is afsonderlike koöperasies opgerig ten behoewe van die twee hoof-geloofsgroepe, naamlik die Katolieke aan die een kant en die nie-Katolieke aan die ander kant. Laasgenoemde groep sluit dus die Protestantse en die nie-kerklike groepe in. Die noue samewerking tussen die koöperasies moet deels aan die stryd tussen die twee kerklike groepe toegeskryf word.[1)]

In Suid-Afrika het daar nooit so 'n intense stryd op kerklike gebied gewoed nie en het die eendersdenkendes nie so doelbewus bymekaar gestaan met die bedoeling om die "gevaar" saam te beveg nie.

Terwyl die plaaslike koöperasies in Nederland dus baie nou skakel aan hul onderskeie sentrale koöperasies, is dit slegs die geval in 'n paar bedrywe. in Suid-Afrika. Die plaaslike koöperatiewe wynkelders skakel byvoorbeeld baie nou saam met die Koöperatieve Wijnbouwers Vereniging Beperkt. Dit is ook die geval met die vleiskoöperasies, met hul sentrale naamlik Vleissentraal; met die sitruskoöperasies met die Sitrusbeurs, en met die tabakkoöperasies met Sentabak. Aan die ander kant het ons die graan-, suiwel-, wol-, lusern-, katoen-, aartappels- en die groente- en sagtevrugte-koöperasies.

Die meeste van die landboukoöperasies in Suid-Afrika skakel egter regstreeks met die betrokke liggame wat deur wetgewing of proklamasie daargestel is, onder andere die betrokke beheerrade. Deurdat baie van die koöperasies egter meer as een produk van sy lede hanteer, hou dit in dat 'n koöperasie ook met meer as een sodanige instansie skakel. Daar landboukoöperasies hulle ook bemoei met die verskaffing van allerlei dienste, is dit soms wenslik dat die koöperasies ook met ander instansies moet affilieer. So kan dit gebeur dat die Minister goedkeuring verleen dat 'n koöperasie mag lid word van die Landbou-ekonomiese Vereniging of die Grondbiologiese Vereniging.

---

1) Tog vind 'n mens dat byvoorbeeld 'n Katoliekgesinde as bestuurder van 'n Protestantse koöperasie optree en dat daar geen kwessie van 'n sogenaamde <u>gevoel</u> daaromtrent is nie.

Ook skakel die meeste van die landboukoöperasies in Suid-Afrika nou met die Landbank, wat toegeskryf moet word aan die afwesigheid van 'n goeie koöperatiewe kredietstruktuur, soos ons reeds in die voorafgaande paragraaf gesien het, en met die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings en die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Laasgenoemde twee verdien spesiale vermelding. Ongelukkig bestaan daar in Nederland, afgesien van die Nationale Coöperatieve Raad, nie soortgelyke liggame nie en kan 'n vergelyking in dié verband dus nie getref word nie. Dit wil nie sê dat sommige van die funksies wat deur die Registrateur van koöperasies met sy personeel uitgevoer word, nie ook in Nederland verrig word nie. Een van die redes waarom daar in Nederland nie 'n soortgelyke kantoor as die Registrateurskantoor in Suid-Afrika, bestaan nie, is die feit dat die Nederlandse koöperatiewe wet nie so in besonderhede soos ons wet opgestel is nie en dat die uitvoering van die Nederlandse wet dus baie makliker is.

Behalwe dat die Registrateurskantoor moet sorg dra dat die bepalings van ons koöperatiewe wet nagekom word, is dit vandag ook sy taak om die kanse op sukses van 'n voorgestelde koöperasie te beoordeel; om deur inspeksie seker te maak dat die bepalings van die koöperatiewe wet en dat wat die owerheid as goeie "koöperatiewe praktyk" beskou, byvoorbeeld die uitskakeling van oorvleueling en gelyke bonusse, nagekom word, en om aanbevelings oor die interne beleid te maak.[1) In Nederland oefen sentrale koöperasies in 'n mindere of meerdere mate toesig en beheer uit oor die plaaslike koöperasies in hulle bedryfstak en gee hulle voorligting oor tegniese, administratiewe en finansiële sake. Die ontwikkeling in Nederland is na ons mening meer gesond want dit versterk die selfstandigheidsgevoel en vrywaar die beweging teen kritiek in dié opsig. Ons is dus van mening dat ons koöperatiewe beweging groter selfverantwoordelikheid moet aanvaar.[2) Ons sentrales het egter nog nie daardie trap van ontwikkeling bereik nie omdat die staat dit deur die beheerrade, die Landbank en die Registrateurskantoor onnodig gemaak het. Indien die koöperatiewe beweging die nodige vir die interne doelmatigheid van die koöperasies self wil doen, staan hy voor 'n

1) Vergelyk: paragraaf 4.4. van hoofstuk V.

2) Die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede ondersteun hierdie gedagte, paragraaf 552.

keuse, naamlik om die bestaande sentrales uit te bou en/of nuwes te stig om in hierdie behoefte te voorsien, of om 'n selfstandige sentrale liggaam daar te stel, soos wat in Duitsland gebeur het. Ons gaan hier nie nader op die aangeleentheid in nie, maar as daar besluit sou word op 'n sentrale liggaam, is ons tog van mening dat die staat bereid moet wees om hierdie liggaam kragtens wet tot stand te bring en lidmaatskap van koöperasies aan hierdie liggaam as voorwaarde vir registrasie te stel.

Aan die ander kant moet ons dit duidelik stel dat ons daarvan oortuig is dat die Registrateurskantoor moet bly voortbestaan om die registrasie van koöperasies waar te neem, en om te sorg vir die nakoming van die koöperatiewe wet en die hou van statistiek insake die koöperatiewe ontwikkeling, omdat dit funksies is wat by die staat tuishoort.

Wat die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en die Nationale Coöperatieve Raad in Nederland betref, moet ons daarop wys dat hul hoofdoelstelling dieselfde is, naamlik die beskerming en uitbouing van die koöperatiewe gedagte en die behartiging en bevordering van lede se belange. In hierdie doelstelling is vir ons voldoende bestaansregverdiging vir hierdie liggame, en na ons mening doen hulle ook inderdaad goeie werk, veral as kontak tussen die owerheid en die individuele koöperasies. Nietemin is ons daarvan oortuig dat hierdie liggame se werksaamhede verder uitgebou moet word. Aangesien ons hier nie op besonderhede wil ingaan nie, bespreek ons dit nie nader nie. Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie ondersteun hierdie gedagte en het reeds in beginsel besluit om sy koöperatiewe afdeling uit te bou. Drie ander sake verdien egter in hierdie verband vermelding.

Eerstens het ons in Suid-Afrika 'n Koöperatiewe Advieskomitee wat onder voorsitterskap van die Registrateur vergader en wat die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking adviseer oor sake rakende koöperatiewe aangeleenthede. Indien daar sou besluit word om groter selfstandigheid aan die koöperatiewe beweging oor te dra en die aktiwiteite van die Registrateurskantoor te beperk, soos reeds aan die hand gedoen, sal daar weer na die noodsaaklikheid vir die voortbestaan en/of die samestelling van die komitee gekyk moet word.

Tweedens het ons in Suid-Afrika ander liggame wat dieselfde doelstelling as die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het,

maar wat daargestel is om die belange van koöperasies in 'n bepaalde gebied te behartig. So het ons in Transvaal die Transvaalse Koöperatiewe Raad en die Sirkel van die Transvaalse Koringkoöperasies, in die Vrystaat die Sirkel van Vrystaatse Koöperasies, in Natal die Koöperatiewe Komitee, in die Kaapprovinsie die Koöperatiewe Kamers van die Oostelike en die Ooskus-Landbou-unies, en die Koöperatiewe Wynkelderskomitee. Daarby ontmoet ander koöperasies in streke ook van tyd tot tyd om sake van gemeenskaplike aard te bespreek. Al hierdie liggame skakel nou met die betrokke landbou-unies wat op hul beurt nou met die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie saamwerk. Sonder om die werksaamhede van hierdie liggame wat sterk uiteenloop, nader te beskryf, maar om tog 'n antwoord te gee op die vraag of hierdie liggame 'n bestaan regverdig, wil ons beweer dat hierdie liggame 'n baie belangrike behoefte kan vervul indien dit reg saamgestel en ontwikkel word. So moet dit byvoorbeeld dien as kanaal om gedagtes en idees oor te dra, en toesien dat dit aandag geniet en waar moontlik uitgevoer word.

Derdens het ons in Suid-Afrika een Instituut vir Koöperasiewese, terwyl daar in Nederland ses Institute bestaan, benewens die sogenaamde Coöperatiediensten van de regionale Katolieke boere- en tuiniersbonden. Hierdie institute spits hul veral toe op navorsing, opleiding en voorligting ten opsigte van koöperasiewese. Gedagtig daaraan dat ons koöperasies meer selfstandig moet optree, is ons van mening dat die Instituut vir Koöperasiewese uitgebou moet word sodat dit inderdaad leiding aan individuele koöperasies, maar in die besonder aan die sentrale koöperasies en/of die te gestigte sentrale, sowel as aan die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, kan gee.

## 5. Die interne organisasie van die landboukoöperasies

### 5.1. Inleiding

Die funksie van die koöperasie is om die lede se bedrywe op ekonomiese wyse te dien.[1] Ons het reeds gesien dat hierdie funksie verskil-

1) Hiermee wil ons geensins te kenne gee dat nie-ekonomiese faktore geen rol by die oprigting speel nie; inteendeel, die geskiedenis toon dat dit wel van belang was. Ons wil dit egter duidelik stel dat die koöperatiewe organisasievorm primêr aangegryp word om ekonomiese doeleindes te bereik.

lende vorme kan aanneem, byvoorbeeld die aankoop van benodigdhede, bemarking van produkte of die verskaffing van dienste. Die koöperasie tree eintlik as 'n verlengstuk van die lede-ondernemings op in die ekonomiese verhoudings van die lede en wel as 'n tussenskakel. Die verhouding van die lede tot hul koöperasie is dus besonder nou, maar dit is ook van fundamentele belang. Hiervan hang dit af of die koöperasie sal staan of val.

Benader ons die situasie van die kant van die lede, sien ons dat dit die lede is wat besluit oor die wenslikheid van die oprigting. Dit is dus die lede wat ook moet bepaal watter spesifieke funksie(s) die koöperasie sal verrig, hoe dit sal fungeer, hoe elkeen sy stem sal uitbring, wat die reëling is by toe- en uittrede, of dit ook met nie-lede sake sal doen, hoe die finansiering sal plaasvind, hoe beheer uitgeoefen moet word, wat leweringsen afnamepligte is, en dies meer.[1] Die lede sal dit egter nie altyd met mekaar eens wees wanneer daar probleme in hierdie verband opduik nie en om hierdie rede gaan lede 'n ooreenkoms met mekaar aan, wat die basis vorm van die hele samewerking. Dié ooreenkoms staan bekend as die statuut van die koöperasie.

Uit bovermelde blyk ook dat 'n koöperasie 'n tweeledige karakter besit deurdat dit tegelykertyd 'n onderneming en 'n vereniging van persone is. Hierdie dualisme bring bepaalde moeilikhede mee. Aan die organisatoriese opbou van 'n onderneming word naamlik ander eise gestel as aan dié van 'n vereniging. Hierdie feit verklaar waarom die interne organisasie van die koöperasie 'n vraagstuk is, waaromtrent die opvatting dikwels sterk uiteenloop. Terwyl sommige die klem op die karakter van die vereniging lê, is ander geneig om groter betekenis aan die eise van 'n koöperasie as 'n onderneming toe te ken.

Ons sal vervolgens die aandag weer eens bepaal by die ooreenkoms wat die lede aangaan en enkele sake wat daaruit voortvloei aan die hand van die onderskeie wette in elke land.

### 5.2. Die statute van die koöperasies

In Nederland en Suid-Afrika vorm die statuut die basis waarop die lede van elke koöperasie hulle verbind in 'n vereniging en dit vorm die

---

1) Tans speel koöperatiewe wetgewing ook 'n belangrike rol hierin.

basis waarop die vereniging, die selfstandige koöperasie, sy aktiwiteite of sy doelstellings sal probeer bereik. Die bepalings in die statuut moet baie sorgvuldig omskryf word, ten einde misverstand en onsekerheid sover moontlik uit te skakel. Die belangrikheid hiervan word in albei lande en deur alle persone wat die gesonde ontwikkeling van koöperasie op die hart dra, ten volle besef.

Die onderskeie wette maak herhaaldelik melding van wat in die statuut bepaal moet word, maar die wette maak ook voorsiening ten einde enige tekortkominge in die statuutbepalings aan te vul. Die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet is ook in dié verband baie meer volledig.

Dit is onmoontlik om hier al die ooreenkomste en verskille tussen die statute van koöperasies in Nederland en Suid-Afrika te behandel. Dit is trouens, selfs onmoontlik om die statute van twee soortgelyke koöperasies in elk van die betrokke lande volledig te vergelyk. Tog wil ons noem dat die bepalings in breë trekke ooreenkom.

5.3. Toe- en uittrede

Die koöperatiewe bewegings in Nederland en Suid-Afrika word gekenmerk deur die toepassing van die beginsel van vryheid, dit wil sê die vryheid om toe te tree of om uit die koöperasie te tree.

Hierdie vryheid is duidelik vervat in die onderskeie wette wat in elke land van toepassing is, maar in hierdie wette is ook beperkende maatreëls vervat. So bepaal artikel 11 van die Wet op de Coöperatieve Verenigingen van 1925 onder andere dat oor die toelating van 'n applikant deur die bestuur (direksie in Suid-Afrika) beslis word, dit wil sê 'n persoon is nie outomaties lid nadat hy aansoek gedoen het nie. Indien so 'n persoon afgewys word deur die "bestuur", besit hy kragtens die voormelde artikel die reg om hom op die algemene vergadering te beroep. In artikel 12 van die genoemde wet word voorsiening gemaak dat sekere voorwaardes of beperkings op uittrede gelê mag word deur die statuut, maar daar word uitdruklik bepaal dat bedanking slegs aan die einde van die boekjaar mag geskied of ten minste kan dit alleen geskied met inagneming van 'n termyn van vier weke.

Ingevolge artikel 5 van ons Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, is niemand behalwe 'n persoon wat vir eie rekening in die Republiek boerdery beoefen, hetsy alleen of saam met iemand anders of in verband met 'n ander

besigheid, beroep of bedryf, bevoeg om lid van 'n landboumaatskappy of vereniging te word nie. Dit is aangebring om homogeniteit te bewerkstellig. Verder is 'n deur die Minister goedgekeurde persoon wat landbouprodukte en lewende hawe hanteer, behandel of van die hand sit, of 'n deur die minister goedgekeurde landbou-assosiasie, bevoeg om lid van 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid te word.

Verder bevat die statute ook 'n voorsiening dat die raad van direkteure enige aansoek, sonder die opgaaf van redes, van die hand kan wys en in Suid-Afrika kan so 'n persoon hom nie regstreeks op die algemene vergadering beroep nie.

Die bevoegdheid tot die stel van voorwaardes is niks nuuts nie en bestaan reeds vanaf die ontstaan van koöperasies in die onderskeie lande. Die noodsaaklikheid hiervan kan gevind word in die verskille in omstandighede, byvoorbeeld behoefte aan grondstowwe, aan krediet vir 'n lang termyn, ensovoorts. Hierdie en dergelike omstandighede kan 'n beperking van die aantal bedankings per jaar, die verbeuring van aandeelgelde en miskien die betaling van 'n boete by uittrede gewens maak. Voorwaardes wat uittrede absoluut onmoontlik maak kan nie as wenslik beskou word nie. Die voorwaardes moet in ooreenstemming met die doel en strekking van die onderneming wees. Verder is dit wenslik dat die aansoek om lidmaatskap, kennisgewing van aanname of afwysing en die bedanking, of uitsetting, of skorsing, skriftelik moet geskied. Hierdie feit is ook in die onderskeie wette en statute vervat.

Gesien van die kant van stigterslede, dat gelykgerigte doelstellings nagestreef moet word en dat medelede beskerm moet word, moet ons ook tot die slotsom raak dat sekere voorwaardes by toe- en uittrede as noodsaaklik beskou moet word.

X 5.4. Verkeer met nie-lede

Aangesien 'n koöperatiewe onderneming 'n vereniging is van persone, impliseer dit in beginsel dat die aktiwiteite daarvan eintlik tot sy lede beperk behoort te wees. Daar mag egter omstandighede voorkom wat sake met nie-lede mag regverdig en om hierdie rede word in die onderskeie wette voorsiening in dié verband gemaak.

Die Wet op de Coöperatieve Verenigingen, 1925, bepaal in artikel 1(2) daarvan dat 'n koöperasie nie sy essensiële karakter verloor indien sy statuut

bepaal dat die aktiwiteite tot derde persone uitgebrei word nie.

Die bepalings wat toelaat dat landboukoöperasies òf sonder meer òf met ministeriële goedkeuring sake met nie-lede dryf, is vervat in artikels 6(1)(v), 6(2), 7(2), 9, 10, 90, 97(5) en 102 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, soos gewysig. As voorbeeld van die bepalings noem ons artikel 6(2) van genoemde wet wat bepaal dat behoudens sekere bepalings, geen koöperatiewe landbouvereniging of maatskappy met die produkte of lewende hawe van iemand wat nie lid van daardie vereniging of maatskappy is, mag handel of aan so iemand boerderybenodigdhede of dienste mag verstrek of lewer nie, of, behalwe vir lewering aan sy lede, van so iemand produkte, of lewende hawe mag koop nie, tensy die minister skriftelik daartoe toestemming verleen het en wel onder voorwaardes en vir solank as wat hy mag bepaal. Uit die aard van hierdie voorsienings moet grondige redes, waarom dit noodsaaklik is dat die dienste ook aan nie-lede gelewer moet word, dus aangevoer word.

Ons wil nie hier volledig op alle aspekte ingaan nie, maar wil tog standpunte oor 'n paar aangeleenthede inneem.

Eerstens noem ons die sogenaamde artikel 57-koöperasies. Hierdie koöperasies het aanvanklik as gewone maatskappye sake gedoen. In 1922/23 is hulle onder artikel 57 van die destydse koöperatiewe wet toegelaat en het nie hul statute in ooreenstemming met die koöperatiewe beginsels en bepalings wat op die ander koöperasies van toepassing was, gebring nie. In die eerste plek is hierdie koöperasies wat nog nie die koöperatiewe statuut aanvaar het nie, ingevolge hul statute by magte om enige goedere te verskaf of aktiwiteite te onderneem. In die tweede plek is hulle statutêr by magte om vryelik met nie-lede sake te doen. Tans word alle moontlike pogings aangewend om hierdie maatskappye oor te haal om waarlik koöperatief en in ooreenstemming met die algemeen erkende beleid hulle aktiwiteite te wysig en voort te sit, wat ons graag wil ondersteun.

Tweedens wil ons meld dat, soos ons reeds herhaaldelik gesien het, landboukoöperasies wat 'n produk hanteer ingevolge 'n skema van die Bemarkingswet ook verplig is om die produkte van persone wat nie lede is nie, te ontvang.

Hierdie aangeleentheid is moeilik te versoen, veral as in gedagte gehou

word dat die lede van koöperasies bydra tot byvoorbeeld die finansiering van opbergingsfasiliteite en dat hierdie fasiliteite dan ook tot die beskikking (gerief) van nie-lede gestel moet word. Die probleem doen hom veral in tye van goeie oeste voor, wanneer dit kan gebeur dat nie-lede die fasiliteite in so 'n mate kan beset dat lede wat die oprigting daarvan moontlik gemaak het, nie van die fasiliteite (geriewe) gebruik kan maak nie. Vir die ekonomiese voortbestaan van die Suid-Afrikaanse beheerraadstelsel is dit ook wenslik dat landboukoöperasies, as agente van die betrokke beheerraad, geen onderskeid tussen lede en nie-lede moet maak nie. Ons is van mening dat die koöperasie vry moet wees om te besluit of sulke fasiliteite slegs tot lede se beskikking gestel word al dan nie, en dat indien die koöperasie ook die produkte van nie-lede moet hanteer, dit vir alle doeleindes (byvoorbeeld ten opsigte van belasting) as ledebesigheid beskou moet word, want dit word van buite op hom afgedwing. Hierdie gevolgtrekking is ook van toepassing op, byvoorbeeld, die handel met persone wat as gevolg van die landsbeleid nie lede van blanke koöperasies kan word nie (die verskaffing van benodigdhede aan nie-blankes).

Derdens verdien die sogenaamde spesiale koöperatiewe boeremaatskappye in Suid-Afrika vermelding. In artikel 7 van ons koöperatiewe wet word vir hierdie soort koöperasies voorsiening gemaak. Hulle mag met vreemdes eweveel transaksies, na die omset gemeet, as met hulle lede aangaan.[1) ] Vir hierdie soort koöperasies is in 1939 op aanbeveling van die 1934-kommissie[2)] voorsiening gemaak. Dit is gedoen om veral die verwerkingskoöperasies, in staat te stel om 'n gereëlde toevoer van grondstof te hê. In hierdie verband wil ons by die beginselstandpunt bly dat 'n koöperasie slegs met lede sake behoort te doen, want verkeer met nie-lede bring 'n ontaarding van die koöperasie mee en dit veroorsaak wrywing tussen koöperasies en nie-koöperatiewe ondernemings. Praktiese probleme kan opduik, soos byvoorbeeld in die geval van verwerkingskoöperasies, en daarom is ons van mening dat die lede van 'n koöperasie moet kan besluit of hulle slegs lede-

---

1) Ook in ander opsigte mag hierdie koöperasies van die ander koöperasies verskil. So mag hulle ingevolge artikel 7(1)(p) van ons koöperatiewe wet vir eie rekening handel dryf en hulle lidmaatskap is nie tot bona fide boere beperk nie, kragtens artikel 5(2) van ons koöperatiewe wet.

2) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, paragrawe 1061-2 en 1091-6.

besigheid gaan doen al dan nie; met dien verstande dat indien daar met nie-lede besigheid gedoen word, daardie deel van die besigheid nie aanspraak kan maak op begunstiging, byvoorbeeld ten opsigte van belasting, nie. Ons gaan nie nader hierop in nie. Elke geval behoort egter volgens meriete oorweeg te word en nie-ledebesigheid tot binne perke kan as billik beskou word. Indien hierdie benadering gehuldig word, is spesiale voorsiening in die koöperatiewe wet vir spesiale koöperatiewe boeremaatskappye nie nodig nie.[1]

5.5. Finansiering

Talle van die koöperasies in Nederland het hul werksaamhede begin sonder dat daar oor voldoende eie kapitaal beskik is. Die oorsaak hiervan is te vinde in die feit dat die boere deur die landboukrisis swaar getref is en gevolglik self in finansiële moeilikhede gedompel was. Soms is daar egter doelbewus nie van lede verwag om gelde in die koöperasies te belê nie, omdat daar geglo is dat potensiële lede nie daardeur ontmoedig moes word nie. Die benodigde kapitaal is dan geleen, waarby die onbeperkte aanspreeklikheid van lede as waarborg gedien het. Moeilikhede as gevolg van hierdie afhanklikheid van nie-belanghebbende persone, het dikwels voorgekom en het die lede soms meer as ooit tevore in finansiële verleentheid laat beland.

Verskeie van die grotere koöperasies, onder andere die fabrieke, het daarna probeer om aandele onder lede uit te gee, om sodoende in 'n deel van die kapitaalbehoefte te kon voorsien. Op hierdie aandele is 'n vaste rente uitgekeer terwyl daar as 'n reël lewerings- of afnameplig aan verbonde was. Ook die aanspreeklikheid het verband gehou met die aantal aandele wat 'n lid besit. Oordrag van aandele was as 'n reël slegs moontlik na die toestemming van die "bestuur" van die vereniging verkry is.

Naas die aandelekapitaal ken 'n mens ook die sogenaamde ledekapitaal of eie fondse. Dit ontstaan deurdat jaarliks 'n gedeelte van die oorskot nie tot lede se krediet aangesuiwer word nie, dog as 'n tegoed iewers in die rekening bygeskrywe word.

---

1) Die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede ondersteun hierdie gedagte, paragrawe 878 - 887 en andere, sowel as aanbevelings 48 en 57.

Namate die boereleenbanke ontstaan en ontwikkel het, is die probleem ietwat verlig, deurdat hierdie boereleenbanke tesame met hul sentrale in 'n groot behoefte voorsien het.

In die geval van landboukoöperasies in Suid-Afrika, moet wat die finansiering en kredietverlening betref, in die eerste plek gewys word op die rol van die onderskeie owerhede sedert die aanvangsjare van die koöperatiewe beweging. Die owerhede het van die begin af 'n aktiewe rol in dié verband gespeel, wat as die vernaamste faktor vir die gebrek aan doeltreffende koöperatiewe fasiliteite beskou word.

Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, die statuut van die koöperasie en die beleid wat die Minister volg by goedkeuring van die statuut en enige wysigings kragtens artikel 16(1) en 19(2) van die koöperatiewe wet, bepaal die bevoegdhede van landboukoöperasies met betrekking tot finansiering en kredietverlening.

Ingevolge paragraaf (f) van artikel 15 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings moet die statuut die wyse meld waarop die kapitaal van die koöperasie opgeneem of verkry sal word.

In dié verband meld die statute van koöperatiewe landbouverenigings met onbeperkte aanspreeklikheid dat die vereniging geen vaste kapitaal hoef te hê nie en dat die fondse vir die werksaamhede van die vereniging verkry word:

(a) uit lenings aangegaan en

(b) op enige ander wyse, waarby die algemene reserwe ingesluit is.

Die statute van die koöperasies met beperkte aanspreeklikheid, bepaal dat die aandelekapitaal van die maatskappy die nominale waarde van die aandele is wat van tyd tot tyd uitgereik is, en nie ingetrek of verbeur is nie, en verder dat die nodige fondse verkry word deur:

(a) die uitreiking van aandele aan bevoegde applikante;

(b) lenings aangegaan, en

(c) fondse verwerf, insluitende die reserwes.

Artikels 6(1)(p) en 7(1)(q) van die voormelde Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet verleen aan landboukoöperasies die spesifieke doel om geld op lening op te neem vir enigeen van hul wettige doeleindes en hul roerende of onroerende

eiendom vir dié doel te verbind, 'n doelstelling wat in die statute van elke koöperasie inbegrepe is.

Landboukoöperasies is dus vry om geld van enige bron te leen, soveel as wat hul kredietwaardigheid en enige beperkings kragtens ander wetgewing, soos die Suid-Afrikaanse bankwet, toelaat.

Voortspruitende uit die aanbevelings van die 1934-kommissie is wetlike voorsiening gemaak vir die opneem van geld by wyse van die uitreiking van obligasies, en artikels 26 tot 29 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939, bepaal die prosedure wat in dié verband gevolg moet word. Weinig indien enige, maak hiervan gebruik. Moontlike redes hiervoor is dat dit 'n vreemde vorm is waarteen opgesien word, in vergelyking met die bestaande makliker fasiliteite.

'n Verdere finansieringsmiddel is die opneem van deposito's of lenings van lede. Hier is die bepalings van die Suid-Afrikaanse bankwet egter van toepassing.

Die uitstel wat krediteure aan koöperasies verleen, is in Suid-Afrika ook 'n bron van finansiering, veral in die geval van die boerderybenodigdhede-voorrade.

Die eie middele waaroor koöperasies in Suid-Afrika beskik ten einde hul aktiwiteite te finansier, bestaan uit of kan aangevul word deur:

(a) Die aandelekapitaal wat kragtens artikel 24(1) van die koöperatiewe wet nie vasgepen is nie.

(b) Die uitreiking van bonusaandele waarvoor in die statute voorsiening gemaak word.

(c) Verpligte aandeelhouding, ten opsigte waarvan artikel 15(3)(b) van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet bepaal dat lede kragtens statute verplig kan word om aandele te besit tot 'n bedrag wat in verhouding staan tot die gebruik wat hulle van die koöperasie maak.

(d) Aandele met voorwaardelike aanspreeklikheid wat uitgereik kan word. Die meeste statute bevat tans hierdie voorsiening. Dit word slegs in uitsonderlike gevalle gedoen.

(e) Die algemene gebruik dat koöperasies 'n deel van hul surplus opsy kan sit op reserwerekenings, met uiteenlopende benamings en doeleindes.

(f) Onverdeelde surplusse.

(g) Ledefondse, dit wil sê fondse wat ingevolge die statute van die koöperasie gestig is waarvolgens lede gekrediteer word met bydraes wat hulle moet maak of bedrae aan hulle toegewys. Die Ledebelange-, Ledeheffings-, Roterende Ledeheffings- en Uitgestelde Bonusbetalingsfonds is die belangrikste van die ledefondse.

Op nadere besonderhede in verband met die voorafgaande word nie ingegaan nie, aangesien finansiering van koöperasie tot koöperasie verskil en deur verskeie faktore beïnvloed word en dus besondere aandag, wat binne die bestek van hierdie werk nie moontlik is nie, vereis. Ten slotte wil ons slegs daarop wys dat die finansieringsprobleem in Suid-Afrika moeiliker as dié in Nederland is, aangesien die koöperasies in ons land oor die algemeen meervoudige funksies vervul.

5.6. Aanspreeklikheid van lede

Ingevolge artikel 3 van die Wet op de Coöperatieve Verenigingen, 1925, moet in die naam van die koöperasie 'n aanduiding wees omtrent die wyse waarop die aanspreeklikheid van die lede vir die verbintenisse gereël is. Die Nederlandse koöperatiewe wet gee dan ook 'n riglyn in hierdie verband, naamlik indien lede onbeperk en vir gelyke dele aanspreeklik is, die sogenaamde "wettelijke aansprakelijkheid"(W.A.), geld kragtens die statute 'n ander reëling, staan dit bekend as "gewijsigde aansprakelijkheid" (G.A.) en is daar in die statuut opgeneem dat die aanspreeklikheid uitgesluit is, val dit onder "uitgesloten aansprakelijkheid" (U.A.).

Ingevolge artikel 20(1) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, is dit 'n voorwaarde van lidmaatskap van 'n koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid, dat al sy lede gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir betaling van die skulde en verpligtings van die koöperasie, onderworpe aan sekere voorbehoudsbepalings. Ingevolge artikel 20(2) van die koöperatiewe wet word bepaal dat die aanspreeklikheid van bestaande lede of gewese lede beperk is tot:

(a) betaling van die nominale waarde van die aandeel of aandele deur hom besit;

(b) enige voorwaardelike aanspreeklikheid ingevolge die statute;

(c) betaling van 'n bedrag wat 'n lid ingevolge die statute van die maat-

skappy verplig word om by te dra tot die terugbetaling van 'n lening.

5.7. Stemreg van lede

Ingevolge artikel 21 van die Nederlandse koöperatiewe wet het alle lede toegang tot die algemene vergadering en het hulle daar, as die statuut dit nie anders bepaal nie, elkeen een stem.

Artikel 38 van ons Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, bepaal dat in geval van 'n koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid lede hul stemme in eie persoon moet uitbring en elke lid slegs een stem het. Artikel 39 van die voormelde wet bepaal dat in geval van 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid en 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, elke lid een stem het, maar dat die statuut daarvoor voorsiening kan maak dat elke lid geregtig is op hoogstens vier addisionele stemme volgens die waarde van die sake wat hy/sy met die maatskappy gedoen het gedurende 'n bepaalde tydperk. Verder kan lede in laasgenoemde geval en by 'n hoofdelike stemming hul stemme in eie persoon of, indien deur die statute gemagtig, deur middel van 'n gevolmagtigde uitbring, mits laasgenoemde lid van die maatskappy is of lid is van 'n instansie wat lid is van die maatskappy, met dien verstande verder dat niemand op 'n vergadering as gevolmagtigde van meer as sewe lede kan optree nie.

In albei lande word daar dus van die vroeëre idee dat elke lid slegs een stem moet hê, afgewyk. Ons is van mening dat die koöperatiewe wet slegs 'n maksimum aantal stemme moet neerlê sodat 'n paar lede nie die koöperasie kan beheer nie, maar dat die lede vry moet wees om te besluit op watter basis stemme toegeken sal word.

5.8. Beheer en bestuur

Uit wat tot sover gesê is, is dit duidelik dat die funksie van die koöperasie is om die lede te dien as aanvulling by hulle bedrywe. Dit is dus logies dat die lede die koöperasie beheer. Hiermee bedoel ons dat die lede die finale seggenskap het oor die bestaan en beleid van die onderneming.

In Nederland en Suid-Afrika is dit die lede wat besluit oor die wenslikheid van die oprigting, hoe die koöperasie sal fungeer, hoe die finansiering sal plaasvind en wanneer die bestaan van die koöperasie beëindig sal word.

Die wyse waarop die lede beheer oor die koöperasies uitoefen is deur hul stemme uit te bring op die algemene vergaderings. Die magte van die algemene vergadering word egter beperk deur die koöperatiewe wet en die statuut — dit is in albei lande die geval. Verder is die bevoegdheid van die algemene vergadering in Nederland en Suid-Afrika beperk deur die bevoegdhede wat aan die raad van direkteure en ander gegee is. Die onderskeie koöperatiewe wette gee egter wel sekere bevoegdhede aan die algemene vergadering. Die belangrikste van hierdie bevoegdhede is; die kies van direkteure (en in Nederland ook die sogenaamde "raad van commissarissen"); die behandeling en goedkeuring van jaarrekenings en ander verslae; die aanwending van surplusse; die magtiging van sekere lenings; die wysiging van die statuut en die ontbinding van die koöperasie.

Die algemene beheer van die koöperasie word in Nederland en Suid-Afrika deur die raad van direkteure uitgeoefen. Hulle word, soos reeds gesê is, op die jaarlikse algemene vergadering gekies. Artikel 26 van die Nederlandse koöperatiewe wet bepaal egter dat 'n ander wyse van benoeming in die statuut voorgeskryf kan word, mits dit deur die lede geskied — dit is nie in Suid-Afrika moontlik nie. Verder bepaal artikel 26 van die Nederlandse koöperatiewe wet dat tensy die statuut anders neerlê, bestaan die direksie uit vyf persone, wat uit hulle midde 'n voorsitter, 'n sekretaris en 'n penningmeester aanwys. Artikel 30 van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet bepaal dat die aantal direkteure minstens drie moet wees en dat geen persoon bevoeg is om 'n direkteur te wees nie, tensy hy lid van die koöperasie is of by die sentrale en federale koöperasies, 'n lid is van 'n koöperasie wat lid is van die sentrale of federale.

Die raad van direkteure kan in Nederland en Suid-Afrika namens die koöperasie al die regte en bevoegdhede uitoefen en al die verpligtings nakom van die koöperasie, maar is daarin gebind deur verskillende beperkings. Die vernaamste is die statuut van die koöperasie waarin daar reeds sekere doelstellings bepaal is en magte en pligte van die direksie omskryf word. 'n Verdere beperking is die besluite van die lede op die algemene vergaderings en die bepalings van die onderskeie koöperatiewe wette. Dit is egter die plig van die direksies van koöperasies in albei lande om die bepaalde beleid in die praktyk uit te werk en toe te pas — met behulp van die nodige

amptenare.[1]

6. Ander knelpunte

Ons sal nie hier poog om 'n volledige bespreking van al die aangeleenthede te gee nie, maar slegs 'n paar knelpunte in ons koöperatiewe beweging sal kortliks genoem word.

6.1. Die kontak tussen die lid en sy koöperasie

Hierdie aspek moet as baie belangrik beskou word, aangesien die lojaliteit van die lid teenoor sy koöperasie en dus ook die sukses van die koöperasie in 'n aansienlike mate hiervan afhang.

In Nederland is die gebiede van die individuele koöperasies baie beperk in vergelyking met die gebiede wat deur die meeste landboukoöperasies in Suid-Afrika bedien word. Gevolglik is die afstande tussen die lede onderling en tussen die lede en die hoof-besigheidsplek van die koöperasies as sodanig klein. Dit hou dus in dat die lede mekaar feitlik almal persoonlik ken en/of ten minste dat elke lid sy naaste direkteur persoonlik ken en/of dat elke lid in baie gevalle die bestuurder van sy koöperasie persoonlik ken. Hierdie feit het die belangrike voordeel dat sake waaroor 'n lid miskien ontevrede voel, makliker onder die aandag van die betrokke persone kom en gevolglik reggestel kan word. In Suid-Afrika bestaan hierdie toedrag van sake in baie gevalle nie, soos byvoorbeeld in die geval van die graan-, algemene produkte-, vleis-, suiwel- en wolkoöperasies.

Bestaan die intieme kontak nie,veroorsaak dit belangeloosheid aan die kant van die lede, wat uiting vind in swak bywoning van vergaderings en onaktiewe lede. In Suid-Afrika word hierdie toedrag van sake in 'n baie groot mate veroorsaak deur die feit dat die koöperasie nie meer 'n aktiewe rol in die prysskeppende-funksie speel nie, omdat dit van hom ontneem is deur ons stelsel van beheerrade.[2] Uit 'n bedryfsekonomiese oogpunt gesien, het die groot landboukoöperasie egter sy voor- en nadele en ons kan dus nie die groot afset-

---

1) Vir meer besonderhede, vergelyk: paragraaf 6.5. van hoofstuk III en paragraaf 5.6. van hoofstuk V.

2) Die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede ondersteun hierdie gedagte (paragraaf 556). Om die verhouding hegter te maak stel die kommissie voor dat wyksvergaderings die bevoegdheid verkry om 'n direksielid te verkies (paragraaf 564) en 'n vergadering van verteenwoordigers in te stel (paragraaf 566).

koöperasie sonder meer veroordeel nie. Daar bestaan verskillende maatreëls wat die bestuur van die koöperasie kan tref om hierdie vraagstuk die hoof te bied. So kan daaraan gedink word om 'n meer aktiewe skakelafdeling in die lewe te roep of om die Nederlandse voorbeeld van 'n lederaad te volg.

6.2. Verpligte koöperasie

Soos reeds gemeld, is die moontlikheid van verpligte koöperasie in Suid-Afrika in 1925 deur 'n wysiging van die wet van 1922 geskep. Die betrokke bepaling staan in artikel 102 van die huidige koöperatiewe wet. Indien 'n koöperasie minstens 75 persent van die blanke produsente van 'n bepaalde landbouproduk in 'n bepaalde streek omvat en indien minstens 75 persent van die totale opbrengs van die betrokke produk op die lede se plase geproduseer word, kan die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking op versoek van die koöperasie alle produsente in dié streek dwing om hulle produkte aan die koöperasie te lewer. Indien produsente nie die bevel nakom nie, is hulle strafbaar. Die toestand kan ongedaan gemaak word wanneer 65 persent van die blanke produsente van minstens 65 persent van die oes daarom vra. In Nederland is soiets nie moontlik nie.

Die bepaling wat verpligte koöperasie moontlik maak, is tot dusver slegs met uitsondering toegepas. Slegs ten opsigte van tabak, lusernhooi, volstruisprodukte en katoen is daar op die oomblik verpligte koöperasie.[1] Ons bepaal ons egter verder by die beginsel van verpligting.

Dwangkoöperasie is in stryd met die wese van koöperasie, want dit is in stryd met die beginsel van vrywillige lidmaatskap en die beginsel van alleenverkeer met lede. Om hierdie rede alleen (daar kan ook ander redes genoem word) kan ons verpligte koöperatiewe bemarking nie ondersteun nie en is ons van mening dat die bepaling in ons koöperatiewe wet geskrap moet word. Hierdie gedagte word deur die 1934-kommissie[2] sowel as die jongste

1) In die wynbedryf bestaan die Ko-operatieve Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika Beperkt as verpligte koöperasie. Dit is egter nie ingevolge koöperatiewe wet gedoen nie, maar kragtens die Wet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë.

2) Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, paragraaf 109.

kommissie van ondersoek ondersteun.[1]

6.3. Die kwessie van belasting

Soos reeds vermeld, sal ons ook hier nie by 'n teoretiese benadering van die aangeleentheid stilstaan nie.

Ons het reeds aangedui dat in die algemeen, die koöperatiewe beweging in Nederland geen hulp van die regering kry nie.

Vir die doeleindes van belasting word die koöperasie in Nederland op dieselfde wyse behandel as die gewone maatskappy.[2] Dit beteken dat die koöperasie ook onderhewig is aan die bepalings van die belastingwet wat op maatskappye van toepassing is en waarin die reëls vir die berekening van die bedrag verskuldig, voorgeskryf word.

Volgens die tans geldende Besluit op de Vennootschapsbelasting is die koöperasie aan "vennootschapsbelasting" onderworpe. Die koöperasie betaal dus net soos al die ander instansies wat aan hierdie sogenaamde vennootskapsbelasting onderhewig is, "vennootschapsbelasting over de totaal behaalde winst, onverschillig of deze winst wordt gereserveerd of aan de kapitaalverschaffers uitgekeerd".[3]

In Suid-Afrika is landboukoöperasies vrygestel van gewone inkomstebelasting ingevolge artikel 99(2)(a) van die koöperatiewe wet wat bepaal dat die belasbare inkomste "van 'n koöperatiewe landbouvereniging of maatskappy met uitsondering van inkomste en toevallings verkry uit transaksies met persone wat nie lede van daardie vereniging of maatskappy is nie, vrygestel is".

Landboukoöperasies betaal dus prakties nie inkomstebelasting nie, behalwe op daardie transaksies wat met nie-lede gesluit is en op inkomste uit huur en dividende. Die uitgekeerde bonus is egter in sy geheel deel van die lid se belasbare inkomste.

---

1) Verslag van die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede, paragraaf 909.

2) Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands, p. 95.

3) Van Waes, G.H.E.M. In Co-operatie, Mei 1962, p. 59.

Die praktyk in Suid-Afrika verskil dus van die praktyk in Nederland. Sonder om hier die argumente vir en teen belasting te herhaal,[1] (hieroor sal daar altyd verskil van mening bestaan), meen ons dat landboukoöperasies op belastingvergunning geregtig is omdat die landbou met reg op vergunnings aandring en dit ontvang, en omdat die landboukoöperasie as gevolg van sy lid-koöperasie-verhouding 'n eie karakter het en aan sekere beperkings onderhewig is.

6.4. Die begrip boerderybenodigdhede

Ingevolge artikels 6(1)(c) en 7(1)(c) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, word aan landboukoöperasies die reg verleen om die afset van "landbougereedskap en -masjinerie, lewende hawe, voedingstowwe, saad, vrugtebome, misstowwe en ander boerderybenodigdhede" te onderneem. Kragtens artikel 8 van die voormelde wet kan die landboukoöperasie egter ook voertuie, onderdele en toebehore, brandstof, smeergoed en olie aan sy lede verskaf, terwyl artikel 96(1)(b)(i) jong boompies, plante, steggies, sakke, berokingsmiddels en insekdodende middels noem. Die landboukoöperasies moet gevolglik hul hantering van boerderybenodigdhede tot die voormelde artikels, of tot daardie artikels wat volgens die oordeel van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings wel boerderybenodigdhede is, beperk. Die Registrateur word na ons mening hier in 'n onhoudbare posisie geplaas omdat wat hy ook al sal besluit, nooit die goedkeuring van die koöperatiewe beweging sowel as die ander verskaffers van benodigdhede sal wegdra nie. In Nederland word hierdie probleem nie ondervind nie, omdat die Nederlandse koöperatiewe wet hom nie hieroor uitspreek nie. Die stryd wat daar dus in Suid-Afrika bestaan oor watter artikels 'n landboukoöperasie mag hanteer, moet gevolglik aan die bepalings van ons koöperatiewe wet toegeskryf word.

Aangesien ons van mening is dat daar geen bevredigende definisie van die begrip boerderybenodigdhede gegee kan word nie, is ons daarvan oortuig dat die vraagstuk slegs opgelos kan word deur die landboukoöperasies vry te laat om self te bepaal wat hulle aan 'n lid wil verskaf.

---

1) Vergelyk: Coetzee, op. cit., p. 125-127 en
Verslag van die kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede, hoofstuk 18, en in besonder paragrawe 1214— 1226.

7. Samevatting

In hierdie hoofstuk het ons die belangrikste aspekte van ooreenkoms en verskil van die koöperatiewe beweging in Nederland en in Suid-Afrika nader beskou. Daar is in besonder stilgestaan by die ontstaan en die ontwikkeling; die eksterne en die interne struktuur en organisasie van die landboukoöperasies, in die onderskeie twee lande. Ten slotte is baie kortliks aandag geskenk aan enkele van die belangrikste knelpunte in die Suid-Afrikaanse koöperatiewe beweging.

# Hoofstuk VIII

## SAMEVATTING

In afdeling A het ons eerstens die faktore wat die landbou in Nederland beïnvloed het, aangestip. Die aandag is in die besonder op die ligging, grootte, bevolking, die samestelling van die bevolking, die samestelling van grond en die klimaat van die land gevestig. Verder is daarop gewys dat die land telkens deur die wêreldtoestande, ekonomies en andersins getref is. Die gevolg is dat die landbou nog altyd in 'n belangrike mate van die wêreldmark afhanklik was - enersyds vir die invoer van noodsaaklike landbouprodukte, soos graan en oliesade, andersyds vir die afset van surplusprodukte. Hierdie faktore het 'n struktuurverandering in die landbou meegebring en die voedselposisie van die volk en die afsetmoontlikhede het soms ernstige probleme opgelewer. Hierdie faktore was egter ook daarvoor verantwoordelik dat ons 'n intensiewe benutting van die bodem in Nederland vind en dat 'n groot verskeidenheid landbouprodukte geproduseer word, wat ten opsigte van kwaliteit en prys met die landbouprodukte van ander lande kan meeding.

Dit is egter moeilik om die Nederlandse landbou-ontwikkeling los te sien van die rol wat die landboukoöperasies in die land gespeel het. In die tweede hoofstuk van afdeling A het ons 'n bespreking van die ontstaan, die ontwikkeling, die eksterne en die interne organisasie van die landboukoöperasies in Nederland gegee. Die doel was slegs om die belangrikheid van die landboukoöperatiewe beweging te beklemtoon en nie om volledige besonderhede, gestaaf deur statistieke, met betrekking tot die aantal en groottes van die verskillende soorte landboukoöperasies in die land, te boekstaaf nie. Besondere aandag is gewy aan vrae soos: waarom is daar besluit om koöperasies op te rig, watter probleme is ondervind, in hoeverre het die probleme die soorte koöperasies beïnvloed, waarom vind ons vandag in Nederland so 'n ryke verskeidenheid koöperasies, en hoe sien die eksterne en interne struktuur van die landboukoöperatiewe beweging daaruit soos dit vandag gevind word?

In hoofstuk IV, afdeling B, is die faktore wat die landbou in Suid-Afrika beïnvloed het, bespreek. Die ligging, oppervlakte, bevolking, samestelling van die bevolking, die grondstruktuur, topografie en klimaat het spesifieke

aandag geniet. Verder is die ontwikkeling van die landbou en die faktore wat dit beïnvloed het, aangestip. Laastens het ons die hoofkenmerke van die landbou in Suid-Afrika gegee.

In hoofstuk V, in afdeling B, het ons die ontstaan en ontwikkeling van die landboukoöperasies, met besondere verwysing na spesifieke soorte landboukoöperasies in Suid-Afrika weergegee. Landboukoöperasie het sy ontstaan in Suid-Afrika in 'n belangrike mate te danke aan direkte bevordering deur die owerheid, wat die waarde daarvan vir die Suid-Afrikaanse boer en Suid-Afrikaanse landbou besef het. Hierdie rol wat die owerheid aan die begin gespeel het, het voortgeduur sodat die owerheid vandag nog 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging speel.

Die belangrike posisie wat die landboukoöperasies, in die besonder die afsetkoöperasies, tans beklee, is deels 'n gevolg van die besondere struktuur van die landbou soos bepaal deur die natuurlike faktore, en deels van die welvaart wat die landbousektor tydens hoogkonjunktuur geniet het en die invloed van die Bemarkingswet. Die eksterne en interne organisasie van die landboukoöperasies is ook geskets.

In hoofstuk VI, in afdeling C, is 'n vergelyking van die landbou in Nederland en Suid-Afrika gegee. Die faktore wat die samestelling van die landbou in die twee lande bepaal het, is vergelyk. Daar is gevind dat daar meer verskille as ooreenkomste is en dat die aanleidende oorsake dikwels verskil het.

Verder is die ontwikkeling van die landbou, die invloed van die Europese Gemeenskapsmark en die sogenaamde Kennedy-ronde op die landboubeleid, die onderskeie landbou-organisasies en die invloed van die landbou op die ontwikkeling van landboukoöperasies, behandel. Laastens is 'n kort paragraaf gewy aan die taak van die landbou in Suid-Afrika, waarin tot die gevolgtrekking gekom is dat ons landbou wél sy taak om in plaaslike behoeftes, in die vorm van voedsel en van grondstowwe, te voorsien en om die maksimum buitelandse valuta te verdien, met sukses kan verrig, mits aandag aan ontwikkelende lande en nuwe markte geskenk word.

In hoofstuk VII, afdeling C, is 'n vergelyking van die landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika gegee.

Die koöperatiewe beweging het in albei lande binne 'n betreklik kort

tydperk fenomenaal gegroei. Dit is 'n duidelike bewys dat die idealisme en ekonomiese motief sedert die ontstaan van die beweging tot vandag voortgeduur het.

In Nederland het die beweging, net soos onder andere in Denemarke, gepaard gegaan met 'n sterk drang na die herlewing van onderwys en met 'n patriotiese gevoel vir die herwinning van verlore prestige en die ontwikkeling van die landbou. In Suid-Afrika het die beweging uit 'n toestand van nood en/ of chaos en die behoefte aan die reorganisasie van die bemarking van landbouprodukte ontstaan.

'n Algemene karaktertrek, eie aan die beweging, is dat dit 'n vrywillige onderneming is, gegrondves op selfhulp. Die staatshulp wat soms wel verleen is, was veral in Nederland betreklik gering. Vandag kan 'n mens jou die toestand in die landbou nie voorstel sonder die koöperasies nie. Alles word vandag, veral in bepaalde gevalle, as feitlik vanselfsprekend aanvaar. Hierdie toestand word ondervind juis omdat dit soms té goed gaan. Baie van die lede het gevolglik dikwels te min regstreekse belangstelling en word eers geprikkel wanneer dit sleg gaan of wanneer daar gevare vir die organisasie op die horison verskyn. Afgesien van die voorgaande, is die betekenis van koöperatiewe optrede tog steeds besef en word dit nog besef, soos duidelik blyk uit 'n oorsig van die beweging in beide lande. Trouens, 'n mens kan in die landbou van die twee lande haas aan geen enkele terrein meer dink waar koöperatiewe optrede nog nie aangegryp is nie. Nogtans bestaan daar in die landboukoöperatiewe beweging van die twee lande sekere knelpunte waarvan ons die belangrikstes vir Suid-Afrika probeer aantoon het. Ons het die volgende gedagtes ontwikkel en uitgespreek:

(a) Die tyd het aangebreek dat ons landboukoöperatiewe beweging, en in die besonder ons aankoopsentrales, hul kragte moet saamvoeg en dat 'n funksionele verdeling tussen die bestaande drie sentrales daartoe kan lei dat ons koöperatiewe beweging heelwat van die veld wat nog braak lê, kan verower. Ernstige pogings moet aangewend word om 'n vastrapplek vir ons boere te verkry in die vernaamste produksiemiddele, naamlik: sakke, brandstof, smeerolie, kunsmis, insekte-, vee- en bestrydingsmiddels en landbou-gereedskap.

(b) Ons het gevind: dat die afsetkoöperasies ooreenkomstig die land-

boubedrywe in elke land ontwikkel het; dat verskillende faktore 'n rol gespeel het by die ontstaan en ontwikkeling van die afsetkoöperasies; dat die afsetkoöperasies in Nederland oor die algemeen 'n hegter struktuur het as dié in ons land en dat hulle dikwels 'n belangriker rol in die betrokke bedryfstak speel as soortgelykes in ons land; dat die werksgebiede van die meeste afsetkoöperasies in Nederland baie kleiner is as die gebiede van ons koöperasies, wat tot gevolg het dat ons koöperasies baie moeiliker saamwerk; dat ons wolkoöperasies van die ander verskil in die opsig dat twee van die drie by magte is om enigiets te doen, sowel as om met nie-lede sake te doen, en dat daar geen sentrale wolkoöperasie bestaan nie; dat die koöperatiewe ondernemingsvorm nog nie noemenswaardige veld kon verower in die bemarking van varsprodukte nie, en dat die Bemarkingswet 'n belangrike invloed gehad het op die ontwikkeling van ons afsetkoöperasies.

(c) Aangesien die Federale Landboukoöperasie van Suid-Afrika Beperk tans geen funksie vervul nie, meen ons dat hierdie koöperasie een of ander rol in die bemarking van ons landbouprodukte moet speel.

(d) Ons het in Suid-Afrika net een kredietkoöperasie wat 'n baie beperkte rol speel. Ons voel dat die koöperatiewe beweging so spoedig moontlik, maar na deeglike ondersoek, 'n eie koöperatiewe kredietinstelling sal moet daarstel en uitbou sodat die koöperatiewe beweging meer selfstandig kan wees.

(e) Aangesien daar 'n geweldige veld braak lê in ons land vir koöperatiewe versekering, moet 'n funksionele skeiding van die aktiwiteite van ons versekeringskoöperasies gemaak word, sodat die koöperasies in sekere rigtings kan spesialiseer.

(f) Terwyl die plaaslike landboukoöperasies in Nederland baie nou skakel met hul onderskeie sentrale koöperasies, is dit slegs die geval in enkele bedryfstakke in Suid-Afrika. Wat die eksterne struktuur betref, bestaan daar in Suid-Afrika 'n sekere verhouding tussen die landboukoöperasies en die Landbank, die Registrateurskantoor en die landbou-unies.

Ons is van mening dat ons landboukoöperasies groter selfverantwoordelikheid moet aanvaar. Aangesien ons sentrales egter nog nie die trap van ontwikkeling bereik het om die nodige vir die interne doelmatigheid van hul koöperasies te doen nie, sal die bestaande sentrales uitgebou en/of nuwes gestig moet word, òf 'n selfstandige sentrale liggaam, soos in Duitsland,

daargestel moet word. Die funksies van die Registrateurskantoor kan dan ingekort word.

Verder is ons daarvan oortuig dat die werksaamhede van die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en die Instituut vir Koöperasiewese uitgebrei moet word; dat daar weer gekyk sal moet word na die noodsaaklikheid vir die voortbestaan en/of samestelling en funksies van die Koöperatiewe Advieskomitee van die Minister en die ander liggame wat dieselfde doelstelling as die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het, soos die Provinsiale Koöperatiewe Raad, Koöperatiewe Komitee, Sirkels van Koöperasies en ander.

(g) Verder het ons vasgestel: dat die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet baie meer omvattend is as die Nederlandse koöperatiewe wet; dat die statuut in albei lande die basis is waarop die lede hulle verbind in 'n koöperasie; dat die bepalings in die statute in breë trekke ooreenstem; dat die koöperatiewe bewegings in Nederland en Suid-Afrika gekenmerk word deur vrye toe- en uittrede; dat die strewe in albei lande is om slegs ledesake te doen; dat ons graag wil sien dat die sogenaamde artikel 57-koöperasies in Suid-Afrika in ooreenstemming met die algemene koöperatiewe beleid moet optree; dat koöperasies nie verplig moet word om fasiliteite waartoe lede finansieel bygedra het, tot nie-lede se gerief te stel nie; dat alle sake met nie-lede wat van buite op die koöperasie afgedwing word as lede-sake beskou moet word; dat daar na ons mening geen spesiale voorsiening in die Suid-Afrikaanse koöperatiewe wet hoef te wees vir spesiale koöperatiewe boeremaatskappye nie; dat die koöperatiewe wette van albei lande voorsiening daarvoor maak dat 'n lid meer as een stem kan hê; dat die aanspreeklikheid van lede beperk of onbeperk kan wees; dat die beheer en bestuur van die koöperasies in die twee lande in breë trekke ooreenstem, maar dat die Nederlandse koöperatiewe wet daarvoor voorsiening maak dat in die geval van koöperasies met meer as tweehonderd lede die algemene vergadering 'n lederaad van minstens twintig kan kies wat in plaas van die algemene vergadering kan optree, en dat die lede verder 'n kommissie van drie persone, wat nie deel van die direksie mag uitmaak nie, moet benoem om toesig oor die beheer van die koöperasie uit te oefen; indien geen ander voorsiening daarvoor getref is nie - hierdie bepalings of gepaste wysigings daarvan kan met vrug ondersoek word ten einde dit in ons koöperatiewe wet

in te lyf.

(h) Die voorsiening in ons koöperatiewe wet wat verpligte koöperatiewe bemarking moontlik maak, moet geskrap word, want dit is in stryd met die wese van koöperasie, aangesien dit bots met die beginsels van vrywillige lidmaatskap en alleenverkeer met lede.

(i) Wat die kwessie van belasting betref, is ons daarvan oortuig dat landboukoöperasies, veral in ons land, geregtig is op belastingvergunnings aangesien die landbou sekere belastingvergunnings geniet, en die koöperasies 'n eie karakter het en onderhewig is aan sekere beperkings.

(j) Ons meen dat daar geen bevredigende definisie van die begrip boerderybenodigdheid gegee kan word nie. Gevolglik moet dit aan die koöperasie self oorgelaat word om te besluit wat hy aan sy lede gaan verskaf.

(k) Die ontstaan en ontwikkeling van die landboukoöperasies in Nederland en in Suid-Afrika moet dus gesien word teen die agtergrond van die land, sy mense en die plaaslike omstandighede. As gevolg hiervan moet by 'n ontleding van die relatiewe betekenis van die koöperasies in die landbou van die twee betrokke lande in gedagte gehou word dat die afsetkoöperasies in Suid-Afrika afgesien van versameling, opberging en distribusie van hulle lede se produkte ook boerderybenodigdhede koop en verkoop en allerlei dienste aan hul lede bewys, soos die herstel van voertuie en landbougereedskap, die verskaffing van voorligting, krediet, ensovoorts.

Aanhangsel I

KAART VAN NEDERLAND



## Aanhangsel II

## KAART VAN SUID-AFRIKA



## Aanhangsel III

## KOÖPERATIEWE ORGANISASIE IN NEDERLAND

Katolieke boere en tuiniers

Nie-Katolieke boere en tuiniers

### Algemene koöperasies

Suiwelkoöperasies
Groente- en vrugteveilings
Suikerfabrieke
Kartonfabrieke
Aartappelmeelfabrieke

### Katolieke koöperasies

Aankoopkoöperasies
Eierveilings
Vleiskoöperasies
Versekeringskoöperasies
Kredietkoöperasies
Boekhouburo's

### Neutrale koöperasies


Aankoopkoöperasies
Eierveilings
Vleiskoöperasies
Versekeringskoöperasies
Kredietkoöperasies
Boekhouburo's

### Vorme van samewerking

Vee- en insektemiddels
Verkoopsentrale vir eiers
Kunsmis
Pluimveeslagterye
Instituut vir pluimvee
Veevoer-kontrole
Nationale Coöperatieve Raad


Aanhangsel IV

DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU-UNIE



## Aanhangsel V

## DIE SUID-AFRIKAANSE KOÖPERATIEWE STRUKTUUR



# BIBLIOGRAFIE

## A. Literatuurverwysings

ADAMS, J.J. Historiese oorsig van die ontwikkeling van koöperasie in Suid-Afrika. In Eerste vakansiekursus in koöperasieleer. Stellenbosch, 1952.

ADAMS, J.J. Die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika. In Boerdery in Suid-Afrika. Deel 27, No. 312, Maart 1952.

ADAMS, J.J. Vyftig jaar van koöperasie. In Georganiseerde Landbou. Junie 1958.

BESTBIER, N.A.B. 'n Oorsig van die oorsake en implikasie van onstabiliteit in landbou-inkomste. In Derde vakansiekursus in koöperasieleer. Stellenbosch, 1954.

BORKHUIS, Ir.J. Beknopt overzicht van de Landbouw-co-operatie in Nederland. Zwolle, 1959.

BOUMAN, P.J. Landbouworganisaties. In Sneller, Z. Geschiedenis van den Nederlandschen Landbouw, 1795-1940. 1943.

BROEKEMA, C. Landbouw. In Brugmans, H. Nederland in den oorlogstijd. Amsterdam, 1920.

BROUWER, D.R. Handleiding voor de Landbouw-coöperaties. In Minderhoud, G. Landbouw-coöperatie in Nederland. Groningen, 1957.

Centraal Bureau voor de Statistiek. Statistisch Zakboek, 1961.

CILLIERS, C.J.P. Koöperasie, 'n hoeksteen van georganiseerde landbou. In Die O.T. Kaner. Augustus 1962.

COETZEE, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957.

Coöperatieve Centrale Boerenleenbank, Eindhoven. Het landbouwkrediet in Nederland. 1960.

DEMPSEY, W.C. Waarom misluk koöperasies? In Eerste vakansiekursus in koöperasieleer. Stellenbosch, September 1952.

Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika. Deel I. Pretoria, 1957.

Departement van Landbou. Boerdery in Suid-Afrika. Desember 1934.

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag van die Sekretaris, 1964/65. R.P. 22/1966.

DE REGT, J.T.P. Handleiding voor de financiering van coöperatieve aan- en verkoopverenigingen.

DU PLESSIS, J.C. Investment and the balance of payments of South Africa. In Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie. Vo. 33, No. 4.

DU PLESSIS, S.J. Vooruitgang in die Republiek van Suid-Afrika op die gebied van die landbou, bosbou en visserye. In Groei. Pretoria, Mei 1965.

DU TOIT, C.J. Koöperatiewe Vee- en Vleisbemarking in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die finansiering van die koöperasies. Pretoria, 1963.

ENGELBRECHT, J.F. Die rol van die Landbank by die finansiering van landboukoöperasies. Pretoria, Junie 1967.

FRIETEMA, H.J. De interne organisatie van coöperaties. Den Haag, 1957.

FRIETEMA, H.J. Landbouwcoöperaties in meer en onder ontwikkelende lande. Lesing tydens 'n landboukursus van 9 Julie tot 5 Augustus 1962, te Wageningen.

GROENEVELD, D. De Boer in een veranderde wêreld. Amsterdam, 1947.

GROESEN, V.R.Y. Geschiedenis van de ontwikkeling van de Nederlandsche Zuivelbereiding. Den Haag, 1932.

HANNON, P.J. Report of the superintendent of Agricultural Co-operation, 1905-1906. Department of Agriculture. Cape of Good Hope. G. 66/1906.

HANNON, P.J. Report of the Superintendent of Agricultural Co-operation, 1907-1908. Department of Agriculture. Cape of Good Hope. G. 36/1908.

HARDERWIJK, E.D. Handleiding voor bestuurders van coöperaties. Antwerpen, 1961.

HERBST, W. Landboukoöperasies staan hul plek vol. In Georganiseerde Landbou. Mei 1962.

HEROLD, THOS. B. Co-operative Agricultural Societies. In Report of the Land and Agricultural Bank of South Africa for the year ended 31st December, 1920. U.G. 9/1921.

JENKINS, G. Agricultural interests commission. Londen, 1889.

KEET, C.H. Co-operative Division. In Annual Report, 1912-1913. Department of Agriculture. U.G. 47/1913.

KOENEN, H.J. De Nederlandsche boerenstand historisch beschreven. Haarlem, 1958.

KOENEN, S. Inleiding tot de Landhuishoudkunde. Haarlem, 1924.

KOLVER, W.R. Beheerde bemarking van tabak in Suid-Afrika. Potchefstroom, 1962.

Landbouw-Economisch Instituut. Landbouwcijfers, 1962-1963.

LAUR, E. Wirtchaftslehre des landbaus. Berlyn.

MACMILLAN, EWEN J. Experimental Farms and Live Stock Division - Tweespruit Creamery. In First annual report, 1904-05. Department of Agriculture, Orange River Colony.

MACMILLAN, W.M. The South African agrarian problem and its historical development.

MEERBURG, O. e.a. Die Wet op de Coöperatieve Vereenigingen, 1925.

MINDERHOUD, G. De Nederlandsche Landbouw. Haarlem, 1954.

MINDERHOUD, G. Crisis en crisiswetgewing, 1930-1940. In Sneller, Z.W. Geschiedenis van den Nederlandschen Landbouw, 1795-1940.

MINDERHOUD, G. Landbouw-coöperatie in Nederland. Groningen, 1957.

Ministerie van Landbouw en Visserij. E.E.G. - Vademecum. Mei 1965.

Ministerie van Landbouw en Visserij. Agriculture in the Netherlands. Den Haag, 1962.

Ministerie van Landbouw en Visserij. Landbouwatlas van Nederland. Zwolle, 1959.

Minutes of proceedings. The first Transvaal Co-operative congress. Transvaal Department of Agriculture. Farmers' Bulletin No. 19. Pretoria, 1908.

Minutes of proceedings. The second Transvaal co-operative congress. Transvaal Department of Agriculture. Farmers' Bulletin, No. 94, Pretoria, 1909.

Minutes of proceedings. The third Transvaal co-operative congress. Transvaal Department of Agriculture. Farmers' Bulletin No. 119. Pretoria, 1910.

Minutes of proceedings. The fourth congress of co-operative societies. Department of Agriculture, No. 37, 1914.

Natal Agricultural Journal and Mining Record. Vol. X, No. 8. 23rd August, 1907.

Natal Agricultural Journal and Mining Record. Vol. XI, No. 8, 28th August, 1908.

Nationale Coöperatieve Raad. The co-operative movement in the Netherlands.

Den Haag, 1964.

Nationale Coöperatieve Raad. Co-operatie in Nederland. Den Haag, 1967.

Nieuwe Rotterdamsche Courant. 18 September 1907.

Ons Platteland. Orgaan van de Nederlandse Christelijke Boeren- en Tuindersbond. 13 Januarie 1967.

Our First Half-Century, 1910-1960. Golden jubilee of the Union of South Africa. Johannesburg, 1960.

PALMER, W.J. Loans for the establishment of creameries. In Third annual report, 1906-07. Department of Agriculture, Oranje River Colony.

PALMER, W.J. Agricultural Industries. In Fourth annual report, 1907-08. Department of Agriculture, Oranje River Colony.

PILLANS, E. Cultivation and Marketing of Fruit. In The Agricultural Journal. June 10, 1897.

PRETORIUS, A.M. V.E.T.S.A.K. as sentrale aankoopkoöperasie. Potchefstroom, 1961.

Rapport van de Commissie ter bestudeering der economische vooruitzichten van den land- en tuinbouw. Den Haag, 1920.

Rapport oor koöperatiewe bemarking, 1927-1928. Departement van Landbou. Ekonomiese Reeks, No. 10. Pamflet 74. Pretoria, 1930.

Redaksioneel. Moeilike tye. In Koöperasie. Vol. 4, No. 3. Augustus 1930.

Radaksioneel. Wees getrou. In Koöperasie. Vol. 3, No. 8. Januarie 1930.

Redaksioneel. Need for organisation. In Koöperasie. Vol. 6, No. 1. Januarie 1931.

Register van Koöperatiewe Verenigings. Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings. Pretoria.

Report of the Select Committee on Agricultural Co-operation. Cape of Good Hope. A. 5-1907. Kaapstad.

RETIEF, J. Koöperasies. In Departement van Landbou. Jaarverslag, 1924-1925. Kaapstad, 1925.

RETIEF, J. Koöperasies. In Departement van Landbou. Jaarverslag, 1927-1928. Kaapstad, 1928.

SCHUMANN, C.G.W. Ekonomiese vooruitgang in Suid-Afrika. In Derde vakansiekursus in koöperasieleer. Stellenbosch, 1954.

SELIGMAN, E.R.A. The economics of farm relief, a survey of the agricultural problem. New York, 1929.

SMAL, J.G.C. Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933. Potchefstroom, 1958.

SMID, J. De Landbouwcrisis, hare oorzaken en de middelen tot verbetering. Groningen, 1897.

SMIT, S.J.P. Die landboubeleid van die E.E.G. _In_ Agrekon. Vol. 1, No. 4. Oktober 1962.

SMITH, ADAM. An inquiry into the nature and causes of the wealth of nations. Londen, 1950.

SMITH, F.P. Co-operation. _In_ Transvaal Department of Agriculture. Annual report, 1903-1904.

SMITH, F.P. Co-operation. _In_ Transvaal Department of Agriculture. Annual report, 1905-1906.

SMITH, F.P. Co-operation. _In_ Transvaal Department of Agriculture. Annual report, 1906-1907.

SMITH, F.P. Division of Co-operation. _In_ Department of Agriculture. Report for the period 31st May, 1910 to 31st December, 1911. U.G. 54-1912.

SNELLER, Z.W. Geschiedenis van den Nederlandschen Landbouw 1795-1940. 1943.

STARING, W.C.H. Huisboek voor den Landman. 1862.

STEENEKAMP, F.J.L. Landboukoöperasies in Suid-Afrika 1900-1960. Potchefstroom, 1964.

STILLING-ANDERSEN, J.M.B. First report of the Superintendent of Co-operation. _In_ Transvaal Department of Agriculture. Annual report, 1907-1908. T.G. 4-1909.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. Pretoria, 1964.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. Pretoria, 1967.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Kort oorsig van sy ontstaan en groei en wat dit bereik het. Pretoria, 1954.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Jaarverslae, 1962-1966.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Tweejaarlikse verslag van die Koöperatiewe Raad, 1952, 1954.

SWANEPOEL, J. Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika. Pretoria.

TER WOORST, G.J. Standsorganisaties en co-operatie. Arnhem, 1960.

TER WOORST, G.J. Coöperatie als vorm van economische organisatie. Arnhem, 1966.

TOMLINSON, F.R. e.a. Honderd jaar landbou in die Transvaal. In Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Pretoria, Oktober 1956.

Transvaalse boer. Pretoria, Augustus 1960 en Februarie 1966.

TULL, JETHRO. The horse-hoing husbandry. 1733.

VAN BATH, B.H.S. De agrarische geschiedenis van Wes-Europa, (500-1850). Amsterdam.

VAN BILJON, F.J. Die ekonomiese aard van die uitdaging vaan die Suid-Afrikaanse landbou. In Agrekon. Vol. 5, No. 1. Januarie 1966.

VAN CAMPEN, Ph. C.M. De financiering van landbouwcoöperaties. In Co-operatie. Jg. 15, No. 175. Den Haag. Augustus 1953.

VAN DER POST, A.P. Economics of Agriculture. Londen, 1937.

VAN DER ZEE, F. De Friesche Boeren-coöperaties in haar maatschappelijk verband. Sneek, 1933.

VAN MANEN, Ch. A. De Nederlandsche overzee-trustmaatschappij IV, Den Haag, 1953.

VAN NIEKERK, J.A.S. Die Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk, Potchefstroom, 1961.

VAN RENSBURG, H.C.J. Koöperasie in Suid-Afrika. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Ekonomiese Reeks, No. 57.

VAN STUIJVENBERG, J.H. Het Centraal Bureau, een coöperatief krachtveld in de Nederlandsche Landbouw, 1899-1949. Rotterdam, 1949.

Versameling van adviesen door de Landbouw-commissie ingesteld bij K.B. van 18 September 1886, n. 28. Den Haag, 1891.

Verslag der commissie door het hoofdbestuur der Friesche maatschappij van landbouw. Leeuwarden, 1878.

Verslag der Staatscommissie, ingesteld bij K.B. van 15 September 1927, n. 34, tot het onderzoeken van de vraag of, en zoo ja, in hoeverre en door welke oorzaken in den land- en tuinbouw een wanverhouding bestaat tusschen de bodemprijzen en productiekosten eenerzijds en die opbrengst der producten anderzijds. Den Haag, 1933.

Verslag van den Landbouw in Nederland over 1917.

Verslag van die Kommissie in verband met industriële en landboubenodigdhede. U.G. 40/41.

Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. U.G. 16-1934.

Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel na koöperatiewe aangeleenthede. R.P. 78/1967.

Verslag van die Raad van beheer oor die Vee- en Vleisnywerheid vir die tydperk 1934-1939.

VILJOEN, P.R. Regulering van produksie en bemarking van landbouprodukte in Europa. In Boerdery in Suid-Afrika. Januarie- Mei 1937.

WILLIAMS, G.N. Vooruitgang van Koöperasie. In Boerdery in Suid-Afrika. Desember 1926.

B. Ander bronne

ABMA, E. Boer en coöperatie in Nederland. Deel I - De cooperatieve gezindheid. Deel II - Cooperatieve en niet-cooperatieve boeren. Wageningen, 1956.

ABMA, E. Leiding en leden in landbouwcoöperaties. Meppel, 1962.

BISHOP, C.E. & TOUSSAINT, W.D. Agricultural economic analysis. New York, 1958.

CARR-SAUNDERS, A.M. e.a. Consumers' co-operation in Great Britain. Londen, 1942.

COLE, G.D.H. A century of co-operation. Manchester, 1944.

Coöperatieve Centrale Boerenleenbank. Voorlichting I - De voorschot- en credietverlening van de plaatselijke boerenleenbank. Voorlichting II - Enige richtlijnen voor de financiering van land- en tuinbouwbedrijven. Voorlichting III - Zekerheden voor voorschotten en kredieten. Voorlichting IV - De organen van de plaatselijke boerenleenbank.

DRAHEIM, G. Die genossenschaft als unternehmungstyp. Göttingen, 1952.

EMELIANOFF, I.V. Economic theory of co-operation. Washington, 1942.

FRIETEMA, H.J. Coöperatie en de economische wetenschappen. Nationale Coöperatieve Raad. Den Haag, 1956.

FRIETEMA, H.J. Productie en prijsvorming op de Engelsche markt van Nederlandsche, Deensche en Koloniale boter. Haarlem, 1937.

Instituut voor landbouwcoöperatie. Een jongerencollege, ook voor u? Leeuwarden, 1965.

KAARLEHTO, P. On the economic nature of cooperation. Stockholm, 1956.

KUPERUS, R. De coöperatieve vereeniging. Amsterdam, 1926.

Nationale Coöperatieve Raad. Aansprakelijkheid bij coöperatieve verenigingen. Den Haag.

Nationale Coöperatieve Raad. Concentratie bij coöperaties. Den Haag.

Nationale Coöperatieve Raad. De coöperatie bedreigd .... de fiscale positie van de coöperatie in het wetsontwerp vennootschapsbelasting, 1960.

PHILLIPS, R. Economic nature of the cooperative association. Iowa, 1952.

ROBOTKA, F. A theory of co-operation. Minneapolis, 1957.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Inleiding tot die koöperasiewese. Pretoria, 1965.

VAN DEN BAN, A.W. Boer en landbouwonderwijs. Wageningen, 1957.

VAN GOOL, JOH. Coöperatieve opvoeding. Amsterdam, 1949.

VAN STUIJVENBERG, J.H. Consequenties van de vorming van centrale organisaties op cooperatief gebied. Nationale Coöperatieve Raad, 1956.

Getik en litografies gereproduseer deur

Hennie's Secretarial Services (Pty) Ltd.,
Vigilansgebou 120, Pretoriusstraat, Pretoria.